

In ruimtes vasgekeer:

'n Kognitiewe benadering tot metafore in dekoloniale diskoers

deur

Ruan Coetzer

(12072037)



'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Linguistiek)

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. Nerina Bosman

September 2023

Opedra aan die weefsels wat help genees.

*hoor jy my?
jy wat julle/ons is
[...]
kom ons begin weer as vuurvarende sinaps
jou'le wolkheid en ons'le stof*

-Antjie Krog, Mede-wete, 2014

Erkennings

Hierdie verhandeling sou nie moontlik wees sonder die finansiële bystand van die Andrew W. Mellon-Stigting nie. My opregte dank daarvoor. Daarbenewens wil ek erkenning aan die volgende gee:

- My studieleier, Nerina Bosman. Ek sal nooit werklik genoeg kan dankie sê vir die volgehoue vertrouwe, bystand en leiding nie. Dankie vir die kundigheid, vasbyt, deeglike en spoedige terugvoer, moeite met redigering, asook deurlopende bemoediging. Opreg dankie vir elke tree saam met my.
- My dosente aan die Departement Afrikaans, UP. Die rol wat jul elkeen in my vorming en uitkyk op taal, letterkunde en die breë wêreld gespeel het, sal ek nooit vergeet nie. Ek sal altyd dankbaar bly vir julle kundigheid en die sterk indruk wat jul elkeen op my lewe kon laat.
- Die eksaminatore, vir hul opbouende kommentaar en terugvoer.
- Al my ouers, vir hul ondersteuning en elke geleentheid wat hulle my kon gun.
- Die sibbe. Julle is helder liggies wat nooit kwyn nie.
- Delia, vir die terapisessies en haar onmisbare rol as “consci”.
Jy sal jou bydrae maar net nooit kan oorskat nie.
- Thomas, vir die vurige taaldebatte, blywende aanmoediging en onfeilbare bystand.
- Alexia, vir haar nabyheid, wysheid en menswees.
- die Modernes, Olivia, Deválier, Shawna-Leze en Delz, vir die lag, die liefde, die begrip en nimmereindigende vriendskap. Hierdie hartjie klop vir julle.

Plagiaatsverklaring / Plagiarism declaration

Verklaring

Ek, Ruan Coetzer (12072037), verklaar dat hierdie werk nog nie voorheen, gedeeltelik of in geheel, voorgelê is vir die toekenning van enige graad nie. Hierdie verhandeling is my eie werk. Elke betekenisvolle bydrae tot en aanhaling in die verhandeling, uit die werk of werke van ander persone, word erken met die nodige verwysings.

Declaration

I, Ruan Coetzer (12072037), hereby declare that this work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in this dissertation from the work, or works, of other people, has been attributed with the necessary citations and references.

Opsomming

Die kognitiewe linguistiek voer aan dat meeste abstrakte konsepte slegs in terme van metafore bedink en verstaan kan word. Dekolonialiteit as abstrakte konsep is steeds 'n vurige besprekingspunt in die konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika. Hierdie verhandeling beoog om die verband tussen metaforiese uitdrukkings en die konseptualisering van kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering te ondersoek deur die Konseptuele Metafoorteorie (KMT) te benut.

Die verhandeling is spesifiek toegespits op die akademiese diskoers oor dekolonisering in Suid-Afrika, waar 87 artikels uit verskeie databasisse as die korpus vir die studie dien. Daar word gefokus op die identifisering van metafore in hierdie diskoers, die rol van metafore in die konseptualisering van die genoemde konsepte, asook die invloed van hierdie metafore op ons persepsie en benadering tot die diskoers. Daar word veral staatgemaak op die metafoorteorie van George Lakoff (1993), Mark Johnson (1987), Lakoff en Johnson (1980, 1999), Zoltan Kövecses (1997, 2010) en Joseph Grady. Verder word beginsels uit die kritiese diskoersanalise betrek, na aanleiding van Michel Foucault (2002), Jonathan Charteris-Black (2004) en Alice Deignan (2005).

Die studie beoog om insigte te verkry in die rol van metafore in die akademiese diskoers oor dekolonisering en om die verband tussen taal, samelewing en denke verder te verken. Daar word aangevoer dat LEWENDE ENTITEIT, FISIESE VOORWERP, KONFLIK, FISIESE KRAG, FISIESE STRUKTUUR, en RUIMTELIKE VERHOUDINGS die sentrale domeine vir metafoorkartering uit die korpus vergestalt. **Kolonialisme** word metafories hoofsaaklik as 'n lewende entiteit uitgedruk; **kolonialiteit** as 'n komplekse struktuur en **dekolonisering** as die beweging tussen ruimtes.

Sleutelwoorde: kognitiewe semantiek; metafooranalise; diskoersanalise; Konseptuele Metafoorteorie; dekolonialiteit; korpuslinguistiek.

Abstract

Cognitive linguistics argues that most abstract concepts can only be conceived and understood in terms of metaphors. **Decoloniality**, as an abstract concept, remains a fervent point of discussion within the context of higher education in South Africa. This dissertation aims to investigate the relationship between metaphorical expressions and the conceptualisation of colonialism, coloniality, and decolonisation using Conceptual Metaphor Theory (CMT).

The dissertation specifically focuses on the academic discourse surrounding decolonization in South Africa, utilizing a corpus of 87 articles from various databases. The study concentrates on identifying metaphors within this discourse, determining the role of metaphors in conceptualizing the mentioned concepts, and exploring the influence of these metaphors on our perception and approach to the discourse.

Emphasis is placed on the metaphor theory of George Lakoff (1993), Mark Johnson (1987), Lakoff and Johnson (1980, 1999), Zoltan Kövecses (1997, 2010), and Joseph Grady. Additionally, principles from critical discourse analysis are incorporated, drawing from Michel Foucault (2002), Jonathan Charteris-Black (2004), and Alice Deignan (2005).

The study aims to gain insights into the role of metaphors in the academic discourse on decolonisation and further explore the connection between language, society, and thought. It is argued that LIVING ENTITY, PHYSICAL OBJECT, CONFLICT, PHYSICAL FORCE, PHYSICAL STRUCTURE, and SPATIAL RELATIONS are the central domains for metaphorical mapping in the corpus. **Colonialism** is metaphorically expressed primarily as a living entity; **coloniality** as a complex structure, and **decolonisation** as movement between spaces.

Key words: cognitive semantics; metaphor analysis; discourse analysis; Conceptual Metaphor Theory; decoloniality; corpus linguistics.

INHOUDSOPGAWE

Tipografiese konvensies	8
Hoofstuk 1: Agtergrond en Probleemstelling	9
1.2 Agtergrond	10
1.3 Motivering en probleemstelling	19
1.4 Doelstelling	21
1.5 Navorsingsvrae	21
1.6 Navorsingsdoelwitte	22
1.7 Navorsingsmetodologie	23
1.8 Sleutelbegrippe	24
1.9 Uiteensetting van die verhandeling	29
Hoofstuk 2: Kognisie, Taal en Metafoor	30
2.1 Inleiding	30
2.2 Die leksikale semantiek	31
2.3 Die kognitiewe linguistiek en semantiek	33
2.4 Beliggaming en kognisie	39
2.6 Metafoor	54
2.7. Diskoersanalise	93
2.8 Samevatting	99
Hoofstuk 3: Metodologie	101
3.1 Inleiding	101
3.2 Korpusbenaderings tot metafooranalise	101
3.4 Korpussagtewareprogram	106
3.5 Dataversameling en Metafooridentifikasie	114
3.6 Samevatting	125
Hoofstuk 4: Analise	126
4.1 Inleiding	126
4.2 Fase 1: Metafoorpatroon-analise van <i>Kolonialiteitkorpus</i>	127
4.3 Fase 2: Kritiese metafooranalise van geselekteerde tekste	165
4.4 Kwantitatiewe uiteensetting	192
4.5 Samevatting	195
Hoofstuk 5: Gevolgtrekking, bydrae en beperkings	197
5.1 Samevatting	197
5.2 Bydrae	201
5.3 Beperkinge en potensieel verdere studie	201
BRONNELYS	203
BYLAE	223

Tipografiese konvensies

Die volgende lys konvensies bied 'n verduideliking van ortografiese veranderlikes (spesifiek skuinsdruk, vetdruk en onderstreping), sowel as leestekengebruik (spesifiek aanhalingstekens). Daar kan veral gelet word op die onderskeid tussen gebruike in die hoofteks en voorbeeldsinne.

1. In die hoofteks van die verhandeling word metafories gebruikte uitdrukkings vanaf 'n brondomein in *skuinsdruk* aangedui, byvoorbeeld *ontwortel*. Skuinsdruk word ook gebruik om sekere woorde te *beklemtoon*. Die twee funksies van die skuinsdruk kan wel duidelik kontekstueel afgelei word.
2. In die hoofteks word daar 'n onderskeid getref tussen 'n **konsep** (in kognitief-linguistiese terme) en 'n 'term' (die leksikale voorstelling of leksikalisering van 'n konsep). Konsepte word in vetdruk aangedui, byvoorbeeld **dekolonisering**, terwyl terme in enkelaanhalingstekens verskyn, byvoorbeeld 'dekolonisering'. Vetdruk word ook gebruik om 'n nuwe **sleutelkonsep** bekend te stel, byvoorbeeld **Konseptuele Metafoorteorie**.
3. In voorbeelde word die teikendomein terme '**colonialism**'/'**coloniality**' en '**decolonisation**' in **vetdruk** geplaas.
4. In voorbeelde word metafories gebruikte woorde in skuinsdruk aangedui en onderstreep, byvoorbeeld *ontwortel*. Waar die woorde in 'n voorbeeld vir navorsingsdoeleindes van belang is, maar nie metafories gebruik word nie, word dit slegs onderstreep.
5. Konseptuele metafore in die vorm A IS B of alternatiewelik A AS B word voorgestel in klein hoofletters, byvoorbeeld TEORIEË IS GEBOUE.
6. Wanneer 'n bron- of teikendomein afsonderlik genoem word, losstaande van 'n konseptuele metafoer, word dit ook in klein hoofletters voorgestel, byvoorbeeld FISIESE RUIIMTE. Sodoende kan woorde as domeine duidelik van woorde as konsepte onderskei word.

Hoofstuk 1

Agtergrond en Probleemstelling

“Reality exists in the human mind, and nowhere else.”

– George Orwell, 1984

1.1 Inleiding

Kennis oor die presiese manier waarop mense van die gebeure en wêreld rondom hulle sin maak, sal waarskynlik vir altyd agter die sluier van misterie skuil. Dit is moeilik om vas te stel tot watter mate die menslike psige 'n konkrete en objektiewe verstaan van die werklikheid waarin dit gewerp is, kan verkry. Uiteindelik het 'n mens net sy eie belewenis en die hoop dat 'n ander daardie belewenis kan bevestig.

Dit beteken egter nie dat navorsing oor die aard en perke van singewing en kognisie onmiddellik in 'n doodloopstraat vasgekeer is nie. Die perspektiewe, bevindinge en implikasies van navorsing in die moderne kognitiewe wetenskap lewer omvangryke moontlikhede op. Een van hierdie perspektiewe is die standpunt dat groot gedeeltes van ons gedagtes en begrip van die wêreld, *metafories* van aard is. Voorts word hierdie metafore weerspieël en beïnvloed deur *taalgebruik*, die vernaamste kommunikasiemiddel in akademiese en politiese diskoerse. Hewige implikasies spruit uit hierdie kognitiewe benadering tot metafoer, wat sy impak laat voel het regoor die spektrum van die taalwetenskap, insluitend velde soos diskoersanalise¹.

Sedert die ontwikkeling van Lakoff en Johnson (1980) se kognitiewe teorie van metafoer, het publikasies oor die rol en werking van metafoer in diskoers 'n geweldige opbloeï beleef. Die Konseptuele Metafoorteorie (KMT) is 'n seminale teoretiese inslag tot metafoer wat ontwikkel is in die kader van die *kognitiewe linguistiek*, 'n navorsingsraamwerk gesitueer in die knooppunt tussen die taal- en kognitiewe wetenskappe. Volgens die KMT is metafoer diepgesetel in menslike kognisie en speel dit 'n beduidende en aktiewe rol in menslike begrip en redenering. Navorsers in Kritiese

¹ Diskoersanalise (ook bekend as 'diskoersstudie') is 'n spesifieke raamwerk vir die ontleding van taalgebruik. Van belang vir diskoersanaliste is die studie van taal (en ander modusse, soos visuele beelde) in sy maatskaplike konteks. Taal word ontleed in terme van sy rol in die vorming en instandhouding van, onder andere, identiteit, kultuur, maatskaplike instellings, die samelewing en mag. In hierdie opsig is diskoersanalise beide 'n vertakking binne die taalwetenskap en 'n benadering in die sosiale wetenskappe (Gee & Handford, 2012: 5).

Diskoersanalise (KDA)² het die moontlike gevolge van KMT met erns bejeën en gevolglik het 'n koppelvlak tussen KDA en die kognitiewe linguistiek begin vestig. Chilton (1985, 1987, 1996), Hiraga (1991), Fairclough (1992, 2001), Lakoff (2008), Van Dijk (1998), Jones (1999), Charteris-Black (2005) en Goatly (2007), onder andere, het ernstig die ideologiese uitwerkings van metafoor begin verken.

In Suid-Afrika bestaan daar ook 'n uitgebreide aanbod korpusgebaseerde metafooranalises. Dit is egter opmerklik dat geen navorsing in metafooranalise al uitgevoer is op een steeds geweldige knelpunt op globale en nasionale vlak, naamlik kolonialisme en sy nalatenskap nie. Gegewe die verreikende rol en impak van metafoor in politiese kwessies, bestaan daar 'n duidelike leemte in die gesprek oor kolonialisme en kolonialiteit in Suid-Afrika. 'n Bondige kontekstuele agtergrond van kolonialisme en kolonialiteit word geskets ten einde die relevansie van die verhandeling aan te toon.

1.2 Agtergrond

'n Onbetwisbare faset van die verbeelde orde wat vandag as Suid-Afrika bekendstaan, is sy intieme verweefdheid met die geskiedenis van Europese setlaarkolonialisme. Die stigting van 'n Nederlandse verversingspos, die handeldryf en aanhouding van slawe, die Britse oorname van die Kaapkolonie, uitbreiding na die binneland, burgeroorloë en die daarstelling van 'n politieke orde fundamenteel geskei op grond van ras, is merke diep gesny in ons historiese tydlyn. Die komplekse gevolge van hierdie gebeure is 'n onderwerp van baie omstredenheid, woede en trauma. Besinnings oor hierdie geskiedenis handel nie alleen oor watter perspektiewe op die verlede gerig moet word nie. Van spesifieke belang is die *reaksie* op kolonialisme en kolonialiteit: bewegings en benaderings wat die naam “dekolonisering” dra. Meer bepaald word verwysing gemaak na die studente-optogte van die vorige dekade en die voortspruitende stroom akademiese artikels oor dekolonisering en dekolonialiteit.

² Kritiese diskoersanalise (KDA) is 'n vorm van kritiese sosiale wetenskap daarop gerig om die semiotiese dimensie van sosiale onregte en ideologie te verstaan en te bekamp (Fairclough, 2012: 13). 'n Kerngedagte in KDA is dat die sosiale werklikheid (sy strukture, praktyke en gebeurtenisse) gevorm, geproduseer en gereproduseer word deur taalgebruik. Taal is een van die belangrikste modaliteite in die semiotiese dimensie van diskoers en daarom is taal(gebruik) 'n kardinale voorwerp van ondersoek in KDA.

Teoretiese uiteensettings van kolonialisme en kolonialiteit word al vir 'n geruime tyd ondersoek, hoofsaaklik uit raamwerke soos dekoloniale teorie en postkolonialisme. 'n Oorsig van sommige heersende perspektiewe op hierdie begrippe word kortliks voorsien. Die konsep van magskennis word met hierdie perspektiewe verbind ten einde 'n bondige opsomming te verskaf van die prominente kwessies rakende die dekolonisering van Suid-Afrikaanse universiteite.

1.2.1. Kolonialisme en Kolonialiteit

Die term 'kolonialiteit' is bekendgestel deur die Peruviaanse sosioloog Anibal Quijano en is later uitgebrei deur die Argentynse dekoloniale semiotikus Walter D. Mignolo (Ndlovu-Gatsheni, 2015: 487). Quijano het aanvanklik die idee voorgestel dat kolonialiteit, vanaf die Renaissance tot en met die hede, die onderliggende logika en fondasie van die Westerse beskawing vorm. Volgens hom is kolonialiteit 'n spesifieke reaksie op globalisering en die globale denke wat ontstaan het spesifiek binne die geskiedenis van Suid-Amerika en die Karibiese gebied (Mignolo, 2011: 2).

'Kolonialiteit' dui egter nie alleen op 'n spesifieke tydperk van direkte imperiale beheer nie en is nie gebonde aan 'n spesifieke geskiedkundige tydperk nie. Maldonado-Torres (2007) lig die belangrike onderskeid tussen kolonialiteit en kolonialisme uit. Volgens hom dui **kolonialisme** op 'n politiese en ekonomiese verhouding waarin die soewereiniteit van een nasie of groep in die hande van 'n ander nasie berus (Maldonado-Torres, 2007: 243). In so 'n geval vorm die laasgenoemde nasie 'n imperiale ryk. **Kolonialiteit**, aan die anderkant kant, verwys na *patrone van mag* wat voortgespruit het as gevolg van kolonialisme (Maldonado-Torres, 2007: 243). Hierdie patrone bly voortbestaan as die strukture wat kultuur, arbeid, intersubjektiewe verhoudings en kennisproduksie bepaal en reguleer. Soos Mignolo (2018: 372) dit stel: jy kan nie kolonialiteit *sien* nie, maar daar is geen manier wat jy dit nie kan *aanvoel* nie.

Thus, coloniality survives colonialism. It is maintained alive in books, in the criteria for academic performance, in cultural patterns, in common sense, in the self-image of peoples, inspirations of self, and so many other aspects of our modern experience. In a way, as modern subjects

we breathe coloniality all the time and every day (Maldonado-Torres, 2007: 243).

Maldonado-Torres gee hierdeur uitdrukking aan die ervaring wat studente in dekoloniale bewegings soos #RhodesMustFall uitgelig het. Die feitlike situasie dat empiriese moondhede politiese beheer oor 'n bepaalde nasie gestaak het, beteken nie dat die diepgesetelde simboliese, ekonomiese, en epistemologiese sisteme van kolonialiteit terselfdertyd verwyderd of vernietig is nie. Dit is hier waar die gesprek oor dekolonisering sy teenswoordige rol betree.

1.2.2 (Suid-)Afrika en dekolonisering

Dit sou foutief wees om te dink dat gesprekke en debatte rondom dekolonisering in Afrika en Suid-Afrika eers na aanleiding van onlangse studentebewegings ontstaan het. Mbembe (2016: 33) dui aan dat die intellektuele reaksie op kolonialiteit (teenoor kolonialisme) begin het as “postkoloniale eksperimente” in die 1960's en 1970's. Dekolonisering is in daardie tyd gelykgestel aan “Afrikanisering” en het volgens Mbembe deelgevorm van nasiebou-projekte. Die dekoloniseringsprojek van daardie aanvanklike tyd is meestal gerig op politiese en ekonomiese kwessies, eerder as die politiek van kennis en kennisproduksie (Mbembe, 2016).

Volgens Arowosegbe (2008) was hierdie aanvanklike bewegings en debatte meestal Marxisties in hul benadering. Mashibini (2019: 4) lig die ironie uit dat terwyl daar in die Ooste van Afrika geveg is om Marxisme as hul instrument van ontleding te gebruik, het die Swart Bewussynsbeweging in presies dieselfde tydperk Marxisme bestempel as juis onbevoeg om die “Black condition” te beskryf. Black Consciousness, soos dit deur Steve Biko bedink en ontwikkel is, het in die Suid-Afrikaanse konteks veral aansien geniet.

Die projek van dekolonisering het ook verder ontwikkel buite die grense van Afrika, by wyse van postkoloniale studies. Hierdie werkswyse is een wat nie soseer 'n Afrosentriese trajek gevolg het nie, maar eerder as intellektuele projek Afrika, Suid-Amerika en Asië ingesluit het (Arowosegbe, 2008). Teoretici soos Ngugi Wa Thiong'o,

Achille Mbembe, Edward Said, Archibald Mafeje, Homi K. Bhabha en Gayatri Spivak neem by hierdie paradigma 'n prominente posisie in.

1.2.3 Dekolonisering

Desnieteenstaande die ontwykende aard van die begrip 'dekolonisering', is dit moontlik om vir praktiese doeleindes die begrip in twee afsonderlike, dog verwante betekenis te verdeel. Daar word onderskeid getref tussen 'n sogenaamde 'eerstegolf'- en 'tweedegolfdekolonisering', waar die eersgenoemde 'n sinoniem is vir regtelike onafhanklikwording en laasgenoemde op die aftakeling van magstrukture dui. Hierdie twee vorme van dekolonisering word oorsigtelik bespreek.

1.2.3.1 Eerstegolfdekolonisering

Eerstegolf- (historiese)dekolonisering verwys na 'n regstegniese proses waar internasionale reg erkenning verleen aan die soewereiniteit en tegniese onafhanklikheid van 'n koloniale moondheid. Vanuit hierdie regsprospektief,

decolonization denotes a transfer of sovereignty, whereby the authority over a territory passes from a foreign, culturally different regime, to indigenous groups who take over the government under the banner of national self-determination (Frey & Dülffer, 2011: 1).

Dekolonisering verskil van die **anti-kolonialisme** wat heersend was in die twintigste eeu. Ndlovu-Gatsheni (2019: 213) beweer dat anti-kolonialisme eerder beskou moet word as 'n projek wat deur die elite aangedryf is. In hierdie projek het sekere lede van die elite die gewone burgers en werkers as "voetsoldate" gebruik in 'n poging om die direkte koloniale administrateurs te vervang. Hy beweer dat die anti-koloniale stryd in Afrika gedurende die twintigste eeu nie 'n werklike "postkoloniale" orde tot stand gebring het nie en ook nie 'n nuwe vorm van menslikheid ontplooi nie, soos Fanon dit byvoorbeeld voorgestel het nie. Wat eerder hieruit gespruit het, is 'n ingewikkelde situasie waarna verwys word as die "postcolony" (Mbembe), die "postcolonial neo-colonized world" (Spivak) of andersins as *kolonialiteit* deur dekoloniale teoretici (Ndlovu-Gatsheni, 2019: 214).

Historiese dekolonisering is dus 'n verandering wat 'n gekoloniseerde land ondergaan wanneer hulle in 'n wetlike sin onafhanklik raak van hul voormalige koloniseerders. Dekolonisering is egter nie bloot 'n saak van *politiese* onafhanklikheid nie. Strukture van regering, die wyse waarop 'n land ekonomies georganiseer is, sowel as die manier waarop voormalige koloniale subjekte aangemoedig is om te dink, word dikwels steeds bepaal deur die voormalige koloniale moondhede in 'post'-koloniale lande (Oelofsen, 2015: 131). Die voortgang van hierdie indirekte beheer is grotendeels 'n gevolg van die ekonomiese en kulturele mag wat die gewese koloniale moondhede steeds beklee. Een van die kragtigste mites van die 20ste eeu, volgens Grosfoguel (2007: 217), is die idee dat die verwydering van koloniale administrasie neerkom op die dekolonisering van die wêreld. Tog al stap die ingenieur spreekwoordelik uit die fabriek, hou sy masjien aan produseer. Dit is juis die metafoer van masjinerie en onsigbare strukture wat tweedegolfdekolonisering vergestalt.

Terwyl eerstegolfdekolonisering geskoei is op die politiese onafhanklikwording van state, gaan dit by tweedegolfdekolonisering om die aftakeling van blywende, dikwels onsigbare sosiale en politiese strukture wat deur kolonialisme ingerig is. Dekolonisering in die tweede sin beweeg na 'n meer abstrakte domein wat grootliks handel oor epistemologie, subjektiwiteit en intersubjektiewe verhoudings.

1.2.3.2 Tweedegolfdekolonisering

Ndlovu-Gatsheni (2019: 215) sien die belangrikste taak van dekolonisering as die ontmaskering en onthulling van kolonialiteit as die donker kant van moderniteit en om verder die retoriek van vordering, gelykheid, broederskap en vryheid te problematiseer. Derhalwe kan tweedegolfdekolonisering beskryf word as die proses om die maatskaplike instellings en organisering wat die koloniale orde steeds in stand hou, uit te ken en konstruktief daarop te reageer.

Michel Foucault (1926-1984) se opvatting van **magskennis** dien as insiggewende lens op die inrigting en uitwerking van die verborge strukture wat kolonialiteit in voormalige kolonies in stand hou. Mag, volgens Foucault, ontleen sy krag uit die onkritiese aanvaarding van dit wat as waarheid voorgehou word (die heersende

ideologie). Dit vorm nie alleen ons begrip van onself en die wêreld nie; ons eer dit ook, omdat dit ons idees en gevoelens oor wie ons is, vorm en beïnvloed:

If power were never anything but repressive, if it never did anything but say no, do you really think one would be brought to obey it? What makes power hold good, what makes it accepted, is simply the fact that it doesn't only weigh on us as a force that says no, but it traverses and produces things, it induces pleasure, forms knowledge, produces discourse (Foucault, 1980: 119).

Subjekte³ dra in hierdie opsig aktief by tot die instandhouding en handhawing van mag, aangesien dit vir die subjek 'n manier gee om sigself te verstaan en 'n posisie te verleen binne die breë massas. Tog by enige vorm van mag is daar altyd weerstand, volgens Foucault. Diskoers⁴ produseer en dra mag oor; dit versterk mag, maar diskoers kan dit ook ondermyn en ontbloot – “it renders it fragile and makes it possible to thwart it” (Foucault, 1980: 101).

In die konteks van dekolonisering, word weerstand nie alleen gebied teen maniere om die self te verstaan nie, maar ook die produsering en oordrag van *kennis*. Vir Foucault bestaan daar 'n intieme verhouding tussen mag en kennis – 'n verhouding wat Bertens (2008) wel as betwisbaar aandui. Dat postulerings van kennis kan dien as instrumente van mag is onontkenbaar, byvoorbeeld historiese en ideologiese bewerings oor die minderwaardigheid van swart persone en vroue teenoor wit persone en mans. Histories kan hierdie vorme van sogenaamde 'kennis' duidelik die magsverhouding reflekteer tussen 'n subjek (die 'kenner') en 'n objek (dit wat die 'kenner' bestudeer of 'ken') en sal daarom nie as 'waarheid' bestempel word nie (Bertens, 2008: 121). Daar bestaan egter altyd weerstand teen die dominante strukture wat die subjek en subjektiwiteit bepaal.

Dominansie bestaan in die situasie waar die Ander (die subjek) nie toegelaat word om deel te neem aan die konstruering van kennis nie. In hierdie weerstand het die subjek 'n behoefte om sigself te verstaan en te emansipeer op hul eie gronde en epistemologie. Die teenkant, waar die subjek voorgeskryf word hoe om sigself te verstaan en oor sigself dink, geld as epistemiese geweld en dui op die verbreking en vervreemding van die subjek teenoor sigself.

³ In Foucault se terme is die subjek nie 'n outonome entiteit nie, maar 'n produk van magsverhoudings, diskoerse en sosiale praktyke.

⁴ Hier word diskoerse verstaan in die sin van praktyke, soos in 2.2 hieronder bespreek.

Dit is in daardie konteks wat Fanon stel dat dit die kolonis is “*who fabricated and continues to fabricate the colonised subject*” (2004: 64). So ook is die kolonis besig om homself te fabriseer, aangesien sy identiteit in opposisie tot die gekoloniseerde gefabriseer word (Fanon, 2004: 64). Die aanskouing van die gekoloniseerde versterk die kolonis se oortuiging dat hy tot die gekoloniseerde se redding gekom het en vir hom moderniteit gebring het.

Die proses van dekolonisering is daarom ’n emansipasie van die sistematiese beheer van die subjek deur die strukture van magskennis wat daargestel is. Eienaarskap van kennis en subjektiwiteit word in hierdie proses herverkry. ’n Hewige ontwrigting moet plaasvind in die verhouding wat gestig is tussen die koloniseerder en gekoloniseerde.

’n Sentrale lokus vir hierdie ontwrigting is veral in afgelope jare die Suid-Afrikaanse universiteit. Die universiteit is nie bloot ’n instelling wat kennis produseer nie, maar het ook die uitwerking om vorme van kennis in die sosiale orde in te wy. Die universiteit maak met ander woorde die besluit oor watter geskiedenis, kennisvorme en intellektuele bydraes as waardig geag word en verdere aandag behoort te geniet. Die idees wat as gegewe aanvaar word, kan volgens Gebrial (2018: 19) nie van mag geskei word nie. Die universiteit dien as ’n bindende faktor in diskursiewe vloei – dit vorm en bepaal dit wat as aanvaarbaar en onaanvaarbare beskou word, en is daarom ’n kragtige kernpunt van mag (Gebrial, 2018: 19).

Die #MustFall-bewegings en teoretici wat uit ’n dekoloniale perspektief skryf, neem die gemeenskaplike standpunt in dat die Suid-Afrikaanse universiteit (minstens op die tydstip wat die optogte uitgebreek uit) Eurosentriese vorme van kennis produseer en in stand hou. Op hierdie wyse is die (verstandelik) gekoloniseerde subjek nie toegerus met die instrumente om sigself as subjek of die wêreld om haar/hom op eie gronde te interpreteer nie. Die benadering tot kennis en subjektiwiteit wat die universiteit handhaaf, reflekteer met ander woorde die belewenis van mense in die “Weste”, en

nie diegene “van Afrika”⁵ nie. Oor die vraag rondom die werklike betekenis van ’n ‘Westerse’ universiteit, stel Mbembe (2016: 32) dat:

[universities] are local instantiations of a dominant academic model based on a Eurocentric epistemic canon. A Eurocentric canon is a canon that attributes truth only to the Western way of knowledge production. It is a canon that disregards other epistemic traditions. It is a canon that tries to portray colonialism as a normal form of social relations between human beings rather than a system of exploitation and oppression.

Dit is juis hierdie eienskap van die Suid-Afrikaanse universiteit wat een van die primêre teikens van dekolonisering vorm; die universiteitskurrikula moet *gedekoloniseer* word. Uiteindelik is een van die belangrikste doelwitte van dekolonisering om subjekte (veral swart liggeme) kenners te maak, eerder as blote objekte wat geken word.

Die #MustFall-bewegings en die opvolgende publikasies in dekolonisering gee aanleiding tot die probleemstelling van hierdie verhandeling.

1.2.3.3 Die dekolonisering van die universiteit

In 2015 en 2016 het die #RhodesMustFall en die voortspruitende bewegings⁶ ’n dringendheid by Suid-Afrikaanse universiteite aangesteek om te “dekoloniseer”. Bewegings wat begin het as ’n toespitsing op standbeelde en ander publieke simbole van kolonialisme, het hewige vertakkings en transformasies ondergaan. In hierdie proses is verskeie belangrike sosio-ekonomiese kwessies onder die vergrootglas gebring. Hierdie kwessies sluit in die verskaffing van voldoende akkommodasie vir studente, die vervreemding wat studente met hul betreding van universiteitskampusse ervaar, die beskikbaarheid van studiefondse, die onderverteewoordiging van swart akademië en die uitkontraktering van werkers op kampusse.⁷

⁵ Die terme “Weste” en die formulering “van Afrika” word in aanhalingsteken aangedui om aan te toon dat hierdie begrippe essensialiserend is en die idee oordra dat daar inherente of universele ervarings is van Europeërs teenoor die bevolkingsgroepe oorspronklik uit Afrika.

⁶ Soos #OpenStellenbosch, #UPRising, #TransformWits.

⁷ In die universiteitskonteks is dit egter nie die eerste vorm van optogte of die aandrang op verandering nie. In die jare net na demokrasiewording het ’n aantal versmeltings van universiteite plaasgevind juis om die kwessie van onderbefondsing van bepaalde universiteite te probeer bekamp. Dit blyk egter net ’n tydelike hantering van ’n bepaalde simptome te gewees het, eerder as ’n volhoubare oplossing.

Die kritieke punte wat studente op hierdie skaal ervaar het, is reeds vir 'n aantal jare voor die deur van universiteitsbesture gelê vóór die opkoms van hierdie optogte. Waarin die #FeesMustFall-beweging wel geslaag het, was juis om hierdie sosio-ekonomiese kwessies grootskaals onder nasionale aandag te bring. Hierdie betogings het daadwerklike reaksies onder akademici en hoër bestuur ontlok. Onder meer is uitgebreide universiteitseminare en lesingreekse saamgeroep ten einde die kwessies met erns te bestudeer en oplossings te formuleer. Navorsing in dekoloniserings in hoër onderwys het nuwe impetus verkry en 'n wye reeks verwante publikasies het die lig gesien, soos dié gerig op dekoloniserings van die universiteit en universiteitskurrikulum (byvoorbeeld Heleta 2016; Mbembe; 2016; America & Le Grange 2019; Constandius 2018; Knight 2018; Koopman & Koopman; Jansen 2019;), die betrekking van Afrika-filosofie (Oelofsen 2015; Eze 2015; Carmen 2016; Le Grange 2018, 2019), sowel as die dekoloniserings van subjektiwiteit (Eze 2015; Kaunda 2016).

Dit is juis hierdie skynbare oorvloed van resente publikasies in dekolonialiteit wat aandag geniet. 'n Verfynde lees van navorsing gerig op die dekoloniserings van die universiteit openbaar sekere talige tendense. 'n Deurslaggewende aspek van die akademiese diskoers oor dekoloniserings, is die gebruik van metaforiese uitdrukkings in die verklaring, beskrywing en omgaan met die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekoloniserings**. Dit wil voorkom asof daar in die aanwending van hierdie begrippe nie geredelike rekenskap gegee word vir hul abstrakte aard en ingewikkelde bepaalbaarheid nie. Metafore gee, volgens die kognitiewe linguistiek, vorm aan uitkyke en reaksies op politiese kwessies. Sonder 'n kritiese bewustheid van die wyses waarop hierdie konsepte verstandelik gekonstrueer en talig gemedieer word, loop die akademiese dekoloniale diskoers gevaar om ideologies te redeneer en beïnvloed. Die dekoloniale diskoers gee verder voor dat hierdie konsepte 'n tasbare bestaan in die fisiese werklikheid inneem. Die hantering van dié begrippe as kognitiewe konstruksies bied 'n insiggewende raamwerk om hul gedrag, rol en uitwerking in die menslike psige en sosiale orde te bestudeer. As raamwerk vir so 'n onderneming en in besonder vir hierdie verhandeling, word die kognitiewe semantiek voorgestel en aangewend.

1.3 Motivering en probleemstelling

Die aandrang op 'n gedekoloniseerde kurrikulum en universiteit verg 'n duidelike uiteensetting van die abstrakte konsep **dekolonisering**. Alhoewel bepaalde insigte of teoretiserings binne die raamwerk van die psigoanalise en postkoloniale teorie verskaf word (vergelyk Fanon 1952, 1961; Wa Thiong'o 1986; Said 1978; Spivak 1988), noem outeurs soos Mqgwashu (2016) dat die konsep nog nie afdoende gedefinieer is nie. Wanneer 'n mens let op die tipe talige formuleringe wat hierdie outeurs gebruik in hulle beskrywings en omskrywings van konsepte soos **dekolonisering**, kom sekere patrone na vore. Mqgwashu (2016) stel byvoorbeeld dat 'n gedekoloniseerde kurrikulum "*foregrounds African identities and world views*" [eie kursief]. Mbembe (2016: 35) en Ngugi (1984: 89) stel verder dat dekolonisering 'n projek is waar Afrika in die *middelpunt* geplaas word, "Africa has to be placed in the centre". Die spesifieke wyses waarop hierdie outeurs hul gedagtes oor dekolonisering formuleer, naamlik deur gebruik te maak van woorde soos 'foregrounds' en 'centre', is aanduidings dat dieperliggende metafore hier ter sprake is. Die formuleringe wat gebruik word, lig ook 'n baie bepaalde insig uit oor die manier waarop woorde en konsepte verstaan word, naamlik dat begrip hoofsaaklik metafories van aard is.

Hierdie skynbaar radikale posisie spruit uit dekades se interdisiplinêre ondersoek binne die raamwerk van die kognitiewe en neurowetenskappe, maar gesitueer binne die taalwetenskap. Die benadering wat uit hierdie versmelting van velde ontstaan het, staan sedert 1989 formeel bekend as die *kognitiewe linguistiek*, maar daar word ook na die nuwe denke oor taal en kognisie verwys as die *kognitiewe wending*. Hierdie beweging of onderneming, met spesifieke verwysing na die werk van George Lakoff, Mark Johnson, Mark Turner en Gilles Fauconnier, ondersoek die verhouding tussen talige realiserings en die mentale konsepte wat hulle onderlê. 'n Sentrale bevinding in hulle navorsing is dat metafoer 'n integrale deel vorm van menslike rede en kognisie. "Metaphor is a pervasive, irreducible, imaginative structure of human understanding" (Johnson, 1987: xii); "[r]eason is not purely literal, but largely metaphorical and imaginative" (Lakoff & Johnson, 1999: 4). Ten spyte van hierdie insigte en die

empiriese moontlikhede wat talige realiserings bied, is daar nog geensins gekyk na die metaforiese onderbou van **dekolonisering** nie.⁸

Taal is weinig indien ooit neutraal, en die gebruik van taal in verskeie diskoerse, soos in die akademie, speel 'n kardinale rol in ons konstruering en persepsie van die werklikheid. Die beweegrede agter hierdie verhandeling het gegroei uit 'n frustrasie met die dikwels onkritiese en lomp omgang met die term 'dekolonisering' in resente akademiese publikasies. Ek beaam Modiri (2020: 157) se skeptisisme oor die akademiese gehalte van “dekoloniale navorsing” in die afgelope jare:

This excessive proliferation of 'decolonisation' as a trendy noun and verb in the academic and institutional life of the South African university raises the inescapable question about its integrity and value as an intellectual method, scholarly mode of inquiry, political practice and emancipatory ideal. Indeed, the almost ritualistic invocation of the notion decolonisation situates it nervously between a critical zeitgeist, which discloses productive, radical and disruptive directions for knowledge production, and a gratuitous referent for potentially platitudinous and vacuous scholarship.

'Dekolonisering' word sirkulêr, 'n betekenaar sonder referent – 'n muntstuk wat in die ekonomie van die akademie legitimititeit en spreekruimte aankoop. Tog kom daar met elke transaksie 'n styging van inflasie, eerder as waardegroei.

Die kardinale rol van metafoer in akademiese diskoerse word wyd erken. Nie alleen onder teoretici van KMT nie, maar ook in ander uiteenlopende velde soos psigolinguistiek en kognitiewe sielkunde (Gentner & Jeziorski, 1993; Eskridge & Shelley, 2009), asook in filosofie en sosiologie (Black, 1963; Kuhn, 1993; Ortony, 1975; Winter, 2001) word metafoer ondersoek. Lakoff en Johnson (1999) verskaf 'n uitgebreide uiteensetting van die rol van metafoer in die filosofie. Johnson stel verder dat “philosophy's debt to metaphor is no greater, no less, than that of any other significant human intellectual field or discipline” (2010: 39). Daar bestaan reeds 'n uitgebreide lys studies wat talige metafore in verskeie dissiplines bestudeer. Velde uit die natuurwetenskappe sluit in chemie (Brown, 2003), fisika (Drewer, 2003), neurowetenskappe (Goschler, 2008) en omgewingswetenskappe (Larson, 2011). Ook die sosiale en geesteswetenskappe geniet indringende aandag, soos in die filosofie

⁸ Hier word verwys na *metafoer* soos dit in die kognitiewe linguistiek verstaan word.

(Black, 1962), sosiologie (Rigney, 2001, regte (Smith, 2007; Winter, 2001), ekonomie (Charteris-Black, 2004; Chow, 2010) en onderwys (Cameron, 2003; Littlemore, 2011).

In Suid-Afrika is korpusgebaseerde metafooranalises ook op uiteenlopende diskoerse uitgevoer. Enkele voorbeelde hiervan is metafoorondersoek gerig op die mediadiskoers (Du Preez, 2007; Nothnagel, 2009; Van der Merwe, 2021), onderwys (Walton & Lloyd, 2011), godsdienstige tekste (Goede, 2007), literêre diskoers (Venter, H.E., 2009), politieke diskoers (Malan, 2008; Mabela *et al.*, 2020), sowel as gemengde diskoerse (Bosman, 2015). Die sentrale probleemstelling van hierdie verhandeling is dat daar, ten spyte van die gevestigde moontlikhede in kritiese metafoorondersoek, nog geen navorsing op metafoorgebruik in die dekoloniale diskoers uitgevoer is nie. Die leemte waarop sodanige navorsing moet reageer, is enersyds die afwesigheid van kognitiewe benaderings tot dekolonialiteit (dit wil sê 'n leemte in dekoloniale navorsing), en andersyds 'n gebrek aan korpusgebaseerde metafoorondersoek in dekoloniale diskoers as leemte binne metafoorstudies en diskoersanalise.

1.4 Doelstelling

Die breë doelstelling van hierdie studie is om die **verband tussen metaforiese uitdrukkings en die konseptualisering van kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering te beskryf**, en sodoende indirek 'n bydrae te lewer tot die beskrywing van die verhouding tussen taal, die samelewing en denke.

1.5 Navorsingsvrae

Die volgende navorsingsvrae spruit uit hierdie studie:

- Watter bydrae kan die kognitiewe semantiek lewer tot die huidige gesprekke rondom die dekolonisering van hoër onderwys in Suid-Afrika?
- Watter metafore kom in die akademiese dekoloniale diskoers voor vir die konsepte **kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering**?
- Watter metaforiese scenario's word ontlok deur die metaforiese uitdrukkings in die betrokke korpus? (Vergelyk 1.7 oor die bou van die korpus.)
- Op watter moontlik wyses kan die metafore ons verstaan van en reaksie op hierdie konsepte beïnvloed?

1.6 Navorsingsdoelwitte

Hierdie studie poog om die volgende doelwitte te bereik:

- Om die nut en bydrae van die kognitiewe semantiek relevant te maak tot die gesprekke rondom die dekolonisering van hoër onderwys in Suid-Afrika.
- Om die toonaangewende metafore vir die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekolonisering** in die akademiese dekoloniale diskoers aan te dui.
- Om te bepaal watter metaforiese scenario's deur die metaforiese uitdrukkings in die betrokke korpus ontlok word.
- Om vas te stel op welke wyses die geïdentifiseerde metafore ons verstaan van en reaksie op hierdie konsepte kan beïnvloed.

In hierdie verhandeling word die metaforiese onderbou van die politiese konsep **dekolonisering** en die verwante konsepte **kolonialisme** en **kolonialiteit** ondersoek aan die hand van die Konseptuele Metafoorteorie (KMT). Akademiese artikels word uit verskeie Suid-Afrikaanse korpuse en databasisse betrek en ontleed ten einde die onderliggende metaforiese strukture van hierdie konsepte uit te ken. Vir die korpus is 87 geskikte artikels geïdentifiseer wat spesifiek handel oor dekolonisering en die transformasie-debat in Suid-Afrika.

Die sentrale teoretiese argument is dat die studie van talige realiserings, en metafoor in besonder, noodsaaklik is in 'n sosiale of politiese diskoers. Daar word aangevoer dat ondersoek in die metafore wat in hierdie diskoers gebruik word, insigte kan bied in die manier waarop dit in die verstand voorgestel en verteenwoordig word.⁹ Die doel van die ondersoek is om te bepaal wat die (on)bewustelike prosesse is in die akademiese diskoers oor dekolonisering. Die primêre doelwit is om kruisdomeinkarterings van eenvoudige metafore en komplekse metafore in hierdie diskoers uit te lig. Hierdie metafore word dan vanuit 'n kritiese oogpunt ontleed om te probeer aantoon watter gevolge, positief of negatief, die spesifieke formulerings het vir ons omgaan en benadering tot so 'n omstrede diskoers.

⁹ Met ander woorde, die konkrete ervarings en unieke kennis waaruit geput word om sin te maak van hierdie abstrakte konsep.

1.7 Navorsingsmetodologie

Ten einde die ingesamelde data so volledig as moontlik te benut, is dit nodig om 'n omvattende oorsig van die studieterrin en teoretiese raamwerk te verskaf, om die ingesamelde data te ontleed en interpreteer en om gedetailleerde bevindinge weer te gee.

Die doel van die literatuurstudie is om die sentrale vertrekpunte van die kognitiewe semantiek en kognitiewe benaderings tot metafooranalise aan bod te lê. Hierdie oorsig sal in Hoofstuk 2 van die verhandeling aangebied word. Hierdeur sal implikasies van metafoor vir die politieke en akademiese diskoers ontsluit word om die leemtes in teenswoordige navorsing duidelik maak word. Kernkonsepte en beginsels word bespreek na aanleiding van seminale tekste. Wanneer die Konseptuele Metafoorteorie betrekking vind, word daar veral staatgemaak op die teoretisering van Lakoff en Johnson (1980; 1999), Lakoff (1993), Kövecses (1997, 2010) en Grady (1996). Diskoers sal ook in die literatuurstudie kortliks bespreek word om bestaande koppelvlakke tussen kritiese diskoersanalise en metafoorstudies aan te dui.

Die data vir hierdie studie word versamel uit akademiese artikels wat verkry is uit die aanlyn databasis *Sabinet African Journals*. Die 87 geselekteerde artikels vorm die korpus van die studie. Die volgende kriteria is gevolg om 'n artikel tot die korpus toe te voeg: (1) 'n lemma van 'decolonise' of 'colonise' verskyn in die titel, (2) 'decolonisation' verskyn as trefwoord en (3) die opsomming van die artikel dui spesifiek aan dat die artikel gerig is op 'n sekere komponent van dekolonisering of die dekolonisering van 'n bepaalde dissipline.

Vir die empiriese komponent van hierdie studie, word Sketch Engine as die korpusbestuurder en teksanalise-programmatuur benut. Die soekwoorde 'colonialism', 'decolonise' en 'decoloniality' word gebruik ten einde die konkordansies en kollokasies na te speur en kwantitatiewe inligting in te samel. Die analise en bespreking van metafore uit die betrokke korpus, sal in Hoofstuk 4 weergegee word. Die analises in hierdie verhandeling sal in twee fases uiteen val. Die eerste fase is meer holisties van aard en probeer bepaalde tendense in die korpus vasstel. Die Metafoor-patroonanalise (MPA) van Stefanowitsch (2006) word aangewend vir die

aanvanklike uitkenning van metafore. In hierdie fase word metafore uitgeken na aanleiding van voorafvasgestelde teikendomeine (DEKOLONISERING, KOLONIALISME en KOLONIALITEIT, in hierdie geval). Daar word dan bepaal of die gesamentlike verskyning van leksikale items uit beide die teikendomein en brondomein ('destroy' of 'attack' vir die brondomein OORLOG, byvoorbeeld) 'n metafoor daarstel. Hierdie benadering word op al 87 tekste uit die korpus toegepas.

Die tweede fase behels 'n diepgaande metafooranalise van drie geselekteerde tekste. By hierdie fase word daar nie van korpusgebaseerde tegnieke of die Sketch Engine programmatuur gebruik gemaak nie. Eerder word die tekste volledig ontleed ten einde te illustreer hoe konseptuele metafore in meer afgebakende kontekste funksioneer. Vir hierdie doeleindes word die Metafooridentifikasie-prosedure van die Vrije Universiteit Amsterdam (MIPVU) aangewend, soos in Steen *et al.* (2010) uiteengesit. Albei hierdie fases word deur bevindinge en 'n kritiese bespreking gevolg.

Deurlopende instrumente wat in beide hierdie fases aangewend word, is die *Oxford English Dictionary* en die *MacMillan English Dictionary*. Hierdie woordeboeke word gebruik om vas te stel of 'n bepaalde kollokasie wel metafories (dus minder basies en meer abstrak) aangewend word. Verder word die *Master Metaphor List* van Lakoff *et al.* (1991) en Berkeley Universiteit se *MetaNet Metaphor Wiki* en *FrameNet* webwerwe benut as naslaanbronne vir die formulering van metafoorkarterings.

1.8 Sleutelbegrippe

Gespesialiseerde terreine soos die kognitiewe semantiek, korpusstudies en diskoersanalise moet 'n eie vaktaal en vakwoordeskat ontwikkel. Ten einde duidelik, doeltreffend en akkuraat binne 'n bepaalde vakgebied te kommunikeer, word terminologie benodig wat die konseptuele strukture van daardie terrein reflekteer. 'n **Gespesialiseerde woordeskat** verwys na woorde wat eksakte betekenis het, binne 'n konseptuele raamwerk optree en gestandardiseer is (Cluver, 1978: 82). Heelparty vakspesifieke terme word deur die loop van hierdie verhandeling verduidelik en uiteengesit. Tog is dit nodig om bepaalde sleutelbegrippe uit die staanspoor te omskryf ten einde helderheid en ondubbelsinnigheid te fasiliteer.

1.8.1 Kognitiewe semantiek

Die kognitiewe semantiek is 'n spesifieke groepering van benaderings tot taalnavorsing wat geleë is in die kognitiewe linguistiek. Hierdie benadering is gebaseer op die idee dat die betekenis van woorde en talige uitdrukkings geskep word deur die kognitiewe prosesse van die menslike brein. Dit fokus op die rol van konsepte, kategorieë, metafore en ander kognitiewe meganismes in taalgebruik en hoe hierdie meganismes 'n invloed uitoefen op die manier waarop mense dink, kommunikeer en betekenis genereer. Die kognitiewe semantiek word meer gedetailleerd in afdeling 2.3 bespreek.

1.8.2 Die verstand

In die kognitiewe semantiek word die verstand breedweg verstaan as 'n stel prosesse en strukture wat ons in staat stel om waar te neem, te dink, redeneer, leer en taal te gebruik. Dit behels beide bewustelike en onbewustelike prosesse, soos persepsie, aandag, geheue en verbeelding.

Op hierdie punt kan die problematiek uitgelig word rondom die term '*mind*', wat in hierdie verhandeling en in Van Huysteen (2005) in Afrikaans as 'verstand' vertaal word. Ander begrippe in Afrikaans soos 'gees' (Nederlands '*geest*', Duits '*Geist*') verteenwoordig in Afrikaans meer van 'n spirituele, dikwels godsdienstige dimensie, terwyl dit in die geval van Nederlands, Duits en Frans, byvoorbeeld, polisemies kan verwys na 'n kognitiewe, sowel as spirituele entiteit, afhangend van die diskoers en konteks. In Afrikaans funksioneer 'verstand' as die eweknie van '*mind*', verwyderd van die meer Kartesiaanse beskouing, waar verstand en liggaam uit twee aparte stowwe bestaan.

Die kognitief-semantiese siening van die verstand (afwesig van sy geestelike komponent) as 'n produk wat uit liggaamlike interaksies met die omgewing spruit, behels 'n spesifieke wysgerige raamwerk oor die aard van die verstand. Dit wat bekend staan as die "verstand-liggaam-vraagstuk" ("*mind-body problem*") is 'n langgevestigde debat, gesitueer in die geestesfilosofie ("philosophy of mind"), wat daarop gerig is om die verhouding tussen die verstand en liggaam vas te stel. Dit is ook moontlik om

hierdie vraagstuk te omskryf as die uitpluising van die verskil tussen fisiese eienskappe (gegewens van die materiële wêreld), en geestesewenskappe (gegewens van die niefisiese, spirituele of fenomenologiese wêreld).

Eerstegenerasie kognitiewe wetenskap (sien bespreking in 2.3.1.2) volg 'n **Verteenwoordigingsteorie** van die verstand (“Representationalist Theory of mind”). Vanuit hierdie benadering bestaan die verstand uit mentale voorstellings of representasies soortgelyk aan rekenaardatastrukture, sowel as rekenaarprosedures soos algoritmes. Daar word voorgestel dat die verstand “contains such mental representations as logical propositions, rules, concepts, images, and analogies, and that it uses mental procedures such as deduction, search, matching, rotating, and retrieval” (Thagard, 2019).

Wat wel in die tweedegenerasie kognitiewe wetenskap voorkom, en derhalwe die kognitiewe linguïstiek, is 'n opvatting van die verstand deur die lens van **konneksionisme** (“connectionism”), sowel as **beliggaamde realisme** (“embodied realism”). Volgens die konneksionistiese model vorm neurale netwerke die fokuspunt, waar hulle in eenhede, koppeling en stroombane saamwerk om verskillende aspekte van die verstand tot stand bring. Die verstand is steeds, nes in die eerstegenerasie kognitivism, 'n modulêre gestalt ('n geheel wat uit onderafdelings bestaan), maar verskil van die vroeër opvatting deurdat dit hier gaan oor neurale organisasie, eerder as abstrakte simboolmanipulasies. Die beliggaamde realisme van Lakoff (1987: xv) behels dat “menslike rede” moontlik gemaak word deur die liggaam en dat dit spruit uit die aard van die organisme.

1.8.3 Metafoor

Die spesifieke definisies van metafoor word bepaal deur die besondere raamwerk waarin dit bespreek word. Een klassieke definisie van metafoor, volgens die Aristoteliaanse tradisie, is om dit te beskryf as die benoeming van een ding in terme van 'n ander ding. Volgens die Konseptuele Metafoorteorie word metafoor beskryf as die begrip van een konseptuele domein in terme van 'n ander konseptuele domein (Lakoff, 1993: 271). Die begrip of betekenis van een konsep word daarom oorgedra na 'n ander konsep. Metafoor word meer gedetailleerd in afdeling 2.6 bespreek.

1.8.4 Domein

In die kognitiewe semantiek word domeine verstaan as 'n samehangende en relatief komplekse kennisstruktuur. Evans (2007: 61) definieer domeine as “relatively complex knowledge structures which relate to coherent aspects of experience”. Dit is moontlik om tussen basiese en abstrakte domeine te onderskei. Basiese domeine, soos RUIIMTE, EMOSIE en TEMPERATUUR, is direk afkomstig van ons liggaamlike ervarings, terwyl ander domeine, soos LIEFDE en VERHOUDINGS, van 'n ingewikkelder aard is en staat maak op basiese domeine om volledig begryp te word (Evans & Green, 2006: 231). Konsepte kan slegs verstaan word in terme van 'n spesifieke domein, omdat die betekenis van 'n woord verstaan moet word teen die agtergrond van 'n uitgebreide netwerk van ensiklopediese kennis. Domeine word meer gedetailleerd in afdeling 2.5.1.2 bespreek.

1.8.5 Konsep

'n Konsep kan binne die kognitiewe semantiek verstaan word as 'n mentale representasie of kategorie van voorwerpe, gebeure, of idees oor die wêreld. Dit is die mees basiese eenheid van kennis en kan gevorm word deur ervarings, taal en kulturele konvensies. Konsepte is nie statiese etikette nie, maar behels dinamiese en abstrakte verhoudings en uitvloeisels van domeine en ander konsepte. So byvoorbeeld verwys die konsep **hond** nie alleen na 'n fisiese dier nie, maar ook na ander verwante konsepte soos **troeteldier**, **blaf**, **lojaliteit** en **kameraadskap**, wat elk ook op uitgebreide kennisnetwerke staat maak. Konsepte word verder in afdeling 2.5.1.3 bespreek.

1.8.6 Konseptualisering

Konseptualisering is 'n hoogs abstrakte konsep wat binne die kognitiewe semantiek verstaan word as die proses waarmee mentale representasies in die verstand gevorm word. Dit is die proses van betekeniskonstruksie waartoe taal bydra, deur te dien as aansporings tot ryk, stabiele, ensiklopediese kennis. Volgens die Konseptuele Versmeltingsteorie kan denkrumtes (“mental spaces”) as die domeine van konseptualisering beskou word. As domeine kan hulle as gedeeltelik saamgestelde pakkette mentale representasies optree. Hierdie denkrumtes of “pakkette” word in 'n

dinamiese proses aan mekaar verbind soos 'n talige diskoers of interne gedagtegang ontvou. Konseptualisering word verder in afdeling 2.5 bespreek.

1.8.7 Kollokasie

Kollokasies verwys na die jukstaposisie of naasmekaarplasing van 'n bepaalde woord of groep woorde, gewoonlik met 'n hoër frekwensie as blote geluuskote. Dit verwys, met ander woorde, na woorde wat geneig is om gesamentlik voor te kom, dikwels as gevolg van 'n nabye betekenis of assosiasie. Byvoorbeeld, “*blink plan*” of “*sterk opinie*” kom statisties meer gereeld in diskoers voor as “*bruin plan*” of “*plat opinie*”. Kollokasies word verder in afdeling 3.4.1.2 bespreek.

1.8.8 Konkordansie

'n Konkordansie is 'n tipe instrument of hulpbron wat die voorkomste of manifestasies van 'n bepaalde woord of frase in 'n teks of korpus tentoonstel. Dit is gewoonlik 'n lys van alle gevalle waar 'n gegewe woord of frase in 'n korpus voorkom, saam met die omringende konteks van elke woord. Konkordansies kan gebruik word om die patrone in taalgebruik, soos woordfrekwensies, te bestudeer. Korpusanaliseprogrammatuur soos Sketch Engine en AntConc kan gebruik word om konkordansies te genereer. Konkordansie word verder in afdeling 3.4.1.2 bespreek.

1.8.9 Diskoers

Die term diskoers het verskillende, dog ooreenstemmende betekenis in verskeie kontekste. In Schriffrin, Tannen, en Hamilton (2001) se inleiding tot *The Handbook of Discourse Analysis* (p.1) word definisies van 'diskoersanalise' byvoorbeeld in drie algemene kategorieë ingedeel: 1) die studie van taalgebruik; 2) die studie van talige strukture “beyond the sentence”; en 3) die studie van sosiale praktyke en ideologiese aannames wat met taal en/of kommunikasie geassosieer word. Volgens Wodak (2009: 6) se uiteensetting, kan diskoers vir die doeleindes van hierdie verhandeling primêrverstaan word as 'n eenvormige manier van praat oor sake wat kultureel en sosiaal georganiseer is, wat op sy beurt die oriëntering en interaksie met daardie sake ondersteun en bevorder. Tweedens verwys dit na die studie van 'n bepaalde tipe teks, in hierdie geval 'n akademiese artikel. Diskoers word verder in afdeling 2.7.1 bespreek.

1.9 Uiteensetting van die verhandeling

Hoofstuk 1 word gedeeltelik gewy aan 'n breë kontekstualisering van kolonialiteit en dekolonisering, insoverre dit van toepassing is in die konteks van Suid-Afrika. *Mag* word ingelei aan die hand van Michel Foucault en verbind met dekoloniale diskoers. Die voorstel van 'n kognitief-semantiese ondersoek in dekoloniale diskoers word gevolg deur die probleemstelling, navorsingsvrae en navorsingsdoelwitte van hierdie verhandeling. Die hoofstuk word afgesluit deur 'n kort uiteensetting van sleutelbegrippe en -konsepte.

Hoofstuk 2 verskaf 'n indringende oorsig van die kognitief-semantiese benadering tot talige begrip en kognisie. Spesiale aandag word geskenk aan die Konseptuele Metafoorteorie as sentrale teoretiese raamwerk van analise. 'n Kritiese uiteensetting van die begrip 'diskoers' word aan bod gelê en gekoppel aan die doelstelling van kritiese diskoers- en metafooranalise.

In **Hoofstuk 3** word die metodologiese werkswyse vir die studie bespreek. Relevante besonderhede oor die korpus word op hierdie punt uiteengesit. Die hoofstuk lê klem op korpusgebaseerde benaderings tot metafooranalise deur veral te let op kwessies rondom dataversameling en metafooruitkenning.

Dit is in **Hoofstuk 4** wat die uiteindelige analise en bevindinge van die betrokke studie neerslag vind. Data uit die korpus word sistematies ontleed ten einde die omvang en uitwerking van metafoor in dekoloniale diskoers, binne afgebakende grense, voor te lê.

Ter afsluiting bied **Hoofstuk 5** 'n samevatting van hierdie verhandeling. Hier word die belangrikste beginsels en vertrekpunte wat die studie onderlê, omring. Bevindinge, bydrae en potensiaal vir toekomstige studies geniet spesifieke aandag.

Hoofstuk 2

Kognisie, Taal en Metafoor

2.1 Inleiding

Die kognitief-linguistiese grondslag van kognisie, taal en metafoor staan in hierdie hoofstuk sentraal. Hierdie hoofstuk dien as 'n breë raamwerk en kontekstualisering van talige begrip en bied enkele gedagtes rondom die verhouding tussen taal en kognisie aan. Dié kontekstualisering lei uiteindelik na die sentrale teoretiese benadering vir hierdie verhandeling, naamlik die Konseptuele Metafoorteorie (KMT).

Vanweë die beperkte omvang van 'n meesterverhandeling, sal die kontekstualisering fokus op daardie aspekte wat ter sake is vir die ondersoek wat onderneem word. Die oorsprong van die kognitiewe semantiek word geplaas teen die agtergrond van die opkoms van die kognitiewe linguistiek en kognitiewe wetenskap. Daarná word die aannames en teoretiese begrippe van die kognitiewe semantiek uitgelê en ondersoek, in die mate wat dit betrekking het tot die KMT.

As 'n besondere aspek van talige betekenis (leksikale semantiek) en die kognitiewe strukturering van betekenis (kognitiewe semantiek), word daar breedvoerig uitgewei oor die verskynsel van metafoor¹¹ as meganisme van konseptualisering. In hierdie opsig word die KMT krities ondersoek en uitgelig ten einde metafoor te verbind met die manier waarop 'n konsep soos *dekolonisering* verstaan kan word.

Die struktuur van hierdie hoofstuk is bedoel om (1) 'n verloop en ontwikkeling van gedagtes neer te lê wat uiteindelik aanleiding gee tot die KMT, (2) 'n verkenning te bied van die kognitief-linguistiese perspektief op kognisie, (3) om 'n kritiese evaluering te verskaf van die KMT se benadering tot die aard en funksie van metafoor en (4) om 'n inleiding te bied tot kritiese diskoersanalise. Daar word deurlopend staatgemaak op navorsing en bevindinge uit die neurolinguistiek as bevestiging van (en uitdagings tot) sommige aannames en teoretisering van navorsers in die kognitiewe semantiek.

¹¹ Tensy anders gedefinieer, word daar met "metafoor" bedoel die (konseptuele) verskynsel self en nie spesifieke metaforiese talige uitdrukkings nie.

Die doel van hierdie hoofstuk is nie alleen om 'n teoretiese raamwerk te verskaf waarmee metafore in diskoers ontleed kan word nie, maar om aandag te vestig op die idee dat die sosiale wêreld bestaan uit entiteite van kognisie. Die verbinding van politieke diskoers (in hierdie konteks die diskoers rondom dekolonisering) met die uitpluising en verkenning van kognisie en talige betekenis, skep 'n waardevolle perspektief op die Suid-Afrikaanse universiteitskonteks en die voortdurende gesprek oor dekolonisering.

2.2 Die leksikale semantiek

Wanneer daar op 'n intellektuele vlak met 'n bepaalde sosiale kwessie of diskoers omgegaan word, is dit byna 'n gegewe dat die dialoog en singewing van die diskoers, in die vorm van taal sal plaasvind. Natuurlik vorm taal nie die enigste medium waardeur uitdrukking of gesprekvoering van politieke kwessies belig kan word nie. Die plek en funksie van die visuele kunste, beeldhou, film en ander mediums wat onafhanklik van taal staan, kan nie geringskat word nie. Daar kan egter nie ontken word dat *taal* die prominentste en mees frekwente medium is wat op openbare platforms, soos onderhoude, debatte, akademiese kongresse en skryfwerk,¹² asook in verslae en toesprake, aangewend word nie. Aangesien taal so 'n fundamentele posisie inneem in die sosiale organisering van mense, is die vasstelling van die manier waarop idees tussen mense oorgedra en geskep word, van hoogstaande belang. Die verreikende en komplekse rol wat taal in die menslike bestaan speel, maak dit een van die belangrikste voorwerpe van ondersoek in die menswetenskappe. Nie alleen het taal die funksie om sin en struktuur te gee aan menslike ervarings en om daardie singewing te kommunikeer nie, maar dit word ook gebruik as 'n instrument om mense te oortuig, beïnvloed en selfs te manipuleer.

Waarskynlik een van die sterkste vraagstukke wat die kognitiewe wetenskappe, filosofie en taalwetenskap saambind, is die studie van **betekenis**. Daar word telkemale na die proses waarin sin en begrip aan ervarings (en taal) gegee word, verwys as die “heilige graal” van taalwetenskap. Vergelyk onder andere Jackendoff: (2002: 267):

¹² In hierdie konteks met spesifieke betrekking tot akademiese publikasies in die dekoloniale diskoers.

[M]eaning is the “holy grail” not only of linguistics, but also of philosophy, psychology, and neuroscience[...]. Understanding how we mean and how we think is a vital issue for our intuitive sense of ourselves as human beings.

Wat taal 'n wesentliche faset van die menslike toestand maak, is die vermoë om betekenis toe te voeg tot andersins arbitrêre tekens wat tussen mense uitgeruil word. Sonder taal se inherente kapasiteit om in die verstand van die luisteraar of leser aanhoudende stringe betekenisryke beelde en begrip op te bou in 'n samehangende en geordende wyse, sou die nut van hierdie instrument moeilik bepaalbaar wees.

Die taalkundige subdissipline geskoei op die uitpluis van talige betekenis (*wat en hoe* woorde beteken) staan bekend as die **leksikale semantiek**. Hierdie navorsingsveld neem die **leksikale item** (die woord, maar ook groter eenhede soos idiome en metafore) as sentrale objek van ondersoek. In teenstelling tot die bestudering van **grammatika** en die wyses waarop betekenis deur die grammatikale struktuur van taal gegenerer en weerspieël word,¹³ is die leksikale semantiek eerder gerig op die **leksikon** (woordeskat) van 'n taal en hoe betekenis spesifiek deur woorde, as prototipiese taaltekens, tot stand kom. Die semantiek het as vakgebied veral in die 20ste eeu gevestig geraak met die ontstaan en uitbreiding van diverse benaderings en taalkundige modelle (Bosman & Pienaar, 2014: 245). Hoewel die werk van Ferdinand de Saussure geredelik aangewys kan word as die grondslag van die moderne taalkunde (Bosman & Pienaar, 2014: 246; Robins, 1997: 201; Carstens, 2017: 77) het die uitpluising van talige betekenis 'n veel ouer verlede. Enkele belangrike bronne wat hierdie verlede ondersoek kan vermeld word.

Geeraerts (2010) verskaf 'n besonder insiggewende historiese oorsig oor teorieë in die leksikale semantiek, waarby hy die sterk kontinentale taalkundige tradisie betrek. Die teoretici wat hy bespreek, word ingedeel in vyf afsonderlike, tog dialektiese tradisies, naamlik (i) die histories-filologiese semantiek, (ii) strukturalistiese semantiek, (iii) generatiewistiese semantiek, (iv) neostrukturalistiese semantiek en laastens (v) die kognitiewe semantiek. Harris & Taylor (1989) gee 'n grondige oorsig oor die Westerse

¹³ Anders as die oppervlakkige hantering van betekenis in Transformasionele Grammatika, bied kognitiewe benaderings soos Konstruksiegrammatika insigte in die wyses waarop grammatika inherent betekenisvol is, eerder as net die toevallige rangskikking van die taalstelsel.

taalkundige tradisie vanaf die klassieke era tot by De Saussure. Hulle samevatting is egter nie tot die semantiek beperk nie, maar sluit in allerlei benaderings en debatte op sinchroniese en diachroniese vlak. Die konflik tussen die taalkundige tradisies van die 20ste eeu word breedvoerig uiteengesit in Harris se *The Linguistic Wars* (1993). Hierin word ook die oorgang van die generatiewe na die kognitiewe tradisie uitgebeeld, sowel as die spanning wat die oorgang onderlê.

Die oorgang van die formele taalkundige benaderings tot semantiek word in afdeling 2.3 hieronder uiteengesit. Die kognitiewe linguistiek as breë denkskool vir hierdie verhandeling word indringend verken. Daar word spesiale aandag geskenk aan die opkoms van die kognitiewe linguistiek binne die konteks van die kognitiewe wetenskap. 'n Beknopte oorsig van die kognitiewe wetenskap verskaf 'n kontekstuele raamwerk vir die denke oor die aard van kennis, konsepte en konseptualisering. So 'n perspektief maak dit duidelik wat die implikasies van so 'n kognitiewe benadering meebring vir sosiale diskoerse.

2.3 Die kognitiewe linguistiek en semantiek

Die kognitiewe linguistiek is 'n kontemporêre taalkundige denkskool wat gemoeid is met die verhouding tussen taal, kennis, asook menslike sosiale en fisiese ervaring. Dit poog om taal te beskryf en te verduidelik in terme van die breër kognitiewe prosesse¹⁴ en denkpatrone wat taal reflekteer. Hoewel dit 'n inherente filosofiese inslag inneem, steun die kognitiewe linguistiek op bevindinge in ander dissiplines verwant aan die kognitiewe wetenskap – soos die neurologie, sielkunde en kunsmatige intelligensie.

Wat die kognitiewe linguistiek grootliks van ander taalkundige benaderings onderskei, is die aanname dat taal sekere fundamentele beginsels en eienskappe van menslike kennis reflekteer (Evans & Green, 2006: 5). Taalgebruik word verduidelik deur die verwysing na bepaalde konseptuele prosesse, genaamd kognitiewe operasies of **konstruering-operasies** (Kövecses, 2020: 16; Croft & Cruse, 2004: 39). Hierdie prosesse sluit in *aandag* (profilering, metonimie), *oordeel* (kategorisering, metafoer),

¹⁴ Byvoorbeeld persepsie, aandag, redenering en kategorisering.

perspektief (oriëntering), *deiksis*, *strukturele skematisering* en *fors dinamika* (Croft & Cruse, 2004: 46; Kövecses, 2020: 17). Daar kan aan elkeen van hierdie operasies gedink word as 'n besondere proses binne die organiese masjinerie wat die verstand se werking moontlik maak. Elkeen van hierdie kognitiewe operasies tree in interaksie met taal en word beïnvloed deur taal (Dirven & Verspoor, 2004: ix). In hierdie opsig is taal nie bloot 'n weerspieëling van algemene kognitiewe prosesse nie; dit beïnvloed ook die wyse waarop hierdie prosesse ontvou.

Omdat daar teoretiese verskille bestaan oor die presiese aard en omvang van hierdie prosesse, moet die kognitiewe linguistiek beskryf word as 'n buigbare raamwerk of groepering van verskeie oorvleuelende benaderings, eerder as 'n enkele taalteorie (Geeraerts & Cuyckens, 2007: 4; Geeraerts, 2006: 2).¹⁵ Nuyts (2007: 544) baken die kern van die kognitiewe linguistiek af tot die werke gesentreerd rondom semantiese analises soos die baanbrekende navorsing van Talmy (1988, 1996, 2000a, 2000b); Lakoff (1987; Lakoff & Johnson 1980), Gibbs (1996), Fauconnier (1985, 1997); Langacker (1987, 1991) en variasies van Kognitiewe Grammatika. Evans *et al.* (2007: 2) dui ook aan dat die neurologie al 'n langdurige invloed op die karakter en inhoud van kognitief-linguistiese teorie gehad het, van die vroeë werk op kleurterme (Kay & McDaniel, 1978) tot die meer onlangse Neurale Taalteorie (Gallese & Lakoff, 2005). Veral Lakoff en Johnson se seminale teks *Metaphors we live by* (1980) word beskryf as een van die grondleggende werke in die kognitiewe linguistiek en dien as die oorspronklike bron vir die Konseptuele Metafoorteorie (Janse & Redeker, 1999: 1).

Die bydrae van bogenoemde navorsers sou nie moontlik gewees het sonder belangrike ontwikkelinge binne die kognitiewe wetenskap van die 20ste eeu nie. Die breë uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek, veral die opvatting van beliggaamde kognisie, word kortliks teen die agtergrond van die kognitiewe wetenskap geplaas.

¹⁵ Min of meer twaalf fundamentele aspekte van hierdie teoretiese samehoping kan onderskei word. In hierdie groepering val die fokus, in wisselende mate, op ondersoekterreine soos Kognitiewe Grammatika, grammatikale konstruering, radiale netwerke, prototipe-teorie, skematiese netwerke, Konseptuele Metafoor, beeldskema, metonimie, denkrumtes, raamsemantiek, konstruksiegrammatika en gebruiksgebaseerde linguistiek (Geeraerts, 2006: 2).

2.3.1 Historiese verloop van die kognitiewe linguistiek

Die kognitiewe linguistiek het enersyds ontstaan as 'n reaksie op heersende tradisies in Europese semantiek (strukturnalisme), Noord-Amerikaanse benaderings tot sintaksis (generatiewe), sowel as formalistiese/rekenaar-linguistiese perspektiewe op semantiek in die tweede helfte van die 20e eeu (Nerlich & Clarke, 2010: 590). Andersyds moet hierdie denkskool ook geïntegreer word binne die breë ondernemings en ontwikkelings van die **kognitiewe wetenskap**.

Wat nou bekendstaan as die 'kognitiewe wetenskap', is 'n oorkoepelende term wat uit 'n web van akademiese dissiplines bestaan, waarvan die sielkunde, filosofie, rekenaarwetenskap, neurowetenskap, kunsmatige intelligensie en taalwetenskap die belangrikste komponente vorm (Varela, Thompson & Rosch, 2017: 4). Elkeen van hierdie dissiplines lig 'n ander aspek van kennis uit, of dra op verskillende wyses by tot vroeë rondom die aard en omvang van kennis. Die antwoorde wat uit elk van hierdie dissiplines spruit, weerspieël die spesifieke beïnvloeding van elke veld. Ook die spesifieke tydperk, vertakkings of fases van die kognitiewe wetenskap het elk die karakter van hierdie dinamiese veld beïnvloed. Drie konkrete fases kan belig word.

2.3.1.1 Die Proto-fase: Kibernetika

As voorloper of proto-fase van die kognitiewe wetenskap, het **kibernetika** ("cybernetics") vanaf die 1940's die bedoeling gehad om 'n wetenskap van die verstand te stig wat staatmaak op wiskundige logika, inligtingsteorie en inligtingsprosesseringsmasjiene (Rescorla, 2019). In teenstelling tot die vaagheid en onvalsifieerbaarheid van ouer benaderings in filosofie, sielkunde en psigoanalise, wou teoretici in kibernetika uitdrukking gee aan die onderliggende mentale verskynsels deur eksplisiete meganismes en wiskundige formalismes (Varela, Thompson & Rosch, 2017: 38).

Een van die sentrale werke binne hierdie domein is McCulloch en Pitts se artikel *A Logical Calculus of Ideas Immanent in Nervous Activity* (1943), waarin twee fundamentele denkspronge weg van die voorafgaande denke geneem is. Eerstens is daar die voorstel dat *logika* die korrekte dissipline is waardeur die brein en mentale

aktiwiteit verstaan kan word, en tweedens, die bewering dat die brein 'n apparaat is wat bestaan uit beginsels van logika in sy samestellende elemente of neurone (Varela, Thompson & Rosch, 2017: 38-39). Dit is met ander woorde die eerste keer wat daar op konkrete vlak voorgestel is dat die brein op dieselfde wyse funksioneer as die hardeskyf van 'n rekenaar.

Die beskouing van die verstand as 'n masjien wat denke, rede en bewussyn genereer op grond van die manipulasie van simbole, vorm die grondslag van die sogenaamde eerstegenerasiekognitiewewetenskap of -kognitivisme (Lakoff & Johnson 1999; Johnson 2017). Die benaming 'klassieke kognitivisme' word ook soms gebruik om na hierdie paradigma te verwys (Gomila & Calvo 2008; Fodor & Pylyshyn 1988).

2.3.1.2 Die Eerstegenerasiekognitivisme

Met die toevoeging van Noam Chomsky se transformasioneel-generatiewe grammatika tot kubernetiese navorsing, het die kognitiewe wetenskap in die 1950's tot sy **kognitivistiese paradigma** ontwikkel (Thagard, 2019). Die grondslag van hierdie eerstegenerasie-kognitiewe wetenskap is die beskouing van die verstand as 'n masjien wat denke, rede en bewussyn genereer op grond van die manipulasie van simbole (Lakoff & Johnson 1999; Johnson 2017). Die benaming 'klassieke kognitivisme' word ook soms gebruik om na hierdie paradigma te verwys (Gomila & Calvo 2008; Fodor & Pylyshyn, 1988).

Die sentrale intuïsie onderliggend aan die eerstegenerasiekognitivisme is dat intelligensie in sy wese tot so 'n mate ooreenstem met rekenaarprosessering, dat kognisie weliswaar gedefinieer kan word as berekeninge van simboliese representasies (Varela *et al*, 2017: 40). Die verstand funksioneer deur die manipulasie van simbole wat aspekte van die wêreld verteenwoordig of wat deur daardie verteenwoordiging voorgee dat die wêreld op 'n bepaalde manier bestaan. Die sentrale begeleidende konseptuele metafoer wat deur die kognitiviste aangewend word, is DIE BREIN IS 'N REKENAAR. Die besondere eienskappe van die liggaam en sy verbintenis met die brein, het in hierdie opsig geensins bygedra tot die aard van menslike konsepte, rede of die verstand nie.

Volgens Johnson (2017: 7) het die eerstegenerasiekognitiewewetenskap in die 1950's en 1960's ontwikkel uit 'n versmelting van die heersende analitiese filosofie van taal, Chomskiaanse generatiewe taalkunde, inligting-prosessering sielkunde, rekenaarwetenskap en kunsmatige intelligensie. Die aanvaarde siening binne hierdie benaderings was dat rede *ontliggaamd* is en volgens formele logika of die manipulering van simbole optree. Lakoff & Johnson (1999: 75) meen dat heelparty van die praktisyne in hierdie paradigmas opgelei onder die aannames van Anglo-Amerikaanse filosofie. Johnson (2017) dui aan dat die seminale werk in hierdie Anglo-Amerikaanse filosofiese tradisie toegeskryf word aan Gottlob Frege. Frege se filosofie was daarop gerig om die universele en objektiewe status van wiskunde, logika en wetenskaplike bewerings te valideer.¹⁶

Buiten die invloed van die dominante taalfilosofie, is die idee dat denke verteenwoordig kan word deur formele simboliese sisteme verder versterk deur ontwikkelinge in kunsmatige intelligensie, formele logika en generatiewe taalkunde (Lakoff & Johnson, 1999: 76). Volgens die eerstegenerasiekognitivismes, word simbole in die geheue gestoor, wat dan weer verhaal en getransformeer word by wyse van algoritmes wat spesifiseer hoe om hulle sintakties saam te stel en hoe om hulle te transformeer (Calvo & Gomila, 2008: 4). Onderliggend aan hierdie opvatting is die idee dat denke verstaan kan word as 'n vorm van logiese inferensiële prosessering (Calvo & Gomila, 2008: 4). Wel redeneer Calvo & Gomila (2008: 4) dat hierdie vorm van kognitivismes impliseer dat sentrale prosesse van die (neurale) perseptuele en motoriese stelsels geensins in berekening gebring word nie. Dit beteken uiteindelik die redusering van kognisie tot inligting-prosessering, wat neerkom op simbool-manipulasie volgens algebraïese reëls.

Hierdie benadering tot die verstand as 'n inligting-prosesseerder is ook tot 'n baie sterk mate beïnvloed deur die generatiewe grammatika van Noam Chomsky. Chomsky se siening dat die struktuur en samestelling van die verstand en kognisie onafhanklik van die liggaam bestaan, kan veral afgelei word uit twee sentrale uitgangspunte: (1) dat grammatika en betekenis geskei kan word, en (2) dat die mens met 'n inherente

¹⁶ Dit blyk uit Frege (1966 [1892]: 59) se siening dat die betekenis ("sense") van 'n teken nie gekoppel word aan 'n gedeelde beliggaming en kulturele gesitueerdheid nie, maar deur 'n tipe universele logika in die talige uitinge wat objektief tussen sprekers van dieselfde taal begryp kan word.

taalfakulteit gebore is wat onder andere bestaan uit 'n universele grammatika. Hoewel hierdie aspekte geensins die totaliteit van Chomsky se redenasie van aangeboreheid (“nativism”) teenoor ervaring verteenwoordig nie, bied dit wel insig in sy teenkating van beliggaming.¹⁷

In teenstelling tot die kognitiewe linguistiek se uitgangspunt dat betekenis en grammatikale strukture uit beliggaming spruit, en dat grammatika inherent betekenisvol is vanweë hierdie beliggaming, meen Chomsky (2015 [1957]: 17). dat grammatika geheel *onafhanklik* van betekenis funksioneer:

Despite the undeniable interest and importance of semantic and statistical studies in language, they appear to have no direct relevance to the problem of determining or characterizing the set of grammatical utterances. I think that we are forced to conclude that grammar is autonomous and independent of meaning.

Met die standpunt dat *beliggaming* 'n sentrale komponent van talige betekenis vorm, bied die tweedegenerasiekognitiewe 'n perspektief op die verstand wat nie bloot verwys na simboolmanipulasie nie, maar een wat direk gekoppel is aan ons liggaamlike ervarings. Dit is hierdie benadering wat in die tweedegenerasiekognitiewe vevat is.

2.3.1.3 Die tweedegenerasie(beliggaamde)kognitiewe

In 'n aantal grensverskuiwende publikasies vanaf die 1980's¹⁸, sien 'n alternatiewe stroom tot die kognitiewe wetenskap die lig. Die dominante rekenaar- en verteenwoordigingsteorieë wat tog nog toe aan die kern van die kognitiewe wetenskap geleë is, word met die wending van die beliggaamde-kognisie-tesis ernstig uitgedaag. Dit is hierdie beweging, die **beliggaamde- kognitiewe wetenskap**, wat die tweede generasie vergestalt. Die beduidendheid wat aan veral Lakoff en Johnson se 1980-publikasie toegeken word, lig die besondere verwantskap en deurvlegtheid van die kognitiewe linguistiek met beliggaming uit.

¹⁷ Vergelyk byvoorbeeld Sampson (2005) vir 'n indringende reaksie tot Chomsky se beskouing van taal as instink.

¹⁸ Van die belangrikste publikasies is George Lakoff en Mark Johnson se *Metaphors We Live By* (1980), Francisco Varela, Evan Thompson en Eleanor Rosch se *The Embodied Mind* (1991), en die werk in robotika en rekenaarintelligensie opgesom en ontleed in Andy Clark se *Being There: Putting Mind, World, and Body Back Together* (1997).

Op grond van die intieme verhouding tussen die liggaam en die verstand (die verstand as beliggaamd), word daar in die volgende afdeling 'n fundamentele aspek van die kognitiewe linguistiek in die algemeen, en kognitiewe semantiek in besonder, kortliks aan bod gestel.

2.4 Beliggaming en kognisie

Een van die belangrikste beginsels en vertrekpunte binne die kognitiewe linguistiek, is die idee dat kognisie inherent beliggaam is (Evans *et al.*, 2007: 7, Hampe, 2005: v). Hierdie opvatting behels dat kognisie fundamenteel gegrond is op ons spesie-spesifieke perseptuele waarneming van die eksterne wêreld (dit wat buite die liggaam bestaan), sowel as ons motoriese interaksies daarmee (die besondere liggaamsdele tot jou beskikking om deur die wêreld te navigeer). Die unieke (biologiese) vorm en aard van 'n bepaalde spesie se liggaam en die spesifieke sensoriese inligting wat deur die sintuie opgeneem is en deur die brein geprosesseer word, is bepalend van die manier waarop daardie spesie dink en verstaan. Hierdie kennisbeskouing word deur Lakoff (1987) saamgevat in die begrip *ervaringsrealisme*.

2.4.1 Beliggaming en die ervaringsrealisme

Die belang wat die kognitiewe semantiek op beliggaming plaas, kan gekontrasteer word met **objektivisme** as wysgerige raamwerk. Objektivisme is 'n paradigma wat uitsprake maak oor die aard van die werklikheid (metafisika) en oor die aard van menslike kognisie en kennis. Volgens hierdie paradigma bestaan die wêreld uit 1) entiteite, 2) die *eienskappe* van daardie entiteite en 3) die *verhoudings* tussen daardie entiteite (Lakoff, 1987: 159). Ingevolge die objektivistiese metafisika is die werklikheid van so 'n aard dat alle skynbaar afgebakende entiteite daarin deur die mens *ontdek* kan word. So beskou tree taal en gedagtes op as simbole met 'n *direkte* verband met die *inherente* aard van hierdie entiteite. Dit is hiervolgens moontlik om die eienskappe en onderlinge verhouding tussen hierdie entiteite ongedeerd te begryp.

Teenoor die objektivistiese paradigma, bestaan die **beliggaamdheidstese** en die **ervaringsrealisme**. Die ervaringsrealisme staan in sterk kontras tot die siening dat die mens tot 'n objektiewe verstaan van die wêreld kan kom. Volgens die

ervaringsrealisme, word alle sensoriese inligting wat van die eksterne werklikheid verkry is, verwerk en gefiltreer deur die beperkings wat die liggaam, asook die fisiese en sosiale omgewing, daarstel.

Die beliggaamdheidstese van die ervaringsrealisme is verdeelbaar in die **neurobiologiese** en die **sosiokulturele** siening. Die neurobiologiese siening verwys na die neurologiese en evolusionêre samestelling van 'n organisme, sowel as die biologiese ontwikkeling wat dit ondergaan vanaf sigoot tot volwassenheid. In 'n neurologiese sin verwys "beliggaming" na die spesifieke neurale strukture en areas in die brein wat verantwoordelik is vir prosesse soos metaforiese projeksie en die integrasie van beeldskemas (Vergelyk Feldman, 2006; Feldman & Narayanan, 2004 vir hul ontwikkeling van 'n neurologiese teorie van taal). Aan die ander kant fokus die sosiokulturele siening op die invloed van die kulturele konteks waarbinne die liggaam, kognisie, en taal gesitueer is. Hierdie kulturele konteks sluit faktore soos taalbeleide, kruis-kulturele kontak, en historiese wetenskaplike modelle in (Vergelyk Geeraerts & Grondelaers, 1995).

Die interaksie en interafhanklikheid tussen biologie en omgewing is 'n bindende faktor wat hierdie uitgangspunte aan mekaar verbind. Individue verkry ervaring en inligting van die wêreld deur hierdie voortdurende interaksies, wat implikasies meebring vir taal en woordbetekenis. Die meeste kognitiewe linguïste aanvaar dat ons fisiese en sosiale ervarings betekenisvol gestruktureer en vasgelê word in die brein, en dat dit deurlopend geaktiveer en verhaal word in die proses van betekeniskonstruksie.

Die uitvoering van bewegings (soos die vashou van 'n voorwerp) en ruimtelike oriëntering (soos die feit dat mense regop loop) word relevant wanneer die verstand die werklikheid moet kategoriseer en probeer begryp. Dit is ook die rede waarom die kognitiewe semantiek betekenis as *ensiklopedies* van aard beskou. Gevolglik kan daar nie rekenskap vir kognisie en gedrag gegee word sonder die betrekking van die perseptuele en motoriese neurologiese stelsels wat 'n individu se navigering in die wêreld fasiliteer nie (Calvo & Gomila, 2008: 7; Kiverstein & Miller, 2015).

Die verstand staan ook nie in verhouding tot die liggaam soos 'n brein tot die skedel nie. Dit moet eerder verstaan word as 'n proses wat spruit uit beide die biologiese

samestelling van die organisme en die reaksies van die organisme op hul fisieke (en sosiale) omgewing. Die verstand moet beskou word as:

a collection of constantly *changing, emerging processes* that arise within a complex system comprising the *brain*, the rest of the *body*, and the physical and social *environment*, and in which we find no single, abiding, and controlling self (Thompson, 2016: xx; eie nadruk).

Die verstand, as proses, ontwikkel dus deur 'n voortdurende wisselwerking met sy omgewing. Die totstandkoming en funksionering van die verstand is die gesamentlike produk van biochemie en neurale stroombane, sowel as die interaksies tussen die liggaam en die omgewing waarin dit bevind word (Damasio, 1994: xvii). In hierdie opsig is dit duidelik dat dit nie alleen die brein is, afsonderlik en as blote ontvouing van genetiese kodering, wat verantwoordelik is vir die konstruering van die verstand nie. Dit wat verkry word uit die res van die liggaam en die wêreld buite die liggaam, is ewewel van besondere belang.

Die organisering van hierdie liggaamlike en sosiale ervarings moet neurologies vasgelê word. Dit kan dan ook verhaal word in die proses van begripgewing. Hierdie vasgelegde en gestoorde inligting word na verwys as **ensiklopediese kennis**, wat in die volgende afdeling bespreek en gekoppel word aan die proses van konseptualisering.

2.4.2 Die ensiklopediese aard van betekenis

Sommige tradisionele teorieë aangaande talige betekenis, soos die woordeboekmodel van semantiek, benader betekenis soortgelyk aan die uiteensetting van 'n woordeboek. Die kernbetekenis van 'n woord is die inligting wat in die woord se definisie vervat is (byvoorbeeld dat 'n *oujongkêrel* 'ongetroude volwasse man' beteken (Evans & Green, 2005: 208). Binne hierdie siening word slegs inligting wat ingesluit kan word in woordeboekdefinisies as relevant beskou vir die studie van leksikale semantiek. *Ensiklopediese kennis*, daardie kennis wat nie op direkte wyse aansluit by woordeboekdefinisies nie, word as 'wêreldkennis' beskou, en val daarom binne hierdie raamwerk buite die bestek van semantiek.

nie. Eerder dien woorde as aansporings vir 'n omvangryke integrasie van kennis wat verband hou met 'n bepaalde konsep of konseptuele domein (Evans & Green, 2006: 160). Die buitetalige kennis verwant aan die woorde en uitdrukkings wat ons probeer verstaan, vorm 'n noodsaaklike deel van betekeniskonstruksie.¹⁹

Navorsing in beliggaamde en ensiklopediese betekenis word ook sterk gesteun deur neurolinguistiese navorsing. Pulvermüller (2012) bevind byvoorbeeld dat semantiese inligting gestoor, geprosesseer en geproduseer word by wyse van assosiatiewe leer²⁰ tussen neurale aktiwiteit in die perisilviaanse taalareas²¹ en die verskeie kortekse geassosieer met sintuiglike en somatosensoriese persepsie, sowel as die motoriese korteks, in die geval van aksie-verwante woorde.

Die neurobiologiese raamwerk en bevindinge substansieer op 'n sterk mate die beliggaamde-kognisie-tesis en ondersteun sentrale uitgangspunte in die KMT. Lakoff (2014) bied ook in hierdie opsig 'n neurale metafoorteorie gebaseer op uiteenlopende eksperimentele navorsing. So-ook word die insigte van Talmy (2000), Langacker (1987), Fillmore (1968) en Narayanan (1997) gebruik om 'n neurale teorie vir sogenaamde “primitiewe konsepte” te ontwerp. Terwyl teoretisering uit die neurobiologiese model van taal die fisiese landskap en netwerke van betekenis verken, formuleer die kognitiewe semantiek die totstandkoming van betekenis op meer abstrakte wyses. Albei hierdie raamwerke kom wel ooreen met die eksperiënsiële aard van die verstand. Hoe hierdie ensiklopediese kennis gebruik word en by watter prosesse dit betrekking vind, word beantwoord deur die rol van **konseptualisering** as meganisme van betekeniskonstruksie.

¹⁹ Ter illustrasie kan die woord “skool” gebruik word. Wanneer 'n taalgebruiker die woord ‘skool’ hoor of lees, word buitetalige kennis soos die struktuur en funksie van skole, die rolle van onderwysers en leerders, en die soort aktiwiteite wat in 'n skoolomgewing plaasvind, opgeroep. Die betekeniskonstruksie van die woord “skool” is dus nie beperk tot die leksikale betekenis van die woord nie, maar sluit ook in die konseptuele domein van onderwys en leer.

²⁰ Die gesamentlike aktivering (koaktivering) van bepaalde neurologiese bane versterk telkens die waarskynlikheid dat hulle weer gesamentlik sal afvuur.

²¹ 'n Aangeduide area in die linker hemisfeer wat bestaan uit die (1) inferior-frontale en (2) superior-temporale kortekse, verbind deur die (3) inferior pariëtale korteks, sowel as die (4) operkulum en (5) insula (Pulvermüller, 2012: 427). Hierdie area staan volgens 'n neurobiologiese teorie van taal bekend as die “taalkorteks” en speel 'n sleutelrol in taalprosessering.

2.4.3 Konseptualisering

Die idee van konseptualisering is van belang vir kognitiewe benaderings tot metafoor en die kognitiewe semantiek. Die presiese aard en omvang van konseptualisering is moeilik bepaalbaar, en mag varieer na gelang van die teoretiese uitgangspunt waarbinne dit beskryf word (byvoorbeeld Kognitiewe Grammatika teenoor Konseptuele Versmeltingsteorie).

Evans *et al.* (2007: 38) verskaf 'n volledige, dog bondige definisie van konseptualisering as: “The process of meaning construction to which language contributes. It does so by providing *access to rich encyclopaedic knowledge* and by *prompting* for complex process of *conceptual integration*” (Eie kursivering). Langacker (2007: 431) se uitlegging bevat 'n minder taalgesentreerde definisie en omskryf konseptualisering as “encompassing any kind of mental experience” – nie alleen van abstrakte of intellektuele konsepte nie, maar ook van onmiddellike sensoriese, motoriese, kinestetiese en emotiewe ervaring. Hy het daarop gewys dat konseptualisering nie net oor idees gaan nie, maar ook oor ons fisiese en emosionele ervarings en hoe ons dit in woorde uitdruk (Langacker 1991: 2). Met ander woorde, alles wat ons dink en voel, en hoe ons dit verstaan en verwerk, is deel van konseptualisering. Myns insiens is Langacker se beskouing te omvattend en nie genoegsaam onderskeibaar van konsepte soos bewustheid, bewussyn en ervaring nie. Konseptualisering behoort nie die ganse domein van ervaring as sodanig nie te beslaan nie, maar is meer afgemeet die proses om *begrip* aan ervaring te gee. Evans en Green (2006: 162) dui byvoorbeeld daarop dat 'n belangrike aspek van konseptualisering binne die breë kognitief-semantiese raamwerk, is dat dit gelykgestel word aan **betekeniskonstruksie**. Konseptualisering is daarom die konstruksie van betekenis.²²

Een van die breedste uiteensettings van betekeniskonstruksie word verhaal uit die Denkruimteteorie (“Mental Spaces Theory”) van Fauconnier (1985, 1997) en die daaruitspruitende Konseptuele Versmeltingsteorie (“Conceptual Integration Theory”) van Fauconnier en Turner (2002). In sy aanvanklike formulering, beskryf Fauconnier

²² Die terme konseptualisering en betekeniskonstruksie word ook deur die loop van die verhandeling gebruik om na presies dieselfde konsep te verwys.

denkruimtes as “domains that discourse builds up to provide a cognitive substrate for reasoning and for interfacing with the world” (1994: 34) en word verder in Fauconnier en Turner (2002: 39) uitgebrei na “small conceptual packets constructed as we think and talk, for purposes of local understanding and action”. Volgens die KVT behels begrip daarom die voortdurende konstruering van denkruimtes, domeine gevul met ryk gestruktureerde ensiklopediese kennis²³:

Mental spaces are very partial assemblies containing elements, and structured by frames and cognitive models. They are interconnected, and can be modified as thought and discourse unfold (Fauconnier & Turner, 1998: 137).

Denkruimtes word gesien as die domeine wat diskoers opbou om 'n tipe kognitiewe substraat te voorsien om met die wêreld om te gaan (Fauconnier, 1997: 34). Hulle word dinamies opgebou in werksgeheue, maar kan vasgelê word in langtermyngeheue (Fauconnier & Turner, 2002: 40).²⁴ Vasgelegde sensoriese ervaring (inligting verkry deur die sintuie), motoriese ervaring (soos beweging), sowel as affektiewe ervarings (emosies) dra elk by tot die omvang van mentale representasies tot 'n individu se beskikking. Taal dien as toegangspunte tot hierdie stabiele ensiklopediese kennis. Die mentale representasies word dan verder aangewend in die ryk proses van konseptualisering – as elemente in die bou en versmelting van mentale ruimtes (Evans & Green, 2006: 457).

Drie belangrike aspekte van betekeniskonstruksie kan uitgelig word: (i) Taal dra by tot konseptualisering deur as aansporings of 'instruksies' op te tree, (2) konseptualisering begin met die konstruksie van konseptuele domeine, wat denkruimtes genoem word, (3) hierdie ruimtes word deur dinamiese prosesse aanmekaar verbind soos 'n talige diskoers ontvou.

Ingevolge die KMT dien metafoor as 'n besondere tipe mentale representasie (asook kognitiewe meganisme), een gerig op die kartering van elemente tussen twee of meer

²³ Neurologies beskou stem die elemente in mentale ruimtes ooreen met die aktivering van neurale samevoegings, en koppeling tussende elemente stem ooreen met 'n tipe neurobiologiese binding, soos ko-aktivering (Fauconnier & Turner, 2002: 40).

²⁴ Byvoorbeeld, rame kan vasgelegde denkruimtes wees wat ons gelyktydig kan aktiveer.

domeine van ervaring. Metafoor funksioneer egter nie in isolasie nie, maar is grotendeels afhanklik van ander mentale representasies vir sy bydrae tot betekeniskonstruksie. Alvorens metafoor bespreek word, moet ons dit kontekstualiseer binne die kader van ander sentrale mentale representasies ten einde sy aard en funksionering grondig te begryp. Die kognitiewe semantiek bevat verskeie representasies wat dien as agtergrondkennisstrukture. Dit sluit *konsepte*, *domeine*, *beeldskemas*, *semantiese rame* en *geïdealiseerde kognitiewe modelle* in.²⁵

'n Laaste en belangrike punt of vraagstuk aangaande konseptualisering is die verhouding en wisselwerking tussen die bewuste en onbewuste. Die arbeid van konseptualisering word meestal verrig deur (in Lakoff se terme) die “kognitiewe onbewuste”. Dit sal onmoontlik en buitendien oorweldigend wees indien alle komponente, stappe en inhoud van konseptualisering bewustelik geregistreer moes word. Dit wat tot die bewuste deurdring, sal slegs daardie oppervlakstrukture wees wat die noodsaaklikste vir aandag en kommunikasie is. Hierdie vraagstuk kom nie verder te berde in die verhandeling nie.

2.4.3.1 Mentale representasies

In die masjinerie van konseptualisering draai representasies as die tandwiele. Mentale representasies is reeds aangedui as relatief stabiele organiserings van ervaring waaruit gekarteer kan word in die dinamiese proses van konseptualisering. Binne die kognitiewe semantiek kan hierdie teoretiese konstruksies verskillende vorme aanneem – elk op die een of ander wyse oorvleuelende of verwant aan 'n ander in aard of funksie. 'n Baie prominente aspek wat elkeen van hierdie representasies gemeen het, is hul oorsprong uit liggaamlikheid. In hierdie afdeling kom die mentale representasies Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle, domeine, rame, konsepte en beeldskemas aan bod.

²⁵ Hierdie begrippe word deurlopend in verdere besonderheid bespreek.

2.4.3.1.1 Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle

Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM'e) is 'n vorm van mentale representasie wat hoofsaaklik deur George Lakoff ontwikkel is. Lakoff (1987) herlei die ontplooiing van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM) na vier oorsprongpunte: Fillmore se raamsemantiek (Fillmore 1982), Lakoff en Johnson se metafoor- en metonimieteorie (Lakoff & Johnson 1980), Langacker se kognitiewe grammatika (Langacker 1986) en Fauconnier se mentale ruimteteorie (Fauconnier 1985). GKM'e kan beskryf word as 'n komplekse verstandelike struktuur wat kennis organiseer na aanleiding van ervaring. Ciencki (2007: 176) stel hierdie mentale representasie voor as:

a way in which we *organize knowledge*, not as a direct reflection of an objective state of affairs in the world, but according to certain *cognitive structuring principles*. The models are *idealized*, in that they involve an *abstraction*, through perceptual and conceptual processes, *from the complexities of the physical world* (Ciencki, 2007: 176) (Eie kursivering).

Volgens Lakoff (1987: 68) is elke GKM 'n saamgestelde geheel, 'n gestalt wat op vier tipes strukturende beginsels staatmaak:

- proposisionele struktuur ("propositional structure"),²⁶ soos in Fillmore se rame
- beeldskematiese struktuur, soos in Langacker se kognitiewe grammatika
- metaforiese karterings, soos beskryf in Lakoff en Johnson (1980)
- metonimiese karterings, soos beskryf in Lakoff en Johnson (1980)²⁷

Elke GKM struktureer ook 'n mentale ruimte, soos beskryf deur Fauconnier.

GKM'e is belangrike instrumente waarmee ons die wêreld indeel en kategoriseer. Eerder as om aangebore strukture te wees, kom hulle tot stand na aanleiding van ervaring en alledaagse interaksies met die wêreld. Die strukture van GKM'e verteenwoordig ook die wyses waarop algehele kategorisering funksioneer, deur byvoorbeeld die sentrale lede van 'n spesifieke kategorie aan te dui, asook die skakels tussen verskillende kategorieë (Lakoff, 1987: 114). Van Huyssteen (1995) verduidelik analogies die aard van GKM'e by wyse van 'n padkaart. Volgens hom:

²⁶ Dit sluit die organisering van 'n tipe scenario (of skript), sowel as taksonomieë in.

²⁷ Waar die GKM verhoudings bevat waar een ding vir 'n ander kan staan.

“gee [Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle] struktuur aan die deurmekaar landskap van nie-representatiewe en onlogiese kennis en ervaring. Wanneer die mens dus nuwe kennis en ervarings opdoen, word hierdie data op die kognitiewe vlak deur die ICM's²⁸ verwerk ten einde dit vir die mens logies en toeganklik te maak (Van Huyssteen, 1995: 25).

Harder (2010: 28) lig uit dat GKM'e, nes domeine en rame, komplekse konseptuele samestellings is, en kan daarom *funksioneer* as domeine en rame, hoewel daar beduidende verskille tussen hierdie konstruksies bestaan. Ten einde byvoorbeeld die konsep *surrogaatmoeder* te verstaan, word daar staatgemaak op die domein Moederskap – insluitend genetiese, biologiese en sosiale dimensies (Harder, 2010: 28). Wanneer Moederskap as 'n domein beskou word, verskaf dit 'n agtergrond waarteen 'n mens elke aparte subkategorie moeders verstaan, soos 'n *enkelmoeder* – 'n konsep wat naby staan aan, maar nie dieselfde is as 'n moeder wat haar kind laat aanneem het nie (Harder, 2010: 28).

Hierbo is genoem dat GKM'e as domeine kan funksioneer, maar dat dit nie aan 'n domein gelykstel kan word nie. In die proses van konseptualisering, speel domeine 'n verdere onontbeerlike rol. Domeine is fundamenteel tot die kognitiewe opvatting van metafoor, juis omdat daar veronderstel word dat inligting vanaf een *domein* tot 'n ander gekarteer word. Die plek en aard van domeine, vir doeleindes van die Konseptuele Metafoorteorie, word in die volgende afdeling belig.

2.4.3.1.2 Domeine

Die sentrale beskrywing van metafoor volgens KMT is dat metafoor verstaan word as die kartering tussen twee “domeine van ervaring”: 'n **teikendomein** word verstaan in terme van 'n **brondomein**. Die idee van 'n domein, soos dit binne die kognitiewe wetenskappe en linguistiek verstaan word, vind sy oorsprong by Ronald Langacker (1987) (Harder, 2010: 22). Vir Langacker (1987: 147; 2008: 44) dui die begrip in sy breë op “any kind of conception or realm of experience”. Evans (2007: 61) brei uit op hierdie aanvanklike formulering deur domeine te beskryf as: “relatively complex knowledge structures which relate to coherent aspects of experience”. Beide Langacker en Evans se bespreking van domeine suggereer dat elke konsep slegs

²⁸ In hierdie verhandeling na verwys as GKM'e.

verstaan kan word in verhouding tot 'n bepaalde domein. Die semantiese waarde van 'n konsep is daarom afhanklik van 'n spesifieke domein. Langacker gebruik die terme *profiel* ("profile") en *basis* ("base") om die verhouding tussen 'n konsep en die domein waarin dit gevind word, aan te dui. 'n *Profiel* verteenwoordig 'n spesifieke segment van die konseptuele kennis wat in verhouding staan tot 'n *basis* van voorveronderstelde kennis (Langacker, 1987: 183-184). Die profiel (konsep) maak staat op die kennisstruktuur van die basis (domein) ten einde die profiel betekenisvol te maak.

Langacker differensieer tussen sogenaamde **basiese domeine** en **abstrakte domeine**. Basiese domeine, soos RUIJTE, EMOSIE en TEMPERATUUR, is direk afkomstig van ons liggaamlike ervaring, terwyl ander domeine soos LIEFDE en VERHOUDINGS van 'n ingewikkelder aard is en staat maak op basiese domeine om volledig begryp te word (Evans & Green, 2006: 231). Basiese domeine word gekenmerk as die eenvoudigste vlak van kompleksiteit en verskaf die primitiewe ruimte wat benodig word vir die totstandkoming van enige spesifieke konsep (Langacker, 1987: 149). Elke basiese domein is afkomstig van 'n bepaalde pre-konseptuele basis (of kombinasies daarvan), soos sintuiglike waarneming, motoriese beweging, of die affektiewe stelsel (emosie). Sodra 'n konsep relatief tot 'n basiese domein vasgelê is, skep daardie konsep die potensiaal vir 'n uitgebreide reeks hoër-orde konsepte en funksioneer dit dienooreenkomstig as hul domein – hierdie laasgenoemde konsepte kan gevolglik dien as domeine vir die uitvloeisel van ander konsepte (Langacker, 1987: 150).²⁹

Enige nie-basiese domein (met ander woorde, 'n konsep wat dien as 'n domein vir die definisie van 'n hoër-orde konsep), word 'n **abstrakte domein** genoem (Langacker, 1987: 150). Die meerderheid van konsepte word gesitueer in abstrakte domeine, aangesien hulle in hul kompleksiteit ryker gronde bied vir verdere konseptualisering. Metafoer, as 'n kognitiewe meganisme, laat juis toe dat ensiklopediese kennis wat aan een domein behoort, nou gekarteer word tot 'n ander.

Opsommenderwys sien ons dat 'n domein dus 'n samehangende en relatief komplekse kennisstruktuur is, wat in die geval van KMT, spesifiek aangewend word

²⁹ Op naastenby dieselfde wyse as die manier waarop primêre metafore kan dien as basis vir komplekse metafore.

as 'n entiteit wat samehangende ervarings bymekaar groepeer en dit in verband met mekaar bring. Dit vorm die werkende definisie van 'domein' vir hierdie verhandeling.

2.4.3.1.3 Rame

Die **Raamsemantiek**, as navorsingsveld binne die kognitiewe linguistiek, word veral gekoppel aan die werk van Charles J. Fillmore. Dit bied 'n baie spesifieke manier om na woordbetekenis en frases te kyk, veral deur taal binne die konteks van nietalige agtergrondkennis te plaas.

Fillmore (2006 [1982]: 238) definieer 'n raam ("frame") as:

any system of concepts related in such a way that to understand any one of them you have to understand the whole structure in which it fits; when one of the things in such a structure is introduced into a text, or into a conversation, all the others are automatically made available.

Die hoofuitgangspunt van raamsemantiek is dat die betekenis van woorde en frases noodwendig gekoppel en gesitueer is binne die breë raamwerk van ervaring gebaseer op beliggaming, omgewing en/of kultuur. Volgens Fillmore verteenwoordig woorde kategorieë van ervaring, en elkeen van daardie kategorieë word saamgestel en gevoed deur 'n bepaalde *situasie* wat plaasvind teen die agtergrond van kennis en ervaring (2006[1982]: 238). Navorsing in raamsemantiek is daarop geskoei om vas te stel waarom 'n bepaalde spraakgemeenskap die spesifieke kategorie geskep het wat deur die woord verteenwoordig word en om daardie kategorie uit te lê.

Volgens Ciencki (2007: 173) bestaan daar baie ooreenstemming tussen Fillmore se teoretisering van rame, wat inligting uit agtergrond prototipes verkry, en Lakoff se opvatting van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM). Fillmore (1985) verskaf wel 'n uitdruklike vergelyking tussen sy konstruksies en dié van Lakoff (1982), Lakoff en Johnson (1980) en Langacker (1984).

2.4.3.1.4 Konsepte

Die aard van konsepte is in oorsigtelike terme reeds onder **2.4.3.1.2** bespreek. Konsepte en hulle strukture is 'n fokuspunt in die filosofie en sielkunde. Histories beskou het sommige klassieke teorieë beweer dat konsepte geestelike simbole is met

definieerbare kenmerke, 'n idee wat ontspring het uit die tyd van Plato. As voorbeeld sou die konsep van 'n vrou kenmerke hê soos **mens**, **volwasse**, en **vroulik**. Vanaf die 1950's tot die 1970's het nuwe teorieë ontstaan en het prototipe-teorie al meer gewildheid begin verwerf (Jiang & Yang, 2021: 256). Hierdie teorie stel voor dat konsepte sentrale (tipiese) en perifere (minder tipiese) lede het. Byvoorbeeld, terwyl **duif** en **mossie** tipies van die kategorie VOËL is, is **volstruis** en **pikkewyn** minder so.

Die prototipe-teorie is egter bekritiseer. Lakoff (1987) het in hierdie verband eerder die idee van Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (GKM's) voorgestel as om bloot prototipe-teorie na te volg. Hierdie modelle word afgelei uit ervarings en kan soms nie presies by die eksterne wêreld pas nie. 'n Voorbeeld is die konsep **moeder**, wat veelvuldige GKM's het soos GEBORTE-MODEL en die GENETIESE MODEL.

In die kognitief-linguistiese sin kan konsepte nie ontstaan as geïsoleerde, atomiese eenhede van die verstand nie, maar kan slegs verstaan word binne die konteks van voorveronderstelde agtergrondkennisstrukture (Clausner & Croft: 1999: 2).³⁰ Die breedste manier om hierdie kennisstruktuur voor te stel, is in die vorm van 'n domein. Die verhouding tussen profiel en basis in **2.4.3.1.2** uiteengesit, illustreer baie goed, tog eenvoudig, die aard van konsepte. 'n Profiel kan eintlik gelykgestel word aan 'n konsep, hoewel eersgenoemde spesifiek gebruik word by navorsing in Kognitiewe Grammatika, terwyl daar dikwels voorkeur gegee word aan die benoeming *konsep* by raamwerke soos KMT. In beide gevalle is die deel-geheel verhouding 'n belangrike kenmerk van 'n konsep, in dié sin dat die deel (konsep) slegs verstaan kan word binne 'n groter kennisstruktuur (die domein).

2.4.3.1.5 Beeldskemas


Beeldskemas, soos dit in die kognitiewe linguistiek gebruiklik is, kan in sy mees basiese vorm beskryf word as 'n vasgelegde, tog dinamiese kognitiewe meganisme wat samehang en struktuur gee aan menslike ervaring: "an image schema is a

³⁰ Op neurologiese vlak word daar voorgestel dat elke konsep verteenwoordig word deur 'n stel neurone wat aan 'n groot aantal ander neurone gekoppel word, wat elk bydra tot 'n verskillende aspek van die konsep (Schnitzer & Pedreira, 2005: 37).

recurring dynamic pattern of our perceptual interactions and motor programs that give coherence and structure to our experience” (Johnson, 1987: xiv). Navorsers toon spesifieke belangstelling in die gebruik van beeldskemas in die strukturering van metafore, sowel as kinders se verwerking van konsepte.

Die oorspronklike opvatting van beeldskemas, soos aangedui deur Oakley (2007: 214), Hampe (2005: 1) en Grady (2005: 35), word gevind in Lakoff & Johnson (1980) en bespreek in Lakoff & Turner (1989). Dit word gedetailleerd ondersoek deur Johnson (1987, 2017) om 'n verreikende fenomenologiese raamwerk daar te stel. In *The Body in the Mind* (1987) beeld Mark Johnson die idee van 'n skema uit as 'n kognitiewe patroon wat deur herhaalde liggaamlike ervaring (sensories en motories) neurologies vasgelê is en as basiese struktuur vir konseptualisering dien.

Skemas is strukture van 'n bepaalde aktiwiteit waarvolgens ons ervarings op so 'n wyse organiseer dat dit vir ons verstaanbaar is. Dit is gebruiklik om hierdie skemas voor te stel in die vorm van beelde (Soos in Figuur 2.2 hieronder).



Figuur 2.2 Voorbeelde van beeldskemas (Johnson, 1987).

Hierdie beelde dien as representasies van die strukture wat die konseptuele stelsel aanwend om konsepte mee te vorm. Sulke diagramme is nuttig om die strukturele eienskappe van die skemas uit te beeld, maar hulle is misleidend, aangesien dit die idee skep dat skemas slegs mentale beelde is. Skemas moet eerder gesien word as strukture of patrone van mentale representasies (Johnson, 1987:24). Hierdie patrone

spruit hoofsaaklik uit liggaamlike beweging deur ruimte, ons manipulasie van voorwerpe, en ons perseptuele interaksies met die eksterne wêreld. “These patterns emerge primarily as meaningful structures for us chiefly at the level of our bodily movements through space, our manipulation of objects, and our perceptual interactions” (Johnson, 1987:29).

Skemas is soepel strukture, deurdat hulle gebruik kan word om ’n wye reeks kontekste te verstaan (Johnson, 1987: 30). Hoewel dit moontlik is om skemas in kleiner eenhede te verdeel, moet hulle eerder as *gestalts* beskou word – daar is met ander woorde ’n interne samehang in die entiteite en verhoudings binne die skema (Johnson, 1987:41).

Uit hierdie bespreking blyk dit dat daar sterk ooreenkomste bestaan tussen beeldskemas en domeine. Clausner & Croft (1999: 4) voer aan dat beeldskemas inderwaarheid ’n domeinsubtype is, waarna hulle verwys as ’n *beeldskematiese domein* (“image schematic domain”). Daar is baie domeine wat geensins beelde bevat nie, waaronder tyd, die dood, wakkerheid en lewe (Lakoff & Turner, 1989: 94 - 97) .

2.5.2 Samevatting: Konseptualisering en mentale representasies

Terwyl metafoor ’n fundamentele posisie inneem by die proses van betekenisstruktuur, verteenwoordig dit egter nie die enigste meganisme vir singewing nie. Die proses van konseptualisering behels ’n dinamiese samevoeging, versmelting en strukturering van verskeie, verwante organiserings van ervaring, naamlik mentale representasies. Elkeen van hierdie representasies bestaan as teoreties stabiele organiserings van liggaamlike en subjektiewe ervaring.

Rame, domeine, geïdealiseerde kognitiewe modelle en konsepte verskil elk in wyse en omvang van hierdie organiserings, hoewel daar in heelparty gevalle relatiewe ooreenstemming bestaan. Konseptuele metafore en konseptuele versmeltings maak fundamenteel gebruik van hierdie representasies vir hul totstandkoming.

Die rol, meganismes en funksie van konseptuele metafore, veral ingevolge die Konseptuele Metafoorteorie, word in die volgende afdeling indringend verken en ontleed. Tradisionele teorieë oor metafoor word eerstens kortliks neergelê ten einde

hierdie vroeë opvatting te kontrasteer met 'n beliggaamde benadering tot metafoor. Die Konseptuele Metafoorteorie word ontleed by wyse van die belangrike konsepte wat die teorie onderlê, naamlik kruisdomeinkartering; brondomeine; teikendomeine en hul onderlinge verhouding; klassifikasies van konseptuele metafoor; metafoorstelsels en metaforiese samehang. Die gevolge van konseptuele metafoor vir diskoersanalise word kortliks verken, gevolg deur 'n bondige uiteensetting van die verwante verskynsel metonimie en die relevansie van die simulatiesemantiek.

2.6 Metafoor



A tree has roots in the soil,
yet reaches to the sky.
It tells us that in order to aspire
we need to be grounded
and that no matter how high we go
it is from our roots
that we draw
sustenance.

Wangari Maathai

Dit is algemene praktyk om die oorsprong van ondersoek in metafoor binne die Westerse taalkundig-filosofiese tradisie na Aristoteles te herlei. Aristoteles se aanvanklike definisie beskryf metafoor as die *oordrag* van betekenis – die benoeming van een ding in terme van iets anders (Aristotle, 2013: 43). Die Antieke Griekse wortels van die woord “metafoor” bevat ook spesifiek die idee van oordrag: μεταφορά (metaforá) bestaan uit die morfeme μετά (metá), “ná, oor” en φέρω (férō) “om te dra”. Etimologies beteken metafoor dus heel letterlik “om oor te dra”.

Daar word dikwels aangedui dat werklike belangstelling in die aard en funksie van metafoor in kontemporêre tye eers opgeduik het met die opkoms van die kognitiewe linguistiek en die Konseptuele Metafoorteorie van Lakoff en Johnson (1980). Die idee

dat Lakoff en Johnson se teoretisering van metafoor werklik revolutionêr was, word egter in 2.6.2.1 hieronder gekwalifiseer, aangesien die erns en verreikende funksie van metafoor reeds voor 1980 in filosofiese besinnings vir 'n geruime tyd benadruk is.

Binne die taalkundige tradisie word die siening gereeld gehuldig dat metafoor tot en met die laat 20ste eeu beskou is as bloot 'n stilistiese eienskap van taal wat slegs in selektiewe kontekste verskyn. Metaforiese taalgebruik is daarom meestal geklassifiseer as 'afwykend' van 'normale' taalgebruik. Metafoor is gevolglik bestudeer as 'n retoriese instrument vir oortuiging (Evans & Green, 2006: 293) of aangewend in "spesiale omstandighede", soos poësie. Daarom blyk dit dat die onderwerp tradisioneel (sedert Aristoteles) beskou is as deel van retoriek of poëtika (Mácha, 2019: 2248). Hierdie uitkyk benader metafoor as 'n stilistiese verskynsel, wat hoofsaaklik beperk is tot 'n leksikale vlak (die talige metaforiese uitdrukkings self), eerder as om die konseptuele vlak in ag te neem.

Lakoff (1993: 267) verwys na hierdie benaderings as die "tradisionele siening" van metafoor. Dit is moontlik om die tradisionele siening van metafoor as stilistiese verskynsel te verdeel in drie afsonderlike teorieë, naamlik die vergelykingsteorie, die vervangingsteorie en die interaksieteorie. Alvorens die KMT bespreek word, is dit nuttig om 'n bondige beskrywing van hierdie tradisionele beskouings te verskaf ten einde hulle met die kognitiewe verklaring van metafoor te kontrasteer.

2.6.1 Tradisionele metafoorteorieë

Die **vergekykingsteorie** stel dat metafoor dieselfde betekenis oordra as die aanvanklike, letterlike betekenis voordat dit in metafoor omgeskakel is. Hierdie teorie word ook soms die Aristoteliaanse benadering genoem en vorm daarom die eerste sistematiese ontleding van metafoor as talige verskynsel (Zheng, 2017: 6).

Die **vervangingsteorie** beskou metafoor as 'n uitdrukking wat gebruik word in die plek van 'n gelykstaande letterlike uitdrukking. Hierdie uitkyk behandel metafoor as 'n retoriese tegniek wat bloot op die talige of leksikale vlak manifesteer (Zheng (2017: 6). Hierdie teorie stel verder dat die voertuig ("vehicle term") slegs 'n vervanging is vir die

letterlike term en dat die betekenis van die metafoor ontdek kan word deur weer die letterlike term in sy plek te plaas (Black, 1962: 224-225).

Die **interaksieteorie** kan volgens Zheng (2017: 6) herlei word na Ivor Richards se seminale werk *The Principle of Rhetoric* (1936). Hierin voer Richards aan dat metafoor geensins beskou moet word as 'n afwykende of "besondere" manifestasie van taal nie, maar dat dit weliswaar alomteenwoordig betrokke is by gewone taalgebruik. Richards (1936: 93) suggereer dat, in teenstelling tot die vergelykingsteorie en vervangingsteorie, die betekenis van die metaforiese uitdrukking tot stand gebring word in die *interaksie* tussen die twee konsepte wat met mekaar in verband gebring word.

Samevattend blyk dit dat die tradisionele benaderings metafoor beskou as 'n uitsonderlike verskynsel in taal wat meestal vir retoriese doeleindes aangewend is. Dit is eers met die ontwikkeling van die interaksieteorie wat die kognitiewe aard van metafoor te voorskyn gekom het. Alhoewel Zheng (2017: 7) van mening is dat die kognitiewe benadering tot metafoor uit hierdie teorie gespruit het, verleen Lakoff en Johnson (1980) egter nie regstreekse erkenning aan die interaksieteorie as voorloper van die KMT nie.

Hoewel die kognitiewe oriëntering tot metafoor beslis 'n reaksie op hierdie tradisionele teorieë is, is die oploop en ontwikkeling daarvan beter gekontekstualiseer in afdeling 2 hierbo. Ofskoon hierdie aanvanklike teorieë 'n taalkundige raamwerk vir die ontleding van metafoor verskaf het, is die konseptuele aard en verreikende implikasies daarvan geringgeskat of hoofsaaklik geïgnoreer. Die Konseptuele Metafoorteorie is die eerste werklike poging om metafoor sistematies te ondersoek en te plaas teen die agtergrond van kognisie, beliggaming en die verstand.

2.6.2 Konseptuele metafoor

Konseptuele Metafoorteorie vind sy aanvang by George Lakoff en Mark Johnson se *Metaphors We Live By* (1980). Dit is in Lakoff en Johnson se werk wat die studie van metafoor op 'n sistematiese wyse werklik na die domein van kognisie en die verstand gebring is. Hul aanvanklike publikasie het 'n diepliggende impak gemaak op die

taalkundige hantering van metafoor, en het ook gedien as pionierswerk in die tweede generasie kognitiewe wetenskap.

Steen (2011:27) is wel skepties oor die idee dat Lakoff en Johnson (1980) erken moet word as die grondleggers vir die kognitiewe wending in metafoor: “Lakoff (...) was bold enough to claim much of the intellectual credit for the cognitive turn (...). Whether that claim to fame is legitimate is a moot point”. Steen (2011: 26) meen ook dat Ortony se belangrike samestelling, *Metaphor and Thought* (1979), waar metafoor in noue verbintenis met denke bestudeer is, in eie reg die ‘kognitiewe wending’ in metafoor tipeer het. In Ortony se tweede weergawe van 1993 is ’n hoofstuk van Lakoff (1993) ingesluit – een van die groot redes waarom ’n tweede weergawe nodig was.

Daar is reeds voorlopig aangedui hoedat die antisipasie en aanloop tot die konseptuele dimensie van metafoor ’n lang geskiedenis het. Hoewel dit geredelik aangedui word dat Lakoff & Johnson (1980) op die voorpunt was van hierdie beskouing van metafoor, moet erkenning wel verleen word aan die filosofiese werke wat reeds vroeë aanleidings was tot ’n konseptuele oriëntering tot metafoor.

2.6.2.1 Filosofiese grondslag van die KMT

Jäkel (1999) wys uit dat heelparty filosowe en taalkundiges bygedra het tot die sentrale gedagtes in Lakoff en Johnson se Konseptuele Metafoorteorie. Oënskynlik dui dit daarop dat die kognitiewe benadering nie so oorspronklik is as wat daar aanvanklik gedink is nie. Haser (2005) verskaf ’n breedvoerige oorsig van vroeë kognitivistes in die 20ste eeuse “objektivistiese” filosofie, met ’n spesifieke toespitsing op Nelson Goodman se antisipasie van Lakoff en Johnson se werk.

Die filosofiese skrywes van Friedrich Nietzsche kan byvoorbeeld as een van die belangrikste voorlopers van Lakoff en Johnson se hantering van metafoor beskou word. Nietzsche gee duidelik uitdrukking aan die idee dat persepsies gebruik word om gedagtes mee te konstrueer en dat selfs die idee van *waarheid* neerkom op “[a] mobile army of metaphors” (2004 [1873]: 263). Hy stel dat elke idee “remains however only as the *residuum of a metaphor*, and that the illusion of the artistic

metamorphosis of a nerve-stimulus into percepts is, if not the mother, then the grandmother of every idea” (2004 [1873]: 264) [eie kursivering].

Hoewel Nietzsche hier nie ’n sistematiese uiteensetting van metafoor verskaf nie, word die konseptuele funksie van metafoor duidelik benadruk. Nóg Lakoff nóg Johnson verwys na Nietzsche of verleen erkenning aan sy uitkyke op die konseptuele funksie van metafoor. Kövecses (2020) lig wel Nietzsche en die meer kontemporêre filosoof Max Black uit as noemenswaardige bydraers tot die kognitiewe teorie van metafoor.

Sedert die publikasie van *Metaphors We Live By* is omvangryke navorsing gedoen wat nie alleen Lakoff en Johnson se teorie bevestig nie, maar ook toevoegings en selfs veranderinge daaraan aangebring het. Kövecses (2020) wys tereg uit dat dit wat ons vandag as KMT ken nie gelykstaande is aan die teorie wat in hierdie vroeë werk vervat is nie.

Daar kan na die idees in die aanvanklike werk van Lakoff en Johnson verwys word as die *klassieke* Konseptuele Metafoorteorie. Tog het daar sedertdien verskeie uitvloeisels en ontwikkelinge vanaf die oorspronklike teorie ontstaan, soos die primêre metafoor van Grady (1998), poëtiese metafore van Lakoff & Turner (1989), sowel as Fauconnier en Turner se versmeltingsteorie (1998; 2002). Die oorspronklike Konseptuele Metafoorteorie vorm steeds die basis van analise vir hierdie verhandeling en geniet dienooreenkomstig die meeste kritiese aandag. Nietemin word bevindinge en uitbreidings uit die primêre metafoorteorie deurlopend betrek, terwyl die KMT afsonderlik deurskou word.

2.6.3 Konseptuele Metafoorteorie

Die sentrale perspektief wat Lakoff & Johnson (1980) teweeggebring het, was die idee dat metafoor direk gesetel is in menslike kognisie en begrip en gevolglik ’n kardinale rol in konseptualisering speel. “The generalisations governing poetic metaphorical expressions are not in language, but in thought: they are general mappings across conceptual domains” (Lakoff, 1993: 185). Lakoff (1993: 267) lê die vernaamste vals

aannames (volgens hom) van die “tradisionele” beskouing van metafoor voor. Dié aannames stel dat:

- *alledaagse konvensionele taalgebruik* letterlik is en niks daarvan metafories is nie.
- alle *konsepte* en onderwerpe letterlik verstaan kan word, sonder metafoor.
- slegs letterlike taalgebruik voorwaardelik waar of vals kan wees.
- alle *definisies* wat in die leksikon van ’n taal verskaf word, letterlik is en nie metafories nie.
- die konsepte wat in die *grammatika* van ’n taal gebruik word, letterlik is en geeneen is metafories nie.

Verder dui Lakoff en Johnson in die nawoord van *Metaphors we live* se 2003-uitgawe sekere historiese hindernisse aan wat die hernude opvatting van metafoor bemoeilik: (1) die denkfout dat metafoor bloot ’n eienskap van taal is en nie konsepte nie, (2) dat metafoor op ooreenstemming (“similarity”) gebaseer is en nie kruis-domeinkarteringkorrelasies in ervaring nie, (3) dat alle konsepte letterlik verstaan word (nie metafories nie), en (4) dat rasonale denke nie deur ons brein en liggaam gevorm word nie (1980: 244).

Hierdie aannames kan gekontrasteer word met die kerngedagtes in KMT:

- Metafore is fundamenteel konseptueel van aard; metaforiese taal is sekondêr.
- Konseptuele metafore word gegrond in alledaagse ervarings.
- Abstrakte denke is hoofsaaklik, indien nie in geheel, metafories van aard.
- Metaforiese gedagtes is onvermydelik, alomteenwoordig en meestal onbewustelik.
- Abstrakte konsepte is nie volledig sonder metafore nie (*liefde* is byvoorbeeld nie liefde sonder metafore van toordery, aantrekking, kranksinnigheid, vereniging, versorging, ensovoorts nie).
- Ons konseptuele stelsels is nie in die algemeen konsekwent nie, aangesien metafore wat gebruik word om oor konsepte te redeneer nie konsekwent mag wees nie.
- Ons lewens word geleef op die basis van afleidings wat ons deur metafoor bereik. (Lakoff & Johnson, 1980: 272-273).

Hierdeur wil hulle egter nie suggereer dat *alle* gedagtes en talige uitings metafories van aard is nie. Dit is moontlik dat sekere konsepte as *letterlik* bestempel kan word en nie by wyse van metafoor begryp word nie (Lakoff, 1993: 267). Stellings soos *die kat is op die mat* is nie metafories van aard nie, maar word in 'n letterlike en waarneembare wyse verstaan. Dit is egter wanneer 'n mens wegbeweeg van konkrete ervarings af en begin praat oor abstraksies en emosies, dat die konseptuele funksie van metafoor onvermydelik is.

Die konseptuele funksie van metafoor is die vermoë om die abstrakte in terme van die konkrete te verstaan, deur elemente wat aan een domein behoort, oor te dra na 'n ander. Daar word na hierdie proses van oordrag verwys as *kruisdomeinkartering*.

2.6.3.1 Metafoor as kruisdomeinkartering

Lakoff en Johnson (1980: 5) se aanvanklike beskrywing van metafoor is die begrip en ervaring van een tipe ding in terme van 'n ander³¹. Lakoff (1993: 271) brei uit op hierdie aanvanklike definisie deur metafoor te sien as die begrip van een *domein van ervaring* (wat gewoonlik abstrak is) in terme van 'n ander *domein van ervaring* (wat gewoonlik konkreet is). Kövecses (2010: 4) verskaf 'n verfynde verklaring en stel dat metafoor in die kognitiewe linguïstiek nou verstaan word as die begrip van een *konseptuele domein* in terme van 'n ander konseptuele domein. In samehang met Langacker en Evans se uiteensettings in **2.4.3.1.2** hierbo, word domein beskou as enige samehangende organisasie van ervaring (Dirven & Verspoor: 36; Kövecses, 2010: 4). Ons beskik byvoorbeeld oor 'n samehangende organisering van die ervaring van 'n gebou of struktuur wat betrek word om iets soos 'n teorie te verstaan.³²

Die eerste konseptuele domein waaruit inligting geabstraheer word om 'n ander domein te verstaan, staan bekend as die **brondomein**. Die konseptuele domein wat verstaan word by wyse van die brondomein, is die **teikendomein** (Kövecses, 2002: 4). Lakoff en Johnson (1980) het kartering tussen die domeine hoofsaaklik voorgestel

³¹ Navorsers soos MacCormac (1985: 59) meen wel dat die definisie nie spesifiek en rigied genoeg is nie, aangesien dit ooreen kan stem met enige tipe simboliese proses.

³² In uitdrukkings soos "Jy moet jou teorie beter *ondersteun*; sy het 'n goeie *fondasie* vir haar teorie; sy hele teorie het *platgeval*", ens.

in die vorm: TEIKEN-DOMEIN IS BRON-DOMEIN of TEIKENDOMEIN AS BRONDOMEIN, soos byvoorbeeld LIEFDE IS 'n REIS en TYD AS RUIMTE. Hierdie formulering verteenwoordig egter nie die totaliteit van die metafoer nie, maar eerder 'n kortlikse verwysing na 'n stel ooreenstemmings wat die kartering tipeer, naamlik die LIEFDE AS REIS-kartering:


- Die geliefdes stem ooreen met reisigers.
- Die liefdesverhouding stem ooreen met voertuie.
- Die geliefdes se gemeenskaplike doel stem ooreen met die reis.
- Probleme in die verhouding stem ooreen met belemmerings in 'n reis.
- Besluite oor die verhouding stem ooreen met besluite oor waarheen om te gaan (Lakoff, 1993: 271; Kövecses, 2010: 9).

Om 'n metafoer te “verstaan” behels begrip van die verhouding tussen twee konsepte. Die begrip van konsep A in terme van konsep B, berus op die sistematiese ooreenstemmings tussen die bron- en die teikendomein. Hierdie ooreenstemming tipeer waarna verwys word as die **kartering** (Kövecses, 2010: 7). Konsepte soos argument en liefde kan weliswaar nie sensories waargeneem word nie en bestaan slegs as 'n abstraksie of skepping van die menslike verstand. Ten einde begrip van hierdie konsepte moontlik te maak, betrek die konseptuele stelsel 'n konkrete ervaring en bring 'n bepaalde konseptuele struktuur tot stand.

Figuur 2.2 hieronder is 'n visuele voorstelling van kruisdomeinkartering. Die groter sirkel waarin die donker kolle voorkom, verteenwoordig 'n domein, terwyl die kolle in elke domein vir 'n bepaalde 'gleuf' of element in die domein staan ('n *eweknie* in Konseptuele Versmeltingsteorie). Die presiese karakter van hierdie gleuwe kan varieer: dit kan onder andere staan vir 'n konsep, of 'n deel van 'n beeldskema³³, of 'n rolspeler binne 'n raam³⁴. Die verbinding tussen die kolle illustreer die deel-geheel verhouding tussen elemente in 'n domein, sowel as die domein se funksie om ervarings op 'n bepaalde wyse te struktureer. Die groen pyle stel die kruising of oorsteek van die bron na die teikenvoor en verteenwoordig die kartering wat tussen die domeine plaasvind, waar ervaring of kennis uit 'n gleuf in die brondomein verbind of oorgedra word na 'n gleuf in die teikendomein.

³³ Byvoorbeeld die *bron* in die BRON-PAD-DOEL-skema.

³⁴ Byvoorbeeld 'n kelner in die RESTAURANT-raam.



Figuur 2.2: Visuele illustrasie van 'n kruisdomeinkartering

Vir navorsers in die KMT, is dit wel gebruiklik om die kartering tussen domeine in tabelvorm voor te stel, waar die twee domeine in aparte kolomme aangebring word. Tabel 2.1 hieronder verskaf die karterings tussen gleuwe in die LIEFDE AS REIS metafoor (uit Kövecses, 2002: 7).

Tabel 2.1: Die LIEFDE AS REIS-kartering.

Bron: REIS	Teiken: LIEFDE
die reisigers	die minnaars
die vaartuig	die liefdesverhouding
die reis	gebeure in die verhouding
die afstand afgelê	die vordering wat gemaak is
die uitdagings	die probleme wat ervaar is
besluite oor die rigting om te neem	keuses oor wat om te doen
die eindpunt van die reis	die doelwitte in die verhouding

Uit **Tabel 2.1** word die sistematiese ooreenstemmings tussen elemente in beide domeine uitgebeeld. Daar kan reeds op hierdie punt aangetoon word dat nie alle ensiklopediese inligting of elemente uit die brondomein gekarteer word nie, maar slegs

die gegewens wat relevant is om die teikendomein te verstaan.³⁵ Tog word sekere kennis van die brondomein oorgedra wat nie uitdruklik in die metaforiese uiting self gekodeer is nie. Daar word na hierdie oordrag verwys as **metaforiese uitvloeiels**.

2.6.3.2 Brondomeine

Omdat KMT metafoor beskou as 'n kartering tussen 'n bron- en teikendomein, kan daar metafore op een vlak geklassifiseer word op grond van hierdie twee domeine (Charteris-Black, 2005: 66). Hoofsaaklik gebaseer op die uiteensettings van Lakoff *et al.* (1991), Deignan (1995) en Kövecses (2010), gee **Tabel 2.2** 'n aanduiding van die algemeenste bron- en teikendomeine.

Tabel 2.2: Algemene bron- en teikendomeine.

BRONDOMEIN	TEIKENDOMEIN
DIE MENSLIKE LIGGAAM	EMOSIE
GESONDHEID EN SIEKTE	BEGEERTE
GEBOU EN KONSTRUKSIE	MORALITEIT
MASJIENE EN GEREEDSKAP	GEDAGTES
SPORT EN SPELETJIES	SAMELEWING / NASIE
GELD EN EKONOMIESE TRANSAKSIES	POLITIEK
KOS	EKONOMIE
HITTE EN KOUE	MENSLIKE VERHOUDINGS
LIG EN DONKERTE	KOMMUNIKASIE
KRAGTE	TYD
BEWEGING EN RIGTING	LEWE EN DOOD
PLANTE	GELOOF
WEER	GEBEURE EN HANDELINGE
OP-AF ORIËTERING	IDEES / TEORIEË
HOUER	PROBLEME
FISIESE RUIMTE	
FISIESE VOORWERP	
KONFLIK	

³⁵ Hierdie aspek word in afdeling 2.2.2.5.1.1 hieronder in verdere besonderhede bespreek.

Hierdie tabel is uiteraard nie 'n allesomvattende lys van moontlike domeine nie. Aangesien heelparty hiervan wel relevant is vir die betrokke studie, is dit nodig om die mees prominente brondomeine meer breedvoerig te bespreek. Die onderstaande afdeling bied 'n oorsig van die mees frekwente brondomeine en daardie domeine relevant vir die betrokke studie.

2.6.3.2.1 Brondomein LEWENDE ENTITEIT en persoonifikasie

Die eerste uitgekende domein, LEWENDE ENTITEIT, toon hoedat 'n abstrakte konsep 'n konkrete, fisiese vorm verkry. Lakoff en Johnson (1980, 1999) toon hoedat daar oor abstrakte konsepte uit verskeie perspektiewe gepraat kan word wanneer hulle as fisiese voorwerpe of as mense behandel word. **Ontologiese metafore** is spesifieke voorbeelde van hoe 'n abstrakte entiteit of konsep *gepersonifieer* of *verstoflik / gematerialiseer* kan word. In die eersgenoemde geval word die konsep uitgebeeld as 'n persoon, terwyl dit by verstofliking 'n meer konkrete entiteit of voorwerp word. Die PERSONE/MENSE-domein is al as brondomein in menige metafoor aangewend, soos byvoorbeeld DIE REGERING IS 'n PERSOON (*Die regering gee om vir jou*), MASJIENE IS MENSE (*my foon het ophou werk*), DIE NASIE IS 'n PERSOON (*Suid-Afrika moet wakker skrik*) en IDEES IS MENSE (*Hy is die vader van moderne taalkunde*). MetaNet dui die domein PERSOON aan as 'n onderafdeling van LEWENDE ENTITEIT, met persoon, liggaam, liggaamsdele, handeling en doelwitte as primêre rolle.

Volgens Lakoff en Turner (1989: 72-73) dien persoonifikasie in baie gevalle as 'n uitbreiding van die GEBEURE IS HANDELINGE-metafoor. Eksterne gebeure affekteer ons op wyses wat ons nie kan beheer nie, en deur die GEBEURE IS HANDELINGE-metafoor kan ons daardie gebeure verstaan as handeling van 'n agent ("die wêreld") waaroor ons nie seggenskap het nie (Lakoff & Turner, 1989: 73). Persoonifikasie is in hierdie gevalle 'n konseptualisering van oorsaaklikheid en staan in metaforiese samehang met twee fundamentele metafore van oorsaaklikheid, die Ligging-Gebeurtenis-Struktuurmetafoor en Objek-Gebeurtenis-Struktuurmetafoor (Lakoff & Johnson, 1999; Dancygier & Sweetser, 2014). Beide hierdie metafore word hieronder as komplekse metaforiese skemas aangedui, wat die primêre metafore OORSAKE IS KRAGTE en GEBEURE IS BEWEGINGS bevat. Hoewel die domeine KRAGTE en BEWEGINGS

afsonderlik hieronder bespreek word, toon hulle wel komposisionele verhoudings en oorerflikheid met die domein LEWENDE ENTITEIT.

'n Voorbeeld van hierdie domein in die populêre media sluit in die personifikasie van emosies in die 2015-animasiefilm *Inside Out*, waar emosies soos hartseer, geluk, woede en vrees uitgebeeld word as karakters wat besluite binne 'n rekenaar-laboratorium moet neem. Dieselfde verskynsel kom voor in die mitologie, waar natuurverskynsels soos wind en weerlig, maar ook abstrakte idees soos wysheid en nuuskierigheid by wyse van gode gepersonifieer word.

2.6.3.2.2 Brondomein FISIESE VOORWERP

Die brondomein FISIESE VOORWERP is nog 'n voorbeeld van 'n ontologiese metafoor. Volgens Lakoff en Johnson (1980: 2) laat ontologiese metafore ons toe om bepaalde ervarings as 'n fisiese entiteit te konseptualiseer sodat ons daarna kan verwys, dit kan kwantifiseer, sekere aspekte daarvan uit te ken, dit as 'n oorsaak van iets te beskou en ons uiteindelik te laat glo dat ons die ervaring kan verstaan. In die geval van **kolonialisme**, byvoorbeeld, word die generiese-vlak metafoor ABSTRAKTE ENTITEIT IS 'n FISIESE VOORWERP gereeld aangetref. Verdere alledaagse voorbeelde sluit in IDEES IS FISIESE VOORWERPE (wat *oorgedra* en *begryp* kan word) en LIEFDE IS 'n FISIESE VOORWERP (wat *gegee* en *gekoester* kan word).

2.6.3.2.3 Brondomein RUIMTELIKE VERHOUDINGS

Ruimte is een van die mees sentrale menslike ervarings. In ooreenstemming met die beliggaamde realisme-tesis, bevind die menslike psige nie alleen sigself in 'n spesifieke beliggaming nie, maar word ook sy fisikaliteit tot 'n driedimensionele werklikheid beperk. Die liggaam navigeer deur hierdie werklikheid gedurende sy hele bestaan en voer alle fisieke handeling binne hierdie werklikheid uit. Daar is wel reeds uitgewys hoedat die manifestasie van hierdie werklikheid uiteindelik 'n fenomenologiese produk van die verstand is. Nietemin kan ons binne die raamwerk van die kognitiewe linguistiek aanvaar dat hierdie eksterne wêreld wel bestaan, en dat ons in die proses van konseptualisering gebruik maak van gegewens uit hierdie wêreld. RUIMTE word deur Langacker (1987) as 'n basiese domein getipeer – 'n domein

wat met ander woorde direk afkomstig is van 'n liggaamlike ervaring. Langacker (1987: 148) meen dat:

it would appear more promising to regard the conception of space (either two- or three-dimensional) as a basic field of representation grounded in genetically determined physical properties of the human organism and constituting an intrinsic part of our inborn cognitive apparatus.

Waargenome ruimte, saam met die komponente wat daarin bestaan, vorm 'n algehele stelsel van landmerk (LM), trajek (TR), bron, pad en doel. Volgens Imre (2012: 249) vind die opvatting van ruimte sy oorsprong in Langacker, maar is oorgeneem en verder uitgebrei deur Lakoff en Johnson (1980).

Die navorsing van Talmy (2000) dui daarop dat ruimte in taal gekodeer word volgens ruimtelike tonele ("spacial scenes") wat bestaan uit 'n **grond** en **figuur**. In 'n sin soos "Die kar staan langs die huis", word een entiteit (die figuur) beklemtoon, terwyl 'n skynbaar minder belangrike entiteit (die grond) as oriënteringspunt gebruik word. Talmy (2000: 184-185) voer aan dat die eienskappe van die voorwerpe in die ruimtelike wêreld geassosieer word met hierdie twee rolle, met die landmerk gewoonlik groter en meer stabiel as die figuur.

RUIMTE vind sy prekonseptuele basis in die visuele stelsel, proprioëpsie (kinestesie) en die vestibulêre stelsel, wat beweging en balans in die ouditiewe kanaal bespeur (Evans, 2007: 11). Hierdie sintuiglike stelsels verskaf aan ons inligting oor waar ons onself in die eksterne wêreld bevind, sowel as watter voorwerpe daar (buiten onself) in hierdie wêreld bestaan. Die manifestasie van hierdie inligting in die bewussyn, gee vir ons die indruk dat ruimte bestaan uit voorwerpe en prosesse. Gegewe die egosentriese aard van die ervaring van ruimte, bevind ons onself as subjekte altyd in die middelpunt.

Dit is veral die aspek van landmerke, figure en begreping wat gekarteer word by metafore met RUIMTE as brondomein. Die RUIMTE-domein word ook by saamgestelde metafore aangewend deur betrekking te vind by die BRON-PAD-DOEL-skema en die SENTRUM-PEREFERIE-skema. Heelparty van ons sentrale konsepte maak staat op

hierdie belangrike domein. Die Suid-Afrikaanse dekoloniale diskoers is geen uitsondering nie.

Inperking en gebondenheid is een van die prominentste eienskappe van ons liggaamlike ervarings. Sedert geboorte ervaar ons konstante fisiese inperking in ons omgewing, deur byvoorbeeld in en uit vertrekke, klere, voertuie en menige ander gebonde ruimtes te beweeg (Johnson, 1990: 21). Volgens Johnson (1990: 21) is daar 'n herhalende organisering van strukture wat verantwoordelik is vir hierdie *in-uit*-oriëntering. Vyf belangrike gevolge vloei uit hierdie oriëntering en ervaring:

- (i) Die ervaring van inperking behels gewoonlik 'n projeksie van, of weerstand teen, eksterne magte. Wanneer 'n bril *in* 'n houer is, word dit van eksterne magte beskerm.
- (ii) Inperking beperk ook beweging binne die houer. Wanneer ek *in* 'n vertrek is, word ek beperk in terme van my rigting en die afstand wat afgelê kan word.
- (iii) As gevolg van die inperkende krag, verkry die voorwerp relatiewe gebondenheid in terme van ligging. Die perd is byvoorbeeld *in* die kraal. Die beker is *in* my hand.
- (iv) Die gebondenheid van die voorwerp beteken dat die voorwerp wat behou is óf toeganklik óf ontoeganklik word vanuit die oogpunt van 'n waarnemer. 'n Geskenk kan *in* 'n boks wees (buite sig) of 'n pen kan *in* my hand wees (binne waarneembare sig).
- (v) Daar bestaan oorganklikheid van die inperking. As B *in* A is, dan is wat ook al *in* B is ook in A. As ek *in* my bed is, en my bed is in my kamer, dan is ek ook *in* my kamer.

2.6.3.2.3.1 Die HANDELINGE IS LIGGINGS-metafoor

Die eerste gebruik van LIGGING as 'n brondomein wat Lakoff & Johnson (1999) aandui, is die aksie-ligging metafoor: HANDELING IS OM BY 'n LIGGING TE WEES. Voorbeelde soos “I’m *leaning toward* leaving”, “They *pushed* him *into* running for president” en “I was *drawn into* the bank robbery”. Ons konseptualiseer handelinge metafories as 'n fisiese ruimte na aanleiding van die gemeenskaplike ervaring dat 'n gegewe handeling slegs in 'n spesifieke ligging uitgevoer kan word (Lakoff & Johnson, 1999: 204). In hierdie metafoor word 'n handeling uitgevoer wanneer die agent by die aksie-ligging

is. 'n Paar aspekte van die metafoor kan as volg uitgeken word: (1) wanneer die handeling as 'n doel gesien word, word die ligging as 'n bestemming beskou, (2) 'n uitgevoerde handeling is 'n geforseerde beweging na die ligging, en (3) 'n aksie wat ontduik word, is 'n geforseerde staking van beweging na die ligging (Lakoff & Johnson, 1999: 204).

Hierdie primêre metafoor vorm volgens Lakoff & Johnson (1999: 205) 'n komplekse metafoor wat bestaan uit 'n kombinasie van die metafore OORSAKE IS MAGTE en DOELWITTE IS BESTEMMING. Die kartering van hierdie metafoor word uiteengestig in **Tabel 2.3** hieronder.

Tabel 2.3: Kartering vir HANDELING IS OM BY 'n LIGGING TE WEES

Brondomein: FISIËSE LIGGING	Teikendomein: HANDELING
Bestemming	'n Doel wat bereik wil word
Beweging na 'n spesifieke ligging	Om 'n handeling uit te voer
Staking van beweging	Om met 'n handeling op te hou of dit te vermy

2.6.3.2.3.2 Die TOESTANDE IS LIGGINGS-metafoor

Die volgende gebruik van LIGGING as brondomein is die TOESTANDE IS LIGGINGS-metafoor, wat ontleed is uit Lakoff, Espenson & Goldberg (1991: 8) en Feldman (2006: 205). Spesifieke manifestasies kan gesien word in die uitdrukkings “He is *in* love”, “Sy is *in* 'n toestand”, “Ek is nie op 'n goeie *plek* nie”, “Ek is *in* die moeilikheid”.

Die BESTAAN IS 'n LIGGING-metafoor, wat tot stand kom na aanleiding van uitdrukkings soos “being *in* existence” en “coming *into* existence” is gebaseer op die feit dat voorwerpe wat bestaan, altyd in 'n ruimte of ligging bestaan (Lakoff & Johnson, 1999: 205). In besonder is ons bestaan gebonde aan die feit dat elkeen binne hul egosentriese oriëntering altyd in dieselfde plek en ruimte bestaan, *hier*. Die bestaan word dus gekonseptualiseer as die teenwoordigheid van iets of iemand binne 'n begrensde gebied en om 'n bepaalde deiktiese middelpunt (Lakoff & Johnson, 1999: 205). Ons kan dit ook waarneem deur uitdrukkings wat dui op die beëindiging van bestaan, wat neerkom op die *verwydering* van iets uit die ‘ligging’ van bestaan. Op

hierdie punt kan ons let op uitdrukkings soos “Ek het al die foute in die teks *uitgehaal*”, “hulle ouers is nie meer *in* die prentjie nie”, “my oupa is nie meer *hier* nie” (hy is oorlede) wat elk van hierdie metaforiese konstruksie gebruik maak. **Tabel 2.4** hieronder verskaf ‘n uiteensetting van die OM TE BESTAAN IS OM HIER TE WEES-metafoor.

Tabel 2.4: Kartering van OM TE BESTAAN IS OM HIER TE WEES

Brondomein: FISIESE LIGGING	Teikendomein: BESTAAN
Om hier geleë te wees	Om lewendig te wees / om te bestaan
Om hiernatoe te kom	Om gebore te word
Om weg te gaan	Om dood te gaan / om op te hou bestaan
Geforseerde verwydering	Om dood te maak

Hoewel Kövecses (2010) in sy ontleding van primêre metafore nie eksplisiet LIGGING as brondomein aandui nie, word daar wel vermelding gemaak van beweging en rigting. Beweging kan ‘n verandering van ligging behels óf dit kan rolspelers in dieselfde ligging hou. Wanneer dit ‘n verandering van ligging behels, word beweging met rigting geassosieer: vorentoe en agtertoe, op en af (Kövecses, 2010: 22). Feldman dui aan dat die TOESTANDE IS LIGGING-metafoor een van die primêre metafore is wat met die OORSAKE IS MAGTE-metafoor kombineer om ‘n algemene kartering te produseer tussen fisiese reise en enige doelgerigte aktiwiteit (2006: 205).

2.6.3.2.4 Brondomein OORLOG EN KRAG

Die domeine OORLOG en KRAG word in hierdie afdeling gesamentlik hanteer. Dit is toe te skryf aan die deurlopende interaksie tussen die domeine met hul metaforiese manifestasies in die korpus. Dit blyk dat die OORLOG-domein in ‘n sterk verhouding van metaforiese oorerflikheid staan met die KRAG-domein. Aangesien daar beduidende oorvleueling tussen hierdie domeine voorkom, was dit myns insiens meer sinvol om hulle gesamentlik, eerder as in afsonderlike afdelings te bespreek. Hierdie benadering is onder andere deur Du Preez (2007) gevolg, ook onder die indeling OORLOG EN KRAG.

Johnson (1987) verskaf ‘n uitgebreide bespreking van die KRAG-skema, waarin hy die kragte wat ons deurlopend ervaar in sewe tipes klassifiseer, naamlik stootkrag

(“compulsion”), blokkering (“blockage”), teenkrag (“counterforce”), afleiding (“diversion”), verwydering van inperking (“removal of restraint”), toelating (“enablement”) en aantrekking (“attraction”). Die krag-dinamiese stelsel (“force-dynamic system”) is ’n fundamentele semantiese kategorie wat ons toelaat om in terme van fisiese kragte oor gebeure en verhoudings in die fisiese, sowel as epistemiese en sosiale domeine, te dink en praat (Talmy, 2000: 209). Die uitgebreide tipes kragte wat ons alledaagse belewenenisse ervaar, soos swaartekrag en aantrekkingskrag, vorm die basis vir krag-verwante metafore. Kövecses (2010: 117) stel byvoorbeeld dat konsepte soos oorsaaklikheid en verandering in terme van kragte verstaan word:

Physical, natural, biological, and social forces have a variety of effects on the human body, the most important one being that they are seen as moving the body in all sorts of ways or effect changes in body posture and expressive behavior. The generic-level conceptual metaphor CAUSES ARE FORCES can be thought of as a generalized form of such forces affecting the body.

Die kombinasie van verskillende vorme van kragte vorm komplekse metaforiese stelsels wat die basis vorm van die OORLOG-domein. Om ’n presiese formulering van die KONFLIK-domein te gee, is uitdagend. Daar word gebruik gemaak van FrameNet se rolverdeling van die domein FISIESE GEVEG³⁶. Volgens die FrameNet uiteensetting bestaan die domein uit vier rolle, naamlik *vegter 1*, *vegter 2*, *fisiese interaksie* en *uitkoms*. ’n Bekender, verwante domein wat in verskeie studies as brondomein geïdentifiseer is (Du Preez 2007; Nothnagel 2009; Krennmayr 2011), is die domein OORLOG. Hierdie domein is egter meer beperkend van aard en sou nie die wyer spektrum van scenario’s in die dekoloniale diskoers kon dek nie, ongeag die sterk mate van oorvleueling. Dancygier en Sweetser (2014: 13-14) bespreek die spanning wat ontstaan met die seleksie of formulering van ’n brondomein, met verwysing na die bekende ARGUMENT IS OORLOG-metafoer. Die geskiktheid van die brondomein moet bepaal word met spesifieke verwysing na die kennisstrukture en elemente wat gepaardgaan met talige etikette. By sy bespreking van politiek, maak Charteris-Black (2004) gebruik van die metafoer POLITIEK IS KONFLIK. Hier stel hy dat die metafoer uit die volgende elemente bestaan: *deelnemers*, *ligging*, *wyses* en *doelwit*.

³⁶ https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Frame:Physical_combat

2.6.3.2.5 Brondomein FISIESE STRUKTUUR

Waarskynlik een van die mees indringende besprekings oor die brondomein FISIESE STRUKTUUR kom uit Grady (1996), waarin die metafoor TEORIEË IS GEBOUE heroorweeg en krities ontleed word. Grady ontbind hierdie metafoor tot twee onderliggende primêre metafore, naamlik ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR en LEWENSVATBAARHEID IS REGOPHEID. Grady redeneer dat die ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR-metafoor nie as 'n metafoor binne die metafoorteorie tradisie beskou kan word nie; hierdie domein is nie spesifiek genoeg om as eksperiënsiële domein te geld nie (1997: 71). Enigiets konkreet in die wêreld is fisies gestruktureer op die een of ander wyse. Dinge in die wêreld bestaan uit allerlei materiaal, vorme, funksies, dele en verhoudings tussen onderdele. Hierdie dele kan buitendien geheel onverwant wees. In die geval van ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR, het ons te make met twee domeine op 'n baie generiese vlak. Hierdie metafoor word gemotiveer deur “the correlation between observing the part-whole structure of objects and forming cognitive representation of the logical relationships holding within them” (Grady, 1997: 282). Sy algemene kartering van hierdie twee primêre metafore verskyn in **Tabel 2.5** en **2.6** hieronder (Grady 1996: 46):

Tabel 2.5: Kartering van ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR

Brondomein: FISIESE STRUKTUUR	Teikendomein: ORGANISERING
Komplekse fisiese geheel (objek)	Komplekse abstrakte geheel
Fisiese dele	Diskrete aspekte van die georganiseerde geheel
Fisiese rangskikking	Logiese / kousale verhoudings
Doel van die fisiese struktuur	Doel van die organisering
Funksies van elke fisiese komponent	Funksies van die elemente in die organisering

Tabel 2.6: Kartering van LEWENSVATBAARHEID IS REGOPHEID

Brondomein: REGOPHEID	Teikendomein: LEWENSVATBAARHEID
Fisiese voorwerp	Abstrakte voorwerp / situasie
Regopheid / vertikaliteit	Funksionaliteit
Fisiese rangskikking	Logiese / kousale verhoudings

Heelparty konsepte waarmee ons op 'n daaglikse basis werk word deur Kövecses (2010) as **komplekse stelsels** (“complex systems”) beskou. Die verstand,

ekonomiese stelsels, loopbane, sosiale organiserings en die samelewing kan elk geklassifiseer word as komplekse stelsels, aangesien elkeen tipies gekenmerk word deur 'n komplekse rangskikking van entiteite (Kövecses, 2010: 155). Politieke stelsels bestaan byvoorbeeld uit mense wat deelneem aan politieke prosesse, uit mag, uit 'n regering, partye en ideologieë wat elk met mekaar op komplekse wyses in interaksie tree (Kövecses, 2010: 156). Hierdie komplekse stelsels kom meestal in die vorm van teikendomeine voor. Die brondomeine wat vir hierdie stelsels of konsepte aangewend word, sluit in DIE MENS-LIKE LIGGAAM, GEBOUE, MASJIENE, en PLANTE (Kövecses, 2010).

2.6.3.2.6 Brondomein HOUER (AFGEBAKENDE RUIMTE)

HOUER, saam met KRAG en BEWEGING is op die konseptuele vlak een van ons basiese ervarings en word daarom ook as 'n basiese domein beskou. Dewell (2005:373) dui BRON-PAD-DOEL ("SOURCE-PATH-GOAL") en HOUER ("CONTAINMENT") aan as van die vroegste skemas wat in die verstand ontwikkel. Johnson (1987:21) bied 'n illustrasie van patrone aan wat die HOUER-skema laat ontwikkel het. Die HOUER-skema verleen aan ons die begrip van inhoud en gebondenheid: ons beweeg in en uit vertrekke, klere, voertuie en ander gebonde ruimtes en ons manipuleer voorwerpe deur hulle in houers te plaas (koppies, bokse, bekere, sakke, ensovoorts). In elkeen van hierdie handelinge bestaan daar herhaalbare ruimtelike en temporele organisering – hulle is met ander woorde tipiese skemas vir 'n fisiese houer.

Daar kan sterk interaksies tussen die HOUER- en KRAG-domeine bestaan wanneer kragte verandering in ligging of rigting aanbring. 'n Objek kan binne-in of buite 'n afgesonderde ruimte gestuur word en die krag kan van binne of van buite die ruimte spruit. Kollokasies soos *insluit* en *uitsluit*, *sentrum* en *periferie* word veral prominent in publieke diskoers aangewend om onderskeid tussen groepe te tref: die groepe wat binnekant is en dié buite, 'ons' teenoor 'hulle' (Charteris-Black, 2004; Musolff, 2011). Dit is gewoonlik die geval dat diegene binne die houer in 'n meer voordelige of positiewe situasie is teenoor die groep wat buite gelaat is (Charteris-Black, 2006; Chilton, 2004; Goatly, 2007).

2.6.3.2.7 Brondomein BEWEGING en RUIMTELIKE VERHOUDINGS

Handelinge word gereeld as BEWEGING gekonseptualiseer, wat in ons fisiese ervarings gegrond is en daarom as 'n basiese domein optree (Goatly, 2007; Kövecses, 2010; Lakoff, 1993). Handelinge of aktiwiteite wat volgens hierdie domein gekonseptualiseer word, ondergaan óf 'n verandering in ligging óf hulle bly op dieselfde plek (Kövecses, 2010: 22). Wanneer daar oor beweging gepraat word, is daar gewoonlik 'n bron van die beweging (selfgedrewe, geforseer of toevallig), sy aard (stilstaande of met verandering in ligging), rigting (boontoe, ondertoe, vorentoe, agtertoe, sirkulêr of reguit) en intensiteit (vinnig of stadig) (Kövecses, 2010: 164-165; Johnson, 1987: 32-33). 'n Verandering van rigting gaan ook dikwels gepaard met 'n verandering van ligging of begrensde ruimte. Die BEWEGING-skema of -domein vorm in hierdie opsig 'n verbintenis of samehang met die HOUER-skema.

Volgens Kövecses (2010) voorveronderstel die BEWEGING-skema 'n aanvanklike vertrekpunt, beweging en eindpunt, en verskaf daarom struktuur aan die konsep REIS. Deignan (2005: 17) bevestig dat reis wesenlik bestaan uit “physical progress towards a destination” en benadruk die belang van bestemming, sowel as die aard en eienskappe van die pad. Op 'n aktuele vlak bevind Cameron (2007) byvoorbeeld dat die REIS-metafoor dikwels gebruik word om die versoeningsproses te beskryf. Sy studie beskryf onder meer die proses van versoening tussen 'n bomaanvaller en sy slagoffer se dogter. Die saak word beskryf as twee individuele reise – die slagoffer se genesingsproses en die bomaanvaller se aanvaarding van verantwoordbaarheid vir sy daad (Cameron, 2007: 218).

2.6.3.2.7 Samevatting van brondomeine

In hierdie afdeling is agt van die prominentse brondomeine uiteengesit. Daar is by elk van hierdie domeine 'n aanduiding gegee van hul oorsprong in beliggaming. Daar is ook uitgewei oor sommige sentrale metafore wat spruit uit hierdie domeine, vir sover hulle moontlike betrekking het op politieke diskoerse. Die belang van hierdie domeine sal veral uitgewys word in Hoofstuk 4, waarin die analise van die dekoloniale diskoers voltrek word.

Hierdie afdeling het verheldering gebied oor die struktuur en moontlike toepassing van die brondomeine onder bespreking. Dit is nou nodig om hierdie brondomeine in verband te bring met die teikendomeine waarna die kartering geskied. Die verhouding tussen bron en teiken vorm die besprekingspunt van die volgende afdeling om die interaksie tussen hierdie domeine duideliker toe te lig.

2.6.3.3 Die verhouding tussen bron en teiken

Volgens Evans & Green (2006: 301) is een van die groot belangepunte vir teoretici in konseptuele metafoor in die laat 1980's en 1990's, die mate waartoe en die manier waarop karterings *beperk* kan word (sien Brugman 1990; Lakoff 1990, 1993; Lakoff & Turner 1989; Turner 1990, 1991). Lakoff en Johnson (1980) stel die sogenaamde **Onveranderlikheidsbeginsel** ("Invariance Principle") voor as 'n reaksie op hierdie vraagstuk.

2.6.3.3.1 Die Onveranderlikheidsbeginsel

Lakoff (1993: 279) beskryf die Onveranderlikheidsbeginsel as volg:

Metaphorical mappings preserve the cognitive topology (that is, the image-schema structure) of the source domain, in a way consistent with the inherent structure of the target domain.

Die basiese hipotese van hierdie beginsel is dat die inherente teikendomeinstruktuur dit wat outomaties gekarteer kan word, beperk (Lakoff, 1990). Die deel waaruit die brondomein gekarteer word, strook altyd met die inherente beeldskematiese struktuur van die teikendomein. Die belang van die Onveranderlikheidsbeginsel is dat kruisdomeinkarterings nie gesien moet word as 'n algoritmiese proses wat begin met die brondomeinstruktuur en dan eindig met 'n teikendomeinstruktuur nie (Lakoff, 1993: 279). Dit is meer akkuraat om aan karterings te dink as gevestigde ooreenkomste (Deignan, 2005: 163). Hierdie ooreenkomste word voorgestel deur die gleuwe of elemente in **Figuur 2.2** hierbo.

Daar bestaan sekere beperkinge in terme waarvan brondomeine spesifieke teikendomeine kan dien. Lakoff en Turner (1989) (soos na verwys in Evans & Green (2006: 301) neem waar dat die konsep van die dood op verskeie wyses gepersonifieer word. Hierdie menslike eienskappe wat met die dood geassosieer kan word, is beperk:

die dood kan ‘verober’, ‘vernietig’ of ‘maai’, maar “death is not metaphorized in terms of teaching, or filling the bathtub, or sitting on the sofa.” (Lakoff: 1993: 233). Heelparty van die spesifieke personifikasies van die dood verkry of erf strukture van ’n meer skematiese metafoor, waarna Lakoff en Turner (1989) verwys as ’n generiese-vlak metafoor: GEBEURE IS HANDELINGE (of NIELEWENDE VERSKYNSELS IS MENSLIKE AGENTE). Die Onveranderlikheidsbeginsel bepaal dat die beeldskematiese organisering onveranderlik is dwarsoor metaforiese karterings (Evans & Green, 2006: 302).

Die konsep kategorie kan as voorbeeld van hierdie beginsel gebruik word. Klassieke kategorieë word metafories verstaan in terme van gebonde ruimtes of houers – iets kan dus *in* ’n kategorie pas of van ’n kategorie *verwyder* word (Lakoff, 1994: 53). Hier sien ons dat die beeldskema wat die brondomein tipeer (houers), gekarteer word na die teikendomein (kategorieë). Die metaforiese kartering behou die kognitiewe topologie of bou (die beeldskematiese struktuur) van die brondomein op ’n manier wat konsekwent is met die inherente struktuur van die teikendomein (Lakoff, 1994: 54). In die geval van houer-skemas, waarborg die Onveranderlikheidsbeginsel dat “interiors will be mapped onto interiors, exteriors onto exteriors, and boundaries onto boundaries”, ensovoorts (Lakoff, 1994: 54). Dit beteken dat die beeldskematiese struktuur van die teikendomein nie verbreek kan word nie.

Die Onveranderlikheidsbeginsel het ook die gevolg dat ’n metafoor slegs metaforiese afleidings sal oordra wat vereenselwig kan word met die teikendomein. ’n Uitvloeisel van hierdie beginsel is dat die beeldskemastruktuur inherent tot die teikendomein nie verbreek kan word nie. Dit is waarom jy vir iemand ’n *klap* kan gee, hoewel hulle nie die klap agterna steeds vashou nie, of waarom jy vir iemand *inligting* kan gee, hoewel jy dit steeds agterna die inligting ook self kan hê (Lakoff, 1993: 280). Hierdie verskynsel word *teikendomeinoorheersing* (“target domain override”) genoem en word gesien as “the process that prevents entailments from projecting to the target domain” (Evans & Green, 2006: 303).

2.6.3.3.2 Die probleem van ontoereikende kartering

Volgens die KMT betrek metafoor kennis uit twee konseptuele domeine (die bron- en teikendomein). Daar bestaan sistematiese ooreenstemmings (of karterings) tussen hierdie twee konseptuele domeine in die sin dat die brondomein help om begrip van die teikendomein te *motiveer* en *skep*. Tog is dit nie so dat elke ooreenstemming of aspek van die brondomein na die teikendomein gekarteer kan word nie. Grady (1997) verwys in hierdie opsig na die “Poverty of Mapping problem”. Deur te let op die metafoor TEORIEË IS GEBOUE, byvoorbeeld, is dit nie duidelik waarom daar slegs sekere elemente van die brondomein gekarteer word en ander nie. Grady (1997: 270) stel belang in die vraag waarom dié metafoor ’n stelling soos “Sy standpunt word *ondersteun* deur feite en argumente” in natuurlike taalgebruik *motiveer*, maar nie “Hierdie teorie het *Franse vensters*” nie. Grady voer aan dat hierdie onreëlmatighede voorkom omdat TEORIEË IS GEBOUE nie ’n basisvlakmetafoor is nie. Dit kom eerder tot stand as die interaksie tussen twee of meer basiese karterings: ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR en VOLHOUBAARHEID IS OM REGOP TE BLY.

Op soortgelyke wyse wys Grady, Oakly en Coulson (1999) uit dat die beeld in die nuutskeppende metafoor “stoom kom by sy ore uit” blyk nie te bestaan in die brondomein (’n WOEDENDE PERSOON) of die teikendomein (HITTIGE VLOEISTOF IN ’n HOUER) nie. Dit is daarom moeilik om hierdie metafoor te verduidelik in terme van ’n kruisdomeinkartering indien daar geen sistematiese ooreenstemming bestaan tussen die twee domeine nie. Dit is in hierdie konteks wat die Versmeltingsteorie van Fauconnier en Turner oplossings kan bied tot die probleem van eenrigtinggebondenheid (“uni-directionality”), aangesien daar nie meer sprake is van kartering bloot tussen twee domeine nie, maar uit veelvuldige mentale ruimtes.

2.6.3.4 Die rigting van kartering

’n Belangrike waarneming deur teoretici is dat konseptuele metafore eenrigtinggebonde (“unidirectional”) is. Dit beteken dat kartering wel vanaf ’n bron- na ’n teikendomein plaasvind, maar nie omgekeerd nie. Ons kan dus LIEFDE in terme van REIS konseptualiseer, maar kan nie konvensioneel REIS in terme van LIEFDE struktureer nie (Evans & Green, 2006: 296).

In hul uiteensetting van primêre metafoor, dui Dancygier en Sweetser (2014) aan dat daar 'n asimmetriese verhouding bestaan tussen die rigting van kartering tussen 'n bron- en teikendomein. MEER IS OP kan byvoorbeeld as 'n menslike universele beskou word, terwyl dit nie die geval met OP IS MEER is nie. Dit is juis omdat mense noodwendig kwantiteit in terme van vertikale hoogte evalueer, hoewel nie met die omgekeerde die geval is nie (Dancygier & Sweetser, 2014:30). Tog bestaan daar voorbeelde van karterings wat skynbaar wederkerig is, soos in die metafoor MENSE IS MASJIENE en MASJIENE IS MENSE. Terwyl daar in eersgenoemde geval meganiese en funksionele eienskappe (soos spoed) op mense geprojekteer word, word daar in laasgenoemde opvatting soos begeerte en emosie gekarteer (Evans & Green, 2006: 297).

Die rigting van kartering blyk in die meeste gevalle te lei van 'n meer konkrete, liggaamlike of sosiale ervaring, tot 'n meer abstrakte ervaring. Hierdie asimmetriese verhouding kom veral na vore in die geval van primêre metafore, waar konkrete ervarings hoogs skematies van aard is en as ryk karteringsdomeine kan optree.

Op 'n kritiese punt ontstaan die vraag of daar eerder 'n bo-na-onder of onder-na-bo benadering gevolg moet word. In die "tradisionele" praktyk van KMT word die onder-na-bo rigting gevolg. Dit is omdat daar relatief kleinaantal gedekontekstualiseerde voorbeelde van konseptuele metafore opgestel kan word, wat gepaard gaan met 'n analise van hul interne struktuur (Kövecses, 2008: 170).

2.6.3.5 Klassifikasie van konseptuele metafore

Aanvanklike teoretici soos Lakoff en Johnson (1980) en Kövecses (2010) verdeel konseptuele metafore in drie breë kategorieë na aanleiding van hul funksie en uitwerking. Volgens hierdie indeling kan daar onderskei word tussen strukturele metafore, ontologiese metafore en oriënteringsmetafore.

Die metafore wat tot dusver in hierdie afdeling gebruik is, is meestal voorbeelde van **strukturele metafore**. Hierdie klas metafore kom voor wanneer een konsep metafories gestruktureer word in terme van 'n ander konsep (Lakoff & Johnson, 1980:

14). Die brondomein bied in hierdie opsig ryk kennisstruktuur vir die teikendomein (Kövecses, 2010: 37). Die konsep *tyd* kan gestruktureer word deur sodanige metafore. In 'n voorbeeld soos “Kyk hoe vinnig het die tyd *verbygegaan*.” is die TYD IS BEWEGING-metafoor aktief en dit is 'n moontlike gevolg van 'n kartering uit die BRON-PAD-TEIKEN-beeldskema.

In teenstelling tot strukturele metafore, wat een konsep in terme van 'n ander struktureer, is die rol van **oriënteringsmetafore** om 'n hele sisteem van konsepte te organiseer (Lakoff & Johnson, 1980: 14). Hierdie metafore word sodanig genoem omdat die meerderheid van hulle te make het met ruimtelike oriëntering: op-af, in-uit, voor-agter, aan-af, diep-vlak, sentraal-periferie. Volgens Lakoff en Johnson (1980: 14) karteer hierdie kategorie metafore ruimtelike oriëntering na 'n konsep, byvoorbeeld HARTSEER IS AF in die uitdrukking “ek voel baie *af* vandag”. Die basis hiervoor is liggaamlike fisikaliteit en kulturele ervaring. Hoewel teenoorgesteldes soos op en af fisies van aard is, kan die oriënteringsmetafore wat daarop gebaseer is, varieer van kultuur tot kultuur³⁷ (Lakoff & Johnson, 1980: 14).

Ontologiese metafore “involve the projection of entity or substance status on something that does not have that status inherently” (Lakoff & Johnson, 1980: 196). Dit laat ons met ander woorde toe om makliker struktuur te sien waar daar nie noodwendig is nie (Kövecses, 2010: 39). Ontologiese metafore kom voor as entiteit- en stofmetafore andersyds, en houer-metafore andersyds. Sodra ons 'n bepaalde ervaring kan verstaan as 'n bepaalde voorwerp of stof, word dit moontlik om daarna te verwys, dit te kategoriseer, groepeer, kwantifiseer en daaroor te redeneer (Lakoff & Johnson, 1980: 25). Een van hierdie ontologiese metafore is INFLASIE IS 'n ENTITEIT, waar inflasie 'n idee in abstraksie is wat nie sensories waarneembaar is nie. Om op kognitiewe vlak sin te maak van 'n idee soos inflasie, word hierdie metafoor aangewend. In 'n uitdrukking soos “Inflasie *verlaag* ons lewensstandaarde” vind persoonifikasie plaas, wat die begrip vir gedagtes en besprekings toeganklik maak.

³⁷ Die stelling dat baie metafore 'n liggaamlike basis het, maar van kultuur tot kultuur varieer, word onder kritiek geplaas. Die onduidelikheid rondom die universele, teenoor kultuurgebonde aard van metafore, word in 2.2.3.5 hieronder ondersoek.

Veral in Lakoff & Turner (1989) is **poëtiese metafore** 'n spesifieke aanwending van metafoor binne literêre tekste om buitengewoon onkonvensionele en uitgebreide verbintenisse tussen andersins onverwante konsepte te vestig.

Talmy (1988) en Gibbs (1996) het onder meer die onderskeid tussen sogenaamde primêre en saamgestelde metafore benadruk. Hierdie onderskeid is van belang, aangesien dit 'n verklaring bied tot die skepping van komplekse metafore wat uit meer as een brondomein bestaan. Die ontwikkeling van saamgestelde en primêre metafore, as metafoorklassifikasies, word kortliks bespreek ten einde die verskynsel van metafoorstelsels en metafooruitvloeiensels (hieronder bespreek) beter te belig.

2.6.3.5.1 Primêre metafore

Primêre Metafoorteorie is 'n benadering tot konseptuele metafoor met die hoofuitgangspunt dat daar tussen twee tipes metafore onderskei kan word: primêre metafore en saamgestelde ("compound") metafore. **Primêre metafore** kan beskryf word as daardie metafore wat direk uit 'n basiese domein spruit en nie verder vereenvoudig kan word nie. **Saamgestelde metafore**, aan die ander kant, word gekonstrueer deur die integrasie van primêre metafore (Evans, 2009: 168). Hierdie teorie kan beskou word as 'n uitbreiding op die aanvanklike Konseptuele Metafoorteorie.

Volgens teoretici soos Deignan (2005), Lakoff en Johnson (1980) en Kövecses (2010) bied primêre metafore sterk getuienis vir beweerde universele metafore. Hierdie klas metafore is veral van belang omdat dieselfde metafoor vir 'n bepaalde konsep kan bestaan in verskillende gemeenskappe wat nie 'n gemeenskaplike taal of kultuur deel nie. Die wortels van hierdie ooreenkomste lê waarskynlik in die feit hulle alle gemeenskappe die wêreld vanuit 'n menslike liggaam ervaar (Deignan, 2005: 19).

2.6.3.5.2 Saamgestelde metafore

Volgens Gibbs *et al.* (2004: 1197) word saamgestelde metafore geskep "by blending primary metaphors and thereby fitting together small metaphorical pieces into larger

metaphors.” Primêre metafore (insluitend beeldskemas) wat uit direkte perseptuele of motoriese ervarings spruit, word op dinamiese maniere geïntegreer om meer en meer komplekse metafore tot stand te bring.

Leonard Talmy (1988) se navorsing dui byvoorbeeld daarop dat ons begrip van *oorsaaklikheid* metafories gebaseer is op ons beliggaamde gebruik van *mag* in alledaagse ervarings. OORSAKE IS MAGTE is ’n primêre metafoor wat outomaties en onbewustelik in vroeë ontwikkeling geleer word en vorm die belangrikste aspek van ’n uitgebreide metaforiese stelsel vir oorsaaklikheid (Feldman, 2006: 203).³⁸ Daar word voorgestel dat saamgestelde metafore bestaan binne ’n tipe **metafoorstelsel** met ’n bepaalde samehang tussen hierdie metafore.

2.6.3.6 Metafoorstelsels en Metaforiese Samehang

’n Belangrike grondstelling van die KMT is dat metaforiese uitdrukkings saam groepeer onder konseptuele wortelmetafore (“conceptual root metaphors”) en dat die metaforiese uitdrukkings in alledaagse taal *sistematies* van aard is en nie bloot eenmalige uitdrukkings is nie (Shen & Balaban, 1999: 140). Verskeie konvensionele metaforiese uitdrukkings wat prominent in alledaagse taalgebruik voorkom, staan in verhouding tot mekaar omdat hulle ’n onderliggende wortelmetafoor deel. So stel Lakoff en Turner (1989):

Without such a conceptual metaphor as LIFE IS A JOURNEY, there would be no conceptual unity to such ordinary conventional expressions as “making one’s way in life”, “giving one’s life some direction”, “getting somewhere with one’s life”, and so on. And there would be no explanation for the use of the same expressions, like “making one’s way”, “direction”, and “getting somewhere” in the domains of both traveling and living.

Lakoff (1993) verskaf die uitleg van ’n spesifieke metaforiese stelsel wat hy die gebeurtenis-struktuur metafoor noem. Hierdie metafoorstelsel is eintlik ’n reeks metafore wat in wisselwerking met mekaar tree by die interpretasie van uitinge (Evans & Green, 2006: 299).

³⁸ Byvoorbeeld “Dit het *druk* op my geplaas om te begin.”

Die siening van metafoor as 'n konseptuele struktuur verduidelik waarom soveel metafore moeiteloos en sonder bewuste moeite verstaan word – “Most metaphorical expressions are direct linguistic instantiations of preexisting conceptual mappings between conceptual domains and may thus be understood quite easily during the earliest moments of processing” (Gibbs, 1994: 251). Indien metafore so moeiteloos verstaan word omdat hulle staatmaak op voorafbestaande konseptuele karterings, sou dit beteken dat die blote verskyning van 'n metaforiese uitdrukking die gebruik van daardie kartering tydens produksie en begrip reflekteer (Shen & Balaban, 1999: 141). Met ander woorde, om 'n metaforiese uitdrukking te produseer, of om begrip oor een te verkry, word 'n bepaalde konseptuele kartering (komplekse karterings of konseptuele versmeltings in die geval van KVT) betrek en geaktiveer. Verskeie studies (Allbitton *et al.*, 1996; Gibbs, 1994) en neurologiese navorsing (Lakoff, 2014; Feldman, 2006; Schnitzer & Pedreira, 2005) ondersteun hierdie hipotese.

2.6.3.7 Metaforiese uitvloeiels

Volgens Evans en Green (2006) verwys metaforiese uitvloeiels of gevolge (“metaphorical entailments”) na die ryk kennisstrukture oor die brondomein wat bykomend oorfloei na die teikendomein in die proses van kruisdomeinkarterings.³⁹ Die term ‘uitvloeiels’ word spesifiek gebruik om dit te onderskei van *gekarteerde* elemente en rolspelers, soos in **Tabel 2.1** hierbo. Aanvullende kennis uit die brondomein (wat nie uitdruklik in die metaforiese uiting sigbaar is nie) word gebruik om duidelikheid te gee oor aspekte van die teikendomein (Kövecses, 2010: 122). Hierdie uitvloeiels kan volgens Kövecses (1997: 175) as submetafore voorgestel word. 'n Voorbeeld hiervan is die PLANTE IS KOMPLEKSE STELSELS-metafoor. Ensiklopediese kennis van plante wat van belang is vir hierdie metafoor sluit in die volgende: soos plante groei, word hulle fisies groter, en plante word soms geknip of gesny, wat hulle kleiner maak. Hierdie kennis word dan gebruik wanneer sprekers oor iets soos 'n komplekse stelsel dink, en kan opsigself as individuele metafore voorgestel word. **Tabel 2.6** hieronder illustreer die metaforiese uitvloeiels of submetafore van PLANTE IS KOMPLEKSE STELSELS, soos aangepas uit Kövecses (1997: 175-178).

³⁹ Vir die vertaling van “metaphorical entailments” het ek die watermetafoor *uitvloeiels* gekies.

Tabel 2.6: Metaforiese uitvloeisels van KOMPLEKSE STELSLS IS PLANTE

Metafore uitvloeisels (submetafore)	Talige manifestasie
'n PLANT WAT GROEI IS 'n KOMPLEKSE STELSEL WAT GROTER WORD	<i>His business is <u>branching out into</u> men's clothing.</i>
OM PLANTE TE SNOEI IS DIE VERMINDERING VAN KOMPLEKSE STELSLS	<i>They selectively <u>pruned</u> the workforce.</i>
VOORBEREIDING VIR DIE GROEI VAN 'n PLANT IS VOORBEREIDING VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'n KOMPLEKSE STELSEL	<i>The work <u>will prepare the ground for</u> future development.</i>
OM SAAD TE SAAI IS OM 'n KOMPLEKSE STELSEL TE SKEP OF BEGIN	<i>A <u>seed of doubt</u> <u>may have been planted</u> in your minds.</i>
OM 'n KOMPLEKSE STELSEL TE ONDERHOU IS OM 'n PLANT TE KWEEK	<i>He always <u>cultivates</u> friendships with the ruling class.</i>

Dit is waarskynlik juis deur die proses van metaforiese uitvloeisels dat **verlenging** en **uitbreiding** moontlik gemaak word. Verlenging (“extending”), as deel van **Poëtiese Metafoorteorie**, word deur Lakoff en Turner (1989: 67) uitgebeeld as 'n proses waar ensiklopediese kennis wat nie in 'n konvensionele metafoor geaktiveer is nie, van die brondomein af gekarteer word om 'n nuwe gleuf in die teikendomein aan te bring. Op hierdie wyse kan *die dood*, as konsep, byvoorbeeld deur die metafoor SLAAP IS DOOD verleng word. Dit word gedoen deur drome as gleuf in die teikendomein aan te bring (Lakoff & Turner, 1989: 67).

Verder vorm hierdie kartering nie bloot 'n manier om oor die teikendomein te *praat* nie. Die brondomein waaruit gekarteer word, bring ook hewige implikasies mee vir die manier waarop daar oor die konsep *gedink* en *beredeneer* word. Navorsers in Kritiese Metafooranalise, as uitvloeisel van Kritiese Diskoersanalise, stel veral belang in die oordedende en verleidende krag van metafoor as instrument van beïnvloeding. Daar word noukeurig gelet op die implikasies van 'n bepaalde metafoor om byvoorbeeld 'n sosiale kwessie te hanteer. Gegewe die diepgesetelde rol van metafoor as 'n instrument van kognisie, is dit maklik om te sien waarom 'n kritiese studie van metafoor in verskeie sosiale domeine en diskoerse van hoogstaande waarde kan wees.

2.2.2.5.1.1 Oorerflikheid en komposisionele verhoudings tussen metafore

Meer spesifieke metaforiese karterings (en talige uitdrukkings) kan verstaan word as uitgebreide instansies van meer skematiese metafore, soos aangevoer deur Lakoff (1993). Dit is moontlik dat 'n samestelling van primêre metafore algemene beeldskemas kan koppel aan komplekse sosiale en kulturele konsepte, sowel as die uitbreiding en vermenigvuldiging van metafore wat daaruit kan spruit. Met verwysing na die beeldskemas MAG en DOELGERIGTE BEWEGING OOR 'n PAD NA 'n BESTEMMING, illustreer Dancygier en Sweetser (2014) die waarneming dat meer komplekse talige uitdrukkings dikwels meer komplekse karterings verg.

In 'n sin soos “*Sy het haar pad suksesvol deur die egskeidingsooreenskoms genavigeer*” (eie vertaling), word die ervaring van die deelnemer beskryf vanaf verskeie hoekpunte, aangesien verskillende onderafdelings van die uiting verskillende metaforiese karterings verskaf (Dancygier & Sweetser, 2014: 46). Die ontleding van hierdie sin word deur Dancygier en Sweetser (2014: 46-47) soos volg uiteengesit:

- Die werkwoord *navigeer* suggereer 'n reis (LANG-TERMYN DOELGERIGTE AKTIWITEITE IS REISE), aangesien letterlike gebruike van die woord *navigeer* gewoonlik handel oor langer reise.
- *Navigeer* fokus wel ook op die versigtige keuses op 'n pad (MIDDELE IS PAAIE), wat op versperrings en hindernisse dui (MOEILIKHEDE IS VERSPERRINGS TOT BEWEGING).
- Die idee dat die aktiwiteit moeilik is, word verder bevestig deur die keuse van die bywoord *suksesvol*, wat verwys na die bereiking van 'n doelwit, en bring ook mee die alternatiewe moontlikheid van mislukking.

Hierdie karterings gee uiting aan 'n komplekse metaforiese skema, in hierdie geval die *Ligging Gebeurtenis-struktuurmetafoor* (“Location Event Structure Metaphor) of Ligging GSM, wat deur Dancygier en Sweetser (2014: 45) soos in **Tabel 2.7** uiteengesit word:

Tabel 2.7 Selektiewe karterings van LIGGING/BEWEGING na GEBEURTENIS-STRUKTUUR

Bron: LIGGING / BEWEGING	Teiken: GEBEURTENIS-STRUKTUUR
Liggings	Toestande
Beweging (verandering van ligging)	Verandering van toestand
Self-aangedrewe beweging	Handeling
Bestemming	Doelwit
Voorwaartse beweging	Vordering in doelgerigte handeling
Onvermoë om te beweeg	Onvermoë om handeling te verrig
Versperrings	Moeilikhede
Kruispaaie	Keuses oor handelinge

Die brondomein is saamgestel uit die elemente van die beeldskemas MAG en DOELGERIGTE BEWEGING OOR 'n PAD, terwyl die teiken 'n statiese situasie, 'n geval van oorsaaklikheid, of 'n doelgerigte aktiwiteit kan wees. Dit is verder moontlik dat komplekse metaforiese skemas aanleiding gee tot onderafdelings en vermenigvuldigings. Uit die Ligging GSM kan 'n domein soos REIS spruit, wat op sy beurt ook addisionele elemente toevoeg aan die aanvanklike skema, soos Reisiger en Voertuie. Hierdie tipe verryking van die aanvanklike saamgestelde metafoer, kan volgens Dancygier en Sweetser (2014: 46) beskou word as 'n *uitbreiding* van daardie domeine, eerder as die skepping van 'n nuwe en afsonderlike metafoer.

'n Komplekse uitdrukking kan dus veelvoudige karterings gelyktydig aktiveer, en eerder as om die uitdrukking as 'n "gemengde metafoer" te sien, moet dit volgens Dancygier en Sweetser (2014: 46) eerder beskryf word as 'n **komposisioneel kompleks** (saamgestelde) metafoer, indien daardie karterings versoenbaar met mekaar is (soos in die voorbeeldsin hierbo).

2.6.3.8 Die Sterkmetafoer-hipotese

Een van die implikasies van beliggaamde kognisie is dat min, indien enige, konsep voldoende gedefinieer kan word sonder die uiteindelijke verwysing na die een of ander perseptuele of motoriese ervaring. Die idee dat *alle* konsepte metafories verstaan word, 'n standpunt wat Grady (2005: 41) die "Constitutive Position" noem (vertaal as die **Sterkmetafoer-hipotese**), moet wel met skeptisisme benader word. Volgens

hierdie posisie sal die metafore wat aangewend word om oor 'n abstrakte konsep soos *die dood of liefde* te praat, die feitlike samestelling wees van daardie konsep. Die konsep staan derhalwe gelyk aan die somtotaal van die metaforiese onderdele.

Grady (2005: 41) voer aan dat menige basiese konsep nie direk op perseptuele ervaring gebaseer is nie. Skemas soos SIKLUS en SKAAL, byvoorbeeld, kan miskien geassosieer word met perseptuele konsepte soos SIRKEL en PAD, maar terselfdertyd beskou word as afsonderlike skemas wat onafhanklik van sensoriese assosiasies na (niesensoriese) dimensies van ervaring verwys (Grady, 2005: 41). 'n Fundamentele konsep soos *oorsaaklikheid*, wat geassosieer word met 'n wye reeks metafore, is volgens Grady (2005: 42) 'n verdere aanduiding dat hoewel perseptuele inhoud geskakel kan word aan 'n bepaalde konsep, is dit nie in geheel *saamgestel* uit daardie metafoer nie. Grady (2005: 43) verwys na Lakoff & Johnson (1999: 176-177) se uiteensetting van 'n "letterlike oorsaaklikheid" waarin die kern van *oorsaaklikheid* onafhanklik van perseptuele waarneming gekonstrueer is. Hy maak egter geen verwysing na byvoorbeeld Narayanan (1997) se redenasie dat konsepte wat nie op waarneming gebaseer is nie, wel 'n basis kan vind in die motoriese bewegings van die liggaam.

Die argument dat nie alle konsepte metafories verstaan word nie, word ook deur Lakoff & Johnson (1999: 58) erken – alle basiese sensor-motoriese konsepte soos *beker* ('n fisieke voorwerp), *vashou* ('n fisieke handeling) en *in* (in sy ruimtelike sin) word byvoorbeeld as "letterlik" beskou. Tog voer hulle aan dat konsepte wat sonder metafoer verstaan word, relatief "verarm" is. Denke en redenasie is moontlik, volgens Lakoff & Johnson, maar dit sal nooit die ryk omvang van metaforiese gedagtes kan bereik nie (1999: 59).

2.6.3.9 Die probleem van konvensionele, dooie en innoverende metafore

'n Sterk punt van omstredenheid binne die kognitiewe raamwerk van metafoer, is die kwessie van konvensionele teenoor innoverende metafore ("novel metaphors"). Goatly (1997) beweer dat metaforisiteit 'n kwessie van gradering is en dat die onderskeid tussen letterlike en figuurlike taal op 'n kontinuum geplaas kan word. Goatly tref 'n onderskeid tussen vyf tipes metafore op so 'n kontinuum – *aktiewe, moeë, slapende,*

begrawe en *dooië* metafore, elk gebaseer op hoe 'n spreker oor die letterlike betekenis van die woord dink.

Charteris-Black (2004) dui eerder drie tipes metafore aan, insluitend konvensionele en innoverende metafore. Hy definieer 'n **konvensionele metafoor** as 'n metafoor wat gereeld in gebruik is en deur daardie taalgemeenskap opgeneem is, met die gevolg dat bewustheid van die semantiese spanning tussen die letterlike en metaforiese gebruik van die uiting verminder (Charteris-Black, 2004:20). Waar die uiting gewoonlik metafories verstaan word, is dit nou deur die gebruiker as letterlik verstaan, eerder as konseptueel-metafories. Coulson en Oakley (2005) verwys hierna as 'n vasgelegde ("entrenched") metafoor. Uitdrukings soos "Dit het 'n baie *lang* tyd geneem", 'n manifestasie van die TYD IS RUIMTE metafoor, bevat 'n vasgelegde metafoor, aangesien die gedeelde woordeskat tussen die domeine TYD en RUIMTE so konvensioneel geword het, dat hulle onopvallend deur sprekers gebruik word (Coulson & Oakley, 2005: 12). Vir Coulson en Oakley is sulke voorbeelde metafories in die sin dat hulle die manifestasie is van 'n kruisdomeinkartering. Tog is word hulle ook letterlik in die sin dat die "metaforiese" betekenis van die term nou geleksikaliseer is en herroep kan word sonder om noodwendig te let op die kartering wat dit aanvanklik gemotiveer het (2005: 13). Hierdie tipe metafoor is in Goatly (1997) en Lakoff en Johnson (1999) se terme 'n *dooië* metafoor.

'n **Innoverende metafoor**, aan die ander kant, is een wat nog nie voorheen deur die taalgemeenskap opgeneem of reëlmatig gebruik word nie – hierdeur word die bewustheid van die semantiese spanning verhoog (Charteris-Black, 2004: 20). Wanneer 'n innoverende metafoor deur herhaalde gebruik en veral oor 'n generasie of meer deur die spraakgemeenskap opgeneem is, kan dit 'n konvensionele metafoor word.

Die vraag ontstaan of daar daadwerklik 'n onderskeid tussen hierdie twee vorme van metafoor getref kan word op die vlak van semantiese prosessering en dekodering. Sommige teoretici meen dat die KMT juis die aard van (konvensionele) metafoor oorskat en dat sprekers nie van konseptuele domeine gebruik maak in die mate wat KMT dit voorstel nie.

Bowdle en Genter (2005) bied 'n alternatiewe teorie vir metafoor, die **Loopbaan Metafoorteorie** ("Career of Metaphor Theory"). Met hierdie teorie stel die navorsers voor dat metafoor verskillende verstandelike prosesse vereis wanneer dit innoverend is (aan die begin van sy loopbaan), wanneer dit konvensioneel is (in die middel) en wanneer dit gesterf het (by sy einde). Hulle stem saam met die bevindinge van Glucksberg en Keysar (1990) dat sekere metafore prosessering by wyse van kategorisering (of abstrahering) vereis en nie kruisdomeinkartering (of vergelyking), maar het nog nie eksperimentele getuienis aangebied vir hierdie hipotese nie (Steen: 2011: 32).

2.6.4 Neurolinguistiese perspektiewe

Uit 'n neurolinguistiese oogpunt sluit Mashal *et al.* (2015) aan by Bowdle en Genter (2005) se metafoorteorie. Hul navorsing suggereer dat die leksikaliseringproses van konvensionele metafore se figuurlike betekenis skynbaar die patroon van hemisferiese betrokkenheid affekteer. Twee neuro-semantiese raamwerke is hier van belang.

Volgens die **Fyn-Grof Semantiese Koderingsteorie** ("Fine-Coarse Semantic Coding Theory") of FGSK van Beeman (1998) en Jung-Beeman (2005) bevat die brein se regter hemisfeer 'n unieke semantiese kodering wat bepaal word deur 'n semantiese verhouding of spektrum van hoogs sensitief tot ver verwyderd ("highly sensitive to distant"). Hierdie teorie suggereer dat die semantiese prosessering deur die twee serebrale hemisfere kwalitatief verskil (Mashal *et al.*, 2015: 97). Volgens hierdie teorie sal die linkerhemisfeer, onmiddellik nadat 'n woord teëgekomp is, fokus op 'n enkele, dominante betekenis (fyn semantiese kodering), terwyl die regterhemisfeer losweg groter semantiese velde aktiveer en handhaaf wat meer verwyderde assosiasies en meer onkonvensionele betekenis bevat (Mashal *et al.*, 2015: 97). Aangesien die metaforiese betekenis van 'n woord gewoonlik semanties meer verwyder is van sy letterlike interpretasie, voorspel die FGSK dat regterhemisferiese semantiese prosesse beter geskik is vir metaforiese begrip (Mashal *et al.*, 2015: 97).

Die studie van Mashal *et al.* (2015) toon dat die prosessering van konvensionele metafore oorwegend in die linker-hemisfeer geskied by eerstetaalsprekers, terwyl dit

meestal in die regter hemisfeer gedekodeer word by tweedetaalsprekers. Dit is vermoedelik omrede hierdie konvensionele metafore deur tweedetaalsprekers as innoverende metafore gedekodeer word, aangesien hulle nog nie tot dieselfde mate geleksikaliseer is of die vlak van *prominensie* verkry het van eerstetaalsprekers nie. Die betreklike belang van prominensie of o word veral voorgestel deur die **Prominensieskaalhipotese**, 'n tweede neuro-semantiese invalshoek wat poog om die prosessering van metafoor te beskryf.

Die Prominensieskaalhipotese (“Graded Salience Hypothesis”) of PSH van Giora (2002, 2003) stel dat die prominente of markante betekenis van woorde en uitdrukkings in die mentale leksikon gekodeer word en gevolglik maklik beskikbaar raak vir aktivering. Die betekenis van 'n woord word **markant** wanneer dit hoë mates van konvensionaliteit, frekwensie, bekendheid en prototipisering verkry (Mashal *et al.*, 2015: 97).

As aansluiting by die werk van Bowdle en Genter (2005), bevind Mashal *et al.* (2015) dat indien (veral eerstetaalsprekers) meer ervaring met 'n konvensionele metafoor het, verloor die uitdrukking mettertyd sy metaforiese aard en word dit meer en meer bekend en sodoende geleksikaliseer. Wanneer metafore hoogs gekonvensionaliseer is, vorm sterk assosiasies tussen die woorde en word hul prosessering mettertyd gebaseer op die fynsemantiese koderingsmeganisme van die *linker*hemisfeer (Mashal *et al.*, 2015: 106).⁴⁰

Hoewel die FGSK en PSH kritiese implikasies meebring vir KMT, soos dat nie alle metafore konseptuele verstaan of geproduseer word nie, moet studies wat die teenstelling aandui, benadruk word. Coulson en Oakley (2005: 13) voer byvoorbeeld aan dat begrip oor konvensionele metafore “requires the application of a substantial

⁴⁰ Tog bly die aard en mate van hemisferiese betrokkenheid 'n sterk geskilpunt. Terwyl sommige navorsing die teorie ondersteun dat die regterhemisfeer 'n beduidende rol speel in die dekodering van figuurlike taal (Anaki, Faust, & Kravetz, 1998; Bottini *et al.*, 1994), dui ander studies op geen regterhemisfeerbetrokkenheid nie (Lee & Dapretto, 2006; Stringaris *et al.*, 2007, Kacinik & Chiarello, 2007). Ander voer aan dat die graad van regter hemisferiese inspanning eintlik afhang van kontekstuele faktore, eerder as die figuurlike aard van die uitdrukking (Mashal *et al.*, 2007; Schmidt & Seger, 2007). Kasparian (2013: 2) dui tereg aan dat daar tot op hede geen konsensus bestaan aangaande die presiese rol en betrokkenheid van die regter-hemisfeer by die dekodering van figuurlike taal nie.

amount of background knowledge, including extensive use of conceptual metaphors”. Gibbs (1994) se studie het bevind dat subjekte metaforiese sinne vinniger prosessee indien daar in dieselfde diskoers (in hulle geval ’n storie) woordeskat behels het wat na dieselfde domein verwys. Vergelyk Lakoff (2014), Schnitzer en Pedreira (2005), Feldman (2006), Feldman en Narayanan (2004) vir enkele voorbeelde uit die neurolinguistiek wat dié standpunt begunstig.

Navorsing in die neurolinguistiese veld ondersteun die teorie dat sekere semantiese inligting gedekodeer en geproduseer word in kategorie-spesifieke areas in die brein. Woorde wat aan spesifieke semantiese kategorieë hoort, toon selektiewe aktivering van modaliteit-voorkeur areas (“modality-preference areas”), byvoorbeeld, aksie- verwante woorde⁴¹ stimuleer aktiwiteit in die dorsale motorkorteks, terwyl voorwerp- verwante woorde die ventrale visuele areas⁴² laat aktiveer (Garagnani & Pulvermüller, 2016).

2.6.5 Gevolge vir diskoersanalise

Op grond van beide taalkundige en neurologiese navorsing blyk die problematiek van metafoorkategorisering onopgelos te wees. Die navorser in korpuslinguistiek en diskoersanalise word dus in ’n moeilike situasie geplaas aangaande die gevolgtrekkings vir metafooridentifikasie en -ontleding in ’n spesifieke diskoers: Het die metafoor gevolge vir kognisie, al dan nie? Die benadering van hierdie verhandeling volg beide ’n breë en eng perspektief. Aan die een kant sal alle metafore as *aktief* beskou word, met die daaropvolgende ontledings en gevolgtrekkings (die breë perspektief). Aan die ander kant word daar by wyse van die eng perspektief staatgemaak op die uiteensetting van Deignan (2005: 39), wat ’n korpus-gebaseerde klassifikasie van metafore bied, gedeeltelik ontwikkel uit die werk van Lakoff en Goatly.

Tabel 2.8: Deignan se kategorisering van metafories-gemotiveerde talige uitdrukkings (aangepas en gedeeltelik vertaal uit Deignan, 2005: 47).

⁴¹ Byvoorbeeld werkwoorde soos *gryp, vat, loop, sit*, ens.

⁴² Die ventrale stroom (of “visie-vir-persepsie- baan”) is glo verantwoordelik vir die herkenning en uitkenning van visuele vorme en voorwerpe.

Tipe metafories-gemotiveerde talige uitdrukking	Identifisering	Voorbeeld
1. Innoverende metafore	Minder as een per duisend korpusaanhalings van 'n woord, of alle aanhalings uit 'n enkele bron.	... the <i>lollipop trees</i> (Cameron 2003) He held five <i>icicles</i> in each hand (vingers) (Goatly 1997)
2. Konvensionele metafore	Nie innoverend of histories by wyse van korpuskriteria. Metaforiese betekenis afhanklik van die sentrale betekenis deur korpuslinguistiese en/of semantiese kriteria.	The wind was <i>whispering</i> through the trees. (Albritton 1995: 35). <i>grasp</i> (Lakoff 1987) There is no <i>barrier</i> to our understanding. (Halliday 1994)
3. Dooie metafore	Nie innoverend of histories op grond van korpuskriteria. Geen metaforiese betekenis afhanklik van 'n sentrale betekenis nie.	<i>(deep)</i> (gesê van kleur) <i>crane</i> (masjien om swaar voorwerpe mee op te tel) (Goatly 1997)
4. Historiese metafore	Die voormalige letterlike betekenis word óf nie verteenwoordig in die korpus nie óf dit is so verskillend in betekenis dat dit homonimies is vir huidige sprekers.	<i>comprehend, pedigree, pupil</i> (Lakoff 1987)

Die grens tussen innoverende en konvensionele metafore is dikwels moeilik om duidelik te tref, aangesien alle konvensionele metafore eens innoverende metafore was en omdat individuele sprekers sal verskil in terme van 'n uitdrukking se klassifikasie. Volgens Deignan (2005: 40) kan 'n korpusfrekwensielys as 'n growwe gids dien, aangesien innoverende metafore minder gereedelik voorkom.

Historiese metafore “are senses originally formed by metaphorical extensions from a literal sense that has since dropped out of use” (Deignan, 2005: 40). Indien die woord nie herleibaar is tot 'n letterlike betekenis in die betrokke taal nie (soos dikwels die geval by leenwoorde), kan daardie metafoor as histories beskou word.

Die onderskeid tussen dooie en konvensionele metafore kan soms ook uitdagend wees om spesifiek vas te stel. Die aanbeveling van Deignan (2005: 41-42) is dat konvensionele metafore op intuïtiewe vlak staatmaak op die een of ander letterlike betekenis, terwyl dit nie die geval by dooie metafore is nie. Indien 'n konvensionele metafoor 'n letterlike betekenis kan oproep, dan word die letterlike betekenis gesien as meer sentraal as die metaforiese betekenis. Vervolgens moet die metaforiese betekenis op die een of ander wyse “afhanklik” wees van die letterlike betekenis. Sentraliteit en afhanklikheid kan as volg gebruik word om die onderskeid tussen die twee metafore te tref: waar 'n letterlike betekenis as meer sentraal gesien word as die bevestigde metaforiese betekenis, is die tweede betekenis 'n konvensionele metafoor. Waar daar nie so 'n verhouding van sentraliteit en afhanklikheid tussen 'n metafoor en sy letterlike eweknie bestaan nie, word die metafoor as dood beskou.

Indien konvensionele metafore wel volgens afsonderlike prosesse geproduseer en geprosesseer word, sal 'n spesiale kognitiewe metafoorteorie ontwikkel moet word spesifiek vir skeppende gebruike (Dancygier & Sweetser, 2014: 36).

2.6.7 Metonimie

Hoewel metafoor 'n toonaangewende meganisme is in betekenis-konstruksie en begrip, is dit nie die enigste proses binne die kognitiewe linguistiek waar domeinkarterings plaasvind nie. Die verwante verskynsel van metonimie verdien ook spesiale vermelding insoverre dit toepassing vind in diskoersanalise.

Radden en Kövecses (1999) se benadering tot metonimie is gebaseer op Lakoff (1987) se opvatting van GKM'e. Vir hulle kan metonimie verstaan word as 'n konseptuele proses waar een konseptuele entiteit (die teiken) toeganklik gemaak word by wyse van 'n ander konseptuele entiteit (die voertuig), binne dieselfde GKM.⁴³

Kövecses (2006: 99) verbreed hierdie aanvanklike definisie deur metonimie te beskryf as:

a cognitive process in which one conceptual element or entity (thing, event, property), the vehicle, provides mental access to another

⁴³ Die stelling “die *ketel* kook” word metonimies verstaan word as “die *water* kook”, waar ketel hier aangewend word om na sy inhoud te verwys.

conceptual entity (thing, event, property), the target, within the same frame, domain or idealized cognitive model.

Drie belangrike onderskeide kan tussen metafoor en metonimie getref word. Die eerste onderskeid is dat metonimie uit 'n verhouding tussen twee items in *dieselfde* kennisnetwerk of domein bestaan. Metafoor, aan die ander kant, behels juis 'n kartering tussen twee *aparte* ervaringsdomeine. Tweedens is die verhouding tussen die teiken en die voertuig nie eenrigting-gebonde, soos in die geval van metafoor nie, maar kan gewoonlik omgekeer kan word (Radden & Kövecses, 1999: 3). Binne die Aksie GKM kom die metonimie AGENT VIR AKSIE voor, soos “om iemand te *dokter*”, asook AKSIE VIR AGENT: soos *skrywer, bestuurder*. Laastens word daar voorgestel dat metafoor gebaseer is op 'n verhouding van soortgelykheid of ooreenstemming tussen bron en teiken, terwyl dit by metonimie 'n geval van aangrensendheid (“contiguity”) is (Dirven, 2002).

Die volgende metonimieë is van belang vir hierdie studie: BEPALENDE EIENSKAP VIR KATEGORIE. Hierdie metonimie verteenwoordig die verhouding tussen 'n GKM in geheel en sy dele. Volgens Radden en Kövecses (1998: 53) kan eienskappe ook beskou word as dele van 'n kategorie. Indien kategorieë doelbewus geskep word op grond van 'n stel eienskappe, dan is hierdie eienskappe noodwendig deel van die kategorie (Radden & Kövecses, 1998: 53). Daarsonder sou die kategorie nie bestaan het nie. Daarom kan kategorieë metonimies staan vir een of meer van hul bepalende of andersins “essensiële eienskappe”, en kan een van hierdie eienskappe ook staan vir 'n kategorie wat daardeur tot stand gebring is (Radden en Kövecses, 1998: 53). Twee sulke metonimieë is BEPALENDE EIENSKAP VIR KATEGORIE, byvoorbeeld “kleintjies” vir “jong kinders” en KATEGORIE VIR BEPALENDE EIENSKAP.

Die grens tussen metafoor en metonimie is egter nie so duidelik en absoluut nie. Teoretici soos Radden (2002), Croft en Cruse (2004) en Dirven (2002) verskaf in diepte besprekings oor 'n reeks spektrumgevalle en kwalifiseer sommige aanvaarde standpunte oor metafoor en metonimie.

2.6.8 Simulasiesemantiek

Die sentrale rol wat beliggaming in kognisie speel, is reeds hierbo breedvoerig ondersoek. Daar is verder aandag geskenk aan die idee van konseptualisering by

wyse van mentale ruimtes, konseptuele versmelting, semantiese rame, geïdealiseerde kognitiewe modelle en kruisdomeinkartering. 'n Laaste raamwerk binne die kognitiewe semantiek is van belang vir hierdie verhandeling, naamlik simulatiesemantiek.

Ek het reeds uitgelig hoedat kognisie nie verstaan kan word sonder verwysing na die stelesels wat ingebed is in die biologiese samestelling en sosiale konteks van 'n organisme nie. Vanuit die beliggaamde perspektief behels talige betekenis en begrip die aktivering van perseptuele, motoriese, sosiale en affektiewe (emosionele) kennis wat deur die inhoud van uitinge aangespoor is. Een hipotese binne die kognitiewe linguïstiek is dat taalprosessering die uitvoering van mentale perseptuele en motoriese simulaties behels (Narayanan 1997; Bergen *et al.* 2004; Bergen & Chan, 2005). Die begrip van woorde en sinne word daarom bepaal deur die bydrae wat daardie talige elemente maak in die konstruksie van mentale simulaties (Bergen, 2007: 278). Evans (2008: 27) verwys (ietwat kruweg) na na hierdie simulaties as “a rehearsal of previously stored perceptual experience.” Die studie van hoe verskillende aspekte van taal bydra tot die konstruksie van mentale beelde en hoe daardie simulasie tot stand gebring word, staan bekend as simulatiesemantiek (Bergen & Chang, 2005; Bergen, 2007: 278).

Hoewel nie alle simulaties in die direkte bewustheid van die individu gebring word nie, is dit wel moontlik om introspektief te let op die verbeelde simulasie wat deur taal gestimuleer word. Dit is hierdie kapasiteit wat dikwels as metode aangewend word vir die bepaling van kruisdomeinkarterings en metafoorformulerings (sien afdeling 3.5.3.4 in Hoofstuk 3).

2.7. Diskoersanalise

Die uiteindelige doel van hierdie verhandeling is om metaforiese konstruksies uit te lig in dekoloniale *diskoers*. Dit is in hierdie opsig belangrik om 'n presiese uiteensetting te verskaf van diskoers, ten einde verwarring, vaagheid of meerduidigheid te voorkom. 'Diskoers' word deur taalkundiges in verskeie kontekste aangewend om na ooreenstemmende, tog verskillende betekenis te verwys.

2.7.1 Definiëring van diskoers

In die vroeër taalkundige en semiotiese tradisies is die term diskoers aangewend om na die produk van enige vorm van kommunikatiewe interaksie (Pike, 1954); dus *performance* (teenoor die formele struktuur van taal) (Van Dijk, 1974); gesproke talige uitings (Cicourel, 1975) en gesprekke te verwys. As 'n kontrasterende vergelyking met diskoers, word **teksanalise** meer gerig op *tekstualiteit* of die tekstuele aanvaarbaarheid van *geskrewe taal*, soos dit manifesteer in artikels, boeke, padtekens en kennisgewings (Carstens, 1997: 12). Binne die post-strukturalistiese raamwerk van dekonstruksie, dui 'teks' volgens Derrida⁴⁴ (1998[1967]) en Spivak (1998) na beide geskrewe en gesproke *talige* uitings. In Bussmann se terme is teks 'n "[*I*]inguistic form of expression of a communicative act which is individually determined" (1996: 1187) [eie kursivering].

Binne die konteks van Kritiese Diskoersanalise (KDA) en van spesifieke belang vir hierdie studie, beskryf Chilton (2005: 23) diskoers as iets:

produced and interpreted by *human individuals interacting* with one another. (...) If language use (discourse) is, as the tenants of CDA⁴⁵ assert, connected to the 'construction' of knowledge about social objects, identities, processes, etc., then that construction can only be taking place in the *minds of (interacting) individuals* [eie kursivering].

Chilton lig 'n baie belangrike aspek van diskoers uit, naamlik dat dit 'n geskepte *verstandelike* objek is wat tussen mense geproduseer en verruil word. Daar moaltyd in gedagte geneem word dat *dekolonisering* as 'n begrip nie 'n bestaan in die objektiewe wêreld buite waarneming het nie. Nes alle konsepte, veral dié wat deur taal gekonkretiseer word, is *dekolonisering* 'n verstandelike verskynsel wat op grond van konsensus 'n verbeelde bestaansreg gegee word.

Dit beteken egter geensins dat *dekolonisering* 'n geheel arbitrêre konsep is met geen verwysingspunt na die waarneembare maatskaplike wêreld en sielkundige ervaring van subjekte nie. Dekolonisering as 'n diskoers ontstaan juis as 'n reaksie op die

⁴⁴ Met verwysing na sy opvatting van *logos*, die taalgesentreerde middelpunt waarom pogings tot die vasstelling van waarheid wentel (Derrida, 1998: 10-11).

⁴⁵ *Critical Discourse Analysis*.

interpretasie van 'n waargenome eksternaliteit: die waarneming van sterk ekonomiese ongelykheid tussen persone op grond van velkleur, van die (re)produsering van bepaalde epistemologieë van Europese oorsprong, van ikone en simbole in die openbare domein wat 'n koloniale geskiedenis aktiveer, sowel as die waarneming van die manier waarop openbare instellings funksioneer en die kultuur waarop dit gebaseer is.

Die waarnemings van die manier waarop 'n bepaalde samelewing saamgestel is en die wyse waarop onderlinge interaksies plaasvind, is die materiaal wat die sosiale wetenskaplike gebruik om teorieë te formuleer aangaande die aard en oorsprong van hierdie verskynsels, sowel as die sisteme wat dit herproduseer en in stand hou. Op hierdie wyse kan die konsep *wit bevoorregting* deur die sosiale wetenskaplike voorgelê word as 'n verklaring waarom wit mense in Suid-Afrika volgens bepaalde statistiek meer welsyn geniet, relatief tot ander demografiese groeperings. So 'n konsep word geskep en aangevul deur interpretasies van werklik waarneembare gegewens in die sosiale werklikheid. Die legitimiteit van die konsep word verkry deur *konsensus* oor hierdie interpretasies en teoretisering in die akademiese gemeenskap⁴⁶.

Die sirkulering, aanvulling en produsering van bepaalde konsepte, sowel as die ondersteuning daarvan op maatskaplike vlak, vorm van die *praktyke* wat 'n diskoers produseer en instandhou. Dit is wanneer hierdie praktyke 'n bepaalde stel idees genormaliseer en vanselfsprekend gemaak het, dat dit die vorm van ideologie neem.

In *The Archeology of Knowledge* (2002 [1972]) verbind Michel Foucault diskoers op 'n fundamentele vlak met mag en ideologie. Sy gebruik van die term dui op 'n histories veranderlike sosiale sisteem wat kennis en betekenis produseer. Vir hom is diskoers nie bloot die manifestering van taal nie – “discourse is not a slender surface of contact, or confrontation between a reality and a language (langue), the intrication of a lexicon and an experience” (Foucault, 2002: 54). Diskoers omvat “a group of rules proper to discursive practice. These rules define not the dumb existence of a reality, nor the canonical use of a vocabulary, but the ordering of objects” (Foucault, 2002: 54). Die analise van diskoers is daarom:

⁴⁶ 'n Groepering van mense wat aktief betrokke is by intellektuele gesprekke oor maatskaplike kwessies.

[a] task that consists of not — of no longer — treating discourses as groups of signs (signifying elements referring to contents or representations) but as *practices* that systematically *form the objects of which they speak*. Of course, discourses are composed of signs; but what they do is more than use these signs to designate things. It is this *more* that renders them irreducible to the language (langue) and to speech [eie kursivering].

Vir Foucault is die sentrale aspek van diskoers daarom nie bloot die (veral talige) *tekens* as representasies van konsepte nie, maar ook die spesifieke *praktyke* wat lei tot die totstandkoming en handhawing van daardie konsepte. In hierdie opsig kan die funksionering van die universiteit en dominansie van sekere invalshoeke reeds gevestigde konsepte óf versterk óf dit krities uitdaag en selfs plaasvervangers en alternatiewe benaderings aanbied.

In hierdie verband kan **dekolonisering** as 'n bepaalde diskoers beskou word waarvan die legitimiteit versterk is deur maatskaplike bewegings soos #MustFall-bewegings, en waar die legitimiteit groei deur die toenemende (dikwels gedwonge) aandag wat navorsing in hoër onderwys daaraan skenk. Die “dekoloniale wending” in Suid-Afrikaanse universiteite kan ook opsigself waargeneem word as 'n transisie in magsverhoudings. Hierdie transisie raak opvallend wanneer daar gelet word op die tipe kennis wat op politiese vlak ondersteuning kry en die verandering in die demografie van studente en akademici by Suid-Afrikaanse universiteite.

Vir doeleindes van hierdie hoofstuk en hierdie verhandeling, word daar hoofsaaklik staatgemaak op die definiëring en opvatting van Foucault. Die sentrale doelwit van hierdie verhandeling is om 'n kritiese ondersoek in te stel na die manier waarop die akademiese diskoers oor dekolonisering by wyse van metafoor hierdie konsep oordra, produseer en naturaliseer. Daarom verwys die begrip *diskoers* uiteindelik na talige simbole en die mentale representasies wat deur daardie simbole opgeroep word.

2.7.2 Kritiese metafooranalise

Een van die standpunte van KMT is dat metafoor potensieel ideologies van aard is en 'n uitwerking kan hê op die sosiale werklikheid (Charteris-Black, 2004; Chilton, 2005; Cienki, 2008; Musolff, 2011). Die gevolg hiervan is dat bepaalde metafore wat in 'n spesifieke konteks of diskoers gebruik word, 'n reeds verpakte interpretasie van 'n situasie inhou. Lakoff en Johnson (1980: 156) beweer byvoorbeeld dat die persepsie

van die publiek tydens die VSA se soektog na goedkoop energiebronne in die 1970's beïnvloed is deur die OORLOG-domein en oorlog-metafore. Volgens hulle is daar 'n onderliggende metafoor-uitvloeisel ingesluit by die konseptuele metafoor DIE SOEKE NA ENERGIE IS OORLOG, naamlik die bestaan van 'n (Arabiese) uitlandse vyand. Die bewering van Lakoff en Johnson is dat die daarstelling van so 'n uitvloeisel die gedrag en gedagtes van politici en die publiek beïnvloed het, en dat 'n ander metafoor tot 'n alternatiewe verloop van geskiedenis sou gelei het.

Die beskouing van metafoor as 'n ideologiese instrument is volgens Deignan (2005: 23) gebaseer op metafoor se onvolledige, en daarom gebrekkige, aard. Die interpretasie van situasies of gebeure wat deur enige metafoor voorgestel word, is altyd foutief, aangesien dit slegs 'n gedeelte of aspek van daardie gebeurtenis voorstel. 'n Metafoor kan daarom nooit 'n objektiewe begrip van 'n onderwerp bied nie, aangesien enige formulering noodwendig slegs 'n bepaalde uitkyk fasiliteer, dikwels begelei deur ideologie.

Gegewe die verreikende impak en rol wat metafoor speel in die konstruering van begrip, moet die erns daarvan op sosiale en politieke diskoers nie geringskat word nie. Metafoor toon nie net die kapasiteit om mense te help om hul eie wêreld te orden en daaraan uitdrukking te gee nie, maar word ook aangewend as 'n oorredingsmeganisme. Dit kan dien as 'n instrument wat gebruik word om ander te lei (sonder hul besef daarvan) om op 'n sekere wyse oor 'n sekere sosiale of politiese kwessie te dink. Onderzoek in die gebruik van metafoor, veral waar dit die potensiaal het om vir ideologiese manipulasie aangewend te word, is 'n noodsaaklike en uitdyende veld van navorsing wat bekend staan as **kritiese metafooranalise (KMA)**.

In diskoersanalise is dit nie gewoonlik die bedoeling van navorsers om 'n bepaalde taalteorie te beproef nie. Hul belangstelling lê eerder daarin om te wys hoe sprekers taal gebruik om betekenis te genereer, met metafoor as een van hul instrumente vir hierdie onderneming (Deignan, 2005: 123).

Charteris-Black (2004: 243) meen hoewel die kognitiewe semantiek 'n genoegsame model verskaf van *hoe* metafoor geïnterpreteer word deur individue, dit die rol van KMA is om uit te lig *waarom* sekere metafore gekies word in spesifieke diskoers-

kontekste. Kritiese metafooranalise is 'n spesialisveld binne die breër konseptuele raamwerk van Kritiese Diskoersanalise (KDA). Volgens Charteris-Black (2004: 29) is die doelwit van KDA om te demonstree hoe:

particular discursive practices reflect socio-political power structures and, by implication, to modify practices to the benefit of those whom they currently disadvantage [...]. The primary aim of its analysis is to make explicit the political and ideological motivations that would, otherwise, be implicit or concealed.

In verskeie publikasies dui Van Dijk (1993; 1995b; 2008; 2009) aan dat die analise van sosiale diskoers besondere aandag moet gee aan die 'kognitiewe koppelvlak' ("cognitive interface") van kennis, houdings, ideologieë, en ander sosiale representasies in die menslike verstand. Op 'n semantiese vlak lig hy veral uit hoedat talige verskynsels soos hiperbole en metafore die organiserende modelle en opinies in daardie modelle kan affekteer (1993: 259).

Hierdie sentrale uitkyke in KDA word uiteindelik in samehang gebring met die onderskeie teorieë in die semantiese tradisie, spesifiek die kognitiewe semantiek. Alhoewel hierdie benadering nuut is in die Suid-Afrikaanse konteks, is dit reeds suksesvol in die Noord-Amerikaanse konteks toegepas in onder andere Lakoff (2004; 2008). Veral in *The Political Mind* (2009) verken Lakoff die metaforiese onderbou van politiese oriëntasies en stel dat 'n ondersoek in die kognitiewe en neurologiese fasette van mense noodsaaklik is in die bestudering van diskoers. In die konteks van Lakoff se studie, is dit die diskoers van dekolonisering wat in hierdie verhandeling aandag ontvang.

Daar bestaan wel sommige beslissende verskille tussen die oogmerke van KMT en dié van KDA. Terwyl teoretici in KMT hul bemoei met die kruisdomeinkarterings in 'alledaagse' denke en taal, op "apolitiese" vlak, is die KDA spesifiek gemoeid met diskoers in die domein van die sosiale en politiese (Hart, 2007). Hoewel dit waar is dat die kognitiewe semantiek in die meeste opsigte nie op die oppervlak 'n politieke agenda nastreef nie, is die toepassing van hierdie kennis op sosiale en politieke vlak herhaaldelik geïllustreer. Lakoff alleen het 'n reeks publikasies die lig laat sien, waarin kognitief-linguistiese navorsing krities toegepas word op die politieke domein (1996, 2008, 2009)

Die kognitiewe semantiek kan weliswaar insiggewende perspektiewe bied op formulerings en konsepte wat in die politiese diskoers verruil word. Die Konseptuele Metafoorteorie kan as 'n nuttige instrument vir diskoerseanaliste dien en die toepasbaarheid van hierdie teorie het reeds 'n gevestigde tradisie. Die huidige navorsing sal poog om aan te sluit by daardie tradisie.

2.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is kognitiewe semantiek, as subdissipline van die kognitiewe linguistiek, geplaas binne die konteks van die leksikale semantiek en die kognitiewe wetenskap. As 'n fundamentele tesis in die kognitiewe semantiek, is die beginsel van beliggaamde kognisie op beide taalkundige en neurobiologiese vlakverken. Die bespreking van beliggaamde kognisie het oorgevloei na die siening dat betekenis ensiklopedies is en dat die proses van konseptualisering die meganisme is waarmee (talige) betekenis gekonstrueer word. Verskeie vorme van mentale representasies, soos semantiese rame, geïdealiseerde kognitiewe modelle, domeine en beeldskemas is voorgestel as enkele belangrike komponente van konseptualisering. Op hierdie punt is daar 'n gedetailleerde (dog noodwendig onvolledige) oorsig van konseptuele metafoor verskaf. Die Konseptuele Metafoorteorie het die fokuspunt van die bespreking gevorm, veral in terme van die beskouing van metafoor as karterings tussen 'n (gewoonlik konkrete) brondomein en 'n (gewoonlik abstrakte) teikendomein.

Daar is hoofsaaklik staatgemaak op die teoretisering van Lakoff en Johnson (1980, 1999), Lakoff (1993) en Kövecses (2008, 2010). Die kontroversie rondom dooie teenoor lewendige metafore het indringende aandag geniet, ook met behulp van navorsing uit die neurolinguistiek. Ek het op hierdie punt aangedui dat ek selfs konvensionele metafore in die betrokke studie as potensieel aktief beskou. Metonimie en simulasiesemantiek het kortliks aandag geniet, sover as wat dit betrekking het op die betrokke studie. Die laaste gedeelte in hierdie hoofstuk is gewy aan diskoersanalise, waar ek op Foucault (2002[1972]) staatmaak om die rol en funksionering van diskoerse soos tekste uit te lig. Aan die hand van Deignan (2005) en Charteris-Black (2004) is Kritiese Metafooranalise as konseptuele raamwerk voorgestel.

Die volgende hoofstuk sit die metodologiese raamwerk en prosesse uiteen. Korpusbenaderings tot metafoor word kortliks uiteengesit en verbind met wyses van metafoordataversameling en kwessie rondom metafooruitkenning. Die uitvoering van hierdie metodes maak baie sterk staat op die teoretiserings vervat in Hoofstuk 2.

Hoofstuk 3 Metodologie

3.1 Inleiding

In die dekoloniale diskoers word die krag van taal as 'n uitermate invloedryke instrument erken, een wat die magdinamika en persepsies binne die samelewing beïnvloed. Hierdie studie het daarom die doel om die onderliggende metafore van die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekolonisering** uit te ken en krities te ontleed. Ten einde klaarheid te gee oor die presiese aard en omvang van hierdie onderneming, moet die metodologiese werkswyse indringende aandag geniet.

In hierdie hoofstuk word toeligting oor die metodologiese kwessies van die ondersoek aangebied. 'n Bondige inleiding tot korpusbenaderings tot metafoor en die vlakke van metafooranalise word verskaf. Verder word besonderhede oor die korpus en sy samestelling aangebied, gevolg deur 'n uiteensetting van die instrumente wat in die studie benut word. Die finale afdeling is gerig op metodes en kwessies rakende dataversameling en metafooridentifikasie. Die basiese prosedure vir Fase 1 en Fase 2 van hierdie studie word neergelê en opgevolg deur 'n bespreking van probleme, beperkings en strategieë rondom metafooridentifikasie.

3.2 Korpusbenaderings tot metafooranalise

Die term "korpus" kan volgens Deignan (2005) gebruik word om na enige versameling tekste te verwys, soos woordeboekinskrywings, gesproke opnames, koerantartikels, boeke, tydskrifte, ensomeer. Meyer (2002) lig egter die omstredenheid van die term uit, aangesien die begrip in 'n breë, sowel as eng sin verstaan kan word. Volgens Meyer (2002: xi) verkies die meeste taalkundiges in korpusnavorsing om 'n enger benadering te volg, waarvolgens 'n korpus verstaan word as 'n versameling tekste of gedeeltes van 'n teks waarop taalkundige analyses uitgevoer kan word. Hierdie beskrywing is ook die werksdefinisie van hierdie studie.

'n Korpus dien as 'n baie nuttige hulpbron vir verskeie dissiplines binne die taalwetenskap. Dit word gebruik in die leksikografie om woordeboeke mee op te stel (sien Sinclair, 1992), taalverandering en -variasie te bestudeer (Aston & Burnard 1997;

Kytö 1996; Biber 1988), die proses van taalverwerwing te verstaan (Garside & Smith 1997), en om vreemde en -tweedetaalonderig te verbeter (MacWhinney 2000). In hierdie verhandeling word 'n korpus gebruik vir metafoorondersoek.

Die gebruik van korpusbenaderings tot die uitkenning en ontleding van metafore hou verskeie voordele in. Die betrekking van 'n korpus beteken dat die navorser meer natuurlike manifestasies van metafore kan bestudeer. Deur staat te maak op 'n verskeidenheid van tekste, kan bepaalde patrone bespeur word wat andersins buite bereik sou wees indien slegs 'n beperkte seleksie van tekste of diskoerse betrek is. 'n Verdere noemenswaardige voordeel is die gebruik van beskikbare funksies in die korpusbestuursagteware, byvoorbeeld frekwensietellings, konkordansie en kollokasie.

Daar bestaan egter duidelike nadele en tekortkominge wanneer metafoor deur korpusbenaderings bestudeer word. Sommige probleme wat spruit uit die aard van korpusondersoeke sluit die volgende in:

- Beperkte kontekstuele inligting: 'n korpus-gebaseerde benadering verskaf slegs beperkte kontekstuele inligting oor die taalgebruik van 'n bepaalde teks. Dit kan dit moeilik maak om die nuanses van 'n metafoor te verstaan, aangesien uitgebreide kontekstuele inligting verlore kan gaan.
- Persoonlike verskille word nie oorweeg nie: korpusgebaseerde benaderings neem nie die individuele verskille in hoe mense die metafoor gebruik en interpreteer in ag nie.
- Beperkte omvang: 'n korpusgebaseerde benadering ondersoek slegs die taalgebruik van 'n bepaalde korpus. Sekere korpusse mag moontlik nie die volle omvang van metafoor in 'n bepaalde taal of konteks weerspieël nie.
- Gebrek aan objektiewe verklaring: terwyl korpusgebaseerde benaderings patrone in die gebruik van metafore kan uitken, kan dit nie objektief verduidelik hoe verskillende metafore verstaan of gebruik word nie.

Empiries gesproke kan bevindinge ook slegs gemaak word op grond van tekstuele, talige realiserings van metafore. Die huidige studie moet daarom rekening hou met die onderskeie vlakke van analise, soos in 3.2.1 hieronder uiteengesit..

3.2.1 Vlakke van en benaderings tot metafooranalise

Steen (2010) en Kövecses (2010) dui verskillende dimensies aan vir die ontleding van metafoor in taal, denke en kommunikasie. Vir Steen (2010) kan daar tussen drie invalshoeke van metafooridentifikasie onderskei word, naamlik semioties, sielkundig en sosiaal. In 'n semiotiese benadering word simboliese data soos tekste ondersoek ten einde spesifieke tekens as metafoories uit te ken (Steen, 2010: 46). Hierdie benadering stem ooreen met die **supra-individuele vlak** van metafooranalise wat Kövecses (2010) beskryf. Dit is hier waar navorsers gewoonlik gekonvensionaliseerde metafooriese uitdrukkings neem en hulle groepeer in konseptuele metafore wat 'n kartering tussen 'n konkrete brondomein en abstrakte teikendomein aandui (Kövecses, 2010: 307).

Volgende word daar gelet op Steen (2010) se sielkundige benadering, wat meer gerig is op individuele gedrag en die uitkenning van metafoor op 'n verstandelike vlak, soos gedagtes. Om 'n metafoor op hierdie vlak te identifiseer, benodig ons empiriese bewyse dat twee aparte betekenisse weliswaar geaktiveer en verwant aan mekaar is in die individu se verstand (Steen, 2010: 47). Kövecses (2010) noem hierdie manier die **individuele vlak** van analise, waar daar getoets sou word of die metafore uitgeken op die supra-individuele vlak werklik bestaan in die konseptuele stelsels van mense (Kövecses, 2010: 308).

Laastens verskuif die kriterium in die sosiale benadering vanaf 'n ondersoek na metafoor in individuele gedrag tot die gedrag tussen individue (Steen, 2010: 47). Hoewel Kövecses se navorsing ook geskoei is op die sosiale dimensie van metafoor, hou sy beskrywing van 'n **subindividuele vlak** (2010) eerder verband met die onderliggende liggaamlike en kulturele motiverings van metafore. Dit is op hierdie vlak waar die konseptualisering van 'n teikendomein by wyse van 'n brondomein, genaturaliseer of verstar word (Kövecses, 2010: 309).

Hierdie studie is metodologies hoofsaaklik gerig op die semiotiese of supra-individuele vlak van analise, met die primêre doel om veronderstelde konseptuele metafore uit te lig en te etiketteer. Ek hanteer tog hierdie metafore as konseptueel aktief en verskaf uitgebreide hipoteses aangaande die onderliggende konseptualisering en hoe spesifieke metafore verstandelik ontvou en uitspeel. Daarom word bevindinge primêr

op supra-individuele vlak gemaak, maar met 'n sekondêre subindividuele dimensie as die *kritiese* komponent van die studie.

3.3 Die korpus: Dekolonialiteitkorpus

In die betrokke studie is daar te werk gegaan om 87 akademiese artikels te selekteer vir kwalitatiewe ontleding; hierdie artikels vorm gesamentlik die Dekolonialiteitkorpus. Vir toegang tot artikels uit 'n breë versameling tydskrifte, is die aanlyn databasis *Sabinet African Journals* betrek. Hierdie databasis vorm deel van die Sabinet maatskappy se inligtingsdienste, wat spesifiek toegang bied tot volle tekste van Suid- en Suider-Afrikaanse tydskrifte wat 'n wye reeks ondersoekvelde dek. Toegang tot 205 tydskrifte word binne die sosiale- en geesteswetenskappe verleen. Die tekste verkrygbaar in hierdie tydskrifte is portuur-beoordeelde artikels beskikbaar in pdf-formaat. Terwyl daar sonder affiliasie aan 'n navorsingsinstituut 'n fooi vir sommige artikels vereis word, kon toegang tot hierdie artikels deur die Universiteit van Pretoria se Departement Biblioteekdienste verleen word.

Die volgende kriteria is gevolg om die artikel tot die korpus toe te voeg:

- a) 'n Lemma van *decolonise* verskyn in die titel.⁴⁷
- b) *Decolonisation* verskyn as trefwoord.
- c) Die abstrak van die artikel dui spesifiek aan dat die artikel gerig is op 'n ondersoek in 'n sekere komponent van dekolonisering of die dekolonisering van 'n betrokke dissipline.

“Dekolonisering” is as soekwoord gebruik in die soekenjin om in volgorde van relevansie en publikasiedatum (van nuutste tot ouer) resultate op te lewer. Deur die noukeurige lees van beide titel en opsomming is daar bepaal of die betrokke artikel genoegsaam verband hou met **dekolonisering**. Daar is veral gelet op die sentralisering van **dekolonisering** as objek van ondersoek of toepassing, met spesifieke voorkeur vir navorsing wat dekolonisering met die universiteit verbind. Op hierdie wyse is byna alle relevante artikels geselekteer tot op die punt waar die gelyste

⁴⁷ 'n Lemma verwys na 'n stel leksikale vorme met dieselfde stam, wat aan dieselfde hoofwoordsoort behoort en slegs in infleksie en/of spelling verskil (Francis, Kučera & Mackie, 1982: 1).

artikels nie meer genoegsaam met die onderwerp verband hou nie.⁴⁸ Alle artikels is as PDF-dokument beskikbaar en is in hierdie formaat alfabeties op 'n rekenaarhardeskyf en iCloud-databasis gestoor.

3.3.1 Samestelling en stoor van die Dekolonialiteitkorpus

Die Dekolonialiteitkorpus is saamgestel uit 87 akademiese artikels, elk in Engels geskryf. Hoewel daar 'n beduidende aantal verbandhoudende artikels ook in Afrikaans verskyn, is die studie vir praktiese doeleindes uitsluitlik gerig op die ontleding van metafore in Engelse tekste. 'n Opvolgvergelykende studie tussen die twee tale kan moontlik bykomende insigte verskaf, maar so 'n onderneming val buite die bestek van die betrokke navorsing. Die keuse op 'n Engelstalige datastel is hoofsaaklik op die volgende twee redes gebaseer:

- 1) Daar bestaan 'n aansienlik meer omvattende aanbod van Engelse tekste en oor 'n wye spektrum akademiese tydskrifte;
- 2) Engelse tekste kan by wyse van aantal tweedetaal en moedertaalsprekers 'n groter lesersgroep bereik en sodoende kragtiger uitwerkings op die diskoers uitoefen, teenoor Afrikaanse tekste met 'n betreklik kleiner Afrikaanssprekende gehoor.


Tabel 3.1 Toon die kernbesonderhede van die Dekolonialiteitkorpus. Hierdie inligting word deur die Sketch Engine program beskikbaar gemaak en kan ook besigtig word in Figuur 3.1.

Tabel 3.1: Korpusbesonderhede

	Getal
Aantal tekste (artikels)	87
Woorde	520 064
Unieke woorde	30 661
Sinne	17 443
Totale tekens	631 342
Totale unieke lemmas	21 844

⁴⁸ In die meerderheid van artikels kom "*decolonisation/decolonising*" in die titel voor.

Benewens die PDF-formaat van elke dokument, is die tekste ook omgeskakel en afsonderlik gestoor as 'n TXT-dokument⁴⁹. Die program “PDF to Text Converter Expert”⁵⁰ is gratis beskikbaar vir IOS-gebruikers en kan op 'n vinnige en gerieflike basis enige PDF-dokument na 'n TXT-dokument omskakel. Slegs lêers met 'n .txt-uitgang is versoenbaar met die Sketch Engine konkordansieprogrammatuur. Die twee verskillende tipe dokumente word in afsonderlike omslagte gestoor om verwarring te voorkom. Die konkordansie van elke soekwoord is as Excel-dokument gestoor, gereed vir analise. 'n Belangrike verwerking van die TXT-dokumente, was om die bibliografie, outeursbesonderhede, titel en sleutel terme uit elke dokument handmatig te verwyder ten einde misleidende resultate te voorkom.



Figuur 3.1 Paneelbord/tuisblad van Sketch Engine

3.4 Korpussagtewareprogram

'n Korpussagtewareprogram is 'n onontbeerlike hulpmiddel vir navorsers wat metafooranalise in hul metodologie-hoofstukke wil ondersoek. Hierdie tipe sagteware bied die nodige funksies om groot korpusse van teksmateriaal te analiseer en die teenwoordigheid en gebruik van metafore te identifiseer. Deur die gebruik van

⁴⁹ 'n Dokument wat as 'eenvoudige teks' ("plain text") gestoor word. Met ander woorde, data wat slegs karakters van leesbare materiaal verteenwoordig, maar geen grafiese materiaal soos beelde nie.


⁵⁰ ©Enolsoft Co., Ltd.

korpussagteware kan navorsers 'n groot aantal tekstdokumente binnekort ontleed en patrone en temas van metafore ontdek, wat weer kan bydra tot 'n dieper begrip van die betekenisstrukture wat deur taal gekonstrueer word. In hierdie studie is Sketch Engine spesifiek gekies as korpussagtewareprogram vir hierdie doeleindes.

3.4.1 Sketch Engine

Sketch Engine is 'n korpusbestuurder en teksanalise-programmatuur wat deur Lexical Computing Limited in 2003 ontwikkel is. Nes die geval by ander korpussagteware, is die primêre doel om navorsers in korpuslinguistiek toe te laat om 'n teksversameling te bestudeer volgens taalkundig gemotiveerde navrae. Vir die betrokke studie is daar veral gebruik gemaak van die konkordansie-funksie wat Sketch Engine beskikbaar stel. Deur hierdie funksie kon voorkomswaarskynings, asook kollokasies vasgestel word.

Figuur 3.2 toon die tuisblad of paneelbord (“dashboard”) van die webwerf en dui sommige funksies van Sketch Engine aan.



Figuur 3.2 Paneelbord/tuisblad van Sketch Engine


3.4.1.1 Woordskets (“word sketch”)

Die woordskets (“word sketch”)-funksie van Sketch Engine is 'n bondige opsomming van 'n soekwoord se grammatikale- en kollokasiegedrag. Deur bloot die werkwoord


dekoloniseer te gebruik, kan 'n wye reeks inligting oor die woordvorm bondig verkry word. **Figuur 3.3** hieronder toon byvoorbeeld die vernaamste modifieerders, werkwoorde en ander kollokasies van die '*coloniality*', saam met die frekwensie waarmee die kollokasie voorkom.

3.4.1.2 Konkordansie

Terwyl die woordskets-funksie 'n opsomming bied van 'n bepaalde woord of frase se optrede in 'n korpus, dui die konkordansie-funksie presies aan *waar* en *hoe* 'n soekwoord optree deur na direkte data in die korpus te verwys. 'n Konkordansie verwys na 'n lys met alle verskynings van 'n spesifieke soekwoord in 'n korpus. Die soekwoord word in so 'n konkordansie vertoon binne die konteks waarin dit voorkom (Baker *et al.*, 2006: 42). Met hierdie funksie kan 'n soekwoord soos '*coloniality*' nagespeur word ten einde frekwensie en kontekstuele gebruik te bepaal, sonder om dit handmatig uit te voer. Gewoonlik verskyn die soekwoord in die middel van 'n konkordansie, met die omringde konteks of kollokasies aan die linker- en regterkant van die soekwoord geposisioneer. Sien Figuur 3.4 hieronder.



Figuur 3.3 Woordskets vir die soekwoord *coloniality* in Dekolonialiteit Korpus



Figuur 3.4 Konkordansie van etlike SWIK-reëls met die soekwoord ‘coloniality’ in Dekolonialiteit Korpus.

Die SWIK-reëls (sleutelwoord in konteks) of KWIC-reëls (“key word in context”) maak dit moontlik om bepaalde patrone of gereelde kollokasies van ‘n soekwoord na te speur. Die soekwoord word hier in die middel van die teks geplaas, met moontlike kollokasies aan die linker- en regterkant aangedui. Kollokasies kan saamgegroeper word deur op die KWIC-sleutel te klik. Op hierdie wyse is dit moontlik om potensieel metafores-verwante woorde uit te ken deur alle SWIK-reëls na te gaan. In **Figuur 3.4** is die kollokasie ‘posture’ uitgelig as ‘n potensieel metafores-verwante woord en dit kan deur middel van die brondomein MENS LIKE LIGGAAM ontleed word.

3.4.1.2 Kollokasies

Een van die fundamentele metodes in korpus-linguistiese benaderings tot (leksikale) semantiek, is die analise van ‘n woord se kollokasies (Stefanowitsch, 2005: 165). Kollokasies is woorde wat (reëlmatig) langs mekaar verskyn in gegewe kontekste. ‘n Kollokasie kan daarom beskryf word as “a word which occurs within the neighbourhood of another word.” (Baker *et al.*, 2006: 36-37). Die vasstelling van kollokasiepatrone is belangrik vir metaforesanalise, aangesien kollokasies vanuit

bepaalde brondomeine aanduidings gee omtrent die potensieel metaforiese gebruik van 'n soekwoord (Deignan, 2005: 211).

Bloot omdat 'n kollokasie aan 'n bepaalde brondomein hoort, beteken egter nie noodwendig dat die uitdrukking in geheel 'n metaforiese kartering daarstel nie (Deignan, 2005: 198). Dit is in hierdie opsig belangrik om in die metafooridentifikasie-prosedure noukeurig met kollokasies om te gaan.

3.4.2 Woordeboeke

In die metafoorvooridentifikasie-prosedure van die Vrije Universiteit (MIPVU), word die *Macmillan English Dictionary for Advanced Learners* en *The Longman Dictionary of Contemporary English* primêr aangewend, met bykomende gebruik van die *Oxford English Dictionary* indien die etimologie van 'n woord nageslaan wil word. Hierdie woordeboek is op korpuse gebaseer en weerspieël 'n hedendaagse gebruik van Engels. In hierdie verhandeling maak ek hoofsaaklik staat op die *Oxford English Dictionary (OED)*, met die *MacMillan English Dictionary for Advanced Learners (MED)*, as sekondêre, of tweede-opinie bron.

Die nuttigheid van die MED rus op verskeie aspekte. Dit verskaf definisies van items in eenvoudige taalgebruik; die meeste woorde bevat voorbeeldsinne; en inligting word verskaf betreffende die grammatikale kombinasie van die betrokke woord, of weergegee deur prominente kollokasies. Die MED het ook bepaalde innoverings in woordeboekgebruik bekendgestel, insluitend hoëfrekwensiekollokasies, woordfrekwensie-inligting, asook 'metafoorbokse' (inligtingblokkies wat aandui hoe 'n leksikale item in 'n metaforiese konteks gebruik kan word (Schaffer, 2002).

3.4.3 Master Metaphor List (1991)

Die *Master Metaphor List* (Lakoff *et al.*, 1991) is een van die eerste pogings om 'n uitgebreide basis vir bron-teikendomein karterings te gee. Die dokument bestaan grotendeels uit klassifikasies van metaforiese karterings met ooreenstemmende voorbeelde in talige realiserings. Lönneker-Rodman (2008) kritiseer wel hierdie bron vir die gebrek aan duidelike beginsels oor hoe die karterings gemaak word. Dit is nie

altdy duidelik hoe sommige frases wel realiserings van die bepaalde metafoor kan wees nie en dikwels word geen voorbeeld verskaf vir die spesifieke metafoor nie. Hoewel daar meer metodologiese deursigtigheid kon wees en dit geensins 'n volledige meesterlys van metafore is nie, is dié bron tot op hede een van die mees samevattende bronne van metaforiese karterings en 'n baie nuttige bron vir metafoornavorsers.

Die metafore in hierdie lys word elk ingedeel onder bepaalde domeine, wat uiteindelik alfabeties onder vier breë kategorieë gerangskik is. Hierdie indeling lyk as volg:

(1) EVENT STRUCTURE	(2) MENTAL EVENTS	(3) EMOTIONS	(4) OTHER
The Event Structure Metaphorical System	Mental	Emotion	Form
Attributes	Misc Ideas	Anger	Force
States	Beliefs	Hope	Humor
Properties	Theories	Lust	Illness
Change	Debate	Miscellaneous Emotion	Intoxication
Causation	Communication		Light Dark
Action	Logic		Machine
External Events	Perception		Money
Harm	Psychological Forces		Morality
Comparison	Rationality		People
Competition	Research		Possession
Opportunities	Other Mental		Problems
Existence			Relationship
Creation			Responsibilities
Conditions			Self
Difficulties			Society
Time			

Die keuse vir hierdie spesifieke indeling is nie deur Lakoff gemotiveer nie. Dit is byvoorbeeld nie duidelik waarom "EMOTION" nie onder "MENTAL EVENTS" geklassifiseer kan word nie. Nietemin blyk daar samehang tussen die domeine te bestaan (buiten die domein "OTHER") en 'n mens word naderhand gewoond aan die navigering van die dokument.

Die *Master Metaphor List* is intensief in beide fases van die ondersoek gebruik. Vir doeleindes van sistematieseit is die volgende prosedure uitgevoer met die aanwending van die bron:


- 1) Sleutel die betrokke soekwoord by die soek-funksie van die dokument in en spoor enige trefslae na.
- 2) Indien daar trefslae bestaan, bepaal of die konteks van die trefslag in die voorbeeld of metafoor genoegsaam ooreenstem met die konteks van die kollokasie in die korpus.
- 3) Indien die konteks dieselfde is of genoegsaam ooreenstem, bepaal of die trefslag verwante basis-vlak- of spesifiekevlak-metafore bevat.
- 4) Waar hierdie verwante metafore wel bespeur is en genoegsaam kontekstueel van toepassing is op die kollokasie, gebruik die metafoor in die analise.

3.4.4 MetaNet Metaphor Wiki

Die MetaNet projek is 'n voortdurende taalkundige projek gesetel by die *International Computer Science Institute* in Berkley, Kalifornië. Die doel van die projek is om sistematies metafore wat oor 'n wye spektrum onderwerpe en domeine strek, te identifiseer en te ontleed. Vir hierdie doel is 'n stelsel ontwikkel wat gebruik maak van geformaliseerde rame en metafore om outomaties metaforiese uitdrukkings in grootskaalse korpuse op te spoor, te kategoriseer en te ontleed. Aspekte van hierdie data is beskikbaar vir die publiek via die MetNet Wiki, wat bestaan uit 'n groot versameling konseptuele metafore. Die teoretiese grondslag vir MetaNet is hoofsaaklik Konseptuele Metafoorteorie, met die toevoeging van beliggaamde konstruksiegrammatika en raamsemantiek. Hierdie wiki is gebruikersvriendelik, nuttig vir metafoornavorsing en is beskikbaar op die volgende webwerf: <https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Category:Metaphor>.

Die databasis verskaf nie net die etikette van konseptuele metafore nie, maar bied ook 'n wye reeks inligting verwant aan elk van die metafore. **Figuur 3.5** hieronder vertoon

die metafoor-blad, waar daar tans 685 metafore gelys is. Die gebruiker kan met die soekfunksie 'n sleutelwoord of -woorde gebruik om 'n bepaalde metafoor na te spoor.



Figuur 3.5 MetaNet Wiki Metafoor-blad

Agter elke metafoor is daar 'n webblad met gedetailleerde inligting oor daardie metafoor. Hierdie inligting sluit dikwels die volgende in⁵¹:

- Metafoorvlak (algemeen of spesifiek)
- Metafoortipe (eenvoudig of saamgestel)
- Eksperiënsiële basis
- Brondomein
- Teikendomein
- Karterings
- Verwante metafore
- Metaforiese uitvloeielsels
- Voorbeelde

⁵¹ Nie alle metafore word ewe gedetailleerd beskryf nie. By sommige metafore word byvoorbeeld geen karterings verskaf, of word geen uitvloeielsels aangebied nie. Dit is veral in hierdie gevalle waar ek self kreatief en krities moes nadink.

Let wel op dat nie alle inligting by elke metafoor beskikbaar is nie. Dit is trouens selde die geval dat inligting by elke aspek verskaf word. Nietemin dien die uiteensetting as 'n baie waardevolle vertrekpunt. Vir hierdie studie is die databasis slegs as 'n tweede-opinie-bron gebruik, eerder as 'n primêre bron of instrument.

3.5 Dataversameling en Metafooridentifikasie

Koller (2004: 192) bevestig dat, in teenstelling tot 'n kwantitatiewe analise wat gebruik word om 'n teks te beskryf, kwalitatiewe analise gebruik moet word om diskoers te beskryf. Om hierdie rede is die laasgenoemde tipe analise onderneem. Die analise is ten eerste daarop gemik om 'metafoorpatrone' te identifiseer, wat deur Stefanowitch (2006: 66) beskryf word as metafore wat beide bron- en teikendomeinleksikale items bevat. Die uitkenning van metafoorpatrone vorm die basis van teikendomein-georiënteerde benaderings tot korpusgebaseerde metafooranalises. Ten tweede word leksikale eenhede as 'metafoorverwante woorde' uitgeken, dus eenhede wat 'n onderliggende verbintenis tussen twee of meer domeine aandui (Steen, 2010: 14).

3.5.1 Dataversameling

Die databevindinge en ontleding word in Hoofstuk 4 in twee hoofafdelings voorgestel: 'n korpusanalise (Fase 1) en 'n diepgaande teksanalise van geselekteerde tekste (Fase 2). In die eerste fase is dit spesifiek die kollokasies van die betrokke soekwoorde ('colonialism', 'coloniality' en 'decolonisation') wat onder die kollig gebring word. In Fase 2 word 'n meer holistiese benadering gevolg wat nie op die soekwoorde as sodanig toegespits is nie, maar op konseptuele metafore wat op meer subtieler wyses KOLONIALISME, KOLONIALITEIT of DEKOLONISERING as teikendomeine uitdruk.

3.5.1.1 Fase 1: Die MPA-metode

Fase 1 behels die uitkenning van metafore, met reeds vasgestelde teikendomeine, uit 'n relatief groot versameling tekste. Die Metafoorpatroon-analise ("Metaphor Pattern Analysis), oftewel MPA (Stefanowitsch, 2006), was volgens my die mees geskikte prosedure vir hierdie doeleindes. Hierdie metode is veral toepaslik vir 'n

korpusondersoek na metafoor wat die teikendomeine onder bestudering as soekwoorde gebruik.

Stefanowitsch (2006: 65) meen dat dit moontlik is om tussen twee breë metaforiese uitdrukkings te onderskei: dié wat teikendomeinitems bevat en dié wat dit nie bevat nie. Uitdrukkings soos “Your **claims** are indefensible” en “His **criticisms** were right on target” (Lakoff & Johnson, 1980: 4) is beide manifestasies van die ARGUMENT IS OORLOG-metafoor, terwyl “He fled from her advances” en “He is known for his many rapid conquests” uiting gee aan die LIEFDE IS OORLOG-metafoor. Die eerste metafoor bevat leksikale items van beide die brondomein (‘indefensible’, ‘target’) en die teikendomein (‘claims’, ‘criticisms’), maar by die voorbeelde van LIEFDE IS OORLOG kom slegs items uit die brondomein voor (‘advances’, ‘conquests’). Stefanowitsch (2006) verwys na die klas metafore wat beide bron- en teikendomeinitems bevat as *metafoorpatrone*. Dit is juis hierdie kategorie metafore wat as basis dien vir teikendomein-georiënteerde studies in korpusgebaseerde metafooranalise (Stefanowitsch, 2006: 66).

Volgens die MPA metode selekteer die analis een of meer leksikale items vanuit die teikendomein en spoor hul verskyning in die korpus na ten einde metafoorpatrone te identifiseer. Gebaseer op die gesamentlike verskyning van leksikale items uit beide die bron- en teikendomein, bepaal die analis die kruisdomeinkartering en etiketteer die beweerde konseptuele metafoor. Die stappe wat ek in Fase 1 gevolg het, is hoofsaaklik gebaseer op hierdie metode (Stap 1-4), maar met enkele toevoegings (Stap 5 en 6). Stap 5 en 6 word dikwels, maar nie altyd nie, deur die loop van die analise uitgevoer. Hulle word slegs gevolg waar ek beweer dat die betrokke metafoor noemenswaardige gevolge vir dekoloniale diskoers inhou.

Die prosedure vir Fase 1 loop soos volg:

1. Selekteer die leksikale items vanuit die teikendomein.

Die brondomeine vir die betrokke studie is KOLONIALISME, KOLONIALITEIT en DEKOLONISERING. Ek het eenvoudig die leksikale items ‘colonialism’, ‘coloniality’ en ‘decolonisation’ as soekwoorde gekies en die teenwoordigheid van hierdie woorde in die korpus nagespeur.

2. Identifiseer die metafoorpatrone wat leksikale items uit beide die bron- en teikendomein bevat.
3. Bepaal die kruisdomeinkarterings tussen die betrokke domeine.
4. Bepaal of formuleer die konseptuele metafoor(e).
5. Formuleer die metaforiese scenario wat uitspeel na aanleiding van die betrokke metafoor.
6. Verduidelik krities die konseptuele gevolge van die betrokke metafoor.

Die volgende voorbeeld illustreer die (uitgebreide) MPA metode:

- **Stap 1:**

Die soekwoord 'colonialism' gekies as leksikale item uit die teikendomein KOLONIALISME.

- **Stap 2:**

*"Let us turn to us as Africans fighting against **colonialism**."*

Hierdie metaforiese patroon bevat die leksikale item 'fighting' uit die brondomein KONFLIK en die item 'colonialism' uit die teikendomein KOLONIALISME.

- **Stap 3:**

Brondomein: OORLOG	Teikendomein: KOLONIALISME
Slagveld	Samelewing
Vegters / krygers	Gekoloniseerdes
Oorwinning	Beëindiging van kolonialisme
Wapens	Dekoloniseringstrategieë

- **Stap 4:**

OM KOLONIALISME AAN TE PAK IS OORLOGVOERING
KOLONIALISME IS 'n VYAND IN 'n OORLOG

- **Stap 5:** (Hierdie stap word gewoonlik uitgevoer indien daar meerdere verwante metafore voorkom.)

Die metaforiese scenario wat hier afspeel, is een waar gekoloniseerdes 'n oorlog betree en deur die gebruik van verskeie wapens probeer om kolonialisme, voorgestel as 'n oorlogsvyand, te verslaan.

- **Stap 6:**

Kolonialisme word volgens hierdie metafore beskou as 'n gewelddadige teenwoordigheid wat by wyse van fisieke teenreaksie verslaan of oorwin moet word. Hierdie metaforiese beraming hou beide potensieel voordelige en nadelige gevolge in. Dit kan aan die een kant 'n sin van dringendheid vir die kwessie ontlok, asof dit 'n geveg vir oorlewing is. Dit kan ook 'n sin van eenheid en solidariteit ontlok, aangesien dit na "Africans" as 'n kollektief verwys wat moontlik saam kan werk met die gemeenskaplike doel van bevryding. Aan die teenkant kan hierdie formulering ook nadelig wees vir die projek van dekolonisering, aangesien dit geweld en aggressie versterk teenoor diegene wat as die "vyand" beskou word.. Dit kan potensieel tot dieselfde onderdrukkende gedrag lei wat mik om dekolonisering te oorkom. Verder kan dit ook die "ons / hulle" binêre opposisie versterk, wat nie 'n akkurate weerspieëling is van die komplekse en uiteenlopende werklikhede van die mense en gemeenskappe wat deur kolonialisme geaffekteer is nie.

Een opvallende nadeel van hierdie metode is dat dit konseptuele metafore oorslaan wat nie metafoorpatrone is nie (gevalle waar leksikale items uit die teikendomein afwesig is). Op hierdie wyse word 'n potensieel groot aantal metafore vir die betrokke teikendomeine nooit uitgekien nie. Dit is die bedoeling van Fase 2 om hierdie ernstige beperking ten minste gedeeltelik te remedieer en moontlike uitbreidings op die studie aan te toon.

3.5.1.1 Fase 2: Die MIPVU-metode

In Fase 2 van word drie spesifieke artikels volgens die KMA deeglik ontleed. Die benadering tot hierdie ontleding verskil van dié in Fase 1, aangesien die tekste van kleiner omvang is en daar nie van korpusgebaseerde tegnieke gebruik gemaak word nie. Eerder word die tekste volledig ontleed ten einde te illustreer hoe konseptuele

metafore in meer afgebakende gevalle funksioneer. Vir hierdie doeleindes het ek van die MIPVU-metode gebruik gemaak.

Die Metafooridentifikasieprosedure van die Vrije Universiteit Amsterdam (MIPVU) is 'n uitbreiding van die aanvanklike Metafooridentifikasieprosedure (MIP) van die sogenoemde Praggeljaz Group (2007).

Hierdie aanvanklike prosedure behels die volgende stappe:

1. Lees die hele teks-diskoers om 'n algemene begrip van sy betekenis te vestig.
2. Bepaal die leksikale eenhede in die teks-diskoers.
3. (a) Bepaal vir elke leksikale eenheid in die teks sy betekenis in die konteks, dit wil sê hoe dit van toepassing is op 'n entiteit, verhouding of kenmerk van die situasie wat deur die teks opgeroep word (sy kontekstuele betekenis).
(b) Bepaal vir elke leksikale eenheid of daar 'n meer basiese, kontemporêre betekenis bestaan in kontekste buite die gegewe een.
(c) Indien die leksikale eenheid 'n meer basiese hedendaagse betekenis het in die ander kontekste, bepaal of die kontekstuele betekenis kontrasteer met die basiese betekenis, maar steeds verstaan kan word in verhouding tot hierdie betekenis.
4. Indien ja, merk die leksikale item as 'n metafoor.

Steen *et al.* (2010: 4) meen dat die MIP ("Metaphor Identification Procedure") van die Praggeljaz Group (2007) verfyning nodig gehad het, aangesien hierdie metodologie steeds 'n sterk mate van subjektiewe besluitneming vereis het. Vervolgens is die MIPVU ontwikkel. Hierdie metode is van toepassing op die "idealized native speaker of English as represented in the description of English by the dictionary of a particular period" (Steen *et al.*, 2010: 7).

Die basiese prosedure van die MIPVU metode word soos volg uiteengesit.⁵²

1. Vind metafoor-verwante woorde (MVWe) deur die teks op 'n woord-vir-woord basis te deursoek.

⁵² Hierdie metode is 'n vertaling van die beskrywing in Hoofstuk 2 van Steen *et al.* (2010: 25-26).

2. Wanneer 'n woord indirek gebruik word en daardie woord potensieel verduidelik kan word deur 'n vorm van kruisdomeinkartering van 'n meer basiese betekenis van daardie woord, merk die woord as metafories gebruik (MVW).
3. Wanneer 'n woord direk gebruik word en sy gebruik kan potensieel deur 'n kruisdomeinkartering na 'n meer basiese referent of onderwerp in die teks verduidelik word, merk die woord as 'n direkte metafoor (MVW, direk).
4. Wanneer woorde (1) gebruik word in leksiko-grammatikale vervanging, soos by derdepersoon-persoonlikevoornaamwoorde, of (2) wanneer ellipse voorkom om afwesige woorde aan te dui, en (3) wanneer 'n direkte of indirekte betekenis wat deur daardie vervangings of ellipse oorgedra is, potensieel deur 'n kruisdomeinkartering van 'n meer basiese betekenis, referent of onderwerp verduidelik kan word, voeg 'n kode by vir implisiete metafoor (MVW, implisiet).
5. Wanneer 'n woord funksioneer as 'n teken dat 'n kruisdomeinkartering moontlik uitspeel, merk dit as 'n metafoorvlag (MVlag).
6. Wanneer 'n woord 'n nuutskepping van die outeur is, ondersoek spesifiek die woorde se onafhanklike dele volgens stappe 2 tot 5.

Ten spyte van die poging tot 'n sistematiese en meer rigiede metode vir metafooridentifikasie, bly die uiteindelijke beslissing 'n saak van subjektiwiteit. Geeraerts wys uit dat 'n metafooridentifikasieprosedure steeds nie die tradisionele probleem van die identifisering van semantiese verskynsels kan vermy nie:

For one thing, the possibility of understanding one reading 'in comparison' with another depends on the interpreter's ability to see the analogy—a highly subjective skill. For another, identifying the 'basic meaning' is not an objective procedure either, as it relies heavily on the interpreter's knowledge of the customary range of application of the word and its history. It is not surprising, then, that subjective differences occur in the identification of metaphors (2010: 261).

Dit is veral op hierdie punt wat die onderskeid tussen dooie en lewende metafore 'n sterk geskilpunt kan wees. Hoewel ek die aanbevelings van Deignan (2005) wel deurlopend in ag geneem, is dit moontlik dat party metafooridentifikasies in hierdie studie eerder as dooie of onaktiewe konvensionele metafore beskou kan word. In die geval van potensiële kritiek op daardie aspek, berus ek my eerstens op die indringende bespreking in afdeling 2.6.3.9 (Die probleem van konvensionele en innoverende metafore) hierbo. Hier het ek aangedui dat hierdie verhandeling 'n breë perspektief

volg, waar alle metafore as potensieel aktief of potensieel lewend beskou word. Tweedens lig ek weer uit dat die onderliggende konseptualiserings slegs hipoteties van aard is. 'n Meer objektiewe kwalifisering van hierdie perspektief lê op die sielkundige vlak van analise, met die gepaardgaande empiriese metodes.

3.5.2 Metafooridentifikasie

Steen *et al.* (2010) verskaf 'n breë raamwerk betreffende die uitkenning van potensieële metafore in 'n gegewe teks. Hierdie stel riglyne funksioneer as 'n sinvolle begeleiding vir metafoorondersoekers en is daarop gerig om die uitkenning van metafore meer objektief en herhaalbaar te maak. Vyf kernaspekte van hierdie raamwerk word vervolgens uitgelê en ten slotte geïllustreer.

3.5.2.1 Bepaling van die kontekstuele betekenis

Leksikale eenhede toon 'n groot verskeidenheid variasie in hul potensieële betekenis. Woordeboeke verskaf gewoonlik 'n reeks denotasies van leksikale eenhede, hoofsaaklik deur verwysing na die betrokke konteks waar daardie betekenis toepaslik sal wees. Die semantiese waarde van 'n leksikale eenheid is afhanklik van sy kontekstuele situasie, en daarom moet die omringende teks betrek word.

Enkele probleme kan egter na vore kom wanneer die kontekstuele betekenis bepaal word. Indien daar nie genoeg kontekstuele kennis verskaf word om 'n presiese betekenis te bepaal nie, behandel ek nie die woord nie as metafories nie. Hierdie besluit is in stryd met die benadering van Steen *et al.* (2010) se algemene WIDLII reël: "When in Doubt, Leave It In", maar ek meen dat 'n strengere invalshoek die navorsing ietwat meer herhaalbaar en objektief maak, en dus van beter gehalte.

Soms kan 'n bepaalde kontekstuele betekenis as óf metafories óf nie-metafories bestempel word (Steen *et al.*, 2010: 34). Hierdie probleem kom veral by heelparty persoonifikasies voor. Hier kan metonimie moontlik oplossings bied. In hierdie gevalle word die woorde ook nie geïdentifiseer as metafore nie.

3.5.2.2 Besluit op 'n meer basiese betekenis

'n Meer basiese betekenis van 'n leksikale eenheid verwys na 'n meer konkrete, spesifieke en mensgerigte betekenis. Basiese betekenisse word in hierdie studie direk gekoppel aan *basiese domeine* (sien **2.4.3.1.2** hierbo). Dit is egter dikwels moeilik om te bepaal of die meer basiese betekenis bloot diachronies verklaarbaar is, en of dit in die hedendaagse gebruik wel aan die meer konkrete ervaring gekoppel kan word. Daar is om hierdie rede nie staatgemaak op etimologiese woordeboeke nie, maar slegs nie-vakkundige woordeboeke met kontemporêre verklarings.

In die proses om meer basiese betekenisse in die woordeboek op te spoor, is die volgende riglyne van Steen *et al.* (2010: 35-36) gevolg:

1. Die meer basiese betekenis moet strook met die grammatikale kategorie van die eenheid, soos dit in die konteks voorkom. Wanneer 'n meer basiese betekenis in 'n woordeboek nagespoor word, word daar slegs gelet op die betekenis van die toepaslike woordsoort. Die kontekstuele betekenis van een woordsoort kan nie vergelyk word met die betekenis van ander woordsoorte vir dieselfde lemma nie. So kan die basiese betekenis van *smaak* as werkwoord nie met die betekenis *smaak* as selfstandige naamwoord vergelyk word nie.
2. Wanneer 'n woord aan meer as een woordsoort behoort, maar sy woordeboekbeskrywing slegs tot een woordsoort beperk is, word die betekenis vergelyk met daardie een kategorie. Byvoorbeeld, wanneer 'n naamwoord slegs in terme van sy werkwoordvorm beskryf word. Die woord 'loop' behoort aan meer as een woordsoort, naamlik as 'n werkwoord en as 'n selfstandige naamwoord. Wanneer die woordeboekbeskrywing van 'loop' slegs die werkwoordvorm van die woord vermeld, kan die betekenis van die selfstandige naamwoordvorm vergelyk word met daardie werkwoordvorm. 'Loop' word as werkwoord beskryf as "Sodanig voortbeweeg m.d. voete of pote dat, by mense, die een voet nie gelig word voordat die ander grondgevat het nie" (WAT betekenis 1.a). In hierdie geval kan die betekenis van die selfstandige naamwoordvorm 'loop' in terme van sy

werkwoordwoordvorm omskryf word as "die handeling of aktiwiteit van voortbeweeg met die voete of pote dat, by mense, die een voet nie gelig word voordat die ander grondgevat het nie."

3.5.2.3 Besluit oor voldoende betekenisonderskeid

Metaforiese betekenis kom voor wanneer daar voldoende onderskeid bestaan tussen die kontekstuele betekenis en 'n meer basiese betekenis. Die volgende riglyn word toegepas (Steen *et al.*, 2010: 37):

1. Wanneer die leksikale eenheid meer as een aparte, genommerde beskrywing toon binne die betrokke woordsoort, bestaan daar voldoende onderskeid. Die woord 'vlam' kan byvoorbeeld twee aparte beskrywings hê binne die betrokke woordsoort. Een beskrywing verwys na die warm, helder lig wat afkomstig is van 'n vuur. Die ander beskrywing verwys na 'n intense passie of emosionele aanwakkering. Hier bestaan daar 'n duidelike onderskeid tussen die twee betekenis, aangesien die een verwys na 'n lig van vuur en die ander na 'n intensiteit van emosies.

Wanneer die leksikale eenheid slegs oor een genommerde beskrywing binne die betrokke woordsoort beskik, geld dit as die basiese betekenis. Indien daar enige verskil bestaan tussen hierdie betekenis en die kontekstuele betekenis van die betrokke eenheid, bestaan daar voldoende onderskeid. Die woord "ster" kan byvoorbeeld slegs een genommerde beskrywing binne die betrokke woordsoort bevat. Dit verwys na 'n helder ligpunt in die naglug. Hierdie betekenis kan as die basiese betekenis beskou word. Indien daar egter 'n spesifieke konteks is waar die woord "ster" verwys na 'n beroemde of bewonderenswaardige persoon, sal daar 'n verskil wees tussen die basiese betekenis (ligpunt in die naglug) en die kontekstuele betekenis (bewonderde persoon).

3.5.2.4 Bepaling of 'n leksikale eenheid metafoor-verwant is

Om te besluit of 'n bepaalde leksikale item verklaarbaar is deur 'n kruisdomeinkartering, word die volgende stappe gevolg (Steen *et al.*, 2010):

1. Identifiseer die kontekstuele betekenis van die leksikale eenheid.
2. Bepaal of daar 'n meer basiese betekenis is vir die leksikale eenheid. Indien wel, bepaal hierdie betekenis.
3. Bepaal of die meer basiese betekenis van die leksikale eenheid voldoende onderskeibaar is van sy kontekstuele betekenis.
4. Onderzoek of die kontekstuele betekenis van die leksikale eenheid, by wyse van soortgelykheid, gekoppel kan word aan die meer basiese betekenis.

Indien die resultate vir stappe 2, 3 en 4 positief is, kan die leksikale eenheid as metafoor-verwante woord gemerk word.

Die volgende analise kan as voorbeeld hiervan geneem word:

“Our considered view is that the reason for this is the fact that the stubbornly persistent and destructive beast that is colonial-racism still maintains a healthy life in South Africa.”

- **Stap 1:**

'n Gemene of immorele [entiteit], veral een wat gewelddadig optree. (Macmillan betekenis 2).

- **Stap 2:**

'n Dier, veral een wat gevaarlik of vreemd is. (Macmillan betekenis 1).

- **Stap 3:**

Twee betekenisonderskeidings word vir die dieselfde woordklas aangetref. Die leksikale eenheid is voldoende onderskeibaar.

- **Stap 4:**

Daar is voldoende ooreenstemming tussen die twee betekenis, by wyse van die gewelddadigheid van die naamwoord wat in beide betekenis aangetref word.

3.5.2.5 Metafoorformulering en kruisdomeinkartering

Buiten die probleem van metafooridentifikasie, is die tweede probleem van subjektiwiteit in metafooranalise die vasstelling van kruisdomeinkarterings en die etikettering of formulering van 'n metafoor. Die metafore wat ek in die verhandeling formuleer, word meestal uitgevoer deur die naslaan van instrumente soos vermeld in afdeling 3.4 hierbo: die *Master Metaphor List* (1991) en die MetaNet Wiki. Dit beteken egter nie dat alle metafore wat in die ontleding aangebied word, uit hierdie instrumente verhaal is nie. Afhangende van die kompleksiteit van die metafoor, is die bronne óf as primêre verwysing, óf as tweede opinie aangewend. Ek het dikwels probeer krities en kreatief omgaan met kruisdomeinkarterings en die uiteindelijke etikettering van 'n metafoor. Waar die metafoor wel direk of grotendeels uit een van hierdie bronne afkomstig is, word dit by wyse van voetnotas aangedui.

Mentale visuele voorstellings, of verbeelding, was die sinvolste grondslag vir hierdie proses. Die objek van analise het in hierdie gevalle verskuif vanaf die tekstuele talige realiserings na die mentale visuele voorstelling wat deur die metaforiese uitinge aangespoor is en deur die produktiewe verbeelding gekonstrueer word. Hierdie benadering tot metafooridentifikasie put uit beginsels in die simulatiesemantiek. Die nadeel van hierdie metode is dat analiste 'n onvermydelike bevooroordeelde sensitiwiteit vir metafoor kan ontwikkel. 'n Metafooranalise se visuele simulasies mag karterings uit die brondomein veel meer opvallend maak as dié van 'n gemiddelde spreker (iemand nie geleerd in metafoorteorie nie). 'n Sin soos “Decolonial movements have their roots in colonialism and apartheid” (Voorbeeld 20 in Hoofstuk 4 hieronder) kan in die verbeelding van 'n metafooranalise die beeld opwek van 'n plant se wortels wat in die grond in strek (soos in **Figuur 3.6** hieronder).



Figuur 3.6 Moontlike mentale visuele voorstelling van “roots in colonialism and apartheid”
(Bron: <https://www.earth.com/news/plant-roots-find-water/>)

Die visuele voorstelling kan dikwels leidrade verskaf tot die brondomein van 'n moontlike metafoor. Dit sal nie noodwendig so sterk *bewustelik* registreer in die verbeelding van individue wat minder sensitief ingestel is vir metafoor nie. So 'n beperking is egter onvermydelik in enige korpusgebaseerde metafoorstudie wat net uit een analis bestaan, sonder eksperimentele of veldwerkmodes. Verdere metodes val buite die bestek van hierdie ondersoek.

3.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk bevat die basiese metodologie en benadering tot die dataversameling en ontleding wat in die opvolgende hoofstuk aangewend word. 'n Uiteensetting van korpusbenaderings tot metafoor is voorsien en gevolg deur besonderhede oor die samestelling van die korpus. Die finale afdeling is gewy aan metodologiese kwessies rakende dataversameling en metafooridentifikasie. Die basiese prosedure van beide fases van die studie is uiteengesit, tesame met die probleme, beperkings en strategieë rondom metafooridentifikasie. Die metodologie wat in hierdie hoofstuk vervat is en die raamwerk wat Konseptuele Metafoorteorie onderlê, word in die opvolgende hoofstuk krities toegepas en aan bod gestel.

Hoofstuk 4

Analise

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n ondersoek na die voorkoms van metafore in die saamgestelde korpus onderneem. Gegewe die siening dat akademiese tydskrifte as belangrike platform optree vir intellektuele diskoers oor dekolonisering, dien die betrokke korpus as 'n sinvolle objek van ondersoek om die teenwoordigheid en potensiële funksie van metafoor in die korpus krities na te gaan.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

1. Watter metafore kom voor in die akademiese dekoloniale diskoers, vir die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekolonisering**?
2. Watter metaforiese scenario's word ontlok deur die metaforiese uitdrukkings in die betrokke korpus?
3. Op watter moontlik wyses kan die metafore ons verstaan van en reaksie op hierdie konsepte beïnvloed?

Deur die beantwoording van hierdie navorsingsvrae sal die hoofdoelstelling van hierdie verhandeling ook voltrekking vind, naamlik om die verband tussen metaforiese uitdrukkings en die konseptualisering van kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering te beskryf.

Hierdie hoofstuk word in drie hoofafdelings verdeel. Ten eerste verskaf afdeling **4.2** (Fase 1) 'n korpusgebaseerde analise van metafoorpatrone. Die metodologiese benadering tot hierdie afdeling is in **3.5.1.1** hierbo uiteengesit. Vir die analise word daar hoofsaaklik van Stefanowitch (2006) se Metafoorpatroon-analise (MPA) gebruik gemaak. Metaforiese patrone (die klas metafore waarin beide bron- en teikendomeinleksikale items voorkom) vorm die primêre voorwerpe van ondersoek. Die voorkoms van die mees frekwente metafore word ontleed onder die bepaalde brondomein wat die kartering bepaal, synde LEWENDE ENTITEIT, FISIESE VOORWERP, FISIESE KRAG, KONFLIK, FISIESE STRUKTUUR en RUIMTELIKE VERHOUDINGS. Die omvang van hierdie ondersoek beslaan al 87 tekste in die Kolonialiteitkorpus.

Ten tweede bied **afdeling 4.3** (Fase 2) 'n diepgaande teksanalise van drie spesifieke tekste uit die korpus, naamlik Kumalo (2018), Kaunda (2016) en Dladla (2012). Die metodologie van hierdie fase is in **3.5.1.1** hierbo uiteengesit. Hierdie afdeling bied 'n toepassing van die MIPVU-metode van die Vrije Universiteit Amsterdam aan, waardeur aanduidings van metafore handmatig op 'n woord-vir-woord basis geïdentifiseer word. 'n Uitgebebreide illustrasie van die MIPVU-metode word eerstens aangebied, gevolg deur toepassing van die metode op die totale korpus. Hierdie fase van die analise toon aan hoe konseptuele metafore in 'n bepaalde teks as geheel kan funksioneer.

Ten laaste bied **afdeling 4.4** 'n kwantitatiewe uiteensetting van die frekwensie van bepaalde metafore en die spesifieke brondomein aan bod. Die frekwensie van al drie soekterme, 'colonialism', 'coloniality' en 'decolonisation' word hier uiteengesit, saam met hoeveelheid en persentasieverskyning van hierdie terme in 'n metaforiese konteks. Hierdie afdeling bied 'n kwantitatiewe analise van die bevindinge in Fase 1 (**afdeling 4.2**). Daar word hier aangedui dat 'coloniality' en 'decolonisation' in die korpus merendeels metafories aangewend word, terwyl 'colonialism' beduidend minder affiliasie met metaforiek toon.

4.2 Fase 1: Metafoorpatroonanalise van Kolonialiteitkorpus

In hierdie afdeling word die mees markante metafore in die korpus onder vyf spesifieke brondomeine per soekwoord ontleed, by wyse van die MPA-metode. Die brondomeine LEWENDE ENTITEIT, FISESE VOOWERP, OORLOG, FISESE KRAG en FISESE STRUKTUUR word vir hierdie doeleindes betrek. Besprekings van die spesifieke brondomeine as sodanig is reeds in Hoofstuk 2 vervat en word nie in hierdie afdeling herhaal nie. Aspekte van die betrokke domein word wel uitgelig soos wat dit op 'n spesifieke metafoor van toepassing is. Kollokasies wat 'n spesifieke brondomein aktiveer, word eerstens gelys en gekoppel aan die elemente van die teikendomein (KOLONIALISME, KOLONIALITEIT of DEKOLONISERING).

4.2.1 LEWENDE ENTITEIT as brondomein

Daar word herinner dat 'n brondomein 'n konseptuele domein is wat as 'n basis dien om 'n abstrakte konsep of ervaring te verstaan en beskryf deur middel van metafoor.

Die brondomein LEWENDE ENTITEIT is een van die algemeenste en uitgebreidste brondomeine, wat sterk betrekking vind in die dekoloniale diskoers onder analise. Hierdie brondomein het te make met die konsep van lewende wesens of organismes wat aktief is – hulle beweeg, groei, kommunikeer en het 'n vorm van bewustheid of lewe. Hierdie brondomein is dikwels gekoppel aan menslike ervaring (personifikasie) en die waarneming van die natuur en samelewing.

Die volgende generiese en spesifieke vlak metafore vir die LEWENDE ENTITEIT-domein is uit die diskoers geïdentifiseer en vorm derhalwe die sentrale besprekingspunt van hierdie afdeling:

- Generiese vlak:
 - KOLONIALISME IS 'n PERSOON
 - KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT
 - KOLONIALISME IS 'n MIKROSKOPIESE ORGANISME
 - KOLONIALITEIT IS 'n ORGANISME

- Spesifieke vlak:
 - KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT ANDER HINDER OM HANDELINGE UIT TE VOER
 - KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT BESITTINGS STEEL
 - KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT SKEPPENDE HANDELINGE UITVOER
 - KOLONIALISME IS 'n TOEREKENINGSVATBARE PERSOON
 - KOLONIALISME IS 'n PERSOON MET 'n LEWENSIKLUS

4.2.1.1 Metafore vir 'kolonialisme' met brondomein LEWENDE ENTITEITE

Die aanvanklike vier kollokasiegroeperings, uiteengesit in **Tabel 4.1**, verteenwoordig nie die totaliteit van moontlike kollokasies wat in die domein LEWENDE ENTITEIT voorkom nie. Slegs die groeperings wat direkte samehang met '*colonialism*' in die kollokasiekolom getoon het, word in hierdie afdeling ondersoek. Hierdie groeperings help ook om twee generiesevlakmetafore te realiseer, naamlik KOLONIALISME IS 'n PERSOON (personifikasie) en KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT.

Tabel 4.1: Kollokasies van ‘*colonialism*’ in die brondomein LEWENDE ENTITEIT

Groepering	Kollokasies
<i>i.</i> Die handeling wat deur die abstrakte begrip kolonialisme uitgevoer word ⁵³	‘portrayed’, ‘westernise’, ‘endow’, ‘created’, ‘formed’, ‘altered’, ‘shaped’, ‘played’, ‘denied’, ‘survive’, ‘enabled’, ‘take’, ‘doomed’, ‘lives’
<i>ii.</i> Die lewensiklus van kolonialisme	‘born’, ‘generation’, ‘child’, ‘reproduce’
<i>iii.</i> Die fisieke dele van kolonialisme	‘feet’, ‘stems’
<i>iv.</i> Die mentale instrumente van kolonialisme	‘ideas’, ‘ethos’

4.2.1.1.1 Generiesevlakmetafoor 1: KOLONIALISME IS ’n PERSOON

Met die generiesevlakmetafoor KOLONIALISME IS ’n PERSOON word die konsep **kolonialisme** voorgestel as ’n lewende persoon met menslike eienskappe en gedrag. Hierdie metafoor karteer uit die LEWENDE ENTITEIT-domein om kolonialisme te persoonifieer en dit voor te stel as ’n aktiewe, doelgerigte en invloedryke entiteit. Spesifieke aandag word geskenk aan uitings waar kolonialisme handeling kan uitvoer, voorwerpe kan skep, hulle aan mekaar kan koppel en verander, verantwoordelik vir dade gehou kan word, en oor ’n lewensiklus beskik.

4.2.1.1.1.1 KOLONIALISME IS ’n PERSOON WAT ANDER VERHINDER OM HANDELINGE UIT TE VOER en KOLONIALISME IS ’n PERSOON WAT BESITTINGS WEGNEEM

1. [...] we must teach students how **colonialism** *prevented* Africans from negotiating their own borders.
2. [...] the dignity that **colonialism** *denied* to previously marginalised communities

⁵³ Die ondersoektekste dui baie voorbeelde aan waar kolonialisme bepaalde handeling uitvoer en dus gepersonifieer word. Kolonialisme as konsep, proses, of tydperk sal slegs metafories en nie letterlik handeling kan uitvoer nie. Elkeen van die kollokasies onder element i. is een van hierdie handeling.

3. [...] their land that was taken away by **colonialism**.

Met die kollokasies ‘prevented’ en ‘denied’ voer kolonialisme handelinge van obstruksies uit deur as ’n versperring op te tree tussen die uitvoering van ’n daad (‘negotiating’) in voorbeeld 1 en die verkryging van ’n niestoflike eienskap (‘dignity’) in voorbeeld 2. In beide gevalle is die eienskap of handeling iets wat aktief deur die geaffekteerde rolspelers (‘Africans’, ‘marginalised communities’) begeer word en daarom is die obstruksie van ’n negatiewe aard. Die metafore KOLONIALISME IS ’n PERSOON WAT ANDER VERHINDER OM HANDELINGE UIT TE VOER en KOLONIALISME IS ’n PERSOON WAT BESITTINGS WEGNEEM kan as spesifiekevlakmetafoer geformuleer word.

Hulle kan as saamgestelde metafore beskou word wat metaforiese samehang toon met RUIMTELIKE VERHOUDINGS en BESITTINGS. In voorbeeld 1 manifesteer die metafoer DOELGERIGTE HANDELING IS BEWEGING GERIG OP ’n BESTEMMING, ’n spesiale geval van die HANDELING IS SELFGEDREWE BEWEGING metafoer (Lakoff, Espenson & Goldberg, 1991: 27). In hierdie metafoer is versperrings tot handelinge gelyk aan versperrings tot beweging. Kolonialisme *keer* Afrikane om onderhandelinge uit te voer.


‘Dignity’, in voorbeeld 2, as “the importance and value that a person has” (MED) is ’n manifestasie van die EIENSKAPPE IS BESITTINGS metafoer. Aangesien ‘dignity’ hier ’n begeerde besetting is, word die metafoer SKADE IS TEKORT AAN ’n BEGEERDE BESITTING ontlok (Lakoff, Espenson & Goldberg, 1991: 56). Dieselfde beginsel is van toepassing by voorbeeld 3, waar grond (‘land’) die begeerde besitting is wat weggeeneem word.⁵⁴

Uit hierdie drie voorbeelde word die scenario geskep waar kolonialisme ’n lewende entiteit is wat deur die wegneem van begeerde besittings en versperring van handelinge skade verrig aan die geaffekteerde rolspelers. Dit is moontlik om op grond van hierdie scenario ’n onderliggende strewe in dekolonisering te antisipeer: Kolonialisme as entiteit moet *verwyder* word ten einde die versperring tot niet te maak en die rolspelers toe te laat om ’n bepaalde bestemming/doel te bereik. Die wegneem van die versperring sal *beweging* met ander woorde weer laat voort gaan. Verder sal

⁵⁴ Met LIGGING AS VOORWERP as onderliggende metafoer.


die entiteit óf gedwing word om die ontnemde, begeerde besittings terug te besorg, óf die begeerde besittings sal outomaties terugbesorg word ná die verwydering van die entiteit.

Hierdie scenario maak verder gebruik van die BLOKKERING-skema (**Figuur 4.1**) en die VERWYDERING VAN VERSPERRING-skema (**Figuur 4.2**) van soos vervat in Johnson (1987). In terme van **Figuur 4.1** kan rolspelers soos 'Africans' en 'affected communities' as die bewegende krag (F_1) beskou word, terwyl die versperring wat hulle hinder om vorentoe te beweeg kolonialisme vergestalt.



Figuur 4.1 Die BLOKKERING-skema (Johnson, 1987: 46).

Wanneer die versperring verwyder word, soos uitgebeeld in die VERWYDERING VAN VERSPERRING-skema, kan die beweging van die verhinderde rolspelers ('Africans en 'affected communities' weer voortgaan en hulle doelwitte bereik.



Figuur 4.2 Die VERWYDERING VAN VERSPERRING-skema (Johnson, 1987: 52).

4.2.1.1.1.2 KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT SKEPPENDE HANDELINGE UITVOER

4. This landscape created by social inequality and **colonialism**, especially at historically white universities.
5. [...] particularly when it comes to the failure to address the extraordinary inequalities created by apartheid and **colonialism**

6. It cannot be denied that **colonialism** *created* more *linkages* between various parts of the globe.
7. [...] according to the imperatives of global imperial designs in understanding the global *designs* of **colonialism**
8. [...] capitalism and the state are sophisticated technological *inventions* of **colonialism**.

In voorbeelde 4 tot 6 word die lekseem 'skep' ('create') as handeling van kolonialisme gebruik. Voorbeeld 4 stel beide 'colonialism' en 'social inequalities' as agente voor wat 'n negatiewe toestand ('landscape') vir spesifieke persone skep. In hierdie voorbeeld is die TOESTAND IS LANDSKAP-metafoor teenwoordig. Voorbeeld 6 en 7 blyk 'n samehang te toon in terme van die globale skaal van kolonialisme se uitwerkings. Ontwerpe ('designs') suggereer doelbewuste beplanning van die spesifieke globale toestand. Die agent moes in hierdie geval 'n doelgerigte resultaat in gedagte gehad het om na te streef, dus 'n voorafbedagte, verbeelde orde. Hier is dit nie alleen 'n bepaalde rangskikking van die globale orde waartoe kolonialisme in staat is nie, maar ook die skep van sekere 'technological inventions' (voorbeeld 8) word aan kolonialisme toegeskryf. In hierdie formulering word kapitalisme en die idee van die staat gekonseptualiseer as *instrumente* van kolonialisme. 'n Uitvinding ("invention"), wat beskryf kan word as "a machine, device, or system that has been invented by someone" (*Collins Online Dictionary*, 2021) het gewoonlik die doel om 'n bepaalde onderneming of taak te vergemaklik, of om as middel te dien tot die voltrekking van daardie onderneming. Die onderliggende scenario vir KOLONIALISME AS 'n PERSOON WAT KREATIEWE HANDELINGE UITVOER is dat die kreatiewe agent spesifieke toestande en instrumente skep wat gunstig vir die agent is, maar teëspoedig vir ander rolspelers.

9. [...] distorted realities, *formed* from a corrupted psyche by **colonialism**
10. [...] **colonialism** *altered* societal structures
11. [...] the inclusive education agenda in contexts *shaped* by **colonialism**

Soortgelyk aan die kreatiewe handeling van kolonialisme, verskyn kollokasies wat uitdrukking gee aan sy kapasiteit om bepaalde konsepte en entiteite van vorm te laat verander. Voorbeeld 9 gee uitdrukking aan die TOESTANDE IS VORME en VERSTAND AS HOUER-metafoor. Die psigiese toestand van individue ('distorted realities') is hier vervorm uit materiaal wat kolonialisme, as agent, gehaal het uit die verstoorte verstand van die gekoloniseerde. Terwyl voorbeeld 9 verwys na die materiaal wat kolonialisme in sy vervorming gebruik, is daar in voorbeeld 10 en 11 slegs verwysing na kolonialisme se kapasiteit om reeds gevestigde entiteite ('societal structures' en 'contexts') van vorm te verander. Die kollokasies 'altered' en 'shaped' is uitdrukkings van die SIELKUNDIGE KRAGTE IS FISIESE KRAGTE as generiesevlakmetafoor, en MANIPULASIE IS FISIESE MANIPULASIE op spesifieke vlak (Lakoff, Espenson & Goldberg, 1991: 131). In hierdie scenario's word abstraksies soos 'societal structures' en 'contexts' as fisiese entiteite uitgedruk wat vatbaar is vir verandering deur die fisiese manipulasie van kolonialisme as agent.

4.2.1.1.1.3 KOLONIALISME IS 'n TOEREKENINGSVATBARE PERSOON

12.[...] **colonialism** cannot be held solely accountable for the increase in the interconnection

13.[...] to hold political leaders – and not **colonialism** – responsible for the civil wars

In voorbeeld 12 en 13 word 'n verhouding van oorsaaklikheid en verantwoordbaarheid tussen **kolonialisme** en bepaalde toestande en gebeure gevestig. Die kollokasie 'accountable' gee spesifieke uitdrukking aan die veronderstelde aanspreeklikheid van **kolonialisme**, met die moontlike gevolg dat vergoeding op die een of ander wyse aan negatiefgeaffekteerde rolspelers verskuldig is.

4.2.1.1.1.4 KOLONIALISME IS 'n PERSOON MET 'n LEWENSIKLUS

14.[...] apartheid was born out of settler **colonialism**

15.[...] The law curriculum is a child of **colonialism**

16.[...] Decolonisation is a necessary response to first and second generation colonialism, neo-colonialism and the recent (re) ascendancy of neoliberalism

17.[...] remind us that first generation colonialism was the conquering of the physical spaces and bodies of the colonised, and that second generation colonialism was the colonisation of the mind through disciplines.

Voorbeelde 14 tot 17 gee in die eerste plek uiting aan die generiesevlakmetafoor BESTAAN IS LEWE, met IDEES IS WESENS MET 'n LEWENSIKLUS as eerste spesifiekevlakmetafoor. In die geval waar idees as entiteite soos apartheid en kurrikulum *gebore* kan word en as *kind* van kolonialisme bestaan, is kolonialisme 'n ouerfiguur wat nuwe entiteite tot stand bring. Met die kollokasie 'born' en 'child' word die metaforiese uitvloeisels van "genetiese verhouding" betrek. Bepaalde eienskappe van kolonialisme, hetsy voorkoms of uitwerking, is daarom teenwoordig in die nasate. Hierdie verhouding vind ook uitdrukking met die gebruik van 'generation' (voorbeeld 17), waar kolonialisme nie noodwendig 'n nuwe entiteit of toestand geskep het nie, maar self deur die oordrag in genetiese materiaal, in aard en uitwerking van vorm verander het.

4.2.1.1.2 KOLONIALISME AS KOLONIS: 'n Metonimiese alternatief

Gebaseer op die kollokasies uit die voorbeelde hierbo bespreek, het ek aangevoer dat **kolonialisme** op verskeie wyses *metafories* as 'n persoon uitgedruk (en dus gekonseptualiseer) word. Dit is wel moontlik om 'n alternatiewe interpretasie van hierdie uitings voor te stel, naamlik dat hulle instansies van metonimie is. Die DAAD-AS-DADER- metonimie kan as voorstelling dien vir die verhouding tussen kolonialisme en diegene wat koloniale handeling uitoeven. Kolonialisme kan daarom gelykgestel word aan die *daders* van die handeling, naamlik die koloniste (en moontlik die hedendaagse begunstigdes van kolonialisme). Die verwydering van kolonialisme sou dus die verwydering van veronderstelde kolonialiste beteken.

Hierdie konseptualisering kan twee gevolge inhou aan beide kante van die spektrum. Aan die een kant word diegene wat voordeel trek uit die voortdoring van kolonialisme

nie direk teëgestaan nie. Hoewel hulle in 'n vermoemde hoedanigheid teenwoordig is, is dit terselfdertyd nodig om hulle aanspreeklik te hou. Aan die ander kant blyk dit tog dat spesifieke persone onderliggend geteiken word. Die gevolg hiervan is dat dit nie die stelsel is wat as problematies beskou word nie, maar uiteindelik *persone* self. Dit is moontlik dat persone wat moontlik deel kon vorm van die dekoloniale projek, nou eerder geteiken en verwerp word. Ten einde te dekoloniseer, is dit nodig om spesifieke persone te vervang met persone van 'n ras, gender of seksuele oriëntering wat minder verteenwoordig is en steeds word.

4.2.1.2 Generiesevlakmetafoor 2: KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT

In die geval van **kolonialisme** is daar slegs 'n enkele spesifiekevlakrealisering van die KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT-metafoor, die konvensionele metafoor ONTWIKKELING VAN 'n ENTITEIT IS DIE GROEI VAN 'n PLANT. Vergelyk voorbeeld 18.

18. [...] particularly domination that stems from **colonialism**

In hierdie geval is **kolonialisme** die plant waaruit die handeling 'domination', hier gerealiseer as 'n entiteit, afkomstig is. 'n Moontlike gevolg in hierdie konseptualisering van **kolonialisme** is dat, indien die oorspronklike plant ontwortel word, die groeisele wat daaruit spruit ook gesamentlik sal sterf.

19. [...] legal cultures historically rooted in **colonialism**

20. [...] has its roots in **colonialism** and apartheid

Die begenoemde twee voorbeelde stel kolonialisme voor as grond waarin ander konsepte as plantaardige organismes geplant kan word / wortel kan skiet. Metafore van **kolonialisme** as die grond waaruit gedagtes spruit, stem ook sterk ooreen met die IDEES IS PLANTE-metafoor. Met verwysing na Lakoff, Espenson en Goldberg (1991: 107) sou die kollokasie *roots* of *rooted* meer spesifiek 'n manifestasie wees van die BASIS VAN 'n IDEE IS DIE WORTEL VAN 'n PLANT-metafoor. Terselfdertyd kan die motivering meer gesentraliseer wees by kolonialisme as sodanig, eerder as die idees

of oortuigings. Soos teelaarde wat die voedingstowwe vir welvarende flora moet bied, so kan kolonialisme die grondslag verskaf van ideologieë, uitkyke en gedagtes.

4.2.1.3 Generiesevlakmetafoor 3: KOLONIALISME IS 'n ORGANISME.

21.[...] the university curriculum is perceived as a carrier of **colonialism**

22.[...] newly mutated varieties of **colonialism** today

23.[...] the way in which **colonialism** entrenches and reproduces itself

Uit voorbeeld 21 en 22 kan die metafoor KOLONIALISME IS 'n VIRUS geformuleer word. In voorbeeld 21 staan 'university curriculum' in die metaforiese formulering KURRIKULUM IS 'n LEWENDE ENTITEIT, terwyl **kolonialisme** 'n versameling genetiese inligting is wat deur middel van daardie entiteit na verdere entiteite versprei word (studente in hierdie geval). Hierdie metafoor kan in samehang beskou word met 4.2.1.1.2, waar **kolonialisme** deur middel van oordrag die psigiese toestand van entiteite geaffekteer het. Voorbeeld 22 gee verder uitdrukking aan die moontlikheid dat kolonialisme as virus die vermoë het om van aard te verander.

4.2.1.4 Samevatting van '*kolonialisme*' en LEWENDE ENTITEIT

Uit die domein LEWENDE ENTITEIT word **kolonialisme** hoofsaaklik gekonseptualiseer deur personifikasie. Die metafoor KOLONIALISME IS 'n PERSOON stel kolonialisme voor as 'n lewende persoon met menslike eienskappe en gedrag. Dit implikseer dat kolonialisme aktief optree en doelgerigte handeling uitvoer. Die kapasiteit van **kolonialisme** om kreatiewe handeling te verrig, om entiteite van vorm te laat verander, om entiteite van handeling of besittings te weerhou en die lewensiklus van **kolonialisme**, is eienskappe wat pertinente verskynings in die korpus maak. Die KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT-metafoor stel kolonialisme voor as 'n plant wat groei en wortels het. Dit dui aan dat kolonialisme in die samestelling van ander konsepte en entiteite betrokke is en dat dit 'n invloed op hulle uitoefen. Daar is ook aanduiding van 'n metonimiese interpretasie waar kolonialisme as 'n kolonis beskou word.

4.2.1.2 Metafore vir ‘kolonialiteit’ met brondomein LEWENDE ENTITEIT

In hierdie afdeling word die soekwoord ‘coloniality’ binne metaforiese konteks bestudeer. Binne die LEWENDE ENTITEIT-domein is daar slegs een (generiesevlak)metafoor te bespeur vir die konsep **kolonialiteit**, naamlik KOLONIALITEIT IS ’n ORGANISME. In hierdie gevalle is daar meestal verwysing gemaak na die voortduur of voortleef van kolonialiteit.

4.2.1.2.1 Generiesevlakmetafoor 1: KOLONIALITEIT IS ’n ORGANISME

Tabel 4.2: Kollokasies van ‘coloniality’ in die brondomein LEWENDE ENTITEIT

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Handeling wat kolonialiteit uitvoer	‘shaped’, ‘shaping’
<i>ii.</i> Die lewensiklus van kolonialiteit	‘survived’, ‘thrive’ ‘ghost’
<i>iii.</i> Die fisieke dele van kolonialiteit	‘heart’,
<i>iv.</i> Die instandhouding van kolonialiteit	‘nourish’

24. [...] transform the heart of South African **coloniality**.

25. Decolonisation did not succeed in removing **coloniality** and it survived the end of direct colonialism.

26. [...] **coloniality** is able to survive and thrive.

27. Coloniality survives **colonialism**.

28. [...] many internal factors that unconsciously nourish **coloniality**.

Die mees frekwente metaforiese voorkomste van **kolonialiteit** maak verwysing na sy voortduur of ‘oorlewing’. In voorbeeld 25 word daar voorgestel hoedat **kolonialiteit** ’n langer lewensduur het as direkte kolonialisme. Terwyl kolonialisme tot ’n einde gekom

het (of konseptueel ‘gesterf’ het), het die meer sistemiese kolonialiteit aan die lewe gebly. Voorbeeld 26 dui aan dat kolonialiteit nie alleen die sterfte van kolonialisme oorleef het nie, maar ook in die hede floreer (‘thrive’). Verwysing word ook gemaak na die faktore wat die voortduur of lewe van kolonialiteit handhaaf, met kollokasies soos ‘nourish’ (voorbeeld 26). Die metaforiese scenario’s wat met hierdie voorbeelde ontlok word, is een waar kolonialiteit ’n lewende wese is wat ’n langer leeftyd het as die naverwante kolonialisme. Dit word aan die lewe gehou en ook toegelaat om te floreer deur faktore waarvan geaffekteerde of betrokke persone meestal onbewus is. Dit is moontlik dat die benadering tot dekolonisering volgens hierdie konseptualisering gerig is op die “doodmaak” van kolonialiteit, byvoorbeeld deur die “voeding” daarvan te staak en toe te laat dat dit uitsterf.

4.2.1.2.2 Samevatting van ‘*kolonialiteit*’ en LEWENDE ENTITEIT

Karterings uit die LEWENDE ENTITEIT bied ’n reeks metafore wat oorkoepelend die ontologiese funksie vervul om van die idee van kolonialisme ’n werklike figuur te maak. Uit die drie soekwoorde is dit opvallend dat ‘colonialism’ die hoogste frekwensie metafore uit hierdie domein toon. Die verbintenis tussen kolonialisme en menslike handeling (soos wegneem, domineer en onderdruk), gee maklik aanleiding tot die konseptualisering van **kolonialisme** juis as ’n spesifieke persoon of lewende organisme wat sulke of verwante handeling verrig.

Die moontlikheid van ’n metonimiese kartering tussen kolonialisme en persone kan veral die uitwerking hê om dekoloniseringstrategieë op spesifieke mense te rig. Kolonialisme wat verbind word met ander organismes buiten mense, kom in die minderheid van gevalle voor. Twee sulke voorbeelde, waar kolonialisme met ’n plant of virus vergelyk word, het as brondomeine organismes wat die groei, oordrag en ontwikkeling van kolonialisme bewerkstellig. Dekoloniseringstrategieë sou in sulke gevalle meestal gerig wees op die ontworteling of uitroei van kolonialisme enersyds, en die genesing van ’n organisme (die kurrikulum in hierdie geval). In die geval van ‘coloniality’ dui die metafore meestal aan dat die konsep as organisme bly voortbestaan en aan die lewe gehou word, hoewel dit nie enige konkrete handeling uitvoer nie.

4.2.2 FISIESE VOORWERP as brondomein

In afdeling 2.6.3.2.2 is daar aangedui hoedat die brondomein FISIESE VOORWERP meestal funksioneer om ontologiese metafore tot stand te bring. Deur abstrakte konsepte as fisiese voorwerpe voor te stel, word ons toegelaat om byvoorbeeld daarna te verwys en te kwantifiseer. In hierdie afdeling word die generiesevlakmetafoor KOLONIALISME / KOLONIALITEIT IS 'n FISIESE VOORWERP ondersoek aan die hand van die spesifiekevlakmetafore KOLONIALISME / KOLONIALITEIT IS 'n VERBORGE VOORWERP en KOLONIALISME / KOLONIALITEIT IS 'n GEKOPPELDE VOORWERP.

Tabel 4.3: Kollokasies van 'colonialism' in die brondomein FISIESE VOORWERP

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Voorkoms van kolonialisme	'invisibility', 'hidden', 'disguises'
<i>ii.</i> Koppeling aan kolonialisme	'break', 'linked' 'undoing'
<i>iii.</i> Ligging van kolonialisme	'removing', 'place', 'withdrawal'

4.2.2.1 KOLONIALISME/KOLONIALITEIT IS 'n VERBORGE VOORWERP

Die eerste verwysings na **kolonialisme** as 'n voorwerp, dui spesifiek op die voorkoms van die voorwerp. Daar is in die onderstaande gevalle juis 'n gebrek aan 'n konkrete fisiese voorkoms met die kollokasies 'invisibility' en 'disguises', deurdad die entiteit nie vir die oog sigbaar is nie of in 'n vermomde vorm voorkom. Klem word wel geplaas op die duidelike uitwerking of impak van die **kolonialisme**, selfs al is dit nie altyd duidelik dat **kolonialisme** self, weens sy versteke aard, die bron of oorsprong van daardie uitwerking is nie.

29. [...] as silence and invisibility of **colonialism** are a key method of perpetuating...

30. [...] **colonialism**, in its many disguises as cultural, economic, political knowledge based oppression...

Voorbeeld 30 illustreer dat kolonialisme nie altyd uitkenbaar is nie of sluipend kan voorkom. Die metafoor lig die noodsaak uit om waaksaam te wees teenoor die verskillende vorme waarin kolonialisme kan manifesteer. Hier word kolonialisme as 'n onsigbare en stille krag beskou. Dit impliseer dat kolonialisme nie altyd duidelik sigbaar is nie, maar tog 'n sterk invloed kan uitoefen. Hierdie metafoor reflekteer die idee dat koloniale stelsels en strukture soms subtiel en verhuil kan wees, maar steeds 'n aansienlike impak het. Dit suggereer dat koloniale magte in staat is om op die agtergrond te werk en mense te beïnvloed sonder om direk opgemerk te word.

31. [...] the invisible side of **coloniality**

Anders as wat die geval was by 'colonialism', is dit nie kolonialiteit in sy geheel wat onsigbaar is nie, maar slegs 'n bepaalde aspek of kant daarvan wat onwaarneembaar is. Vermoedelik sou daar by die kollokasies van **dekolonisering** verwysings wees na die sigbaarmaak of 'ontmaskering' van kolonialisme of kolonialiteit. Twee kollokasies, 'unmasking' en 'lay bare', gee wel uiting aan hierdie metafoor, maar met verwysing na bepaalde handeling of uitvloeisels van kolonialisme, eerder as direk na die soekwoorde self.

32. [...] unmasking the successful way in which colonialism westernised the African mind

33. [...] **decolonising** the religious education curriculum it asks a willingness to lay bare the destructive relations between the long term effects of colonialism

34. [...] decoloniality is about making visible the invisible.

Voorbeeld 32 en 34 is metafore wat ook op SIG as teikendomein staatmaak. Die metafoor suggereer dat slegs dit wat sigbaar is, vatbaar vir verandering of oorwinning is. Solank as wat kolonialiteit onsigbaar bly, sal sy uitwerkings bly voorbestaan. Kollokasies soos 'lay bare' lig die aspek van ontbloting uit, waar al die komponente van 'n voorwerp voor die oog gelê word vir nabye, onverhinderde waarneming en kritiek. Die gebruik van kollokasies soos 'visible' en 'invisible' dui moontlik op die

konseptuele metafoor VERSTAAN IS SIEN (Grady, 1998: 296). Die onsigbaarheid van kolonialiteit of kolonialisme beteken dat dit buite begrip en dus buite beheer staan, terwyl die sigbaar maak daarvan beteken dat dit verstaan, beheer en verander kan word. Hierdeur kan die metafoor VERSTAAN IS GRYP⁵⁵ ook bespeur word.

4.2.2.2 KOLONIALISME/KOLONIALITEIT IS 'n GEKOPPELDE VOORWERP

Oor die spektrum van die korpus verskyn heelparty konvensionele metafore waar **kolonialisme** en **kolonialiteit** voorgestel word as voorwerpe wat gekoppel is aan ander entiteite. By die eerste indeling hiervan sien ons die metafoor OORSAKE EN NAWERKINGS IS VOORWERPE AANMEKAAR GEKOPPEL. By wyse van hierdie metafoor word daar ook verhoudings van oorsaaklikheid gevestig. Anders as in die geval van persoonifikasie, waar 'n agent se handeling die bron van oorsaaklikheid is, word die konsep van 'n verbintenis, skakel of koppeling gebruik om aan te dui dat een entiteit die oorsaak is vir die toestand of verandering van 'n ander entiteit. 'Break' en 'undoing' tree as die kollokasies by **kolonialisme** op om hierdie metafoor te realiseer.

35. [...] What directions should an education system take in an Africa wishing to break with **colonialism**?

36. [The project of Africanizing] involves the undoing of colonialism in Africa.

Terwyl daar in die geval van **kolonialisme** slegs twee voorbeelde (35 en 36) uit die korpus van die GEKOPPELDE VOORWERP-metafoor bestaan, kan heelparty manifestasies daarvan vir **kolonialiteit** gevind word, soos voorbeelde 37 tot 40 hieronder.

37. [...] resist and undo the **coloniality** of knowledge

38. [...] The persistence of **coloniality** as a power of entanglement


⁵⁵ https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Metaphor:UNDERSTANDING_IS_GRASPING

39. [...] the epistemological connection between **coloniality** and globalisation

40. [...] **Coloniality** and western modernity are seen as intrinsically linked

Johnson (1987) dui *skakels* (“links”) aan as een van ons grondliggende beliggende skemas. Ons kognitiewe ontwikkeling en ervarings van fisiese voorwerpe wat aan mekaar gekoppel word, sowel as waarnemings dat twee of meer gebeure in ’n temporele verhouding met mekaar staan, laat ons toe om konseptueel kousale verbindings te maak tussen gebeure (Johnson, 1987: 118). Die skakels wat ons vorm in ons ruimtelike en temporale ervarings deel ’n gemeenskaplike skematiese struktuur, die SKAKEL-skema. Hierdie skema bestaan uit twee entiteite (A en B) wat aan mekaar gekoppel word deur ’n verbindingsstruktuur, soos uitgebeeld in **Figuur 4.3** hieronder.

Figuur 4.3: Die SKAKEL-skema (Johnson, 1987: 118).



Volgens Johnson (1987: 119) is een van die metaforiese interpretasies van die SKAKEL-skema die verhouding van ooreenstemming of eendersheid. Die voorbeelde uit die korpus illustreer wel die meer ingewikkelde aard van oorsaaklikheid en ooreenstemming as bloot die manifestasie van ’n enkele SKAKEL-skema. Hierdie skema moet eerder beskou word as ’n primêre metafoor wat ingebed word in die Gebeurtenisstruktuur-metafoor.⁵⁶

Voorbeeld 35 kan as ’n komposisioneel komplekse metafoor beskou word in sy aanwending van die Ligging-Gebeurtenisstruktuur-metafoor. Met ‘direction’ word die LANG-TERMYN, SINVOLLE AKTIWITEIT IS REIS-metafoor⁵⁷ aangewend, aangesien die reisiger (‘an education system’ as persoon) op ’n rigting moet besluit ten einde een van sy gesuggereerde DOELWITTE AS BESTEMMINGS te bereik- naamlik die ‘breek’ met **kolonialisme**, hier bloot as entiteit uitgedruk. Die kollokasie ‘break’ dui op die skielike en kragtige beëindiging van die kousale verhouding tussen **kolonialisme** en die

⁵⁶ Hierdie saamgestelde metafoor is in Hoofstuk 2 volledig uiteengesit.

⁵⁷ Lakoff, Espenson & Goldberg, 1991: 131

toestand van die agent, Afrika (gemanifesteer as KONTINENT AS PERSOON). Voorbeeld 36 is eenvoudiger van aard en dui bloot op die losmaak of ontknoping van **kolonialisme**, skynbaar van die Afrika-kontinent, om sodoende die kousale nawerkings van **kolonialisme** stop te sit.

In die geval van **kolonialiteit** blyk die kollokasies in voorbeeld 37, 39 en 40 met eerste oogopslag op soortgelyke konseptuele metafore as dié by **kolonialisme** te dui. Dit is egter nie duidelik of ‘connection’ en ‘link’ uitdrukking gee aan die *kousale* verhouding wat **kolonialisme** het met ‘globalisation’ en ‘western modernity’ onderskeidelik, of eerder aan ’n verhouding van *funksionele eenheid* nie. Johnson (1987: 119) stel dat “[t]wo or more objects might be related, for instance, by sharing the abstract metaphorical link of “solubility” or “compressibility.” Met ander woorde, die elemente waaruit **kolonialisme** en die ander vermelde entiteite bestaan, oorvleuel tot so ’n mate dat die grense tussen hulle nie meer duidelik is nie. Met die tekste holisties en kontekstueel in ag geneem, gee ek voorkeur aan laasgenoemde interpretasie.

In voorbeelde 35 tot 40 suggereer die kollokasies van ‘decolonisation’ dat die entiteite/voorwerpe waaraan kolonialisme en kolonialiteit gekoppel is, juis ontkoppel moet word. ’n Doelwit van dekolonisering sou daarom wees om die skakels of verbindingstrukture wat die nawerking van hierdie konsepte in plek hou, te vernietig en daardeur die impak daarvan stop te sit.

Hierdie metafore illustreer die belangrikheid van die sigbaarmaking en ontbloting van kolonialisme en kolonialiteit om dit te verstaan en te verander. Die metafore skep ’n konteks vir die proses van dekolonisering en die beëindiging van die uitwerkings van kolonialisme en kolonialiteit. Die konseptuele gevolge van die gebruik van die FISIESE VOORWERP-domein word kortliks saamgevat.

4.2.2.3 Samevatting van brondomein FISIESE VOORWERP

Die brondomein FISIESE VOORWERP het in die eerste instansie die belangrike funksie om van kolonialisme en kolonialiteit metafores ’n stoflike en tasbare voorwerp te maak. Hierdie metafoer is fundamenteel in die sin dat dit moontlik gemaak word om hoegenaamd te praat en redeneer. Die GEKOPPELDE VOORWERP-metafoer dui daarop

dat kolonialisme en kolonialiteit nie op hul eie funksioneer nie, maar eerder saamgesnoer is met ander entiteite en stelsels. Hierdie metafoor impliseer dat daar 'n komplekse en diepgaande verhouding tussen hierdie konsepte en ander sosiale, ekonomiese en politieke strukture is. Dit suggereer dat die uitwerkings van kolonialisme en kolonialiteit nie beperk is tot 'n enkele entiteit nie, maar 'n oorvleueling van verbande en verhoudings tussen verskeie faktore en institusies daarstel.

Deur kolonialiteit as 'n gekoppelde voorwerp voor te stel, word daar geïmpliseer dat dit nie 'n diskrete entiteit is nie, maar eerder 'n geïntegreerde stelsel van magsverhoudings. Hierdie formulering is voordelig, aangesien dit die onderlinge verhoudings van magstelsels kan uitwys, soos kapitalisme of rassisme. Die metafoor dui daarop dat breër en multidimensionele benaderings tot dekolonisering nodig is. Die nadeel hiervan kan wees dat die blote fokus op kolonialiteit as 'n bepaalde voorwerp, die rol van geleefde ervarings van mense wat daardeur geïmpak word, kan verberg. Dit is ook nodig om kolonialiteit as 'n menslike ervaring te sien, eerder as 'n voorwerp sonder menslike agentskap.

4.2.3 OORLOG as brondomein

'n Onderliggende hipotese by die ontleding van metafore in die dekoloniale diskoers, is dat die fisiese konflik wat teenwoordig was by eerste-generasiekolonialisme, oorgedra word na die tweede generasie of era van kolonialiteit. Terwyl daar by die eersgenoemde geval daadwerklik fisies opgetree moes word in die bereiking van onafhanklikheid, is daar in gevalle soos die konsep "verstandelike dekolonisering" van dieselfde etikette gebruik gemaak, maar nou in die vorm van 'n metafoor. Die metafore uit die korpus bevestig grotendeels hierdie uitgangspunt.

Die volgende spesifieke vlakmetafore kom in hierdie afdeling onder die loep:

- KOLONIALISME IS 'n OORLOGSOPPONENT
- DEKOLONISERING IS DIE OORWINNING VAN KOLONIALITEIT

Tabel 4.4: Kollokasies van ‘*colonialism*’ in die brondomein OORLOG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Vegters / slagoffers	‘Africans’, ‘marginalized populations’, ‘African countries’
<i>ii.</i> Wysies/wapens	‘bomb’
<i>iii.</i> Handeling uitgevoer teen kolonialisme	‘confronting’, ‘fighting’ ‘struggle’, ‘tackle’

Tabel 4.5: Kollokasies van ‘*coloniality*’ in die brondomein OORLOG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Handeling uitgevoer teen kolonialiteit	‘overcome’

Tabel 4.6: Kollokasies van ‘*decolonisation*’ in die brondomein OORLOG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>ii.</i> Handeling uitgevoer teen kolonialisme/kolonialiteit	‘struggle’, ‘tackle’

4.2.3.1 KOLONIALISME IS ’n OORLOGSOPPONENT

In hierdie konseptualisering word kolonialisme uitgedruk as ’n vyand wat in ’n konfliktsituasie gekonfronteer moet word. In die meerderheid van gevalle word **kolonialisme** gepersonifiseer as die teenparty waarteen die konflik uitgevoer word. Hierdie metafoer word gesitueer binne die VYANDIGE-ONTMOETING (“HOSTILE_ENCOUNTER”)-raam. Volgens FrameNet bestaan hierdie raam uit:

words that describe a hostile encounter between opposing forces (**Side_1** and **Side_2**, collectively conceptualizable as **Sides**) over a disputed **Issue** and/or in order to reach a specific **Purpose** (Berkeley Framenet, 2002).⁵⁸

⁵⁸ <https://framenet.icsi.berkeley.edu/fndrupal/luIndex>

Drie semantiese of tematiese rolle is van belang by die VYANDIGE-ONTMOETING-raam ten einde KOLONIALISME IS 'n OORLOGSOPPONENT te beskryf, naamlik die AGENT, PASIËNT en BEGUNSTIGDE. Evans en Green (2007: 675) beskryf hierdie rolle as volg: die AGENT is die inisieerder van die handeling,⁵⁹ die PASIËNT ondergaan die effek van die handeling of verandering van toestand,⁶⁰ terwyl die BEGUNSTIGDE na diegene verwys tot wie se voordeel die handeling uitgevoer word.⁶¹ Hoofsaaklik twee variasies van hierdie raam kom in die korpus voor. By die eerste variasie tree kolonialisme/kolonialiteit as die agent op en die gekoloniseerdes, belange van die gekoloniseerdes⁶² of kampvegters teen kolonialisme en kolonialiteit as pasiënte. Die tweede variasie toon die omgekeerde, waar kolonialisme of kolonialiteit as die pasiënt optree. In die korpus word die handeling wat deur kolonialisme en kolonialiteit uitgevoer word, meestal as gewelddadig van aard beskryf (deur woorde soos 'violence', 'damaged', 'destroyed'), terwyl die handeling van kampvegters of teenstanders van kolonialisme meestal as positief uitgedruk. Na aanleiding van hierdie voorstelling, sal daar na die gekoloniseerdes, hul belange en die teenstanders van kolonialisme/kolonialiteit verwys word as **protagoniste** en na kolonialisme/kolonialiteit en die uitwerkings daarvan as **antagoniste**. **Tabel 4.7** verskaf 'n opsomming van hierdie gegewens.

Tabel 4.7 Semantiese rolle vir KOLONIALISME IS 'n OORLOGSOPPONENT

	Protagonis	Antagonis
Elemente	Gekoloniseerdes	Kolonialisme / kolonialiteit
	Belange van gekoloniseerdes	Uitwerkings van kolonialisme / kolonialiteit
	Teenstanders van kolonialisme/kolonialiteit	
Semantiese rolle	AGENT (waar antagonis teëgestaan word)	PASIËNT (waar protagonis handeling teen antagonis uitoefen)

⁵⁹ In die sin "Susan eet die appel", is Susan die agent.

⁶⁰ In die sin "Susan eet die appel", is die appel die pasiënt.

⁶¹ In die sin "Stefan het vir Chris 'n koek gebak", is Chris die begunstigde.

⁶² Soos kennis, epistemologiese raamwerke of artefakte.

	PASIËNT (waar protagonis deur antagonis geaffekteer word)	AGENT (waar handeling op protagonis gerig word)
--	---	---

Gebaseer op die voorbeelde hieronder, kan drie aspekte van die VYANDIGE ONTMOETING-raam uitgekien word: die protagonis word aangeval deur die antagonis ('the violence of colonialism', 'damaged', 'destroyed'); die protagonis se stryd teen die antagonis beteken om op te tree teen die nawerkings van die antagonis ('fighting', 'struggle', 'tackle'); en die resultaat van hierdie interaksie is dat die protagonis die antagonis oorwin en daardeur die antagonis tot 'n einde bring ('overcome'). Vergelyk die volgende voorbeelde:

41. [...] **colonialism** as form of physical, psychological or structural violence against marginalized populations
42. [...] much has been lost through the violence of **colonialism**.
43. [...] Africans who, by its logic, are also damaged by **colonialism**
44. [...] epistemologies of Africans that were destroyed by settler **colonialism**
45. [...] in confronting **colonialism** and its legacies
46. [...] as Africans fighting against **colonialism**.
47. [...] adds to how the struggle against **colonialism** and apartheid was enacted.
48. [...] **colonialism** remains untackled.

Voorbeeld 41 en 42 illustreer die eerste aspek van die oorloginteraksie, naamlik om aangeval te word. Kolonialisme, as die antagonis, word gekonseptualiseer in terme van 'n entiteit wat op gewelddadige wyses optree teen die protagonis, in hierdie geval 'marginali[s]ed populations' of 'Africans'. Die protagonis word gekonseptualiseer as slagoffers van die gewelddadige handeling van die antagonis, wat by wyse van stryd en geveg teengewerk word, soos geïllustreer in voorbeeld 42 en 45 tot 47. Verwysings na 'struggling', soos in voorbeeld 46 vervat, werp lig op die moeisaamheid en langdurigheid van die protagonis se pogings om te oorwin.

49. [...] the most destructive effects of **colonialism** was the subjugation of local knowledge (maak gebruik van OORSAKE IS KRAGTE-metafoor)

50. Customary law bears the marks of **colonialism**

Voorbeeld 49 en 50 kan beskou word as gemodifiseerde uitings van die metafore OM MAATSKAPLIKE PROBLEME AAN TE PAK IS OORLOGVOERING⁶³ en die verwante NEGATIEF GEËVALUEERDE TOESTANDE IS SKADELIKE AGENTE⁶⁴. Hierdie karterings, verkry en aangepas uit die MetaNet Wiki, word in **Tabel 4.8** hieronder uiteengesit.

Tabel 4.8: OM MAATSKAPLIKE PROBLEME AAN TE PAK IS OORLOGVOERING

Brondomein: OORLOG		Teikendomein: MAATSKAPLIKE PROBLEEM
Slagveld	→	Samelewing
Aanval	→	Maatskaplike probleem
Generale	→	Outoriteite
Weermag	→	Staatsbeampes
Vyandige krygers	→	Immorele burgers
Wapens	→	Polisiewapens
Oorlogstrategieë	→	Maatskaplike programme
Oorwinning	→	Oplossing van die probleem
Vyand-oornames	→	Verspreiding van die probleem
Krag van wapens	→	Krag om probleme op te los

Daar bestaan duidelike ooreenstemming tussen hierdie metafoor en heelparty formuleringe wat in die korpus verskyn. Dit is daarom moontlik om die metafoor OM KOLONIALISME AAN TE PAK IS OORLOGVOERING te formuleer. Die karterings van hierdie metafoor word uiteengesit in **Tabel 4.9** hieronder.

⁶³ https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Metaphor:ADDRESSING_SOCIAL_PROBLEMS_IS_WAGING_WAR

⁶⁴ https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Metaphor:NEGATIVELY_EVALUATED_CONDITIONS_ARE_HARMFUL_AGENTS

Tabel 4.9: Karterings van die metafoor OM KOLONIALISME AAN TE PAK IS OORLOGVOERING

Brondomein: OORLOG		Teikendomein: KOLONIALISME
Slagveld	→	Samelewing, die universiteit
Vegters / krygers	→	Gekoloniseerdes en kolonialisme
Oorwinning	→	Beëindiging van kolonialisme
Wapens	→	Dekoloniseringstrategieë

Die handeling van die protagonis is gevolglik juis 'n teenreaksie op die aanvanklike strydvlugtige interaksie wat deur **kolonialisme** as antagonis ingelei is. Die uitkoms wat beide partye verlang, vind nie direkte uitdrukking in die spesifieke voorbeelde nie, maar kom veral in die geval van die protagonis tot uiting wanneer die betrokke teks in sy geheel ontleed word. Die wese van hierdie uitkoms (die oorwinning van die protagonis bo die antagonis) behels merendeels die beëindiging van die invloed of verhouding van oorsaaklikheid tussen **kolonialisme** en die partye wat ly as gevolg van sy handeling.

4.2.3.2 DEKOLONISERING IS DIE OORWINNING VAN KOLONIALITEIT

In die geval van **kolonialiteit** kom een kollokasie, naamlik 'overcome' drie maal in die korpus voor. 'Overcome' word deur MetaNet in die OORWINNING ("CONQUEST")-raam geplaas. Binne hierdie raam verloor die verowerde (**kolonialiteit**, in hierdie geval) sy outonomie en doen materiële skade op as gevolg van 'n suksesvolle inval deur 'n oorwinnaar.

51. [...] takes actions to overcome **coloniality**
52. The movement has to be decolonial if it is to overcome the persistence of **coloniality**
53. The aim of decolonisation [is to take] actions to overcome **coloniality**

In voorbeeld 51, 52 en 53 kan die metafoor DEKOLONIALITEIT IS 'n PERSOON uitgeken word, sowel as die meer spesifieke DEKOLONIALITEIT IS 'n OORWINNAAR. Daar blyk in

hierdie opsig 'n duidelike ooreenstemming te bestaan tussen die werklike handeling wat met kolonisering en **kolonialisme** geassosieer word (naamlik oorwinning) en die metaforiese handeling wat as teenreaksie manifesteer.

Kollokasies by **dekolonisering** as sodanig gee nie uitdrukking aan die raam van OORWINNING nie, maar eerder aan die VYANDIGE-ONTMOETING-raam, veral in die geval van voorbeeld 56 en 57:

55. [...] curriculum **decolonisation** becomes evident as a struggle for justice and identity

56. [...] **decolonisation** is itself a struggle against domination

57. [...] **decolonisation** to tackle the long-standing pattern of power

In voorbeeld 55 is die gesogte uitkoms van die protagonis '**decolonisation**', die verkryging van geregtigheid en identiteit. Gegewe die konteks waarin voorbeeld 55 verskyn, kan die implisiete antagonis as **kolonialisme** geïdentifiseer word.

Straehle *et al.* (1999) beskou stryd ('*struggle*') as 'n manifestasie van die PROBLEME-IS-GEVEGTE-metafoor. In hul ontleding van stryd as metafoor in die diskoers oor werkloosheid, word vier kategorieë van stryd uitgeken: eerstens gee die metafoor uiting aan 'n agent wat in 'n stryd *met* ('with') 'n moeilike saak (byvoorbeeld 'n probleem) verwickel is; tweedens gee die metafoor uiting aan 'n agent se stryd met 'n bepaalde toestand wat 'n verandering vereis; derdens verwys die stryd na 'n geveg waarin daar *teen* ('against') 'n opponent gestry word; en vierdens is die stryd gerig op 'n bepaalde voordeel of uitkoms, naamlik dit *waarvoor* gestry word (*Straehle et al.*, 1999: 81). Die kollokasies in die onderhawige korpus stem ooreen met die laaste drie kategorieë.

In voorbeeld 41, 46 en 47, waar daar 'n stryd/geveg *teen* iets bestaan, word **kolonialisme** en dominansie gepersonifiseer as 'n handelende agent. Die stryd-metafoor is in hierdie geval 'n beskrywing van die pogings om die probleem te hanteer of op te los. Slegs in voorbeeld 46 word 'n meer konkrete agent, naamlik 'Africans', aangedui as die uitvoerders van die stryd. In die oorblywende gevalle is dit

dekolonisering, gepersonifieer, wat die stryd uitvoer. In die KRAG-domein is voorbeeld 47 'n voorbeeld van die TEENKRAG- skema (sien Johnson, 1987: 46), waar twee opponerende kragte in teenoorgestelde rigtings beweeg met die gevolg dat hulle teen mekaar bots. Hierdie skema is ook moontlik teenwoordig waar daar sprake is van die sielkundige impak van kolonialisme, soos in voorbeeld 61 en 62 hieronder.

4.2.3.1 Samevatting van brondomein OORLOG

In die OORLOG-domein word kolonialisme hoofsaaklik gekonseptualiseer as 'n opponent in 'n oorlog wat die bedoeling het om op gewelddadige wyses die protagonis te beskadig. Hierdie beskadiging kom op beide fisiese en sielkundige vlakke voor. Dit is opvallend dat veel meer kollokasies vir 'colonialism' in hierdie domein voorkom as vir 'coloniality'. Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word deur die verwysing na bevindinge in die LEWENDE-ENTITEIT-domein. Omdat **kolonialisme** 'n meer fisieke teenwoordigheid het wat makliker aan bepaalde persone, eerder as aan abstrakte strukture gekoppel word, is dit makliker om hierdie konsep as 'n vegter voor te stel. 'Decolonisation' het metafore opgelewer wat strook met hierdie tipe konseptualisering. Dit blyk dat hierdie beskouing van dekolonisering ook histories uitgespeel het in eerstegolfdekolonisering, waar onafhanklikheidsbewegings fisieke geweld gebruik het en die stryd heel letterlik as 'n oorlog uitgespeel het.⁶⁵ Dit is daarom interessant om te let op die feit dat **dekolonialiteit** nie soseer in hierdie domein uitgedruk word nie, ten minste nie as metafoorpatrone nie.

Die gevolge van hierdie konseptualisering is dat dit aan die een kant 'n sin van dringendheid vir die kwessie van kolonialisme en kolonialiteit kan ontlok, asof dit 'n geveg vir oorlewing is. Dit kan ook 'n sin van eenheid en solidariteit ontlok, en 'n gesindheid skep om saam te werk tot die gemeenskaplike doel van bevryding. Tog kan hierdie formulering ook nadelig wees vir die projek van dekolonisering, aangesien dit geweld en aggressie teenoor diegene wat as die "vyand" gesien word, versterk. Dit kan potensieel tot dieselfde onderdrukkende gedrag lei wat dekolonisering mik om te oorkom. Verder kan dit ook die "ons/hulle"-binariteit versterk, wat nie 'n akkurate

⁶⁵ Enkele voorbeelde van hierdie bevrydingsoorloë sluit in die Filippynse Revolusie (1896-1898), die Algeriese Oorlog (1954-1962), die Mau-Mau Opstand in Kenja (1920-1963) en die Malgassiese Opstand in Madagaskar (1947-1948).

weerspieëling is van die komplekse en uiteenlopende werklikhede van die mense en gemeenskappe wat deur kolonialisme geaffekteer is nie.

4.2.4 FISIESE KRAG as brondomein

Die FISIESE KRAG-domein dien as 'n basis vir metafore wat verwys na krag en mag in 'n nie-fisiese, figuurlike of sosiale sin. Ons gebruik die begrippe en ervaring van fisieke krag om abstrakte konsepte soos mag, invloed, en beheer te begryp en te beskryf. Hierdie metaforiese uitbreiding laat ons toe om konsepte wat nie direk waarneembaar of tasbaar is nie, te begryp deur middel van die bekende fisieke ervaring van krag. Johnson (1987) se bespreking van die sewe onderskeidelike KRAG-skemas, asook Talmy (2000) se krag-dinamiese stelsel is in **2.6.3.2.4** hierbo aangedui. Aspekte van hierdie skemas en stelsel vind betrekking by die ontleding van krag-verwante metafore.

In hierdie afdeling word die metafore **KOLONIALISME IS 'n AFDRUKKENDE VERTIKALE KRAG** en **KOLONISERING IS SIELKUNDIGE SKADE** hoofsaaklik onder oorweging gebring, terwyl daar ook spesifieke vermelding gemaak word van metafore vir die konsep **mag**, wat deurslaggewend is in die dekoloniale diskoers.

Tabel 4.10: Kollokasies van '*colonialism*' in die brondomein KRAG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Handeling uitgevoer deur kolonialisme	'domination, 'subjugation
	'repressed',

Tabel 4.11: Kollokasies van '*coloniality*' in die brondomein KRAG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Handeling uitgevoer teen kolonialisme/kolonialiteit	"struggle', 'tackle'

Tabel 4.12: Kollokasies van '*decolonisation*' in die brondomein KRAG

<i>Elemente</i>	<i>Kollokasies</i>
<i>i.</i> Handeling uitgevoer teen kolonialisme/kolonialiteit	"struggle', 'tackle'


4.2.4.1 KOLONIALISME IS 'n AFDRUKKENDE VERTIKALE KRAG

58. [...] particularly domination that stems from **colonialism**

59. [...] keeping in mind the subjugation that occurred under **colonial** rule

60. [...] how mind **colonialism** repressed African Christian modes of knowing

Voorbeelde 58 tot 60 gee uitdrukking aan die STOOTKRAG-skema. Volgens Johnson (1987: 45) is die totstandkoming van hierdie struktuur toe te skryf aan die ervaring van fisiese objekte of eksterne kragte (soos wind of water) wat jou beweeg. Hierdie krag kan onweerstaanbaar wees of dit kan moontlik wees om die krag teen te staan of te modifiseer. Die STOOTKRAG-skema bestaan uit 'n krag wat uit 'n bepaalde rigting kom, met 'n gegewe grootte, wat beweeg volgens 'n spesifieke pad, en 'n spesifieke rigting het (Johnson, 1987: 45). Vergelyk **Figuur 4.4** hieronder.



Figuur 4.4: Die STOOTKRAG-skema (Johnson, 1987: 45).

In die dekoloniale diskoers blyk **kolonialisme**, as antagonis, as 'n bepaalde stootkrag op te tree wat die protagonis onder dwang plaas en die protagonis teen sy wil in 'n seker rigting dryf. Uit die gebruik van woorde soos *repressed*, *domination* en *subjugation* in die bovermelde voorbeelde, blyk dit dat die antagonis die stootkrag van bo af uitoefen ten einde die protagonis na benede te druk, onder die antagonis te plaas, of om die protagonis gewoon in 'n laer posisie te plaas. Die vermoë van kolonialisme om beheer oor sy slagoffers uit te oefen, word gekonseptualiseer as 'n antagonis wat die protagonis na benede druk. Die metafoer KOLONIALISME IS 'n AFDRUKKENDE VERTIKALE KRAG is 'n spesifieke vlakmetafoer wat samehang toon met die basisvlak-oriënteringsmetafore BEHEER IS VERTIKALITEIT en sy uitvloeisels BEHEER IS OP en ONDERWERPING IS AF. VERTIKALITEIT as brondomein maak opsigself staat op die SKAAL-skema, wat deur Johnson (1987: 122-123) voorgestel word as 'n reguit lyn met 'n boonste en onderste punt. Die relatiewe beweging van 'n profiel op hierdie lyn (boontoe en ondertoe) word gebruik om vorm te gee aan die teikendomein BEHEER. Hierdie karterings word in **Tabel 4.13** voorgestel.

Tabel 4.13: Karterings vir die metafoor BEHEER IS 'n VERTIKALE SKAAL

Bron: VERTIKALITEIT		Teiken: BEHEER
Hoogste vlak op skaal	→	Om beheer oor iets of iemand te hê
Laagste vlak op skaal	→	Om onder beheer van iets of iemand te wees

BEHEER IS VERTIKALITEIT funksioneer as 'n primêre metafoor, waar beweging op 'n skaal van bo na onder die posisie van beheer uitdruk. Twee metaforiese uitvloeiings spruit uit hierdie primêre metafoor, naamlik BEHEER IS OP (die hoogste punt op die vertikale skaal) en ONDERWERPING IS AF (die laagste punt op die vertikale skaal).

Die gebruik van oriënteringsmetafore uit die FISIËSE KRAG-domein wat veral betrekking het op beheer, kom ook in sterke mate voor by 'n belangrike konsep in die dekoloniale diskoers, naamlik **mag**. Dit is om daardie rede sinvol om vermelding te maak van die besondere wyse waarop **mag** konseptueel-metafories uitgedruk en begryp word.

4.2.4.2 Mag as metafoor

Aangesien die konsep mag so 'n fundamentele rol speel in dekoloniale diskoers, is dit van belang om te bepaal hoe daar konseptueel met hierdie konsep te werk gegaan word. Die MED se primêre definisie van *power* (mag) verwys na die situasie waar een persoon *beheer* oor ander mense, gebeure of aktiwiteite het, terwyl “domination” as sinoniem aangedui word. Daar is reeds in **Tabel 4.13** hierbo aangedui hoe beheer deur die domein VERTIKALITEIT verstaan word. Die mees basiese definisie van “power” ingevolge die CCED (1992: 1123) is die “physical strength that [someone or something] has to move, damage, or destroy things.” Twee verdere onderliggende metafore vir mag is hier te bespeur, naamlik die saamgestelde metafoor MAG IS 'n VOORWERP VATBAAR VIR BESIT (MetaNet) en BESIT VAN MAG IS KAPASITEIT OM TOESTANDE TE VERANDER.

Gebaseer op die uiteensetting in MetaNet⁶⁶, dien die volgende as kartering vir MAG IS 'n VOORWERP VIR BESIT:

⁶⁶ Geformuleer as POWER IS A POSSESSED OBJECT

Tabel 4.14: Karterings vir die metafoor MAG IS 'n VERTIKALE SKAAL

Bron: VERTIKALITEIT		Teiken: MAG
Hoogste vlak op skaal	→	Meeste status, mag of invloed
Laagste vlak op skaal	→	Minste status, mag of invloed
Opwaartse beweging op skaal	→	Vermeerdering van status, mag of invloed
Afwaartse beweging op skaal	→	Vermindering van status, mag of invloed

Tabel 4.15: Karterings vir die metafoor MAG IS BESIT

Bron: BESITTING		Teiken: MAG
Voorwerp wat besit word	→	Kapasiteit om verandering aan iets of iemand aan te bring / Kapasiteit om te herorganiseer
Besitter van voorwerp	→	Persoon of ding wat verandering kan aanbring / kan herorganiseer
Verkryging van voorwerp	→	Verkryging van kapasiteit om verandering aan te bring / te herorganiseer
Verlies van voorwerp	→	Verlies van kapasiteit om verandering aan te bring / te herorganiseer

Die primêre definisie van mag verwys na situasies waarin individue of entiteite beheer uitoefen oor ander mense, gebeure of aktiwiteite. Die erm dominasie' word as 'n sinoniem daarvoor aangedui. Hierdie definisie verduidelik die essensie van mag en die invloed daarvan in die samelewing.

'n Metafoor wat verder gebruik word om mag te verstaan, is die idee van "mag as 'n voorwerp wat besit kan word." Hierdie benadering illustreer die konsep as 'n dinamiese en veranderlike kapasiteit, soortgelyk aan die beweging van 'n vertikale skaal. Aan die een kant van die skaal is daar mense of entiteite wat 'n hoë status, mag of invloed het, terwyl ander aan die ander kant van die skaal minder mag het. Hierdie metafoor lig die aanpasbaarheid en die potensiaal vir groei of afname in mag aan, en dit weerspieël die dinamiek van magsverhoudinge in die samelewing.

Die metafoor MAG IS BESIT bevorder die konsep van mag as 'n waardevolle kapasiteit om verandering aan te bring of te herorganiseer. Dit beteken dat mense en instansies die vermoë het om die toestande van ander te beïnvloed en te verbeter. Dit suggereer ook dat mag nie beperk is nie, maar dat dit verkry of verloor kan word soos enige ander besitting. Hierdie perspektief op mag beklemtoon die verantwoordelikheid wat gepaard gaan met mag en die potensiaal daarvan om positiewe verandering in die samelewing teweeg te bring.

Die kritiese gevolge van hierdie metafore vir die dekoloniale diskoers is die bewuswording van die inherente krag en die potensiaal van mag om die samelewing te transformeer. Dit bevestig die noodsaaklikheid van 'n inklusiewe benadering tot mag, een waar dit nie net beperk is tot 'n paar bevoorregtes nie, maar eerder gedeel en aangewend word vir die welstand van almal. Die metafore dra by tot die stimulering van 'n bewuswording van die kragtige invloed van mag en die noodsaaklikheid daarvan om dit op 'n dekonstruktiewe en transformatiewe wyse te gebruik om die samelewing te bevorder.

4.2.4.2 KOLONISERING IS FISIESE BESERING

Die voorgestelde metafoor KOLONISERING IS FISIESE BESERING kan gekoppel word aan ontledings uit die KONFLIK-domein. In 4.4.3 hierbo is daar aangedui hoedat die oorlogscenario wat in konflik metafore ontlok is, meestal op fisieke skade gerig is. Daar is egter ook 'n sterk psigologiese komponent aan die tipe skade wat kolonialisme aanrig. Die konseptualisering put tot 'n groot mate uit die FISIESE KRAG-domein. Vergelyk die volgende voorbeelde:

61. [...] the psychological **impact** of colonialism.

62. We cannot deny the **impact** of colonialism on the African psyche.

Voorbeeld 61 en 62 gee albei op algemene vlak uiting aan die SIELKUNDIGE SKADE IS FISIESE BESERING-metafoor, 'n saamgestelde metafoor en uitvloeisel van

SELKUNDE KRAGTE IS FISIESE KRAGTE en SELKUNDIGE IMPAK IS FISIESE IMPAK.⁶⁷ Met die gebruik van 'impact' word die KRAG-domein ook geaktiveer, aangesien die basiese betekenis van item "an occasion when one object hits another" (MED) behels. Die psige word in hierdie opsig as 'n voorwerp gekonseptualiseer (PSIGE AS VOORWERP), met die negatiewe uitwerkings van kolonialisme as die voorwerp wat die psige tref met die effek om skade aan te rig. Ná hierdie interaksie is die psige in 'n slegter of beskadigde toestand en dit moet gevolglik herstel of genees word.

4.2.5 FISIESE STRUKTUUR as brondomein

Die FISIESE STRUKTUUR-domein vervat ons ervarings met fisiese voorwerpe, bewegings en liggaamlike sensasies. Kövecses (2010, 140) dui aan dat 'n belangrike kartering uit hierdie domein die konseptualisering van komplekse sisteme in terme van fisiese strukture, meestal geboue, insluit. Uit die korpus word veral kolonialiteit, gesien as 'n komplekse sisteem, dikwels voorgestel in terme van 'n fisiese struktuur. In hierdie afdeling geniet die metafore **KOLONIALISME IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR** en **KOLONIALITEIT IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR** spesifieke aandag.

4.2.5.1 KOLONIALISME IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR

By **kolonialisme** kom slegs twee kollokasies voor wat uit hierdie domein put en elk verskyn maar twee maal.

63. [...] Cecil John Rhodes, the major architect of **colonialism** and capitalism in South Africa.

64. [...] the structures and effects of **colonialism** may endure.

Die kollokasie 'architect' lig 'n spesifieke konseptualisering uit aangaande die kousale verband tussen kolonialisme en die ontstaan daarvan. Met 'architect' word kolonialisme voorgestel as die fisiese manifestasie van 'n bepaalde ontwerper, in hierdie geval Cecil John Rhodes. Net soos wat die geval is by 'design', bespreek in

⁶⁷ Soos bevestig in MetaNet:
https://metaphor.icsi.berkeley.edu/pub/en/index.php/Metaphor:PSYCHOLOGICAL_HARM_IS_PHYSICAL_INJURY

4.2.1.1.2 hierbo, word die gedagte van voorafbeplanning oorgedra. Die ‘argitek’ het dus ‘n gebou ontwerp met ‘n spesifieke vorm om ‘n bepaalde doel uit te voer.

In voorbeeld 64 kan die metafoor ORGANISERING AS FISIESE STRUKTUUR bespeur word. Volgens hierdie metafoor bestaan daar verskeie kompartemente wat elk ‘n bepaalde funksie verrig.

In afdeling **1.3.1.1** en **2.7.1** is daar deur ‘n Foucauldiaanse lens aangedui hoedat diskoers uit ‘n komplekse netwerk van magsverhoudinge bestaan en dat daardie verhoudinge deur sosiale praktyke geproduseer en in stand gehou word. Die kompartemente of substrukture in voorbeeld 64 se ORGANISERING AS FISIESE STRUKTUUR-metafoor verteenwoordig in Foucault se terme die praktyke wat ‘n spesifieke ideologie in plek hou. Daar word in hierdie metafoor gekarteer uit die FISIESE STRUKTUUR-domein, met die eienskap van standvastigheid en duursaamheid. Selfs met die verloop van tyd en die generasies van mense wat in Suid-Afrika geleef en gesterf het, bly die strukture oornes die geboue wat deur geslagte bly staan.

4.2.5.2 KOLONIALITEIT IS ‘N KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR

‘n Beduidende verskil tussen die metaforiese uitdrukkings van kolonialisme en kolonialiteit onderskeidelik, is die opvallende hoër frekwensie van FISIESE STRUKTUUR-metafore vir die teikendomein KOLONIALITEIT. Verder is die kollokasies ‘structure’ en ‘structured’ die mees frekwente woorde uit die FISIESE STRUKTUUR-domein. Vergelyk die volgende voorbeelde:

65. [...] sees **coloniality** as a structure of power with race as its main organising principle.
66. [...] methods that will, by itself, deconstruct **coloniality** and add exciting dimensions to the debate
67. [...] to reveal and dismantle the **coloniality** of knowledge
68. [...] it also has to unmask the structures of **coloniality** that continue to destabilise the African imagination
69. Structures of colonialism enabled the reproduction of the same system.
70. [...] serves to perpetuate the structures of **coloniality**

71. [...] within the global structures of **coloniality**
72. [...] the history of colonisation and the continuity of the structures of **coloniality** in Africa as social location
73. [...] however, the structures of **coloniality** should be challenged through the production of alternative knowledge

In voorbeeld 65 word daar deur die gebruik van *structure* en *organising principle* voorgestel dat **kolonialiteit** 'n komplekse fisiese struktuur is met lokusse waarvan af mag uitgeoefen word, en met ras as die faktor wat bepaal hoe die komponente in die struktuur aan mekaar geskakel word. In voorbeeld 66 word die kollokasie *deconstruct* gebruik, wat in sy meer basiese betekenis verwys na die proses om iets uitmekaar te haal, “to break down into constituent parts” (MED). Op soortgelyke wyse word *dismantle* in voorbeeld 67 aangetref, wat ook in sy basiese betekenis die proses is “[to] carefully undo all its parts so that it is in pieces” (MED). Dit is waarom pogings tot dekoloniserings op een vlak neerkom op die *dekonstruering* van die koloniale strukture. Om daardie praktyke uitmekaar te haal of af te breek wat sekere norme en handeling in stand hou. Die metaforiese scenario is daarom dat die verskillende komponente van die fisiese struktuur uitmekaar gehaal, onstabiel gemaak of andersins vernietig word. Dit wat in voorbeeld 70-73 uitgedruk word, is egter die voortduur van hierdie instellings (voorgestel as komponente). Die instellings het, nes in die geval van **kolonialisme**, gewoonlik langer voortbestaan as die lewende mense wat daardeur geaffekteer word. Kolonialisme as 'n komplekse struktuur bestaan uit komponente wat oor die wêreld heen strek. Voorbeeld 71 verwys na die globale strukture van kolonialisme. In hierdie gevalle is die struktuur nie bloot tot 'n spesifieke ruimte beperk nie, maar bevind sy komponente op grootskaal oor kontinente versprei.

Gebaseer op hierdie formulering kan die metafoor KOLONIALITEIT IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR en DEKOLONISERING IS DIE AFBREEK VAN 'n FISIESE STRUKTUUR geformuleer / gepostuleer word. Twee nouverwante metafore wat 'n metafoorstelsel met die voorafgenoemde vorm, is ORGANISERING IS 'n FISIESE STRUKTUUR en

SAMELEWING AS KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR.⁶⁸ Die karterings vir hierdie metafore word vervat in **Tabel 4.16** tot **4.18** hieronder.

Tabel 4.16: ORGANISERING IS FISIESE STRUKTUUR

Bron: FISIESE STRUKTUUR		Doel: ORGANISERING
Fisiese geheel (objek)	→	Abstrakte geheel (konsep)
Fisiese dele	→	Diskrete aspekte van die georganiseerde geheel
Fisiese rangskikking	→	Logiese / kousale verhoudings
Doel van die fisiese struktuur	→	Doel van die organisering
Funksies van elke fisiese komponent	→	Funksies van die elemente in die organisering

Tabel 4.17: SAMELEWING IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR

Bron: KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR		Teiken: SAMELEWING
Komplekse fisiese geheel	→	Komplekse abstrakte (ontasbare) geheel
Fisiese komponente	→	Mense, verhoudings en instellings
Fisiese rangskikking	→	Sosiale praktyke en handeling
Doel van fisiese struktuur	→	Handhawing van belange vir bepaalde groepering mense
Funksies van elke komponent	→	Doelstelling van die instellings en praktyke

Die SAMELEWING AS KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR-metafoor behels 'n paar belangrike komponente. Eerstens suggereer die metafoor dat daar die een of ander groot tasbare geheel bestaan met mense, gebruike en institusies as onderafdelings of subkomponente. Hierdie komponente word elk op sigself beskou as komplekse fisiese strukture. Dit is juis hierdie eienskap wat FISIESE STRUKTUUR van KOMPLEKSE FISIESE

⁶⁸ Die kartering van hierdie metafore is hoofsaaklik gebaseer op MetaNet se uiteensetting van die ORGANISATION IS PHYSICAL STRUCTURE en SOCIETY IS A COMPLEX PHYSICAL STRUCTURE.

STRUKTUUR onderskei. Elke fisiese deel van die struktuur (konkreet), dus elke diskrete aspek van die georganiseerde geheel (abstrak), vorm op sy beurt 'n nuwe verdeelbare domein.

Tabel 4.18: Karterings vir die metafoor KOLONIALITEIT IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR

Bron: FISIESE STRUKTUUR		Doel: KOLONIALITEIT
Komplekse fisiese geheel (objek)	→	Komplekse abstrakte geheel
Fisiese komponente	→	Instellings en sosiale praktyke
Strukturele integriteit	→	Uitwerking op samelewing
Verandering in integriteit	→	Verandering in skaal van uitwerking
Fondasie van struktuur	→	Onderliggende ideologie
Funksies van elke fisiese komponent	→	Funksies van die instellings en praktyke
Ontwerper / konstruëter	→	Begunstigdes
Dekonstruëring, afbreek of verandering van struktuur	→	Verandering of beëindiging van instellings en sosiale praktyke (dekoloniserings)

Die metaforiese afleidings in hierdie geval is dat die integriteit van die fisiese struktuur as geheel afhang van die stabiele verhoudings tussen die dele. Ondersteuning en onderhouding moet daarom gehandhaaf word ten einde die struktuur in plek te hou. Indien hierdie instandhouding nie voortduur nie of indien destruktiewe handelinge teen die struktuur uitgevoer word, verminder die fisiese integriteit van die struktuur. In die geval van kolonialiteit is dit die instellings en sosiale praktyke wat stopgesit moet word, aangesien hierdie dele funksioneer as die fisiese dele van die koloniale struktuur.

Die wyses waarop **kolonialiteit** hier gekonseptualiseer word, weerspieël 'n belangrike grondstelling in die studie. Die meer abstrakte **kolonialiteit** word minder gepersonifiseer as **kolonialisme**, wat deur sy direkte uitwerking en verbinding met fisiese geweld in die algemeen meer konkreet is. **Kolonialiteit** oefen eerder op 'n meer indirekte en minder sigbare wyses 'n invloed op die sosiale werklikheid uit. Die metafore wat in die korpus gevind word, is aanduidings van die meer verborge en abstrakte nawerkings van kolonialiteit.

4.2.5.3 Samevatting van brondomein FISIESE STRUKTUUR

In die korpus word die brondomein FISIESE STRUKTUUR hoofsaaklik geaktiveer deur die kollokasie 'structure'. Dit is egter nie altyd moontlik om kontekstueel af te lei watter presiese struktuur hier ter sprake is nie. Daar word wel bevind dat hierdie domein 'n beduidende rol speel in die konseptualisering van **kolonialiteit**. In Hoofstuk 1 is daar verwys na die teoretiese onderskeid tussen **kolonialisme** en **kolonialiteit**. Die meer fisiese teenoor subtieler, meer abstrakte uitwerkings van hierdie konsepte onderskeidelik word in hierdie bespreking bevestig.

Sekere voordele kan uit die FISIESE STRUKTUUR-metafore spruit. Die idee van 'n struktuur impliseer stabiliteit en langdurigheid, wat die diepliggende aard van kolonialisme en kolonialiteit uitlig, sowel as die moeisamheid om dit af te takel. Hierdie beraming kan nuttig wees om die noodsaak vir voortdurende pogings en bemoeienis met kolonialiteit uit te lig ten einde die koloniale strukture uit te daag. Die gebruik van fisiese strukture as metafore kan ook die onderlinge verbindings tussen verskeie elemente van kolonialisme en sy nalatenskap uitlig. Die FISIESE STRUKTUUR-metafore suggereer dat om een aspek van kolonialisme of kolonialiteit aan te pak, nie genoegsaam is ten einde betekenisvolle veranderinge aan te bring nie. Hulle lig uit dat veelvoudige onderling verwante strukture gelyktydig uitgedaag en afgetakel moet word.

Sommige negatiewe gevolge van hierdie metafore spruit ook uit hierdie domein. Deur kolonialiteit en kolonialisme metafories as 'n fisiese struktuur voor te stel, kan dit die idee versterk dat kolonialiteit 'n permanente en onveranderlike struktuur is, wat 'n gevoel van magteloosheid kan inboesem by diegene wat weerstand daarteen wil bied. Dit kan ook die onderliggende magsdinamika en sosiale verhoudings verduister wat kolonialisme onderhou. Daardeur word hulle gereduseer tot abstrakte en onpersoonlike strukture wat moeilik is om uit te daag of te konfronteer. Laastens kan hierdie klassifikasie van metafore ook 'n vals sin van objektiwiteit en neutraliteit skep. Dit kan suggereer dat kolonialisme 'n neutrale en onvermydelike uitkoms van geskiedkundige prosesse is, eerder as 'n doelgerigte en wilsgedrewe projek van dominansie en uitbuiting. Die gevolg kan wees 'n gebrek aan verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid vir die skade wat deur die geskiedenis van kolonialisme aangerig is.

4.2.6 Samevatting en opsomming van Fase 1

Tabel 4.19 en 4.20 bied 'n opsomming van die bevindinge en ontledings wat in Fase 1 geskied het. Tabel 4.19 dui die metafore vir die teikendomein KOLONIALISME en KOLONIALITEIT aan, terwyl Tabel 4.20 die metafore vir die teikendomein DEKOLONISERING aanbied. Die uitgekende en geformuleerde metafore word ingedeel volgens brondomein, dan generiese-vlak metafoor en laastens spesifieke-vlak metafoor (waar en indien van toepassing).

Tabel 4.19: Opsomming van konseptuele metafore vir die teikendomein KOLONIALISME en KOLONIALITEIT

Brondomein	Generiese-vlak metafoor	Spesifieke-vlak metafoor
LEWENDE ENTITEIT	KOLONIALISME IS 'n PERSOON	KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT ANDER HINDER OM HANDELINGE UIT TE VOER KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT BESITTINGS STEEL KOLONIALISME IS 'n PERSOON WAT SKEPPENDE HANDELINGE UITVOER KOLONIALISME IS 'n TOEREKENINGSVATBARE PERSOON KOLONIALISME IS 'n PERSOON MET 'n LEWENSIKLUS
	KOLONIALISME IS 'n PLANTAARDIGE ENTITEIT	
	KOLONIALISME IS 'n MIKROSKOPIESE ORGANISME.	
	KOLONIALISME IS 'n ONDIER	DIE VOORTDUUR VAN KOLONIALISME IS DIE VERMOMMING VAN 'n ONDIER KOLONIALISME IS 'n ONDIER MET 'n LEWENSIKLUS

FISIESE VOORWERP	KOLONIALISME/KOLONIALITEIT IS 'n VERBORGE VOORWERP	
KONFLIK	KOLONIALISME IS 'n OORLOGSOPPONENT	OM KOLONIALISME TEË TE STAAN IS OORLOGVOERING
FISIESE KRAG	KOLONIALISME IS 'n NEERDRUKKENDE VERTIKALE KRAG	OM TE KOLONISEER IS OM ENTITEITE AFWAARTS TE DRUK
	KOLONISERING IS SIELKUNDIGE SKADE	
FISIESE STRUKTUUR	KOLONIALISME IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR	
	KOLONIALITEIT IS 'n KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR	OM GEKOLONISEERD TE WEES IS OM IN 'n KOMPLEKSE STRUKTUUR VASGEVANG TE WEES
RUIMTELIKE VERHOUDINGS	KOLONIALISME IS 'n AFGEBAKENDE RUIMTE	

Tabel 4.20: Opsomming van konseptuele metafore vir die brondomein DEKOLONISERING

Brondomein	Generiese-vlak metafoor	Spesifieke-vlak metafoor
KONFLIK	DEKOLONISERING IS OORLOGVOERING	DEKOLONISERING IS DIE OORWINNING VAN KOLONIALITEIT
KOMPLEKSE FISIESE STRUKTUUR	DEKOLONISERING IS DIE AFBREEK VAN 'n FISIESE STRUKTUUR	
	PSIGIESE DEKOLONISERING IS VERANDERING VAN VORM	DIE PROSES VAN PSIGIESE DEKOLONISERING IS OM IN 'n LIMINALE RUIMTE TE WEES
RUIMTELIKE VERHOUDINGS	DEKOLONISERING IS 'n MOEISAME EN LANGDURENDE REIS.	
	DEKOLONISERING IS INTEGRASIE VAN RUIMTES	
DIE DOOD	DEKOLONISERING IS AFSTERWING	
LEWENDE ENTITEIT	DEKOLONISERING IS DIE DOODMAAK VAN 'n ONDIER.	

In hierdie afdeling is daar aangetoon dat kolonialisme meestal as 'n persoon voorgestel word en kolonialiteit meestal as 'n masjien of komplekse fisiese voorwerp. Dit is asof

kolonialisme 'n persoon is wat direk betrokke by sy arbeid is. Dit onteien die grond van, doen fisieke skade aan benadeelde rolspelers se liggame en verhoed hulle om sekere handeling uit te voer. Kolonialiteit word gesien as die fabriek wat deur die koloniste gebou is. Die fabriek gaan nou voort om die produkte meganies self te produseer, sonder die deurlopende insette van die kolonis, hier verwyderd van sy arbeid.

Die metafore wat gebruik word om kolonialisme en kolonialiteit uit te beeld, is belangrik omdat dit 'n invloed kan hê op hoe dit verstaan en aangepak word. Die benadering om kolonialisme voor te stel as 'n lewende organisme of persoon wat optree teen ander, kan help om individuele dekoloniseringstrategieë te bevorder. Die gebruik van metafore uit die FISIEKE VOORWERP-domein kan egter lei tot 'n verlies van fokus op die menslike impak van kolonialisme en die breër en multidimensionele benaderings wat nodig is om dit af te breek. Die beskouing van kolonialisme as 'n teenstander in die OORLOG-domein kan bydra tot 'n sin van dringendheid en eenheid vir die gemeenskaplike doel van bevryding, maar kan ook lei tot 'n binêre siening van die komplekse werklikhede van diegene wat deur kolonialisme geraak is. Die gebruik van metafore uit die FISIEKE STRUKTUUR-domein kan bydra tot die begrip van die diep gevestigde aard van kolonialisme, maar kan ook 'n vals sin van objektiwiteit en neutraliteit skep en die magdinamika en sosiale verhoudings wat dit onderhou, verduister. Daarom is dit belangrik om bewus te wees van die gevolge van die gebruik van verskillende metafore en om dit in konteks te plaas wanneer strategieë vir dekolonisering ontwerp word.

Die afhandeling van Fase 1 word nou gevolg deur Fase 2, die diepgaande analise van geselekteerde tekste, uiteengesit in afdeling 4.2 hieronder. Hierdie afdeling volg nie meer 'n korpusgebaseerde benadering nie, maar is eerder die resultaat van die MIPVU-metode van metafoorondersoek.

4.3 Fase 2: Kritiese metafooranalise van geselekteerde tekste

Hierdie afdeling is gerig op 'n meer indringende ontleding van konseptuele metafore (en metonimieë) in drie spesifieke artikels in die korpus. Op hierdie wyse word daar aangedui hoe dat sekere domeine in samehang voorkom en sodoende die

onderliggende ideologie van daardie teks vergestalt. Die artikels onder bestudering word in twee breë kategorieë geplaas na aanleiding van die sentrale koherente metafore daarin vervat. Kumalo (2018) en Kaunda (2016), by wyse van RUIJTE- en BEWEGING-metafore, konseptualiseer die proses van dekolonisering op 'n vreedsame en meer samewerkende wyse, terwyl Dladla (2012) metafore gebruik wat meer gerig is op geweld en vernietiging, of OORLOG-metafore.

Elke artikel word eerstens in terme van hul teoretiese inhoud kortliks opgesom om dit kontekstueel te posisioneer. Daarna word bepaalde kontekstuele metafore ondersoek by wyse van twee onderafdelings: deur (1) die MIPVU-metode by wyse van een voorbeeld uit elke teks te illustreer en (2) frekwente metafore uit elke teks te groepeer volgens prominente brondomeine. Laastens volg 'n kritiese bespreking van die gebruik en moontlike impak van hierdie brondomeine in die breër diskoers.

4.3.1 Die basiese prosedure

Vir doeleindes van hierdie afdeling, word die MIPVU-metode gevolg. Hierdie metode het in afdeling 3.5.1.1 aan bod gekom. Die basiese prosedure van die MIPVU-metode kan in die volgende ses riglyne uiteengesit word:

1. Vind metafoor-verwante woorde (MVW's) deur die teks op 'n woord-vir-woord basis te deursoek.
2. Wanneer 'n woord indirek gebruik word en daardie woord potensieel verduidelik kan word deur 'n vorm van kruisdomeinkartering van 'n meer basiese betekenis van daardie woord, merk die woord as metafories gebruik (MVW).
3. Wanneer 'n woord direk gebruik word en sy gebruik kan potensieel deur 'n kruisdomeinkartering na 'n meer basiese referent of onderwerp in die teks verduidelik word, merk die woord as 'n direkte metafoor (MVW, direk).
4. Wanneer woorde (1) gebruik word in leksiko-grammatikale vervanging, soos by derdepersoon persoonlike voornaamwoorde, of (2) wanneer ellipse voorkom om afwesige woorde aan te dui, en (3) wanneer 'n direkte of indirekte betekenis wat deur daardie vervangings of ellipse oorgedra is, potensieel deur 'n kruisdomeinkartering van 'n meer basiese betekenis, referent of onderwerp verduidelik kan word, voeg 'n kode vir implisiete metafoor (MVW, implisiet).

5. Wanneer 'n woord funksioneer as 'n teken dat 'n kruisdomeinkartering moontlik uitspeel, merk dit as 'n metafoorvlag (MVlag).
6. Wanneer 'n woord 'n nuutskepping van die outeur is, ondersoek spesifiek die woord se onafhanklike dele volgens stappe riglyne 2 tot 5.

4.3.1.1 Illustrasie van die MIPVU-metode

Ten einde die waarde en toepassing van die MIPVU-metode te demonstreer, dien hierdie afdeling as 'n illustrasie van die betrokke metode ten einde beter deursigtigheid aan die diepgaande analises te verskaf. As die belangrikste vir die uitkenning van metafore, word Riglyne 1 en 2 in **4.3.1** aan die hand van 'n uittreksel uit die korpus, **Uittreksel 4.1**, geïllustreer.

4.3.1.1.1 Riglyn 1: Leksikale eenhede en metafoor-verwante woorde

Die teks onder analise word aanvanklik drie maal sorgvuldig deurgelees om 'n grondige begrip van die inhoudelike argumente, konsepte en redenering te verkry. Ná 'n deeglike kennismaking met die teks, word dit dan herlees op 'n woord-vir-woord-basis, hierdie keer met die bedoeling om **metafoorverwante woorde** (hierna verwys as MVW's) uit te ken. **Uittreksel 4.1(a)** is 'n paragraaf uit Kumalo (2018: 5), alvorens enige metafoor-verwante woorde aangedui is. Hierdie uittreksel sal as illustrasie van die prosedure dien.

Uittreksel 4.1(a)

Eviscerating Pedagogies and Humanising Alternatives

I have so far outlined the strategies of silencing, erasure, and abjection used in the academe. These strategies manifest through discourses that delimit between those that are human and those defined as *Other*; a definition rooted in the colonial project. Through delineating between those who are considered human and those who are not, the academe confers citizenship, belonging, and freedom while the *Other* is arrested in categories that reduce them to abject Beings. I, therefore, trace the root of these strategies of abjection through showcasing how historical trauma informs eviscerating pedagogies. Tracing this history will have as its objective the project of suggesting alternatives that are concerned with a humanising praxis in education.

Riglyn 1 van die MIPVU-metode vereis dat MVW's (metafoorverwante woorde) op 'n stiplees-basis gevind moet word. Volgens Steen *et al.* (2010: 26) kan een moontlike vraag by hierdie riglyn opduik, naamlik of die geïdentifiseerde uitdrukking as 'n woord of leksikale eenheid slaag, al dan nie. As 'n algemene riglyn kan 'n uitdrukking as 'n leksikale eenheid geklassifiseer word, wanneer dit onder 'n bepaalde woordsoort en volgens 'n geskikte woordeboek ingedeel kan word. Veelwoordige of vaste uitdrukkings, soos *by wyse van*, *in verband met* en *ten koste van*, word ook as enkele leksikale eenhede aanvaar (Steen *et al.*, 2010: 27).

Vir die voltrekking van Stap 1, is 'n aantal uitdrukkings as potensieel metafoories uitgeken, omdat daar op intuïtiewe vlak die moontlikheid van 'n meer basiese betekenis vir daardie uitdrukking bestaan. Op hierdie wyse is daar uit die uittreksel van 113 woorde, 14 uitdrukkings as potensieel MVW's uitgeken. Volgens die riglyne hierbo is elkeen geslaagd as leksikale items. Met die uitvoering van Riglyn 1, is die MVW's digitaal met oranje uitgelig. Uittreksel 4.1(b) dui die uitgekende MVW's aan.

Uittreksel 4.1(b)

Eviscerating Pedagogies and Humanising Alternatives

I have so far outlined the strategies of silencing, **erasure**, and **abjection** used in the academe. These strategies manifest through discourses that **delimit** between those that are human and those defined as *Other*; a definition **rooted** in the colonial project. Through delineating between those who are considered human and those who are not, the academe **confers citizenship**, belonging, and freedom while the *Other* is **arrested** in categories that **reduce** them to abject Beings. I, therefore, **trace the root** of these strategies of **abjection** through **showcasing** how historical trauma **informs** eviscerating pedagogies. **Tracing** this history will have as its objective the project of suggesting alternatives that are concerned with a humanising praxis in education.

Die uitdrukking '**confer**' (reël 4 van **Uittreksel 4.1**) word vir doeleindes van analise gebruik. Die eerste wyse om te bepaal of die uitdrukking wel as 'n leksikale items bestempel kan word, is om te ondersoek of die uitdrukking 'n onafhanklike woordsoort beskik. Beide die MED en OED dui die '**confer**' volgens menige betekenis as werkwoord ('*verb*') aan. Geen uitsondering (soos die teenwoordigheid van skeibare werkwoorde of eiename) is hier van toepassing nie. Daarom is '**confer**' geslaagd as leksikale item.

4.3.1.1.2 Riglyn 2: Indirekte gebruik potensieel verklaarbaar deur kruisdomein-kartering

Die indirekte gebruik van leksikale eenhede wat potensieel verklaarbaar is deur 'n kruisdomeinkartering, word hoofsaaklik uitgeken deur die **metafooridentifikasie-prosedure (MIP)**, met 'n paar aanpassings (Steen *et al.*, 2010: 32). Dit beteken dat die volgende stappe gevolg moet word om indirektheid te bepaal:

1. Identifiseer die kontekstuele betekenis van die leksikale eenheid.
2. Bepaal of daar 'n meer basiese betekenis van die leksikale eenheid bestaan. Indien wel, stel die betekenis vas.
3. Bepaal of die meer basiese betekenis van die leksikale item genoegsaam van die kontekstuele betekenis onderskei kan word.
4. Ondersoek of die kontekstuele betekenis van die leksikale item, by wyse van ooreenstemming, met die meer basiese betekenis in verband gebring kan word.
5. Indien die resultate van stappe 2, 3 en 4 positief is, dan kan die leksikale eenheid as 'n MVW gemerk word. Meer bepaald kan die MVW as 'indirek' (teenoor 'direk' of 'implisiet') geklassifiseer word.

Stappe 1 tot 3, as die belangrikste in hierdie prosedure, word ter illustrasie in 4.3.1.1.2.1 tot 4.3.1.1.2.3 hieronder uitgevoer.

4.3.1.1.2.1 Identifiseer die kontekstuele betekenis van die leksikale eenheid

Stap 1 van die MIP vereis dat die kontekstuele betekenisse van die eenheid bepaal word. Die MED en MWD word vir hierdie doeleindes aangewend. Die MED verskaf twee betekenisklasse vir *confer*, naamlik:

1. *TRANSITIVE FORMAL. To give something such as authority, a legal right, or an honour to someone.*
2. *INTRANSITIVE. To discuss something with other people in order to reach a decision.*

Die kontekstuele betekenis van 'confer' stem grootliks ooreen met betekenisklas 1. Die werkwoord word oorganklik in die teks gebruik deur die teenwoordigheid van 'n

direkte voorwerp (*'citizenship'*) wat oorgedra of *gegees* word aan 'n implisiet indirekte voorwerp (mense). Betekenisklas 2 is nie in hierdie konteks ter sprake nie. Aangesien die MED slegs een definisie onder die relevante betekenisklas verskaf, is dit nie moontlik om die MIP verby Stap 2 toe te pas nie. Daarom word die MWD as aanvullende bron aangewend.

Die MWD verskaf drie betekenisklasse vir *'confer'*, waarvan twee relevansie dra.

transitive verb

1: *to bestow from or as if from a position of superiority*

2: *to give (something, such as a property or characteristic) to someone or something*

In teenstelling tot die MED, tref die MWD 'n onderskeid tussen die abstrakte en die meer basiese betekenis van *'confer'*. Die eersgenoemde definisie sal die grootste toepassing vind, omrede die onderwerp van die betrokke werkwoord (*'the academe'*) in die uittreksel voorgestel word as 'n entiteit wat vanuit 'n posisie van gesag handel.

Die eerste stap is afgehandel, naamlik die identifisering van die kontekstuele betekenis van die leksikale eenheid. Die betekenis is om iets te gee asof vanuit 'n posisie van oorheersing of gesag, soos beskryf in die definisie "to bestow from or as if from a position of superiority" (MWD).

4.3.1.1.2.2 Bepaal of daar 'n meer basiese leksikale eenheid bestaan

Stap 2 van die MIP vereis dat daar bepaal moet word of daar 'n meer basiese betekenis van die leksikale eenheid bestaan. Die Pragglejaz Group (2007: 3) dui ook aan dat basiese betekenisse geneig is om meer konkreet te wees. Dit waarna die eenhede verwys is makliker om te verbeel, sien, hoor, voel, ruik of proe en is gewoonlik verwant aan liggaamlike handelinge.

Die meer basiese betekenis moet eerstens aan dieselfde grammatikale kategorie as betrokke woordvorm hoort, andersins verskuif die basis van die vergelyking (Steen *et al.*, 2010: 35). Die woordvorm *'confer'* is 'n oorganklike werkwoord en kan daarom nie met 'n ander woordsoort of met 'n onoorganklike werkwoord vergelyk word nie. Die grammatikale kategorie van die kontekstuele woordvorm stem ooreen met beide

verklarings uit die MWD. Deur die aanwending van die werkwoord *'to give'*, is die tweede betekenis onderskeid wat die MWD verskaf meer basies van aard. Die gebruik van parentese om wel toe te voeg dat die werkwoord gewoonlik 'n abstrakte entiteit (soos 'n eienskap) as voorwerp het, ontnem dit egter nie van die meer konkrete betekenis van 'gee' nie. Die woordvorm se kontekstuele en basiese betekenis is algemeen genoeg dat dit nie 'n gespesialiseerde woordeboek benodig nie.

As 'n versterking van die meer basiese aard van 'give' ("gee"), teenoor 'confer' ("toeken"), definieer FrameNet 'gee' as 'n scenario wat tussen drie entiteite afspeel, naamlik:

- (1) die Skenker – die persoon wat aanvanklik in besit is van die Tema en veroorsaak dat dit in die besit van die Ontvanger kom.
- (2) die Ontvanger – die entiteit wat uiteindelik in besit van die Tema is.
- (3) die Tema – die voorwerp wat van eienaarskap ruil.

'Gee' beteken derhalwe dat *'n Skenker 'n Tema van 'n Skenker na 'n Ontvanger oordra*. Dit is duidelik uit hierdie beskrywing dat die tweede betekenis wel meer liggaamlik en dus basies van aard is.

4.3.1.1.2.3 Bepaal of daar genoegsame onderskeid tussen die woordvorme bestaan

Steen *et al.* (2010: 37) bepaal dat twee betekenisse genoegsaam van mekaar onderskei kan word, indien die woordvorm meer as een afsonderlike, genommerde beskrywing het binne dieselfde grammatikale kategorie. Aangesien 'confer', volgens die MWD, wel uit twee genommerde en onafhanklike betekenisse beskik, bestaan daar 'n genoegsame onderskeid tussen die kontekstuele en basiese betekenis.

Indien daar op hierdie stadium wel bepaal is dat 'n woordvorm genoegsaam op indirekte wyse potensieel verklaarbaar is deur kruisdomeinkartering, kan die woord as 'metafories gebruik' (MVW) gemerk word.

Die volledige prosedure, insluitend die riglyne tot dusver in besonderheid gedemonstreer, is op die begenoemde drie tekste uit die korpus toegepas. Wat in afdeling 4.3.3 volg, is 'n diepgaande analise van die geselekteerde tekste en die resultate van hierdie metode.

4.3.2 Uitvoering van Fase 2: Diepgaande analise van geselekteerde tekste

In die volgende afdeling word die MIPVU op 'n keuse van drie tekste toegepas, **Kumalo (2018)** se artikel “Explicating abjection: Historically white universities creating natives of nowhere”, **Kaunda (2016)** se “The wilderness wanderings: A theo-liminal pedagogy for mind decolonisation in African Christianity” en **Dladla (2012)** se “Decolonising the University in South Africa – A Precondition for Justice”.

Eerstens word 'n kort opsomming van elke teks gebied saam met 'n paar aanvanklike opmerkings. Daarna volg die uiteensetting en ontleding van die metafore in die artikel, ingedeel volgens die spesifieke brondomeine waaruit die metafoor gekarteer word (byvoorbeeld FISIESE STRUKTUUR, RUIMTE, HOUER, ensovoorts). Die onderafdelings van elke brondomein verteenwoordig die besondere metafoor wat in spesifieke kontekste aangetref word. Die ontleding van elke teks word afgesluit met 'n samevatting en bespreking.

4.3.2.1 Kumalo (2018)

Kumalo (2018) se teks, “Explicating abjection: Historically white universities creating natives of nowhere”, koppel die beweerde verhouding van swart studente (beskryf as “Blackness/Indigeneity”) met sogenaamde historiese wit universiteite⁶⁹ aan drie verwante konsepte, naamlik Nathaniel Nakasa se term *Native of Nowhere*, Jean-Paul Sartre se begrip negering (“*negation*”) en Julia Kristeva se opvatting van afwysing (“*abjection*”). Hierdeur postuleer Kumalo dat historiese wit universiteite van swart studente 'n tipe uitgeworpene maak wat nóg deelneem aan kennisproduksie nóg 'n volwaardige lid van die samelewing vorm. Die teks handel grotendeels oor die kwessie van epistemiese mag, dit wil sê die denkwyses, perspektiewe of raamwerke wat as legitiem / aanvaarbaar beskou word vir die produksie van kennis. Aangesien hierdie drie konsepte ('*native of Nowhere*', negering en afwysing) die vernaamste knooppunte in die teks vorm, word hulle die fokuspunt van die analise.

⁶⁹ 'n Term wat gebruik word om na universiteite te verwys wat voormalig uit hoofsaaklik wit studente, akademië en administrateurs bestaan het.

4.3.2.1.1 Aanvanklike opmerkings

Kumalo maak gebruik van die nominale suffiks *-ness* om van die adjektiewe “black” en “white” die essensialismes “*Blackness*” en “*whiteness*” te vorm. Tog word geen verklaring of uiteensetting van hierdie konsepte verskaf nie. Na aanleiding van die personifiërende formulering “This predisposition creates of Blackness/Indigeneity a Native of Nowhere” (p.6) aanvaar ek egter dat “Blackness” spesifiek na swart *persone* verwys, eerder as die meer ontasbare kulturele en intellektuele elemente van dit wat Kumalo as “Swart/Inheems” (“Black/Indigenous”) kategoriseer. Die begrippe blyk wel manifestasies te wees van die EIENSKAP VIR KATEGORIE-metonimie, deurdat die bepalende eienskap van ’n bruin tot swart velkleur staan vir ’n klassifikasie van mense.

4.3.2.1.2 Analise

Die diepgaande analise van die betrokke teks (Kumalo 2018) word onderneem aan die hand van die brondomeine HOUER, KRAG, FISIESE VOORWERP, RUIMTELIKE VERHOUDINGS en KONFLIK. Die HOUER-domein word hoofsaaklik gebruik om die manier waarop op daar oor grense, beperkings en uitsluiting gedink word, te beskryf. Die KRAG-domein gee vorm aan die manier waarop mag, beheer en invloed gekonseptualiseer word, terwyl die FISIESE VOORWERP benut word om algemeen abstrakte konsepte as fisiese objekte te beskou.

4.3.2.1.2.1 Brondomein 1-3: HOUER, KRAG en FISIESE VOORWERP

Metafore wat uit die domeine HOUER, KRAG en FISIESE VOORWERP karteer, word in hierdie afdeling bespreek. Hierdie drie domeine word gesamentlik bespreek omdat hulle saam ’n metafoorstelsel vorm. Metafoorstelsels is in afdeling **2.6.3.6** hierbo bespreek en gedefinieer as ’n versameling of netwerk van skematiese metafore wat gelyktydig aktief is om ons begrip van ’n bepaalde konsep of gebeurtenis te struktureer.

In die teks word die drie sentrale brondomeine gesamentlik geaktiveer om ’n onderskeid te tref tussen die entiteite wat die kapasiteit het om legitieme kennis te

produseer, teenoor diegene wat nie hierdie kapasiteit besit of aan hierdie prosesse deelneem nie.


74. Through delineating between those who are considered human and those who are not, the academe confers citizenship, belonging, and freedom while the *Other* is arrested in categories that reduce them to abject Beings (Kumalo, 2018: 5).

Die **HOUER**-domein is hier van toonaangewende belang. Die gebruik van die woord “delineating”, suggereer die daarstelling van grense tussen twee kategorieë of groeperings entiteite. Die metaforiese houer het eerstens die funksie om ’n onderskeid te tref tussen diegene wat as “mense” beskou word, en dié wat nie so geag word nie. Tweedens skep dit ’n binêre opposisie tussen diegene wat by die ruimtes van die universiteit ingesluit word en dié wat uitgesluit is. Laastens impliseer die metaforiese houer dat daardie persone wat uitgesluit word, op ’n sekere wyse vasgekeer of beperk word deur die grense wat deur die akademie ingestel is.

Die inperking van die kategorie individue in die laasgenoemde kategorie impliseer ’n gebrek aan vryheid, agentskap en mag. Hierdie formulering suggereer dat kategorieë deel vorm van ’n hiërargiese struktuur. Entiteite in een kategorie of ruimte beskik oor burgerskap en vryheid, terwyl dié in die ander kategorie uitgeworpe wesens (“abject Beings”) is wat nie oor daardie eienskappe beskik nie. Die volgende metafore kan uit hierdie scenario geformuleer word: MENSE IS INGEPERKTE VOORWERPE en BURGERSKAP IS POSISIES IN ’n RUIMTE.

Die metafoor-uitvloeiings, binne die konteks van voorbeeld 74, behels dat ’n bepaalde afgebakende ruimte beskou as die ligging waaruit kennis en mag geproduseer word. Entiteite ingesluit in hierdie ruimte ontvang die kapasiteit (mag) om uitsprake te maak oor die aard en omvang van die (sosiale) werklikheid. Die universiteit as instelling blyk op te tree as die fisieke manifestasie van hierdie andersins metaforiese ruimte. Dit is metafories, aangesien die fisieke toelating van individue in klaskamers, lesingsale, of kantore nie noodwendig beteken dat hierdie persone ingelaat word in die metaforiese “kennisproduksie-ruimte” nie. **Figuur 4.5** hieronder is ’n skematiese uitbeelding van hierdie scenario. Die kring verteenwoordig die gebonde ruimte, die groen kolk binne

die kring verteenwoordig die entiteite wat ingesluit is en uitsprake kan maak oor die werklikheid, terwyl die rooi kolle die entiteite verteenwoordig wat uitgesluit is en dus geen uitsprake kan maak nie.



Figuur 4.5: In- en uitsluiting-skema.

Die outeur haal byvoorbeeld Julia Kristeva aan in haar uiteensetting van *afwysing* (“abjection”) as iets:

75. “[that] drives us to the place where meaning collapses, it is denotative [of that which is] ejected, discarded and jettisoned” (Kumalo, 2018: 5).

Met die gebruik van woorde soos ‘ejected’ en ‘jettisoned’ in voorbeeld 75 word daar aangedui hoedat entiteite hulself vooraf in ’n bepaalde HOUER bevind, waaruit hulle kragdadig *gewerp* of andersins *gedryf* word. STOOTKRAG, as ’n spesifieke KRAG-skema, is moontlik onderliggend aan die beeld wat deur ‘drive’ ontlok word. Die entiteite word verskuif na ’n ruimte “where meaning collapses”. Met die toevoeging van ‘collapses’ word die FISIESE STRUKTUUR-domein geaktiveer. In die metaforiese konseptualisering van *afwysing* sien ons dus ’n proses waar entiteite met ’n tipe stootkrag verskuif word vanaf ’n gevestigde of soliede houer of gebou, tot een wat so wankelig is dat dit ineenstort (“collapse”). Betekenis (“meaning”) kan in hierdie sin beskou word as ’n fisiese struktuur, of meer bepaald ’n gebou⁷⁰ wat ’n vergestaltung is van maniere om die wêreld te verstaan vir dié wat daarin leef. As hierdie gebou ineenstort, stort hierdie wyses van verstaan ook ineen.

Die tipe konseptualisering uitgedruk deur *afwysing* is ook tiperend van die metaforiese wyse waarop kategorisering verstaan word, naamlik KATEGORISERING IS ’n VERDEELDE

⁷⁰ Vergelyk die metafoer VERSTAAN IS ’n GEBOU.

AREA.⁷¹ 'n Metaforiese scenario word geskep waar sekere groeperings van entiteite in een (voordelige) area of HOUER geplaas word, terwyl ander groeperings hulself in 'n (nadelige) houer bevind. Hierdie voorstelling is kenmerkend van die manier waarop die tweeledigheid 'ons' teenoor 'hulle' of 'ons' en die 'Ander' gekonstrueer word (Charteris-Black, 2004). Voorbeeld 76 illustreer die KATEGORISERING AS VERDEELDE AREA-metafoor op die volgende wyse:

76. I have so far outlined the strategies of silencing, erasure, and abjection used in the academe. These strategies manifest through discourses that delimit between those that are human and those defined as Other; a definition rooted in the colonial project. Through delineating between those who are considered human and those who are not, the academe confers citizenship, belonging, and freedom while the Other is arrested in categories that reduce them to abject Beings” (Kumalo, 2018: 5).

77. Ontological recognition connotes removing the barriers of entry established by HWUs (Kumalo, 2018: 7).


78. Through the inability to fully realise one's own humanity, in spaces which negate and deny one's Being and belonging, it becomes necessary to critically examine the emancipatory potentialities and resistance strategies available to the negated Being in re-asserting their humanity (Kumalo, 2018: 7).

79. [...] The ontologies of Blackness, specifically, are made unattainable owing to how they are framed as mythological and fictitious through the denial of Indigenous epistemic frameworks (Kumalo, 2018: 4).

'Silencing', 'erasure' en 'abjection' word beskou as spesifieke strategieë of prosesse wat in diskoerse geïmplementeer word om 'n bepaalde doel te bereik. Die woorde 'delimit' en 'delineating' in voorbeeld 76 dui hierdie doel aan as die daarstelling van grense, om sodoende entiteite binne spesifieke kategorieë te plaas (met die

⁷¹ Vergelyk Grady (2007: 30-33).

gepaardgaande KATEGORIE AS VERDEELDE AREA-metafoor). Swart persone word in hierdie verdeling bestempel as die Ander (“the Other”) en bly vasgevang in ’n posisie waaruit geen mag uitgeoefen kan word nie en waarin hul geen tuiste vind nie: “[...] while the Other is arrested in categories that reduce them to abject Beings”. Voorbeeld 77 gee uitdrukking aan die manier waarop die Ander uit hierdie kategorieë kan tree. Ten einde nie langer as ’n uitgeworpene beskou te word nie en as legitiem erken te word, moet die versperrings wat toegang tot die positiewe houer verhoed, verwyder word. **Figuur 4.6** beeld hierdie konseptualisering skematies uit. In hierdie uitbeelding word die twee groeperings van entiteite in afsonderlike ruimtes (kategorieë) geplaas. Die groter kring verteenwoordig die gesogte ruimte waaruit mag uitgeoefen kan word, terwyl die kleiner kring die negatiewe ruimte voorstel wat entiteite behou wat geen tuiste of mag besit nie.



Figuur 4.6: Kategorie-skema.

4.3.1.2.2 Brondomein KONFLIK

Die metafore wat in hierdie afdeling ontleed word, toon dat die brondomein KONFLIK gebruik word om die stryd of uitdagings van die dekoloniale bewegings te illustreer, insluitende die funksionering van die universiteitsruimte, die stilmaak van stemme en die strewe na sigbaarheid en erkenning.

80. Continuing the tradition of privileging western epistemic frameworks through reading scholars which do not speak to the Indigenous/Black scholar, I maintain that the contemporary academe annihilates Indigeneity/Blackness through epistemic impositions Kumalo, 2018: 3).

Buiten die voorstelling dat swart persone grensfigure raak of na ongewenste areas en houers verskuif word, het die universiteitsruimte die verdere uitwerking om hulle totaal en al te vernietig. Wanneer spesifieke epistemologiese raamwerke op swart

persone afgedwing word, het dit die gewelddadige effek om hulle te vernietig. Tog blyk dit uit die teks dat hierdie vernietiging nie toegepas word op die liggaam as geheel nie, maar slegs gerig word op bepaalde aspekte daarvan. In besonder is dit die stemme van swart persone wat vernietig word, wat aanleiding gee tot die metafoor KOLONIALITEIT IS DIE VERNIETIGING VAN STEMME.

81.[...] who lamented the erasure of Indigenous/Black voices under apartheid in South Africa. Nkosi argues that the silencing of Indigenous/Black voices resulted in a reading of the landscape through misrecognitions and epistemic impositions (Kumalo, 2018: 3).

Stemme kan in hierdie konteks as meer as net woorde beskou word, aangesien nie-woordelike uitinge soos krete ook onder stem ingesluit is. In ooreenstemming met Goatly (2007) word die besit van 'n stem wel metafories verstaan as die besit van mag, aangesien woorde, by wyse van *spraakhandelinge*, ook die kapasiteit het om verandering aan te bring. In voorbeeld 81 vind ons 'n uitgebreide saamgestelde metafoor OM 'n STEM TE HÊ IS OM MAG TE HÊ wat as volg uiteengesit kan word: STEM IS 'n VOORWERP VATBAAR VIR BESIT en STEM IS MAG. *Mag* moet in hierdie konteks in direkte samehang gelees word met die uiteensetting in **Tabel 4.18** hierbo. Ek beweer dat *stem* in hierdie konteks verwys na die kapasiteit om legitieme uitsprake oor die wêreld te maak, en sodoende die wêreld vatbaar maak vir beheer.

82. [...] my interpretation of the contemporary student movement (#MustFall) is framed by what I understand to be the contestation of visibilities. I conceptualise the contestation of visibilities as the desire to be recognised and the humanity of those framed as Other in the pedagogical journey to been seen as legitimate.”

83. The contestation of visibilities denotes the desire for ontological recognition.

In voorbeeld 82 en 83 word die #MustFall-bewegings beskou as 'n spesifieke manifestasie van pogings tot dekolonisering, geformuleer as 'n “contestation of visibilities”. In hierdie formulering verskyn 'n manifestasie van die metafoor ONTOLOGIESE STATUS IS SIGBAARHEID. Die konsep **sigbaarheid** word gebruik

om die sosiale status of erkenning van 'n persoon se bestaan te representeer. Die formulering suggereer dat individue of groepe in 'n stryd betrokke is om erkenning te kry vir hul wese en bestaan in die samelewing. Om sigbaar te wees is dus om erkenning te verkry as 'n lid van 'n samelewing. Die term 'contestation' ("twis") suggereer dat om uitdrukking te gee aan die behoefte om erken te word, gelykstaan aan 'n twis of stryd.

4.3.1.3.4 Samevatting van ontleding: Kumalo (2018)

Die onderliggende metaforiese scenario wat in hierdie teks uitspeel is een waar swart persone op gewelddadige wyses (die teenkrag-skema) buite die begrensde kennisproduksie-ruimte gehou word deur middel van (i) 'n verwerping (blokkeringskrag-skema) en vernietiging van bepaalde raamwerke waardeur die self en die wêreld verstaan word⁷², (ii) 'n weiering om swart persone as legitiem te sien.

Die metafooranalise van die teks illustreer die komplekse aard van epistemiese mag en hoe dit verskeie brondomeine en metafore insluit om die diskoers te konstrueer. Die gebruik van die brondomeine HOUER, KRAG, en FISIESE VOORWERP fokus op die konseptualisering van entiteite as mense of andersins in terme van die akademie se grense en strukture. Hierdie brondomeine beliggaam die binêre aard van kategorisering, waar die een kant (mense) die vryheid, burgerskap en mag het, terwyl die ander kant (die Ander) beperk en gemarginaliseer word. Hierdie konseptualisering kom tot uiting in die metafore MENSE IS INGEPERKTE VOORWERPE en BURGERSKAP IS POSISIES IN 'n RUIMTE.

Die gebruik van die metafoor KATEGORISERING IS 'n VERDEELDE AREA illustreer hoe kategorisering binêre teenstellings skep en groeperings van entiteite in verskillende houers plaas, wat die tweeledigheid van "ons" teenoor "hulle" versterk. Die metafore van afwysing en stootkrag, soos gesien in die aanhaling van Julia Kristeva, gee uitdrukking aan die proses waarin entiteite uit 'n bestaande houer gedryf word en die implikasies daarvan vir hul betekenis en verstaan van die wêreld.

⁷² Talig uitgedruk as "ontological [...] and epistemic frameworks" en konseptueel verteenwoordig deur die GEDAGTES AS KOMPLEKSE FISIESE VOORWERP-metafoor.

In geheel genome dui die analise daarop dat die teks 'n komplekse en gelaagde beeld skep van epistemiese mag en die invloed daarvan op verskeie aspekte van die universiteitsomgewing en die betrokke entiteite. Die verskeidenheid brondomeine en metafore wat gebruik word, illustreer die ingewikkeldheid van hierdie diskoers en hoe dit mense se waarneming van die wêreld vorm en beïnvloed.

Die ontleding van die oorblywende tekste, Kaunda (2016) en Dladla (2012) volg in volgende afdelings.

4.3.3.2 Kaunda (2016)

In sy artikel, "The wilderness wanderings: A theo-liminal pedagogy for mind decolonisation in African Christianity", voer Kaunda aan dat die ekonomiese en politieke onderontwikkeling in Afrika lande te wyte is aan 'n metafisiese en intellektuele krisis wat veroorsaak word deur psigiese kolonialisme ("mind colonialism"). Die proses van dekolonisering duur vir hom voort en verg die bevryding van die "Afrika verstand" en subjektiwiteit. Die artikel stel 'n teo-liminale pedagogie voor vir die proses om die verstand te dekoloniseer. Dit wend die Bibliese verhaal van Eksodus en die tog deur die woestyn ("wilderness wanderings") as dekoloniale paradigma aan. 'n Verband word getref tussen die slawe wat vrygelaat is uit Egipte en diegene wat ná kolonialisme "bevry" is. Voormalige gekoloniseerde subjekte moet 'n psigiese reis onderneem, soortgelyk aan die wandeling van die slawe deur die woestyn, ten einde hulself psigies van die greep van kolonialiteit te verlos. Die outeur sluit af deur te stel dat psigiese dekolonisering nodig is vir ekonomiese en politieke ontwikkeling, maatskaplike samehorigheid en nasiebou.

In hierdie afdeling word 'n reeks metafore ontleed wat uit die volgende brondomeine geïdentifiseer is: BEWEGING en RUIMTELIKE VERHOUDINGS, LEWENDE ORGANISME en FISIESE VOORWERP.

4.3.3.2.1 Analise

Spesifieke metafore in die betrokke teks word elk onder drie sentrale brondomeine geplaas en ontleed. Onder elke domein word spesifieke metafore uitgeken wat verband hou 'n met 'n bepaalde konsep binne daardie domein. So kan metafore wat

verband hou met die konsep **reis** onder die domein BEWEGING en RUIMTELIKE VERHOUDINGS saam gegroepeer word. Metafore binne die drie prominente domein word vervolgens uiteengesit.

4.3.3.2.1.1 Brondomein 1: BEWEGING en RUIMTELIKE VERHOUDINGS

Vanuit die brondomein BEWEGING en RUIMTELIKE VERHOUDINGS word 'n reeks metafore uitgeken wat verband hou met die konsepte **reis**, **afbakening** en **integrasie**.

4.3.3.2.1.1.1 REIS-metafore

REIS-metafore vorm van die belangrikste wyses waarop die proses van psigiese dekolonisering verstaan word. Die mees opvallende metafore in hierdie teks is DEKOLONISERING IS BEWEGING IN 'n LIMINALE RUIMTE, soos geïllustreer in voorbeeld 84.

84. Such arguments are based on a literal reading of Exodus, and have failed to view that the Exodus movement could be a metaphor that can be transposed into equivalent cultural idioms such as liminal spaces, which have to do with movement from social structural geo-socio-political space into anti-structural geo-socio-political space. In this way, the exodus journey reflects the fact that geographical movement had nothing to do with mind decolonisation, as Israelites while having left Egypt physically still relied on Egypt as their point of reference for self definition and reality interpretation; hence, they remained mentally captive to Egyptian ideology.

85. Therefore, it was not so much about geographical movement as much as mind decolonization that could only happen in that liminal space. Exodus embodies a quest for freedom, a movement, or progression from a geo-sociopolitical structure into a liminal space of mind transformation that opens new possibilities for entering into liberated geo-social political and economic realities (Kaunda, 2016: 58).

In voorbeeld 84 en 85 word psigiese dekolonisering voorgestel as 'n transformasieproses wat slegs binne 'n liminale ruimte ("liminal space") kan plaasvind.

Hier is dit van belang dat die groepe en persone wat gedekoloniseer wil word, vanaf 'n komplekse struktuur (“geo-socio-political structure”) in hierdie ruimte in beweeg. Hierdie ruimte maak dan nuwe moontlikhede oop om 'n bevryde werklikheid *binne te gaan* (“entering into”). Met betrekking tot psigiese dekolonisering, kan die afleiding gemaak word dat OM GEKOLONISEERD TE WEES IS OM IN 'n KOMPLEKSE STRUKTUUR VASGEVANG TE WEES, PSIGIESE DEKOLONISERING IS TRANSFORMASIE en TRANSFORMASIE IS OM IN 'n LIMINALE RUIMTE TE WEES.

Daar blyk sterk interaksies tussen die AFGEBAKENDE RUIMTE- en die REIS-domein voor te kom, maar met 'n fyn seleksie van elemente wat uit hierdie domeine gekarteer word. Die AFGEBAKENDE RUIMTE dui aan dat entiteite wel binne-in 'n bepaalde area beweeg, aangesien hulle andersins hulself *buite* hierdie ruimte bevind het. Daar is ook aspekte van die REIS-domein, aangesien daar 'n beginpunt aan die reis was (die aanvanklike TOESTAND AS PLEK waaruit hulle beweeg het), asook beweging. In die metafoor self blyk die element van bestemming afwesig te wees, gesuggereer deur “wanderings”, wat 'n wandeling sonder 'n spesifieke rigting behels (MED). Indien die allegorie egter in sy totaliteit in ag geneem word, figureer die idee van 'n bestemming wel as die uiteindelijke doelwit. Hoewel daar op 'n sekere vlak 'n voortbeweging plaasvind, is daar onsekerheid oor waarheen 'n spesifieke rigting sal lei. Die reisigers is dus gedurig in 'n onsekere transisie.

'n Belangrike aspek in die dekoloniseringsproses is die moeisaamheid en langdurigheid wat met die reis gepaardgaan. In die geval van die Hebreeuse volk was die reis veertig jaar, daarom kan die metafoor gestel word as DEKOLONISERING IS 'n MOEISAME EN LANGDURENDE REIS.

86. The forty years of wilderness wanderings was a process of re-learning, not simply to be human together, but to interpret Israel's realities within the Hebrew model of a Yahwistic-centred system of thought and wisdom. The wilderness wanderings show that the Hebrew mind emancipation occurred in the liminal space between Egypt and the Promised Land; between the old and the new; between what they were as slaves and what they would become as a free nation. It was a rite of passage, an essential agonising process of mind de-enslaving (Kaunda, 2016: 61).

Deur uit hierdie allegorie te karteer, veral na aanleiding van fraserings soos “between Egypt and the Promised land” en “between the old and the new”, word daar wel

gesuggereer dat 'n nuwe bestemming of plek in gedagte bly, hoewel dit nie vir die reisigers duidelik is wat hierdie nuwe plek presies behels of hoe dit daaruitsien nie.

4.3.3.1.2 Metafore van AFGEBAKENDE RUIMTE

87. I call this paradigm theo-liminal pedagogy, in which “the intellectual, cultural and ideological spaces” exist on the margins of African traditional and Western thoughts. It is neither at the centre nor on the boundaries, but it moves to and fro between the two paradigms (Kaunda, 2016: 63).

As verdere uitbreiding op die konseptualisering van die liminale ruimte en daarstelling van nuwe raamwerke vir begrip, stel die Kaunda dat hierdie nuwe uitkyk tussen twee begrensde ruimtes beweeg, naamlik “African traditional” en “Western” denke. Die metafoor KATEGORIE IS AFGEBAKENDE RUIMTE word weereens ontlok om hierdie twee paradigmas of denkwyses te beskryf. 'n Benadering tot dekolonisering is daarom om nie vasgevang te bly binne enigeen van hierdie twee ruimtes nie, maar om voortdurend tussen hulle te beweeg. Op hierdie wyse kan daar doeltreffend uitbelei geput of benut word. Hierdie benadering bestaan op die grense van beide paradigmas.

4.3.3.1.2.1 DEKOLONISASIE IS 'n AFGEBAKENDE RUIMTE-metafoor

88. In the aftermath of geopolitical decolonisation, the hope for an imagined postcolonial African society was dashed into the abyss of neo-colonialism as a problematic terrain of emptiness, illusions, myths and shadows of being free and decolonised” (Kaunda, 2016: 55).

Die konseptualisering van dekolonialiteit as 'n bepaalde ruimte word voortgesit deur die beskrywing van 'n gekoloniseerde toestand as iets wat opsigself ook as 'n terrein of afgebakende area voorgestel word. In hierdie geval word die TOESTAND AS LIGGING-metafoor aangewend as die voorstelling dat om in 'n spesifieke area te wees, die uitwerking het om jou in 'n bepaalde sielkundige toestand te bevind. Ten einde gedekoloniseer te word, moet daar dus uit hierdie ruimte beweeg word.

4.3.3.1.2.2 DENKE IS RUIMTES

89. The problem is to construct a pedagogy that can manage to selectively integrate some progressive elements of African traditional thought (recognising the fluidity and dynamism of cultural (traditions) and critical aspects of the Western system of thought (Kaunda, 2016: 63).

Voorbeeld 89 dien as 'n uitbreiding van die metaforiese domeine hierbo uiteengesit. Dit verskil egter ietwat van die voorafgenoemde deurdat 'n pedagogie (as 'n raamwerk vir kennisoordrag) *gekonstrueer* moet word. Dit blyk dat hierdie pedagogie as 'n meganisme funksioneer wat die vermoë het om sekere elemente binne die meganisme en struktuur in te sluit en ander uit te sluit. Hierdie konstruksie trek duidelik uit die idee van aparte liggings wat deur die loop van die teks vermeld word, aangesien die pedagogiese konstruksie as 'n tipe tussenruimte bestaan tussen “African traditional thought” aan die een kant en die “Western system of thought” aan die ander kant. Hierdie tipe konseptualisering toon baie ooreenstemming met die basiese uitgangspunte in die Konseptuele Versmeltingsteorie, waar karterings tussen twee insetruimtes lei na 'n integrasie of versmelting tussen die twee ruimtes. Soortgelyk aan die versmeltingsteorie, stel Kaunda ook voor dat selektiewe karterings moet plaasvind.

4.3.3.2.1.2 Brondomein 2: LEWENDE ORGANISME

Metafore van die LEWENDE ORGANISME-domein kan verder gegroep word onder metafore van die menslike liggaam en van die dood. Dekolonisering kan in hierdie opsig enersyds beskou word as verandering binne 'n menslike liggaam, asook die afsterf van 'n liggaam.

4.3.3.2.1.2.1 DIE MENSLIKE LIGGAAM as domein

90. the liminal space, in-between the designations of identity, becomes the process of symbolic interaction, the connective tissue that constructs the difference between upper and lower, [African and Western] ... the temporal movement and passage that it allows, prevents identities at either end of it from settling into primordial polarities. The interstitial passage between fixed identifications opens up the possibility of a cultural hybridity that entertains difference without an assumed or imposed hierarchy (Kaunda, 2016: 63-64).

In voorbeeld 90 word die SKAAL-beeldskema gebruik om epistemologiese stelsels op vertikale vlak aan beide kante van 'n lyn te plaas. Daar blyk 'n manifestasie van oriënteringsmetafore hier voor te kom, waar bo en onder (“upper and lower”) die

ruimtelike setels van die twee raamwerke vorm. Die gebruik van “connective tissue” ontok die LEWENDE ORGANISME-domein, met spesifieke verwysing na die weefsel waaruit hierdie nuwe dekoloniseringsruimte sal bestaan. Die liggaam moet holisties geïntegreer wees, die bolyf en onderlyf nie in teenstelling tot mekaar nie.

4.3.3.2.1.2.2 DIE DOOD as domein

Wanneer die dood as konsep in 'n metaforiese konteks verskyn, is dit gewoonlik met DOOD as 'n *teikendomein*. Meer konkrete brondomeine word gebruik om die meer verwyderde konsep van afsterwing te verstaan. DOOD funksioneer in hierdie uittreksel egter as *abstrakte brondomein*, deurdat karterings plaasvind na die doeldomein DEKOLONISERING. Vergelyk voorbeeld 101.

91. In contemporary Africa, the death of the old generation of Hebrews in the wilderness should not be taken literally, but as a metaphor signifying liberation from mind colonisation. Only after the death of old-colonised-selves will African Christians become adequately prepared to contribute to the development of their particular nations (Kaunda, 2016: 60).

In hierdie metaforiese konteks ontvou die proses van dekolonisering deur die afsterwing (“death”) van die “old-colonised-selves”. Daar is dus 'n metaforiese dood wat moet geskied alvorens die voorheen gekoloniseerde subjek verstandelik gedekoloniseer is. Aangesien dit nie die werklike voorstelling is dat fisieke liggame moet ophou funksioneer nie, is daar afgelei dat die liggaam in hierdie konteks 'n voorstelling is vir die verstand. Die VERSTAND AS LIGGAAM-metafoor word daarom aangewend om aan te dui dat daardie simbole, gedagtes en denkraamwerke 'n tipe “lewe van hul eie het”.

4.3.3.2.1.2 Brondomein 3: FISIESE VOORWERP

Slegs een primêre onderafdeling word by die domein FISIESE VOORWERP bespeur, naamlik BESITTING.

4.3.3.2.1.2.1 BESITTING

92. Similarly, if many Africans were to move past the ideology of blaming colonialism and imperialism, they would have to reclaim

their materiality spirituality-centred thought and wisdom. Yet, Africans must not simply achieve this by completely abandoning Western categories of thought. The goal must be radical reconciliation of African thought with the Western scientific thought system. If there is anything crucial to reclaim, it is the African indivisible thought that attempted to maintain a critical balance ways of knowing and being in the world (Kaunda, 2016: 62-63).

93. It was a process of moving from an imagined nation to a realised nation. If this observation were true, one could argue that mindcolonialism may be the source of Africa's limitations, uncertainties, and pathological underdevelopment. It seems to have severed the African rhythm of progress by alienating many Africans from their past, masking their potential for the future, and depriving them of their immeasurable power to transform their situation and become masters of their destiny (Kaunda, 2016: 63).

Voorbeeld 92 en 93 is in die eerste instansie 'n manifestasie van die metafoor KENNIS IS 'n VOORWERP VATBAAR VIR BESIT. Deur die woorde "reclaim" en "abandoning" word daar voorgestel dat bepaalde voorwerpe (in hierdie opsig vorme van kennis) van die oorspronklike eienaars ontnem is, en nou gevolglik weer terugverkry moet word. Woorde soos "reclaim" maak spesifieke aanspraak op die idee dat sekere raamwerke van die besitters daarvan ontnem is. In hierdie geval is dit gekoloniseerde individue, gesien as swart persone, wat van hul aanvanklike kennisraamwerke vervreem is.

94. Africans cannot possibly destroy these Western thought system institutions and build their own. In an integrated global community, knowledge must be reconciled, rather than to create ghetto walls around knowledge that is simply self-limiting and self-alienating. In the next section, I shall begin to formulate some contours for such a theo-liminal pedagogy, with the theoretical foundations of the wilderness wanderings (Kaunda, 2016: 63).

Kaunda maak 'n interessante aanspraak op die idee dat hierdie "Westerse" vorme van denke (DENKE AS BESITTINGS) nie vernietig moet word nie. Dit word voorgestel deur die frase "Africans cannot possibly destroy these Western thought system institutions and build their own." Daar is dus in hierdie opsig wel ruimte vir die voormalig gekoloniseerde individu om teen die einde van die dekoloniseringsproses in besit te wees van beide "Westerse", sowel as Afrika-gesentreerde denkwyses.

4.3.3.2.2 Bespreking van ontleding: Kaunda (2016)

Kaunda se teks stel dekolonisering (van die verstand) hoofsaaklik voor as die beweging vanaf 'n ruimte van slawerny na wandeling in 'n liminale ruimte, alvorens die moontlikheid ontstaan om 'n nuwe ruimte te konstrueer wat 'n gedekoloniseerde verstand vergestalt. Verder stel Kaunda voor dat Afrika- en Westerse denke nie as polêre eindpunte teenoor mekaar beskou moet word nie, maar dat daar 'n denkruimte gekonstrueer moet word wat selektiewe elemente uit beide hierdie breë raamwerke moet put.

Ek stel dat bepaalde nadele of kritieke punte teen die metaforiese beraming van dekolonisering as die beweging tussen liminale ruimtes, uitgelig kan word. Die problematiek rondom die idee van 'n liminale ruimte is dat daar geen vooruitbeskoude beeld van 'n moontlike toekoms geskep word nie. Hoewel dit miskien belangrik is om eers 'n proses van verstandelike dood te ondergaan, kan die idee van 'n langdurige liminale ruimte gevare inhou vir die onmiddellike voortgang van 'n samelewing. Die gevaar word geloop dat 'n samelewing of individue wat te lank in transisie is, op 'n tydstip heeltemal verlore kan raak. Indien daar geen raamwerke is om gedrag te reguleer nie, duik onvoorspelbare en moontlik teëspoedige onsekerhede op. Dit is moeilik om na 'n toekoms te werk indien daardie toekoms geensins begedink word nie. Dan lei dit na die idee van 'n ewige verlorenheid in die woestyn. Sonder ten minste 'n interim beeld wat tydens die wildernis wandelinge gemodifiseer word, is dit nie duidelik aan die lede van die samelewing hoe om steeds hul daaglikse lewe uit te leef en te verseker dat die toekoms (gesien as die Beloofde Land-ruimte) vir beide hulle en die generasies wat na hulle sal kom, gunstig sal wees nie.

Die idee van 'n integrasieruimte wat selektief put uit die twee breë domeine van Afrika- en Westerse denke is moontlik 'n baie lewensvatbare en voordelige wyse van konseptualisering. Dit gee uiting aan die idee dat daar nie destruktief omgegaan moet word met alle vorme van kennis wat as "Westers" gekategoriseer word nie. Eerder word die idee van samewerking en samekoms bevorder, wat meer strook met genesing en opbou, eerder as konsepte verwant aan die KONFLIK of OORLOG-domein.

4.3.3.3 Dladla (2012)

Dladla se teks bied 'n spesifieke uiteensetting van onderwys in Suid-Afrika as die manifestasie van koloniale rassisme en die dominansie van wit magstrukture. Hierdie manifestasie word metafories gekonseptualiseer as 'n *ondier*. Hy beweer dat die kennis, metodes en perspektiewe wat kolonialisme bevorder en bestendig maak (wat volgens hom die Westerse wêreld vergestalt) mee weggedoen moet word en in sy plek denke moet wees wat die "African experience" reflekteer.

4.3.3.3.1 Aanvanklike opmerkings

In Dladla (2012) word die metafoer KOLONIALISME / RASSISME IS 'n ONDIER deurlopend aangetref, nie soseer as die inhoudelike teks nie, maar hoofsaaklik as subopskrifte. Vir die ontleding van hierdie teks op die rol van metafoer in die *samehang* van 'n teks. Metafore in subtekste, soos opskrifte en subopskrifte, kan 'n metaforiese prosessering van daardie teks aanspoor (Maalej, 2007). Hierdeur word 'n tipe representasie van die teks in geheel geskep, wat deur Brown en Yule (1983) beskryf word as 'n semanties-kognitiewe eenheid. Daar word hiervolgens aangevoer dat die ONDIER-metafoer steeds 'n deurslaggewende rol speel in die lees en begrip van die teks, en moontlik skadelike gevolge inhou vir die benadering tot dekolonisering.

4.3.3.3.2 Analise

Een belangrike primêre brondomein is die LEWENDE ENTITEIT-domein. Binne hierdie domein is die sentrale metafoer KOLONIALISME IS 'n ONDIER uitgeken en word hieronder ontleed.

4.3.3.3.2.1 LEWENDE ENTITEIT

4.3.3.3.2.1.1 KOLONIALISME IS 'n ONDIER

By wyse van subopskrifte konstrueer Dladla die metaforiese scenario van 'n ondie ("beast") wat (1) in Suid-Afrika gebore is, (2) tot die klaskamer gereis het, (3) aan kinders geboorte skenk, (4) bly voortleef en (5) uiteindelik doodgemaak moet word. Hierdie opskrifte sien soos volg daaruit:

95. A violent and Lively Beast: Racism and The European University in South Africa
96. The Beast's Birth
97. The Beast's journey to the classroom: Education In the Past
98. Descendant of the Beast: Education In The Present
99. The Children of the Beast: Black Face White Souls?
100. The survival of the Beast : South Africa, a neo-colony
101. The Death Of The Beast: A possibility-condition for true liberation

In die teks word die term 'beast' op 'n polisemiese wyse beskryf as betekenaar van beide kolonialisme en rassisme: "The Beast' will be used interchangeably hereafter to refer also either to Colonialism, Racism or both" (Dladla, 2012: 2). Voorbeelde 96 tot 102 verskaf 'n samehangende lewensiklus van die kolonialisme as ondiër. Daar bestaan hier 'n reeks metaforiese uitvloeisels, naamlik BESTAAN IS LEWE en IDEES IS WESENS MET 'n LEWENSIKLUS. Anders as die geval van KOLONIALISME IS 'n PERSOON MET 'n LEWENSIKLUS, word ONDIËR as spesifieke teikendomein aangewend. Die basiese betekenis van "beast" verskyn in die MED se eerste definisie as "an animal, especially a large, dangerous wild animal".

In die konteks van die ondiër se geboorte, word die volgende vermeld:

102. Our considered view is that the reason for this is the fact that the stubbornly persistent and destructive beast that is colonial-racism still maintains a healthy life in South Africa. In the following sections we will first try to trace the history of the beast's life in Africa before carefully examining the continuity of its expression in South African education.
103. Europeans before coming to Africa during the supposed voyages of discovery and the subsequent unjust and savagely brutal wars of conquest were a society to which the rights of man and together with them the moral and legal order were not institutions unknown. How is it then that they were able to justify the brutal killings, thefts, enslavement and other horrors that were generously inflicted upon Africans amongst other peoples including the Amerindians and Australasians during that time?

Voorbeeld 102 se verwysing na 'n “*destructive beast*” lê duidelik die klem op die ondiere se geaardheid om vernietigend op te tree. Dit blyk dat hierdie adjektief as sy mees bepalende eienskap optree. Hierdie vernietigende aard word voortgesit in die dade gepleeg met die aankoms van Europeërs (en dus die ondiere) deur bewoordinge soos “*savagely brutal*” en “*brutal killings*” in voorbeeld 103.

4.3.3.3.2.1.2 DIE VOORTDUUR VAN KOLONIALISME IS DIE VERMOMMING VAN 'n ONDIER

104. In the following section we will attempt to explain briefly why it can be said that South Africa has yet to be decolonized and so no wonder is it then that our universities remain relatively unchanged, they are after all but one reflection of a portrait of the fattened but well camouflaged Beast.

105. We then turned our attention to Rainbowism which is shown to be no more than a new face of an aged beast, its life sustained through the deliberate ignorance of the demands of historical justice and the fact of the African's indigeneity and its implications for justice after conquest.

Uittreksels 104 en 105 gee uiting aan die metafoor VOORTDUUR VAN KOLONIALISME IS DIE VERMOMMING VAN 'n ONDIER . Voorbeeld 104 se bewoording “*camouflaged*” impliseer dat die uitwerkinge van kolonialisme steeds teenwoordig is, maar in 'n vermomde vorm, wat dit moeilik maak om te identifiseer en aan te pak. Hierdie metafoor toon 'n verwantskap met die KOLONIALISME IS 'n ONDIER MET 'n LEWENSIKLUS-metafoor, deur beide se uitbeelding van die voortduur van kolonialisme.

4.3.3.3.3 Bespreking van ontleding: Dladla (2012)

In die ontleding hierbo is daar aangedui hoedat kolonialisme as 'n ondiere voorgestel word. Hierdie spesifieke konseptualisering kan die gevolg inhou dat daar op 'n meer gewelddadige wyse teenoor kolonialisme en kolonialiteit opgetree word. In 'n soortgelyke studie deur Thibodeau en Boroditsky (2011) is studente gevra om twee verslae te lees oor die misdaad in 'n spesifieke stad. Die eerste verslag het misdaad beskryf as 'n “*wild beast preying on the city*” en “*lurking in the neighbourhoods*”, terwyl die tweede verslag dit in terme van 'n virus beskryf, met formuleringe soos “*virus infecting the city*” en “*plaguing communities*”. Deelnemers is agterna gevra om 'n oplossing te bied om misdaad te bekamp. Uit die deelnemers wat die ondiere-metaforiese-raam gelees het, het 75% oplossings aangebied wat bestrawwing en

afdwinging sentreer (soos die oprigting van meer tronke of die betrekking van die weermag), teenoor 35% ten gunste van hervorming (Thibodeau & Boroditsky, 2011: 4). Met die lees van die MISDAAD AS VIRUS-formulerings, het 56% afdwinging voorgestel, terwyl 44% ten gunste van hervorming was (Thibodeau & Boroditsky, 2011: 4). Hoewel die studente 'n algemene voorkeur vir bestrawwing en afdwinging bo hervorming toon, is die aangetoonde uitwerking van die metafore noemenswaardig.

Uiteraard is dit nie werklik misdaad wat die uiteindelijke teiken van hierdie oplossings is nie, maar die *misdadigers* wat dit pleeg. In die geval van kolonialisme kan dieselfde beginsel uitgewys word. Wanneer die metafoor KOLONIALISME AS 'n ONDIER ontlok word, sal die strategieë merendeels gerig wees op *persone* wat beweerde vorme van kolonialisme in stand hou. Hierdie metafoor hou moontlik 'n gevaarlike onderliggende metaforiese uitvloeisel in: DEKOLONISERING IS DIE DOODMAAK VAN 'n ONDIER. Aangesien daar 'n direkte verbintenis bestaan tussen die ondieer en die persone wat na bewering kolonialisme in stand hou, word die element van doodmaak gekarteer na daardie persone. Minder ekstreme uitwerkings kan ook voorgestel word. In groter ooreenstemming met die oplossings wat deelnemers in die Thibodeau en Boroditsky (2011) studie aangebied het, kan daar bloot meer afdwingende en dringende metodes gebruik word om die 'daders van kolonialisme' uit 'n posisie van mag te skuif of toenemend ernstiger bestrawwings op te lê indien so 'n persoon van koloniale denke of daade beskuldig word.

Die metaforiese scenario is dat gekoloniseerde mense as die hulpelose prooi van die ondieer optree. Hierdie formulering kan skadelik wees vir die projek van dekolonisering, aangesien dit 'n eenvoudige en binêre beraming van die wêreld bied waar kolonialiste teen gekoloniseerde mense geplaas word. Hierdie beraming oorvereenvoudig die komplekse en genuanseerde verhoudings wat tussen verskillende groepe in een land bestaan en kan 'n slagoffer-narratief daarstel wat ontmagtigend vir die projek van dekolonisering kan wees. Laastens kan die ondieer-metafoor gebruik word om gewelddadige of wraaksugtige reaksies tot die maatskaplike probleem aan te moedig.

Die daadwerklike uitwerking van die KOLONIALISME AS ONDIER-metafoor en hoe dit in gedrag moontlik sal manifesteer, bly vir die oomblik 'n saak van spekulasie, en benodig

verdere empiriese ondersoek wat verby die bestek van die betrokke studie strek. Wat wel met groter sekerheid gestel kan word, is dat Dladla (2012) se teks as 'n eenheid 'n sterk fokus op geweld, beide as 'n uitvloeisel van kolonialisme, sowel as 'n dekoloniale strategie.

4.4 Kwantitatiewe uiteensetting

Die metafooridentifikasie-prosedure is op kollokasies van die soekterme 'colonialism', 'coloniality' en 'decolonisation' toegepas ten einde onderliggende metafore na die oppervlak te bring. Hierdie metafore is per soekterm en volgens die mees geskikte brondomein ingedeel. Die soekwoord 'colonialism' verskyn 415 keer in 'n korpus wat 520 064 woorde beslaan en verteenwoordig ongeveer 0,080% van daardie korpus. Gebaseer op die metafoories gebruikte kollokasies is 120 metafore op hierdie wyse uitgeken. 'Colonialism' verskyn dus in 28,92% van die uitgekende gevalle in 'n metafooriese konteks. Hoewel met 'n veel minder trefslagsyfer van 156 (0,030% van die korpus), word 'coloniality' met 'n metafoorfrekwensie van 99 in 60% van verskynings in 'n metafooriese konteks aangewend. 'Decolonisation' is die soekwoord met die skaarsste voorkoms uit die drie terme. Tog word dit, met 'n veel hoër metafoorfrekwensie van 48 uit 89 trefslae (0,017% van die korpus), in 54% van die gevalle metafoories gebruik.

Tabel 4.21: Frekwensie van trefslae en metafooriese aanwending by die soekterme 'colonialism', 'coloniality' en 'decolonisation'

Soekterm	Frekwensie	Metafooriese konteks	% Metafoories gebruik
'Colonialism'	416	120	28,84%
'Coloniality'	156	99	63,46%
'Decolonisation'	89	48	53,93%

Tabel 4.21 dui opsommenderwys die verhouding aan tussen die aantal verskynings van die onderskeie soekterme teenoor die aantal kere wat hulle by wyse van kollokasies metafoories optree. Uit die totale 267 metafooriese kontekste waarin die soekterme verskyn, word 73 hiervan as voorbeeld in Fase 1 hierbo bespreek. **Tabel 4.21** moet egter nie verstaan word as 'n volle voorstelling van die totale metafooriese uitdrukkings vir die konsepte onder bestudering nie. Slegs daardie metafore direk

gekoppel aan die kollokasies van die betrokke terme word hier weerspieël. Die ontleding in Fase 2 dui byvoorbeeld 'n aantal metafore in die diskoers aan wat nie gevind sou kon word deur op bepaalde soekwoorde te konsentreer nie. **Tabel 4.22** verskaf 'n uiteensetting van die metaforiese frekwensies van elke soekwoord volgens die geïdentifiseerde brondomein.

Tabel 4.22: Oorsig van metafore per brondomein vir die soekterme 'colonialism', 'coloniality' en 'decolonisation'

Brondomein	Soekterm						Totaal	%
	<i>Colonialism</i> (frekwensie)	%	<i>Coloniality</i> (frekwensie)	%	<i>Decolonisation</i> (frekwensie)	%		
VERVAARDIGING	15	12,5%	19	19,19%	6	12,5%	40	14,98%
LEWENDE ENTITEIT	29	24,16%	10	10,10%	0	0%	39	14,60%
RUIMTELIKE VERHOUDINGS	14	11,66%	22	22,22%	3	6,25%	39	14,60%
STRUKTUUR	4	3,33%	24	24,24%	8	16,66%	36	13,48%
VOORWERP	9	7,5%	6	6,06%	5	10,41%	20	7,49%
FISIESE KRAG	12	10%	3	3,03%	2	4,16%	17	6,36%
KONFLIK	6	5%	3	3,03%	4	8,33%	13	4,86%
MASJEN/MEGANIESE PROSES	10	8,33%	2	2,02%	0	0%	12	4,49%
HOUER	4	3,33%	2	2,02%	5	10,41%	11	4,11%
GESPRAK	1	0,83%	0	0%	5	10,41%	6	2,24%
SIG	2	1,66%	1	1,01%	2	4,16%	5	1,87%
MATERIAAL	2	1,66%	0	0%	2	4,16%	4	1,49%
ANDER	12	10%	7	7,07%	6	12,5%	25	9,39%
Totaal	120	100%	99	100%	48	100%	267	100%

Uit **Tabel 4.22** is die eerste belangrike waarneming die beduidende lae vlak van metaforisiteit wat **kolonialisme** skynbaar toon. Enkele redes kan hiervoor vermeld word:

- Waar die moontlikheid van 'n konseptuele metafoor wel bespeur is, maar 'n geskikte brondomein buitengewoon moeilik bepaalbaar was, is daardie uitdrukking nie ingesluit nie, byvoorbeeld: “The call for decolonisation here finds its grounding in a renewed emphasis on apartheid as an extension and expression of **colonialism**”.
- ‘Colonialism’ word dikwels bloot as naamwoord gebruik, sonder die toevoeging van spesifieke werkwoorde of modifieerders wat moontlike metaforisiteit aandui. Hoewel die ontologiese metafoor KONSEP AS VOORWERP tog hier teenwoordig is, sou dit nie sinvol of insiggewend wees om dit as metafories aan te dui nie, aangesien hierdie metafoor op die meeste abstrakte selfstandige naamwoorde van toepassing is.
- Uit die drie konsepte blyk **kolonialisme** die mees basiese van aard te wees, en dit maak daarom minder staat op metaforisiteit. Die term word met ander woorde bloot as konsep aangewend, sonder 'n metaforiese betekenis. Dit staaf die hipotese dat **kolonialisme** sterker gekoppel word aan die eerstegenerasie-kolonialisme, wat merendeels fisiese oorwinning behels, terwyl **kolonialiteit** die meer abstrakte en sistemiese tweede-generasie voorstel.

In teenstelling tot **kolonialisme**, word **kolonialiteit** grotendeels metafories uitgedruk. Die waarskynlikste rede hiervoor is reeds kortliks aangedui, naamlik dat **kolonialiteit** 'n veel meer sistemiese en indirekte vorm van **kolonialisme** vergestalt. Die uitwerkings en manifestasies van kolonialiteit is veel meer subtiel, abstrak en onopvallend as dié van direkte kolonialisme. Dit is om hierdie rede dat ‘coloniality’ die hoogste frekwensie van kollokasies uit die brondomein STRUKTUUR bevat (24, teenoor slegs 4 by ‘colonialism’).

Statisties gesproke is die frekwensie van metaforisiteit by ‘decolonisation’ sinvol. **Dekolonisering** as proses of strategie is gerig op beide **kolonialisme** en **kolonialiteit**. Daarom is dit nie verbasend om te sien dat die persentasie metaforisiteit min of meer tussen dié van ‘colonialism’ en ‘coloniality’ lê nie, omdat dit enersyds reageer op 'n meer basiese konsep en andersyds op een met hoër vlakke van abstraksie. Vergelyk die volgende uittreksel (my onderstreping):

The first-generation **decolonisation** accordingly entailed the emancipation of bodies and spaces from the colonisers, whereas the second-generation decolonisation attempted to overcome the whole legacy of colonialism , to '**decolonise** the

intellectual landscape of the country [...] and, ultimately, [to] **decolonise** the *mind* of the formerly colonised .

In die beskrywing van die eerstegenerasie-dekolonisering word woorde soos 'bodies' en 'spaces' kontekstueel in hul basiese betekenis gebruik. 'Colonisers' verwys verder na bepaalbare, liggaamlike entiteite. Dit is in hierdie sin duidelik dat dit met konkrete persone en ruimtes te make het. In die geval van tweedegenerasiedekolonisering word woorde soos 'legacy', 'intellectual landscape' en 'mind', elk abstrak van aard, as teikens vir die dekoloniseringsproses aangedui. Die konsentrasie van basiese teenoor abstrakte konsepte in die onderskeie fases van dekolonisering, weerspieël die telbare verskil in metaforisiteit tussen 'colonialism' en 'coloniality'.

4.5 Samevatting van Hoofstuk 4

In hierdie hoofstuk is die belangrikste konseptuele metafore bespreek wat die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekolonisering** onderlê. Die laaste drie uit die vier navorsingsvrae is in hierdie hoofstuk beantwoord, elk hoofsaaklik gerig op die gebruik van metafore in die akademiese dekoloniale diskoers, sowel as die wyses waarop hierdie metafore ons omgang met die benaderings tot dekolonisering kan beïnvloed. Die frekwensie van konseptuele metafore is geskakel aan die spesifieke brondomein waaruit dit gekarteer kon word en kwalitatief bespreek. Beide generiesevlak- en spesifiekevlakmetafore is kwantitatief ontleed onder ses primêre brondomeine: LEWENDE ENTITEIT, FISIESE VOORWERP, KONFLIK, FISIESE KRAG, FISIESE STRUKTUUR EN RUIMTELIKE VERHOUDINGS.

Die hoofstuk demonstreer 'n beduidende verskil in die wyses waarop **kolonialisme** teenoor **kolonialiteit** gekonseptualiseer word, sowel as die samehang tussen hierdie konseptualiserings en dié van **dekolonisering**. Die meer gepersonifieerde konseptualisering van **kolonialisme** is gekontrasteer met die groter aantal struktuurmetafore gekoppel aan **kolonialiteit**. Dikwels word 'n scenario van protagonis teenoor antagonis geskep deur die gebruik van hierdie metafore. Kolonialisme tree as antagonis op in die vorm van 'n oorlogsvyand, 'n onderdrukkende krag of 'n wreedaardige ondiër wat by wyse van dekolonisering oorwin, doodgemaak of teengewerk moet word.

Kolonialiteit tree as struktuur en verborge voorwerp op wat by wyse van dekoloniserings afgebreek, ontmantel of geherstruktureer moet word. In hierdie gevalle word 'n binêre 'ons/hulle'-verhouding geskep waar diegene wat wil dekoloniseer, poog om die voorgestelde antagonist te vernietig of te vervang. Teenoor die meer geweldgedrewe konseptualiserings, kom ook ander voor wat aansporings tot samewerking en vreedzaamheid beklemtoon. Om dekoloniserings as 'n reis, beweging of integrasie van ruimtes te beskou, kan dui op 'n sterker gerigtheid op opbou, samewerking en genesing. Daar word voorgestel dat die laasgenoemde konseptualiserings veel meer volhoubaar en goedgunstig sal wees in die langer termyn rakende die toekoms van hoër onderwys in Suid-Afrika.

Hoofstuk 5

Gevolgtrekking, bydrae en beperkings

5.1 Samevatting

Hierdie verhandeling word geïnterpreteer in die konteks van dekolonisering in hoër onderwys in Suid-Afrika. Dit het gespruit as 'n reaksie op die gebruik van die terme 'kolonialisme', 'kolonialiteit' en 'dekolonisering' in akademiese publikasies as mantels vir beweerde ideologiese doelstellings. In die akademiese diskoers oor dekolonisering is daar nie genoegsaam rekenskap gegee van die feit dat hierdie begrippe abstrakte konsepte is nie. 'n Versuim om hieraan erkenning te gee, het implikasies vir die wyses waarop daar met pogings tot dekolonialiteit omgegaan word. Ten spyte van hierdie versuim, is daar wel deur die formulerings van belangrike teoretici tekens dat metaforiese uitdrukkings en konseptuele metafore 'n belangrike rol speel in die oordrag en konseptualisering van hierdie begrippe. Ten einde die presiese omvang van metafore in dekoloniale diskoers, sowel as hul aard en uitwerking te bepaal, is die Konseptuele Metafoorteorie as primêre teoretiese raamwerk, en die kritiese diskoersanalise as konseptuele raamwerk toegepas op 'n datastel van tekste.

Hoofstuk 1 het as 'n algemene kontekstualisering van die verhandeling gedien. Enkele ondersoekes rondom die aard van kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering is aangebied vanuit die perspektief van sosiale teoretici. Hier is daar aangetoon dat kolonialisme neerkom op 'n politiese en ekonomiese verhouding tussen die een of ander imperiale moondheid en 'n gekoloniseerde nasie of groepering van mense. Hierdie verhouding is merendeels, indien nie hoofsaaklik, deur middel van geweld gevestig. Kolonialiteit, aan die ander kant, word meer as 'n patroon van mag gesien wat voortbestaan in die kultuur, intersubjektiewe verhoudings en die metodes en perspektiewe op kennisproduksie. Kolonialiteit kom voor in simboliese, ekonomiese en epistemologiese stelsels nagelaat deur kolonialisme. Kontemporêre dekolonisering is uiteindelik voorgestel as 'n reaksie op hierdie meer verborge uitvloeisel van kolonialisme. Die verhouding tussen mag en kennis is hier kortliks bespreek aan die hand van Foucault se opvatting van mag/kennis. Die idee van 'n Eurosentriese Suid-Afrikaanse universiteit en die #MustFall bewegings se strewe om (onder andere) die kurrikulum uit te daag, is verbind met die problematiek rondom akademiese

publikasies oor dekolonisering. Die navorsingsvrae, -doelwitte en probleemstelling is aan bod gelê.

In Hoofstuk 2 is 'n oorsig verskaf van die sentrale teoretiese raamwerk en breë denkskool vir hierdie verhandeling. Die kognitiewe semantiek, as subdissipline van die kognitiewe linguïstiek, is geplaas teen die konteks van die leksikale semantiek en die kognitiewe wetenskap. As 'n fundamentele tesis in die kognitiewe semantiek, is die beginsel van beliggaamde kognisie op beide taalkundige en neurobiologiese vlak uitgelê.

Die bespreking van beliggaamde kognisie het oorgevloei na die siening dat betekenis ensiklopedies is en dat die proses van konseptualisering die meganisme is waarmee (talige) betekenis gekonstrueer word. Op hierdie punt is daar 'n gedetailleerde (dog noodwendig onvolledige) oorsig verskaf van konseptuele metafoor. Die Konseptuele Metafoorteorie het die fokuspunt van die bespreking gevorm, veral in terme van die beskouing van metafoor as karterings tussen 'n (gewoonlik konkrete) brondomein en 'n (gewoonlik abstrakte) teikendomein. Daar is hoofsaaklik staatgemaak op die teoretisering van Lakoff en Johnson (1980, 1999), Lakoff (1993) en Kövecses (2008, 2010).

Die omstredenheid rondom dooie teenoor lewendige metafore het indringend aandag geniet, ook met behulp van navorsing uit die neurolinguïstiek. Ek het op hierdie punt aangedui dat ek selfs konvensionele metafore in die betrokke studie as potensieel aktief beskou. Metonimie en simulasiesemantiek het kortliks aandag geniet, in soverre dit betrekking het op die betrokke studie.

Die laaste gedeelte in hierdie hoofstuk is gewy aan diskoersanalise, waar ek op Foucault (2002[1972]) staatmaak om die rol en funksionering van diskoerse (soos in akademiese tekste) uit te lig. Aan die hand van Dignan (2005) en Charteris-Black (2004) is Kritiese Metafooranalise as konseptuele raamwerk voorgestel. Laastens word hierdie studie geïntegreer in die konteks van ander metafoorstudies in die akademiese en politieke diskoers. In hierdie hoofstuk is die eerste navorsingsvraag beantwoord en wel as volg: Die kognitiewe semantiek kan 'n bydrae lewer tot die gesprek rondom die dekolonisering van hoër onderwys in Suid-Afrika op die volgende

maniere: deur aan te dui dat (1) *die konsepte wat ons in hierdie diskoers aanwend, herlei kan word na konkrete liggaamlike ervarings*, (2) *dat hierdie ervarings substantief bepaal hoe ons oor hierdie konsepte dink en redeneer*, (3) *dat ons manier van omgang met die diskoers plaasvind by wyse van konseptualisering, wat sterk mates van metaforisiteit behels* en (4) *dat die formulerings wat in die diskoers gebruik word, nie neutraal van aard is nie en die potensiaal het om op subtiele wyses benaderings tot dekolonisering te beïnvloed*.

Hoofstuk 3 het die metodologie van hierdie verhandeling beskryf. Daar is aangedui dat hierdie studie 'n korpusgebaseerde benadering volg wat meestal op die supra-individuele vlak van metafooranalise geskoei is, maar ook raakpunte met die individuele vlak toon by wyse van hipotetiese metafoorscenario's.

In Hoofstuk 4 is die oorblywende navorsingsvrae van hierdie ondersoek beantwoord, naamlik (1) watter metafore kom in die akademiese dekoloniale diskoers voor vir die konsepte **kolonialisme**, **kolonialiteit** en **dekolonisering**, (2) watter metaforiese scenario's word ontlok deur die metaforiese uitdrukkings in die betrokke korpus en (3) op watter moontlike wyses kan die metafore ons verstaan van en reaksie op hierdie konsepte beïnvloed?

Ek het aangedui dat LEWENDE ENTITEIT, FISIESE VOORWERP, KONFLIK, FISIESE KRAG, FISIESE STRUKTUUR en RUIMTELIKE VERHOUDINGS volgens die korpus die markante brondomeine is wat gebruik word in die akademiese dekoloniale diskoers. In hierdie hoofstuk is 'n uitgebreide reeks metaforiese scenario's voorgestel wat die konseptualisering of simulering van kolonialisme, kolonialiteit en dekolonisering vergestalt. Uit die LEWENDE ENTITEIT-domein is kolonialisme hoofsaaklik gepersonifieer as 'n entiteit wat verskeie negatiewe handeling uitvoer (soos om kosbare besittings weg te neem of om ander te verhoed om sekere aksies te verrig), terwyl dit ook sekere skakels en koppeling maak met ander dele van die wêreld en samelewing wat nie noodwendig gunstig vir geaffekteerde persone is nie.

Daar is ook aangedui hoe kolonialisme in verskeie generasies en lewensvorme bly voorbestaan. As deel van Fase 2 is kolonialisme ook as 'n ondiër voorgestel wat op gewelddadige wyse deur voeding bly voortleef. In dekoloniale benaderings moet

hierdie ondier vernietig word. Die gebruik van geweld word ook gesien in die KONFLIK-domein waar daar 'n verhouding van protagonis en antagonis wat in 'n oorlog met mekaar betrokke is, geskep word. Daar is aangedui hoe hierdie vorme van geweld letterlike uitdrukking in bevrydingsoorloë gekry het. Hoewel geweld as 'n noodsaaklikheid deur skrywers soos Fanon (2017 [1961]) voorgestel word, meen ek dat dit vir doeleindes van kohesie, samewerking en vreedzaamheid nie werklik as vooruitstrewende metafore optree nie.

Verder is die FISIESE VOORWERP-domein gebruik om kolonialiteit as 'n verstrengelde of gekoppelde voorwerp uit te beeld wat meestal onsigbaar van aard is. Dit is dan juis die doelstelling van dekolonisering om hierdie verbindings te verbreek of om die voorwerp sigbaar te maak. Die FISIESE KRAG-domein ontlok scenario's waar kolonialisme as antagonis 'n afwaartse krag op die protagonis uitoefen en sodoende beheer oor die protagonis verkry. Hierdie konseptualisering is ook op 'n fundamentele vlak gekoppel aan die wyse waarop mag verstaan word. Mag, gekonseptualiseer as 'n besitting, maar ook 'n kapasiteit om verandering in die wêreld teweeg te bring, is 'n begeerde voorwerp en organiserende beginsel waarom die hele dekoloniale diskoers wentel. In samehang met die RUIMTELIKE VERHOUDINGS-domein, word die scenario ontlok waar diegene wat hulself in 'n positiewe ruimte of houer bevind, die mag of kapasiteit het om uitsprake oor die aard van kennis en die wêreld te maak. Strategieë vir dekolonisering wat in tekste soos Kumalo (2018) uitgedruk word, is dat toegang tot daardie ruimtes oopgemaak moet word, of andersins dat die persone binne daardie ruimtes deur dié daarbuite vervang moet word. Dit is op hierdie wyse wat mag, sigbaarheid en seggenskap verkry word.

As laaste uitstaande scenario, ook binne die BEWEGING- en RUIMTELIKE VERHOUDINGS-domeine, is daar die EKSODUS-metafoer wat deur 'n teks soos Kaunda (2016) voorgestel is. Hierdie konseptualisering behels langdurige wandelings op onsekere terrein ten einde die verstand te dekoloniseer. Daar is aangedui hoe hierdie metafoer beide positiewe en negatiewe gevolge inhou, en dat daar tog probeer moet word om 'n visuele ruimte te verbeeld waarheen Suid-Afrikaners gesamentlik kan beweeg. Hierdie scenario's vorm die vernaamste maniere waarop daar tans oor dekolonisering in die akademiese diskoers gedink en geredeneer word.

5.2 Bydrae

Voor die aanvang van hierdie studie, was die potensiaal van metafoorondersoek in dekoloniale diskoers geheel onverkend. Hierdie studie staan nie net as 'n reaksie op hierdie leemte nie, maar posisioneer sigself as 'n wesenlike en innoverende bydrae tot beide dekoloniale navorsing en metafooranalise. Die studie bevestig nie alleen die betekenisvolle en produktiewe koppeling tussen kognitiewe semantiek en dekolonialiteit nie, maar het ook 'n nuwe fondament gelê vir verdere navorsing in die dekoloniale konteks van hoër onderwys in Suid-Afrika. Deur 'n kognitief-linguistiese lens te gebruik, het die studie die nuanses van dekolonialiteit se kognitief-semantiese aspekte uitgelig, wat kritieke insigte en 'n verfrissende perspektief op die konsepte **kolonialisme**, **dekolonisering** en **kolonialiteit** bied. Die kritieke punte en besondere raamwerk vir die ontleding van metafore in die afsonderlike tekste lewer veral bydrae tot die bestaande literatuur in metafooranalise. Daarbenewens het die studie 'n nuwe standaard vir metafoorondersoek in Suid-Afrika gestel deur 'n unieke kombinasie van korpusgebaseerde en diepgaande teksanalise, wat ongetwyfeld as 'n voorbeeld en riglyn sal dien vir toekomstige navorsingsinisiatiewe in die veld.

5.3 Beperkinge en potensieel verdere studie

Soos met enige navorsingsprojek, is daar ook hier 'n aantal tekortkominge of beperkings. Die eerste hiervan het te make met subjektiwiteit. Die indeling van metafore, nes elke aspek van die menslike sosiale werklikheid, is nie so eenvoudig as om te sê dat een tipe konseptualisering (algeheel) voordelig is, terwyl 'n ander (algeheel) nadelig is nie. Ek gee erkenning aan my persoonlike bevooroordeeldheid as analis in die indeling van hierdie metafore as goedgunstig of kwaadwillig, sowel as wat my werkswyse om hulle te identifiseer, betref.

Omdat ontledings in hierdie studie slegs op taaldata kon staatmaak, is die geldigheid van sekere bevindings ietwat beperk. Om uit te vind of die voorgestelde metafore werklik 'n impak sal hê op persone se konseptualisering van die betrokke soekterme, moet meer empiriese metodes gebruik word, soos dié van Lee (2018).

Die derde beperking is die feit dat menige metafoor in twee of meer domeine geplaas kon word. Daar is gepoog om metaforiese samehang en metaforiese stelsels aan te dui.

Die metodes wat vir die meeste metafooridentifikasies gebruik is, toon bepaalde tekortkominge. Die MPA-metode is baie nuttig wanneer daar met groter korpusse gewerk word, maar dit beteken ook dat metafore wat nie beide bron- en teikendomeinleksikale-items bevat nie, nie uitgeken of ontleed is nie. Indien al die tekste (op moeisame wyse) handmatig deursoek word, kan beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate fundamenteel anders lyk. Fase 2 illustreer verdere moontlike studies waar hierdie tekste individueel indringend bestudeer kan word ten einde die huidige bevindinge uit te brei (of selfs uit te daag).

Die tekste wat diepgaande analyses geniet het, het wel nie een werklike kritiek op dekolonialiteit gelewer nie. Dit sou van insiggewende belang wees om tekste met 'n meer kritiese of skeptiese inslag tot dekolonisering te vergelyk met tekste wat meer tot die omarming daarvan gerig is.

'n Verdere en belangrike beperking is die omvang van die korpus. Vir die doeleinde van 'n magisterstudie, mag 87 tekste of die min of meer 500 000 woorde genoegsaam wees. Verdere moontlikhede word oopgemaak om hierdie studie tot 'n groter korpus uit te brei. Op hierdie wyse kan veel meer metafore uitgeken, ontleed en geklassifiseer word as die betreklik min wat uiteindelik in hierdie korpus bespeur is.

Suid-Afrika is 'n veeltalige land en Engels is nie die enigste taal waarin diskoerse betreffende kolonialisme en kolonialiteit aangetref word nie. Omdat metafore ook taalspesifiek is, mag daar interessante verskille wees in 'n studie wat byvoorbeeld 'n Engelse en Afrikaanse korpus met mekaar vergelyk.

Ondersoek na die rol van taal in die strukturering en betekenisgewing van ons werklikheid bly 'n kernkomponent van hoe ons van die wêreld en onself probeer sin maak. Ek vertrou dat hierdie studie nie alleen aansporing kan gee tot verdere navorsing in metafoor binne dekoloniale diskoerse nie, maar ook sal bydra tot die beskrywing van die verhouding tussen taal, die samelewing en die menslike psige.

BRONNELYS

Allbritton, D.W *et al.* 1996. Reliability of prosodic cues for resolving syntactic ambiguity. *Journal of experimental psychology: Learning, Memory, and Cognition*. 22(3): 714.

Aristotle. 2013. *Poetics*. Oxford: Oxford University Press.

America, C. & Le Grange, L. 2019. Decolonising the curriculum: Contextualising economics and business studies teaching. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 59(1): 106-124.

Aston, G. & Lou, B. 1998. *The BNC Handbook: Exploring the British National Corpus with SARA*. Edinburgh University Press.

Baker, P *et al.* 2006. *A glossary of corpus linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Beeman, M., 1998. Coarse semantic coding and discourse comprehension. *Right hemisphere language comprehension: Perspectives from cognitive neuroscience*. 255-284.

Bergen, B. 2007. Experimental methods for simulation semantics. In Gonzalez-Marquez *et al.* (Eds.). *Methods in cognitive linguistics*. Amsterdam: John Benjamins.

Bergen, B. & Chan, T.T.. 2005. Writing direction influences spatial cognition. In *Proceedings of the annual meeting of the cognitive science society*. 27(27).

Berkeley FrameNet. 2002. FrameNet: A Frame Semantic Resource. University of California, Berkeley: International Computer Science Institute. Aanlyn beskikbaar op: <https://framenet.icsi.berkeley.edu/> (Soos op 30 November 2022)

Biber, D. 1988. *Variation Across Speech and Writing*. New York: Cambridge University Press.

Black, M. 1955. Metaphor. *Proceedings of the Aristotelian Society*. 55 (1954-1955) 273-294.

Black, M. 1962. Metaphor. In Margolis, J. (ed.). *Philosophy Looks at the Arts*. New York: Temple University Press. 218–35.

Bosman, N. & Pienaar, M. Afrikaanse semantiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.) 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Bosman, N. 2015. EET en DRINK in Afrikaans—'n leksikaal–semantiese ondersoek'. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 36(1): 123-145.

Bowdle, B. F. & Gentner, D. 2005. The career of metaphor. *Psychological Review*, 112: 193-216.

Brown, T.L. 2020. Social metaphors in cellular and molecular biology. In: Beger, A. & Smith, T.H. 2020. *How metaphors guide, teach and popularize science*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 1-37.

Brugman, C. 1990. What is the invariance hypothesis?. *De Gruyter Mouton*: 257-268.

Bussmann, H. 1996. *Routledge Dictionary of Language and Linguistics*. London: Routledge.

Calvo, P. & Gomila, T. 2008. Directions for an embodied cognitive science: toward an integrated approach. In Calvo, P. & Gomila, T. (eds.). 2008. *Handbook of Cognitive Science: An Embodied Approach*. Amsterdam: Elsevier.

Cameron, L. 2003. *Metaphor in educational discourse*. London: Continuum.

Cameron, L. 2007. Confrontation or complementarity? Metaphor in language use and cognitive metaphor theory. *Annual Review of cognitive linguistics*. 5(1): 107-135.

Carmen, M. 2016. A defence of Wiredu's project of conceptual decolonisation. *South African Journal of Philosophy*, 35(2): 235-248.

Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2017. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika – Biografie van 'n taal*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Charteris-Black, J. 2004. Critical metaphor analysis. In: *Corpus approaches to critical metaphor analysis*: 243-253. London: Palgrave Macmillan UK.

Charteris-Black, J. 2005. *Politicians and rhetoric: The persuasive power of metaphor*.

Chilton, P. 2005. Missing links in mainstream CDA: modules, blends and the critical instinct. In Wodak, R. & Chilton, P. (eds.). *A New Agenda in (Critical) Discourse Analysis* (19-52). Amsterdam: John Benjamins.

Chilton, P. 1985. *Language and the nuclear arms debate: Nukespeak today*. London: F. Pinter.

Chilton, P. 1987. Metaphor, euphemism and the militarization of language. *Current research on peace and violence*. 10(1): 7-19.

Chilton, P. 1996. *Security metaphors: Cold war discourse from containment to common house* (Vol. 2). New York: Peter Lang Pub Incorporated.

Cicourel, A.V. 1975. Discourse and text: Cognitive and linguistic processes in studies of social structure. *Versus*, 12(2): 33-84.

Cienki, A. 2007. Frames, Idealised Cognitive Models, and Domains (170-187). In: Geeraerts, D. & Cuyckens, H. (eds.). 2007. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press.

Clausner, T.C. & Croft, W. 1999. Domains and image schemas. *Cognitive Linguistics*. 10(1): 1-31.

Cluver, A.D. de V. 1978. *Die terminologie*. Diploma in vertaling. Pretoria : UNISA: 67-131.

Costandius, E. et al. 2018. # FeesMustFall and decolonising the curriculum: Stellenbosch University students' and lecturers' reactions. *South African Journal of Higher Education*. 32(2): 65-85.

Coulson, S. and Oakley, T. 2005. Blending and Coded Meaning: Literal and figurative meaning in cognitive semantics. *Journal of Pragmatics*. 37(10): 1510-1536.

Croft, W. & Cruse, D.A. 2004. *Cognitive Linguistics*. Cambridge University Press.

Damasio A.R. 1994. *Descartes' error: Emotion, reason, and the human brain*. New York: Putnam.

Dancygier, B. & Sweetser, E. 2014. *Figurative language*. Cambridge: Cambridge University Press.

Deignan, A. 1999. Corpus-based research into metaphor. In Lynne Cameron and Graham Low (eds.). *Researching and Applying Metaphor*. Cambridge University Press: Cambridge, 177-199.

Derrida, J. 1998 [1967]. *Of Grammatology*. Baltimore: The John Hopkins University.

Deignan, A. 2005. *Metaphor and Corpus Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Dirven, R. 2002. Metonymy and metaphor: Different mental strategies of conceptualization. In: In Dirven, R. & Porings, R. (eds.). *Metaphor and metonymy in comparison and contrast*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter: 407–434.

Dirven, R. & Verspoor, M. 2004. *Cognitive Exploration of Language and Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins. B.V.

Dladla, N. 2012. Decolonising the University in South Africa: A precondition for Liberation. *Peace and Security for African Development*. 160-174.

Drewer, P. 2003. Die kognitive Metapher als Werkzeug des Denkens. Zur Rolle der Analogie bei der Gewinnung und Vermittlung wissenschaftlicher Erkenntnisse (Forum für Fachsprachenforschung). *Zeitschrift für Rezensionen zur germanistischen Sprachwissenschaft*. 1(2): 187-191.

Du Preez, E. 2009. *Metafoor in die vertaalde mediadiskoers oor aandele en markte in Finweek*. Universiteit van die Vrystaat: Bloemfontein.

Eskridge, T. & Shelley, C., 2009. A naturalistic exploration of forms and functions of analogizing. *Metaphor and Symbol*. 24(3): 125-154.

Evans, V. 2009. *How words mean: lexical concepts, cognitive models, and meaning construction*. Oxford University Press on Demand.

Evans, V. & Green, M. 2006. *Cognitive Linguistics: An Introduction*. Edinburgh: Edinburgh University.

Evans, V. *et al* (eds.). 2007. *The Cognitive Linguistics Reader*. Equinox: London.

Eze, C. 2015. Decolonisation and its discontents: Thoughts on the postcolonial African moral self. *South African Journal of Philosophy*. 34(4): 408-418.

Fauconnier, G. 1985. *Mental Spaces*. Cambridge : Cambridge University Press.

Fauconnier, G. 1997. *Mappings in thought and language*. Cambridge: Cambridge University Press.

Fauconnier, G. & Turner, M. 2002. *The way we think: Conceptual blending and the mind's hidden complexities*. New York: Basic books.

Fairclough, N. 1992. Discourse and text: Linguistic and intertextual analysis within discourse analysis. *Discourse & society*. 3(2): 193-217.

- Fairclough, N. 2001. Critical discourse analysis as a method in social scientific research. *Methods of critical discourse analysis*. 5(11): 121-138.
- Fauconnier, G., 1997. *Mappings in thought and language*. Cambridge University Press.
- Fanon, Franz. 1967. *Black Skin, White Masks* (vertaal deur Charles Lam Markmann). New York: Grove Press.
- Fanon, F. 2017. *The Wretched of the Earth* (vertaal deur Richar Philcox). Cape Town: Kwela Books.
- Feldman, J.A. 2006. *From Molecule to Metaphor: A Neural Theory of Language*. MIT Press: Cambridge.
- Feldman, J.A. & Narayanan, S. 2004. Embodied meaning in a neural theory of language. *Brain and Language*. 89: 385–92.
- Fillmore, C.J. 1968. The case for case. In Bach, E. & Harms, R.T. 1968. *Universals in Linguistic Theory*. New York: Holt, Rinehart, and Winston: 1-88.
- Fillmore, C., 1985. Frames and the semantics of understanding. *Quaderni di semantica*. (6): 222-254.
- Fillmore, C.J. 2006[1982]. Frame semantics. In: Geeraerts, D. (ed.) 2006. *Cognitive Linguistics: Basic Readings*. New York: Mouton de Gruyter: 373-400.
- Fodor, J.A. & Pylyshyn, Z.W. 1988. Connectionism and cognitive architecture: A critical analysis. *Cognition*. 28(1-2): 3-71.
- Foucault, M. 2002[1972]. *The Archeology of Knowledge*. New York: Routledge.
- Francis, W., Kučera, H. & Mackie, A.W. 1982. Frequency analysis of English usage: Lexicon and grammar. Boston: Houghton Mifflin.

Gallese, V. and Lakoff, G. 2005. The brain's concepts: The role of the sensory-motor system in conceptual knowledge. *Cognitive neuropsychology*. 22(3-4): 455-479.

Gentner, D. & Jeziorski, M. 1993. The shift from metaphor to analogy in Western science. *Metaphor and thought*. 447.

Garagnani, M. & Pulvermüller, F. 2016. Conceptual grounding of language in action and perception: a neurocomputational model of the emergence of category specificity and semantic hubs. *European Journal of Neuroscience*. 43:721-737.

Garside, R. & Smith, N. 1997. A Hybrid Grammatical Tagger: CLAWS 4. In: Garside, R., Leech, G. & McEnery, A. (eds.). *Corpus Annotation: Linguistic Information from Computer Text Corpora*: 102- 121. London: Longman.

Gee, J.P. & Hanford, M. 2012. (eds.) *The Routledge Handbook of Discourse Analysis*. Routledge: New York.

Geeraerts, D. & Grondelaers, S. 1995. Looking back at anger: Cultural traditions and metaphorical patterns. In Taylor, J.R. & MacLaury, R.E. (eds.). *Language and the cognitive construal of the world*. 153–179. Berlin: Mouton de Gruyter.

Geeraerts, D. 2010. *Theories of lexical semantics*. Oxford: Oxford University Press.

Geeraerts, D & Cuyckes, H. 2007. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press.

Geeraerts, D. (ed.) 2006. *Cognitive Linguistics: Basic Readings*. New York: Mouton de Gruyter.

Gibbs, R.W. 1992. Categorization and metaphor understanding. *Psychological Review* 99: 572–77.

Gibbs, R.W. 1996. Why many concepts are metaphorical. *Cognition*. 61: 309-319.

Gibbs, R.W. et al. 2004. Metaphor is grounded in embodied experience. *Journal of Pragmatics*. 36: 1189-1210.

- Giora, R., 2002. Literal vs. figurative language: Different or equal? *Journal of pragmatics/* 34(4): 487-506.
- Giora, R., 2003. *On our mind: Salience, context, and figurative language*. Oxford: Oxford University Press.
- Glucksberg, S. & Keysar, B. 1990. Understanding metaphorical comparisons: Beyond similarity. *Psychological review*. 97(1): 3.
- Goatly, A. 2007. *Washing the brain: Metaphor and hidden ideology*. New York: John Benjamins Publishing.
- Goede, H. 2007. A new methodology approaching metaphorical language in science Metaphor and its moorings: studies in the grounding of metaphorical meaning. *Koers: Bulletin for Christian Scholarship= Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*. 72(4): 728-730.
- Goschler, J. 2019. Metaphors in educational texts: A case study on history and chemistry teaching material. *Yearbook of the German Cognitive Linguistics Association*. 7(1): 79-92.
- Grady, J. E. 2005. Images schemas and perception: Redefining a definition. In: Hampe, B. (eds.) 2005. *From Perception to Meaning: Images Schemas in Cognitive Linguistics*. Berlin: Mouton de Gruyter
- Grady, J.E. 1998. *Foundations of meaning: Primary metaphor and primary scenes*. Verhandeling, University of California: Berkeley.
- Grady, J. Oakley, T. and Coulson, S., 1999. Blending and metaphor. *Amsterdam Studies In The Theory And History Of Linguistic Science Series 4*, pp.101-124
- Grosfoguel, R. 2007. The Epistemic Decolonial Turn: Beyond Political-Economy Paradigms . *Cultural studies*. 21(2-3): 211-223.
- Gruber, J. S. 1965. *Studies in lexical relations*. Doktorale proefskrif: Massachusetts Institute of Technology.

Hampe, B. (eds.) 2005. *From Perception to Meaning: Images Schemas in Cognitive Linguistics*. Berlin: Mouton de Gruyter.

Harder, P. 2010. *Meaning in mind and society: A functional contribution to the social turn in cognitive linguistics* (41). Berlin: Walter de Gruyter.

Harris, R. & Taylor, T.J. 1989. *Landmarks in Linguistic Thought: The Western Tradition from Socrates to Saussure*. London: Routledge.

Harris, R. A. 1993. *The Linguistic Wars*. Oxford: Oxford University Press.

Hart, C. 2007. Critical Discourse Analysis and Metaphor: Toward a Theoretical Framework. *Critical Discourse Studies*.

Haser, V. 2005. *Metaphor, Metonymy, and Experientialist Philosophy: Challenging Cognitive Semantics*. New York: Mouton de Gruyter.

Heleta, S. 2016. Decolonisation of higher education: Dismantling epistemic violence and Eurocentrism in South Africa. *Transformation in Higher Education*. 1(1): 1-8.

Hiraga, M.K. 1991. "Metaphor and comparative cultures." In: Fendos, P.G. (red), *Cross-cultural communication: East and west* (vol. III). Taiwan: T'ai Ch'eng Publishing in Tainan, 149-166.

Imre, A. 2012. Space in Cognitive Linguistics. *Acta Universitatis Sapientiae, Philologica*. 4(2) : 247-260.

Jackendoff, R. 2002. *Foundations of Language*. Oxford: Oxford University Press.

Jäkel, O. 1999. Kant, Blumenberg, Weinrich: Some forgotten contributions to the cognitive theory of metaphor. *Amsterdam Studies In The Theory And History Of Linguistic Science Series*. (4): 9-28.

Janse, T. & Redeker, G. 1999. *Cognitive Linguistics: Foundations, Scope, and Methodology*. Cognitive Linguistics Research.

Jansen, J. (red.) 2019. *Decolonisation in universities: The politics of knowledge*. Johannesburg: Wits University Press.

Jiang, C. & Yang, K. 2021. Concepts and Conceptualisation. In: Wen, X. & Taylor, J.R. (eds.) 2021. *The Routledge Handbook of Cognitive Linguistics*. New York: Routledge: 255-268.

Johnson, M. 1987. *The Body in the Mind*. Chicago. The University of Chicago Press.

Johnson, M. 2017. *Embodied Mind, Meaning, and Reason: How our bodies give rise to understanding*. Chicago: The University of Chicago Press.

Jones, Peter. 1999. Cognitive linguistics and the Marxist approach to ideology. In: Dirven, R., Hawkins, B. & Sandikcioglu, E. (eds.). 1999. *Language and Ideology Volume I: Theoretical cognitive approaches*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company: 227-251.

Jung-Beeman, M. 2005. Bilateral brain processes for comprehending natural language. *Trends in cognitive sciences*. 9(11): 512-518.

Kay, P. & McDaniel, C.K. 1978. The linguistic significance of the meanings of basic color terms. *Language*. 54(3): 610-646.

Kiverstein, J. & Miller, M. 2015. The embodied brain: towards a radical embodied cognitive neuroscience. *Frontiers in human neuroscience*. 9: 237.

Knight, J. 2018. Decolonizing and transforming the Geography undergraduate curriculum in South Africa. *South African Geographical Journal= Suid-Afrikaanse Geografiese Tydskrif*. 100(3): 271-290.

Koller, V. 2004. Businesswomen and war metaphors: possessive, jealous and pugnacious? *Journal of Sociolinguistics* 8(1):3-22.

Koopman, O. and Koopman, K.J. 2018. A curriculum of inclusivity: towards a “lived-body” and “lived-experience” curriculum in South Africa. *Indo-Pacific Journal of Phenomenology*. 18(2): 1-12.

Kövecses, Z. 1997. Metaphor: Does it constitute or reflect cultural models? In Gibbs, R.W. & Steen, G.J. (eds.). 1997. *Metaphor in Cognitive Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. 167-188.

Kovecses, Z. 2002. *Metaphor: A practical introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Kövecses, Z. 2008. Conceptual metaphor theory: Some criticisms and alternative proposals. *Annual review of cognitive linguistics*. 6(1):168-184.

Kövecses, Z. 2010. *Metaphor: A Practical Introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Kövecses, Z. 2020. *Extended Conceptual Metaphor Theory*. Cambridge: Cambridge University Press.

Krennmayr, T. 2011. *Metaphor in newspapers*. Tesis: Vrije Universiteit Amsterdam.

Kaunda, C.J. 2016. The wilderness wanderings: A theo-liminal pedagogy for mind decolonisation in African Christianity. *Acta Theologica*. 36(1): 52-69.

Kytö, M. 1996. *Manual to the Diachronic Part of the Helsinki Corpus of English Texts: Coding Conventions and Lists of Source Texts*. Department of English: University of Helsinki.

Kuhn, W. 1993. Metaphors create theories for users. In *European Conference on Spatial Information Theory*. Berlin: Springer Berlin Heidelberg: 366-376.

Kumalo, S.H. 2018. Explicating abjection – Historically white universities creating natives of nowhere?. *Critical Studies in Teaching and Learning*. 6(1): 1-17.

- Lakoff, G. 1987. *Women, Fire and Dangerous Things: What Categories Reveal About the Mind*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1993. The contemporary theory of metaphor. In: Evans, W. et al (eds.) 2007. *The Cognitive Linguistics Reader*. London: Equinox Publishing.
- Lakoff, G. 1996. *Moral Politics: What conservatives know that liberals don't*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 2008. *The political mind: why you can't understand 21st-century politics with an 18th-century brain*. London: Penguin.
- Lakoff, G. 2009. Metaphor and war: The metaphor system used to justify war in the Gulf. *Peace Research*. 25-32.
- Lakoff, G. 2014. Mapping the brain's metaphorical circuitry: metaphorical thought in everyday reason. *Frontiers in Human Neuroscience*. 8(958). DOI: 10.3389/fnhum.2014.00958.
- Lakoff, G. Espenson, J. & Schwartz. 1991. *The Master Metaphor List*. 2nd ed. Berkley: University of California, Berkley.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1999. *Philosophy in the Flesh: The Embodied mind and its challenge to Western Thought*. New York: Basic Books.
- Lakoff, G. & Turner, M. 2009. *More than cool reason: A field guide to poetic metaphor*. Chicago: University of Chicago Press.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of Cognitive Grammar: Theoretical prerequisites* (Vol. 1). Stanford: Stanford University Press.

Langacker, R.W. 1991. *Foundations of Cognitive Grammar: Theoretical prerequisites* (Vol. 2). Stanford: Stanford University Press.

Langacker, R.W. 2007. Constructing the meanings of personal pronouns. In: Radden, G., Siemund, P. & Berg, T. 2007. *Aspects of meaning construction*. Amsterdam: John Benjamin Publishing Company: 171-187.

Langacker, R.W., 2012. *Essentials of cognitive grammar*. Oxford: Oxford University Press.

Larson, B. 2011. *Metaphors for environmental sustainability: Redefining our relationship with nature*. New Haven: Yale University Press.

Le Grange, L. 2018. "The notion of Ubuntu and the (post)humanist condition." In : Petrovic, J. & Mitchell, R. 2018. *Indigenous philosophies of education around the world*, 40–60. New York: Routledge.

Le Grange, L. 2019. "The curriculum case for decolonization." In: Jansen, J.D. 2019. *The politics of curriculum: Making sense of decolonization in universities*, 17–35. Johannesburg: Wits University Press.

Littlemore, J. et al 2011. Difficulties in metaphor comprehension faced by international students whose first language is not English. *Applied linguistics*. 32(4): 408-429.

Lönneker-Rodman, B. 2008. The Hamburg Metaphor Database project: issues in resource creation. *Language Resources and Evaluation*. 42: 293-318.

Mabela, L. et al. 2020. Language and discourse in contemporary South African politics: a critical discourse analysis. *Language Matters: Studies in the Languages of Southern Africa*. 51(3): 108-129.

MacCormac, E. 1985. *A Cognitive Theory of Metaphor*. Cambridge, Massachusetts: Massachusetts Institute of Technology.

Mácha, J. 2019. Metaphor in Analytic Philosophy and Cognitive Science. *Revista Portuguesa de Filosofia* 75 (4): 2247-2286.

- Malan, S. 2008. Conceptual metaphors in South African political speeches (1994–2001). *Stellenbosch papers in Linguistics*. 38: 73-106.
- Mbembe, A. 2016. Decolonising the university: New directions. *Arts & Humanities in Higher Education*, 15(1): 29-45.
- Mgqwashu, E. 2016. Universities can't decolonise the curriculum without defining it first. *The Conversation*. 22:1-4.
- Michael, R. (ed.). 2007. *Macmillan English Dictionary for Advanced Learners*. 2nd edition. Oxford: Macmillan Education.
- MacWhinney, B. 2000. *The CHILDES project: The database* (Vol. 2). New Jersey: Lawrence Erlbaum Association Publishers.
- Malan, S. 2008. Conceptual metaphors in South African political speeches. *Stellenbosch Papers in Linguistics*. 38: 73-106.
- Maalej, Z. 2007. Doing Critical Discourse Analysis with the Contemporary Theory of Metaphor: Towards a discourse model of metaphor. In: Hart, C. & Lukeš, D. 2007. *Cognitive Linguistics in Critical Discourse Analysis: Application and Theory*. Newcastle: Cambridge Scholars Publishing.
- Mashal, N. *et al.* 2015. Hemispheric involvement in native and non-native comprehension of conventional metaphors. *Journal of Neurolinguistics*. 35: 96-108.
- Maldonado-Torres, N. 2007. On Coloniality of Being: Contributions to the Development of a Concept. *Cultural Studies*. 21(2-3): 240-270.
- Mashibini, S. 2019. *Student voices on decolonising the curriculum: a study of two departments at the University of the Witwatersrand*. Verhandeling: Universiteit van die Witwatersrand.
- Mbembe, A. 2016. Decolonising the university: New directions. *Arts & Humanities in Higher Education*, 15(1): 29-45.
- Meyer, C. F. 2002. *English corpus linguistics: An introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mignolo, W.D. 2000. *Local Histories / Global Designs: Essays on the Coloniality of Power, Subaltern Knowledge and Border Thinking*. Princeton: Princeton University Press.

Mignolo, W.D. 2011. *The Darker Side of Modernity: Global Futures, Decolonial Options*. Durham: Duke University Press.

Mignolo, W. D. 2018. Decoloniality and Phenomenology: The Geopolitics of Knowing and Epistemic/Ontological Colonial Differences. *The Journal of Speculative Philosophy*. 32(3): 360-387. Pretoria: Fanele.

Modiri, J. 2020. The aporias of 'decolonisation' in the South African academy. In: Talla, J. & Motala, S. (reds.). *From Ivory Towers to Ebony Towers: Transforming Humanities Curricula in South Africa, Africa and African-American Studies*. Jacana Media.

Musolff, A. 2011. Migration, media and 'deliberate' metaphors. *Metaphorik.de*. 21: 7-19.

Narayanan, S.S. 1997. *Knowledge-based Action Representations for Metaphor and Aspect (KARMA)*. Tesis: Universiteit van Kalifornië, Berkeley.

Ndlovu-Gatsheni, S.J. 2015. Decoloniality as the future of Africa. *History Compass*. 13(10): 485–496.

Ndlovu-Gatsheni, S.J. 2019. Discourses of Decolonization/Decoloniality. *Papers on Language and Literature*. 55(3) 201-226.

Nerlich, B. and &, D.D., 2007. Cognitive linguistics and the history of linguistics. In: Geeraerts, D & Cuyckes, H. 2007. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. 589-610.

Nietzsche, F.W. 2004 [1873]. On Truth and Lying in an Extra-moral Sense. In Rivkin, J. & Ryan, M. 2004. *Literary Theory: An Anthology*. Oxford: Blackwell Publishing. 262-265.

Nothnagel, I. 2009. *Conceptual Metaphors in Media Discourses on AIDS Denialism in South Africa*. Magister verhandelings: Stellenbosch University.

Nuyts, J. 2007. Cognitive Linguistics and Functional Linguistics. In: Geeraerts, D & Cuyckes, H. 2007. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. 543-565.

Oakley, T. 2007. IN: Geeraerts, D. & Cuyckens, C. 2007. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press.

Oelofsen, R. 2015. Decolonisation of the African mind and intellectual landscape. *Phronimon*. 16(2): 130-146.

Ortony, A. (ed.) 1993. *Metaphor and thought*. Cambridge: Cambridge University Press.

Pike, K. 1954. Language in Relation to a Unified Theory of the Structure of Human Behavior I-III. Summer Institute of Linguistics.

Pulvermüller, F. 2012. Meaning and the brain: The neurosemantics of referential, interactive, and combinatorial knowledge. *Journal of Neurolinguistics*. 25(5); 423-459.

Radden, G. 2002. How metonymic are metaphors? In Dirven, R. & Porings, R. (eds.). *Metaphor and metonymy in comparison and contrast*. Berlin & New York: Mouton de Gruyter: 407–434.

Rescorla, M. 2019. The Computational Theory of Mind. In: Zalta, E.N. (red.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Aanlyn beskikbaar by: <https://plato.stanford.edu/entries/computational-mind/#ArgForCon> (Soos op 28 Maart 2019).

- Richards, I.A. 1936. *The Philosophy of Rhetoric*. Oxford: Oxford University Press.
- Rigney, D. 2001. *The metaphorical society: An invitation to social theory*. Toronto: Rowman & Littlefield Publishers.
- Robins, R.H. 1997. *A short history of linguistics*. London: Longman.
- Said, E.W. 1978. *Orientalism*. Londen: Penguin Books.
- Schnitzer, M.L. & Pedreira, M.A. 2005. A neuropsychological theory of metaphor. *Language Sciences*. 27: 31-49.
- Shen, Y. & Balaban, N. 1999. Metaphor (In)Coherence in Discourse. *Discourse Processes*. 28(2): 139-153.
- Spivak, G. C. 1988. Can the Subaltern Speak? In C. Nelson & L. Grossberg (Eds.), *Marxism and the Interpretation of Culture*. 271–313. Illinois: University of Illinois Press.
- Spivak, G.C. 1998. Translator's Preface. In Derrida, J. 1998. *Of Grammatology*. Baltimore: The John Hopkins University.
- Schnitzer, M.L. & Pedreira, M.A. 2005. A neuropsychological theory of metaphor. *Language Sciences*, 27(1): 31-49.
- Simpson, J. & Weiner, E.S.C. 2009. *Oxford English Dictionary*. Oxford: Oxford University Press.
- Sinclair, J. 1991. *Corpus, concordance, collocation*. Oxford: Oxford University Press.
- Smith, M.R. 2007. Levels of Metaphor in Persuasive Legal Writing. *Mercer Law Review*. 58: 919-947.

Steen, G. et al. 2010. *A Method for Linguistic Metaphor Identification*. Amsterdam: Benjamins.

Stefanowitsch, A. 2006. The function of metaphor: Developing a corpus-based perspective. *International Journal of Corpus Linguistics*. 10(2): 161-198.

Straehle, C. et al. 1999. Struggle as metaphor in European Union discourses on unemployment. *Discourse & Society*. 10(1): 67-99.

Summers, D. 2009. *The Longman Dictionary of Contemporary English*, 4th ed. Harlow: Longman.

Talmy, L. 1972. *Semantic Structures in English and Atsugewi*. Doktorale proefskrif: Universiteit van Kalifornië.

Talmy, L. 1988. Force dynamics in language and cognition. *Cognitive science*, 12(1): 49-100.

Talmy, L. 1996. The windowing of attention in language. *Grammatical constructions: Their form and meaning*. Oxford: Oxford University Press.

Talmy, L. 2000. *Toward a Cognitive Semantics*. Cambridge: MIT Press.

Thagard, P. 2019. Cognitive Science. In: Zalta, E.N. (red.). *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Aanlyn beskikbaar by:

<https://plato.stanford.edu/archives/spr2019/entries/cognitive-science/>.

(Soos op 20 Oktober 2019).

Thibodeau, P.H. & Boroditsky, L. 2011. Metaphors We Think With: The Role of Metaphor in Reasoning. *PLoS One*. 6(2): 1-11.

Thompson, E. 2016. Foreword. In: Verela, F.J., Thompson, E. & Rosch, E. (eds.) 2017. *The Embodied Mind: Cognitive Science and Human Experience*. Cambridge: MIT Press.

Turner, M. 2002. The cognitive study of art, language, and literature. *Poetics today*. 23(1), p.9-20.

Van der Merwe, L. 2021. 'n Verkenning van multimodale metafore in die poësiefilm *Stad in die mis* (Opperman). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 61(4): 1020-1038.

Van Dijk, T.A. 1975. Action, action description, and narrative. *New literary history*. 6(2): 273-294.

Van Dijk, T.A. 1993. *Elite discourse and racism*. London: SAGE Publications.

Van Dijk, T.A. 1995a. Aims of Critical Discourse Analysis. *Japanese Discourse*, 1: 17-27.

Van Dijk, T.A. 1995b. Discourse semantics and ideology. *Discourse & society*. 6(2): 243-289.

Van Dijk, T.A. 2008. Discourse and racism. *A companion to racial and ethnic studies*: 145-159.

Van Dijk, T.A. 2009. News, discourse, and ideology. *The handbook of journalism studies*. 191-204.

Van Huyssteen, G.B. 1995. *'n Kognitief-pragmatiese perspektief op seksuele uitdrukkings in Afrikaans*. MA-Verhandeling: Universiteit van Pretoria.

Venter, H.E. 2009. *Die verhouding tussen verhaal en metafoor in Agaat (Marlene van Niekerk)*. Magister verhandeling: Noordwes-Universiteit.

Verela, F.J., Thompson, E. & Rosch, E. (eds.) 2017. *The Embodied Mind: Cognitive Science and Human Experience*. Cambridge: MIT Press.

Vervaeke, J. & Kennedy, J.M. 2004. Conceptual metaphor and abstract thought. *Metaphor and symbol*. 19(3): 213-231.

Walton, E. & Lloyd, G. 2011. An analysis of metaphors used for inclusive education in South Africa. *Acta Academica*, 43(3): 1-31.

Wa Thiong'o, N. 1987. *Decolonising the Mind: The Politics of Language in African Literature*. Harare: Zimbabwe Publishing House.

Zheng, M. 2017. *A Conceptual Metaphor Account of Word Composition: Potentiality of "light" in English and Chinese*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing.

BYLAE

Bylaag A: Dekolonialiteitkorpus-inligting

Jaar	Outeur	Titel	Joernaal / Publikasie	Aantal tekens
2013	Ahmed, D. S	Decolonising Muslim subjectivities: a psycho-cultural perspective: reflective essays and poetry.	<i>Journal for Islamic Studies</i>	3,685
2019	America, C. & Le Grange, L	Decolonising the curriculum: Contextualising economics and business studies teaching	<i>Tydskrif vir Geesteswetenskappe</i>	11,435
2017	Becker, A.	Rage, loss and other footpaths: Subjectification, decolonisation and transformation in higher education	<i>Transformation in Higher Education</i>	8,605
2019	Becker, D	Afrofuturism and decolonisation: using Black Panther as methodology	<i>Image & Text</i>	8,288
2019	Brunsdon, A. R.	Selfishly backward' or 'selflessly forward?': A white male's insider perspective on a challenge and opportunity of decolonisation for practical theology in the South African context.	<i>HTS Teologiese Studies/Theological Studies</i>	7,147
2019	Carman, M.	A defence of Wiredu's project of conceptual decolonisation	<i>South African Journal of Philosophy</i>	9,578
2017	Chaka, C. <i>et al.</i>	English studies: Decolonisation, deparochialising knowledge and the null curriculum.	<i>Perspectives in Education</i>	7,764
2019	Chasi, C. <i>et al</i>	No pain no gain? Reflections on decolonisation and higher education in South Africa.	<i>Africa Education Review</i>	6,475
2018	Constandius, E. <i>et al.</i>	# FeesMustFall and decolonising the curriculum: Stellenbosch University students' and lecturers' reactions.	<i>South African Journal of Higher Education</i>	10,271
2020	Da Costa, N	Positionality and Performance: Staging Antony and Cleopatra for South African schools in the context of decolonisation imperatives	<i>Shakespeare in Southern Africa</i>	11,853

2013	Devenish, G. E.	Cutting the apron strings: the South African experience of decolonisation	<i>TD: The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa</i>	18,013
2019	Diala, A. C	Curriculum decolonisation and revisionist pedagogy of African customary law	<i>Potchefstroom Electronic Law Journal/Potchefstroomse Elektroniese Regsbla</i>	11,774
2012	Dladla, N.	Decolonising The University In South Africa : A Precondition for Liberation	<i>Peace and Security for African Development</i>	12,212
2017	Duku, N., & Salami, I. A.	The relevance of the school governance body to the effective decolonisation of education in South Africa.	<i>Perspectives in Education</i>	2,997
2019	Enaifoghe, A. O	The Decolonization of African Education and History	<i>African Renaissance</i>	8,601
2015	Eze, C	Decolonisation and its discontents: Thoughts on the postcolonial African moral self	<i>South African Journal of Philosophy</i>	7,831
2017	Fomunyan, K. G., & Teferra, D	Curriculum responsiveness within the context of decolonisation in South African higher education.	<i>Perspectives in Education</i>	7,414
2018	Francis, S., & Hardman, J	# Rhodesmustfall: using social media to “decolonise” learning spaces for South African higher education institutions: a cultural historical activity theory approach	<i>South African Journal of Higher Education</i>	5,384
2019	Gilfellan, C <i>et al.</i>	The decolonisation of South Africa’s oldest surviving colonial building: lessons from the Castle of Good Hope in Cape Town	<i>South African Museums Association Bulletin</i>	7,416
2017	Hadebe, N. M	Commodification, decolonisation and theological education in Africa: Renewed challenges for African theologians	<i>HTS: Theological Studies</i>	8,348
2018	Hassim, S	Decolonising equality: the radical roots of the gender equality clause in the South African constitution	<i>South African Journal on Human Rights</i>	11,185
2016	Heleta, S.	Decolonisation of higher education: Dismantling epistemic violence and Eurocentrism in South Africa	<i>Transformation in Higher Education</i>	9,016

2018	Hendricks, C	Decolonising universities in South Africa: Rigged spaces?	<i>International Journal of African Renaissance Studies-Multi-, Inter-and Transdisciplinarity</i>	10,384
2017	Himonga, C., & Diallo, F	Decolonisation and teaching law in Africa with special reference to living customary law.	<i>Potchefstroom Electronic Law Journal/Potchefstroomse Elektroniese Regsblad</i>	9,358
2019	Hull, G	Contesting the narrow approach to intellectual decolonisation, or how Martin Heidegger captured an African university	<i>New Agenda: South African Journal of Social and Economic Policy</i>	3,541
2016	Kaunda, C. J.	The wilderness wanderings: A theo-liminal pedagogy for mind decolonisation in African Christianity	<i>Acta Theologica</i>	7,727
2014	Keet, A.	Epistemic 'othering' and the decolonisation of knowledge	<i>Africa Insight</i>	10,200
2018	Kgatla, S. T.	The decolonisation of the mind-black consciousness community projects by the Limpopo Council of Churches	<i>Missionalia: Southern African Journal of Mission Studies</i>	8,089
2018	Klug, H.	Decolonisation, compensation and constitutionalism: land, wealth and the sustainability of constitutionalism in post-apartheid South Africa	<i>South African Journal on Human Rights</i>	15,235
2018	Knight, J.	Decolonizing and transforming the Geography undergraduate curriculum in South Africa	<i>South African Geographical Journal=Suid-Afrikaanse Geografiese Tydskrif</i>	12,739
2018	Koopman, O., & Koopman, K. J.	A curriculum of inclusivity: towards a "lived-body" and "lived-experience" curriculum in South Africa.	<i>Indo-Pacific Journal of Phenomenology</i>	10,315
2018	Kumalo, S. H.	Explicating abjection—Historically white universities creating natives of nowhere?	<i>Critical Studies in Teaching and Learning</i>	9,942
2017	Latib, S	Decolonisation and scholarship through evidence-based research supervision in public administration	<i>Journal of Public Administration</i>	6,954

2016	Le Grange, L	Decolonising the university curriculum: Leading article.	<i>South African Journal of Higher Education</i>	6,466
2018	Le Grange, L.	Decolonising, Africanising, indigenising, and internationalising curriculum studies: Opportunities to (re) imagine the field	<i>Journal of Education</i>	8,802
2018	Legodi, L. T., & Shai, K. B.	The shackles of colonialism in South African universities: an Afrocentric analysis	<i>Commonwealth Youth and Development</i>	5,220
2017	Lotz-Sisitka	"Decolonising as Future Frame for Environment and Sustainability Education.	<i>Envisioning Futures for Environment and Sustainability Education</i>	9,770
2019	Louw, A.	Decolonisation and cognitive justice imperatives in health sciences related research supervision	<i>African Journal of Health Professions Education</i>	1,462
2016	Louw, D.	The mirage of" Rainbowism" within the nightmare of# MustFall campaigns. Exploring the penetrating hermeneutics of compassionate being-with against the background of decolonising activism and xenophobic suspicion	<i>Stellenbosch Theological Journal</i>	10,888
2018	Mampane, R. M <i>et al.</i>	Decolonising higher education in Africa: Arriving at a glocal solution	<i>South African Journal of Education</i>	6,850
2018	Mayaba, N. N	A reflection on language politics at Nelson Mandela University	<i>Southern African Linguistics and Applied Language Studies</i>	6,398
2016	Mbembe, A.	Decolonizing the university: New directions	<i>Arts and Humanities in Higher Education</i>	9,725
2015	Mbembe, A.	Decolonizing Knowledge and the Question of the Archive.		10,535
2018	McAteer, M., & Wood, L.	ecolonising knowledge: Enacting the civic role of the university in a community-based project	<i>South African Journal of Education</i>	9,073
2017	McCullers, M	Like Biscuits in Wrappers: Apartheid Development and Decolonization in South West Africa, 1962-1968	<i>INTERNATIONAL JOURNAL OF AFRICAN HISTORICAL STUDIES</i>	12,531

2019	McCullers, M.	Betwixt and Between Colony and Nation-State: Liminality, Decolonization, and the South West Africa Mandate	<i>The American Historical Review</i>	12,531
2018	McKay, V. I.	Shifting the Lenses: Multilingualing, Decolonisation and Education in the Global South,	<i>International Journal of Educational Development in Africa</i>	2,358
2020	Meda, L.	Decolonising the curriculum: Students' perspectives	<i>Africa Education Review</i>	6,483
2017	Methula, D. W.	Decolonising the commercialisation and commodification of the university and theological education in South Africa.	<i>HTS: Theological Studies</i>	7,151
2018	Mheta, G., Lungu, B. N., & Govender, T.	Decolonisation of the curriculum: A case study of the Durban University of Technology in South Africa	<i>South African Journal of Education</i>	7,271
2020	Mpungose, C. B.	Is Moodle a platform to decolonise the university curriculum? Lecturers' reflections	<i>frica Education Review</i>	6,088
2016	Murris, K.	# Rhodes Must Fall: A posthumanist orientation to decolonising higher education institutions	<i>South African Journal of Higher Educatio</i>	10,859
2017	Muswede, T.	Colonial legacies and the decolonisation discourse in post-apartheid South Africa-a reflective analysis of student activism in Higher Education	<i>African journal of public affairs</i>	5,721
2018	Muthukrishna, N., & Engelbrecht, P	Decolonising inclusive education in lower income, Southern African educational contexts	<i>South African Journal of Education</i>	8,261
2018	Muthukrishna, N., & Engelbrecht, P	Decolonising inclusive education in lower income, Southern African educational contexts	<i>South African Journal of Education</i>	8,565
2020	Mwaniki, M <i>et al.</i>	Advanced language politics in South African higher education post# RhodesMustFall.	<i>Southern African Linguistics and Applied Language Studies</i>	1,731
2018	Nako, N	Decolonising the South African prison	<i>SA Crime Quarterly</i>	1,864
2017	Niemandt, C. N	The prosperity gospel, the decolonisation of gheology, and the abduction of missionary imagination.	<i>Missionalia: Southern African Journal of Mission Studies</i>	8,598
2015	Oelofsen, R.	Decolonisation of the African mind and intellectual landscape	<i>Phronimon</i>	9,611

2019	Olivier, B	Decolonisation, identity, neo-colonialism and power	<i>Phronimon</i>	10,558
2019	Olivier, B	Decolonisation, Identity, Neo-Colonialism and Power		9,715
2018	Padayachee, K <i>et al.</i>	Addressing curriculum decolonisation and education for sustainable development through epistemically diverse curricula.	<i>South African Journal of Higher Education</i>	7,699
2017	Pillay, S. R.	Cracking the fortress: can we really decolonize psychology?	<i>South African Journal of Psychology</i>	4,168
2003	Porteus, K	Decolonising inclusion: Constructing an analytic framework for inclusion/exclusion for the decolonising context.	<i>Perspectives in Education</i>	7,934
2018	Rall, M.	Across time of three South African San exhibitions: Reflecting on colonialism, apartheid and decolonisation	<i>South African Museums Association Bulletin</i>	8231
2016	Ramantswana, H.	Decolonising biblical hermeneutics in the (South) African context.	<i>Acta Theologica</i>	12,356
2016	Ruggunan, S.D.	Decolonising management studies: A love story.	<i>Acta Commercii</i>	14,140
2017	Saunders, C.	Decolonization in southern Africa: reflections on the Namibian and South African cases.	<i>Journal for Contemporary History</i>	9,475
2017	Seedat, M., & Suffla, S	Community psychology and its (dis) contents, archival legacies and decolonisation	<i>South African Journal of Psychology</i>	7,522
2005	Skinner, R	Facing the challenge of 'young Africa': apartheid, South Africa and British decolonisation.	<i>South African historical journal</i>	10,131
2018	Soudien, C.	HIV-AIDS, decolonisation and the South African curriculum: explorations on the edges of curriculum learning.	<i>Southern African Review of Education with Education with Production</i>	9,592
2020	Sparks, S.	Special issue on South Africa.	<i>Social History</i>	1,907
2013	Subban, M. & Qwabe, B	Research and knowledge management in transforming South Africa: trends and analysis.	<i>African Journal of Public Affairs</i>	6,490
2017	Thesnaar, C. H.	Decolonisation and renewed racism: A challenge and opportunity for reconciliation	<i>HTS: Theological Studies</i>	7,421
2014	Tong, M.	Decolonisation and comparative land reform with a special focus on Africa.	<i>International Journal of African Renaissance Studies-Multi-, Inter-and Transdisciplinarity</i>	8,859

2018	Turok, B	Decolonisation reconsidered	<i>New Agenda: South African Journal of Social and Economic Policy</i>	3,796
2017	Van Heerden, M.	The problem with decolonisation': Jonathan Jansen seminar.	Litnet	2,385
2019	Van Niekerk, A. A.	Is 'decolonisation' a legitimate and appropriate value in biomedical research and teaching?	<i>South African Journal of Bioethics and Law</i>	3,712
2021	Verhoef, A. H.	Decolonising the concept of the Trinity to decolonise the religious education curriculum	<i>HTS Teologiese Studies/Theological Studies</i>	7,991
2017	Webbstock, D	Decolonising the curriculum: Stimulating debate	<i>Briefly speaking, 3.</i>	6,755
2020	Yende, N. E.	The quest for decolonisation in higher education in the context of globalisation and internationalisation	<i>African Journal of development studies</i>	9,662
2017	Young, S. Y. <i>et al.</i>	"Decolonising Shakespeare?" Contestations and re-imaginings for a post-liberation South Africa	<i>Shakespeare in Southern Africa</i>	3,145
2019	Zwane, D.	True versus false transformation: a discussion of the obstacles to authentic decolonisation at South African Universities	<i>International Journal of African Renaissance Studies</i>	6,138